

**Die bekroonde kinderboek
en die
aanvaarding daarvan
deur die kind,
met spesiale verwysing
na Suid-Afrika**

C.A. Lohann, M.A.(Bibl.)

in Proefskrif ter verkryging van die
graad D. Phil. (Bibl.) aan die
Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
Promotor : Prof. H.C. van Rooy
Hulppromotor : Mev. J.C. van Rooy

Potchefstroom 1972

VOORWOORD

Die term „kinderlektuur“

„Kinderlektuur“ word vir die doeleindes van hierdie studie beskou as leesstof vir almal wat nog nie volwasse is nie. Dit sluit dus lektuur vir kleuters, kinders en jeugdige in. Waar dit egter nodig is om te onderskei tussen dié drie ouderdomsgroepe, word die terme „kleuterlektuur“, „kinderlektuur“ en „jeuglektuur“ respektiewelik gebruik. Hoewel die ouderdomsgroepe nie te skerp afgebaken mag word nie, word ongeveer drie- tot sesjarige as kleuters beskou, sewe- tot elfjarige as kinders en twaalf- tot vyftienjarige as jeugdige. In enkele gevalle waar dit ter sprake kom, word diegene van ongeveer vyftien tot agtien jaar die „ouer jeug“ genoem. Die koppeling van hierdie ouderdomsgroepe aan dié bepaalde benaminge geskied met die uitdruklike voorbehoud dat daar oorvleueling kan wees. Elke kleuter, kind en jeugdige is 'n individu wat teen sy eie tempo ontwikkel, sodat 'n elfjarige byvoorbeeld nie noodwendig altyd as 'n kind nie, maar soms ook al as 'n jeugdige beskou kan word.

Doel en metode

'n Uiteensetting van die doel van die studie en die wyse waarop te werk gegaan is, is in die laaste gedeelte van hoofstuk I opgeneem, asook in sommige van die ander hoofstukke waar dit noodsaaklik is.

Omvang

Alle bekroonde Afrikaanse kinderboeke vanaf die eerste toekenning van die verskillende pryse tot dié wat in Julie 1970 bekendgemaak is, word in die studie ingesluit. So word byvoorbeeld die Scheepersprys=toekennings vanaf 1956 tot 1970 bespreek, terwyl die toekenning van die C. P. Hoogenhoutmedalje vanaf 1960 tot slegs 1968 ingesluit word. Die toekenning van die laasgenoemde medalje vir 1969 is eers ná Julie 1970 aangekondig.

Bylaes

Sekere informasie word in aparte bylaes gegee. Dit is addisionele inligting wat vir die gebruiker van die proefskrif van waarde kan wees. Dit word nie in die onderskeie hoofstukke geïnkorporeer nie, omdat dit die normale gang van die proefskrif sou versteur.

R. G. N.

Met dank word finansiële steun van die Raad vir Geesteswetenskap=like Navorsing in die vorm van 'n ad hoc-toekenning erken, waardeur die navorsing soos in Afdeling E uiteengesit, moontlik gemaak is. Menings wat in hierdie proefskrif uitgespreek is, en gevolgtrekkings wat gemaak is, moet in geen geval as die menings of gevolgtrekkings van dié Raad beskou word nie.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord

AFDELING A : DIE KINDERBOEK

Hoofstuk I : Inleiding 1

**Hoofstuk II : Die kenmerke van en eise gestel aan 'n goeie kinderboek,
met verwysing na onderskeie ouderdomsgroepe 7**

**Hoofstuk III : 'n Vergelyking van lektuur vir volwassenes met kin=
derlektuur 37**

AFDELING B : BEKRONINGS

Hoofstuk IV : Waarom is bekronings nodig? 50

AFDELING C : BEKRONINGS IN SUID-AFRIKA TEN OPSIGTE VAN KINDERLEKTUUR

Hoofstuk V : Inleiding 61

**Hoofstuk VI : Die norme waaraan bekroonde Afrikaanse kinder=
boeke moet voldoen 63**

Hoofstuk VII : Die beoordelaarskomitees 83

Hoofstuk VIII : Die werkswyse van die komitees van beoordelaars 91

**Hoofstuk IX : Bekroonde kinderboeke in Suid-Afrika vir spesifieke
ouderdomsgroepe 103**

**Hoofstuk X : Soorte bekroonde kinderboeke in Suid-Afrika om in die
smaak van 'n verskeidenheid lesers te voorsien 151**

Hoofstuk XI : Ongeregverdigde toekennings	175
Hoofstuk XII : Eervolle vermeldings	186
Hoofstuk XIII : Die beste vertaalde kinderboeke in Afrikaans	198

AFDELING D : TOEKENNINGS AAN KINDERBOEKE IN OORSESE LANDE

Hoofstuk XIV : Enkele oorsese kinder- en jeugboekpryse	213
Hoofstuk XV : Die toekennings in Suid-Afrika gesien in die lig van soortgelyke oorsese toekennings	237

AFDELING E : DIE BEKROONDE KINDERBOEK EN DIE LESER

Hoofstuk XVI : Die aanvaarding van bekroonde kleuter-, kinder- en jeuglektuur deur die leser	251
Hoofstuk XVII : Samevatting en wenke	300

BYLAES

Bylae A : Die ontstaan van die Tienie Hollowaymedalje	i
Bylae B : Die ontstaan van die C. P. Hoogenhoutmedalje	vi
Bylae C : Die ontstaan van die Scheepersprys	xv
Bylae D : Geannoteerde lys van boeke bekroon met die C. P. Hoogen= houtmedalje, eervolle vermeldings en vertaalde werke, 1960 - 1968	xxi
Bylae E : Geannoteerde lys van weners van die Scheepersprys	xlvi
Bylae F : Alfabetiese lys van biblioteke gebruik in die opnames in Afdeling E	liii

BIBLIOGRAFIE

iv

BLADWYSER

lxvi

AFDELING A : DIE KINDERBOEK

HOOFSTUK I INLEIDING

Onder die begrip 'bekroonde werk' word verstaan 'n werk wat uitgesonder is as van die hoogste gehalte. Dit hou in: eerstens, dat BEOORDELING plaasvind; tweedens, dat SKEIDING gemaak word tussen die goeie en die swakke; derdens, dat van die goeies een of enkeles verder uitgesonder word as die beste of bestes van die goeies.

Hoewel die bekroning van boeke in die vorm van toekennings (medaljes en/of geldpryse) 'n taamlik resente gebruik is, is die begrip 'bekroning' egter nie so nuut nie.

Reeds met die skepping van hemel en aarde beoordeel God Sy skeppingswerk. Telkens kry ons die refrein „Toe sien God dat dit goed was." Aan die einde van die sesde dag, lees ons, „sien God alles wat Hy gemaak het, en - dit was baie goed." Ook begrip van die verskil tussen die goeie en die slegte, tref ons reeds in Genesis 2 aan, waar vermeld word van „die boom van die kennis van goed en kwaad."

Vanaf kort na die skepping maak die mens dus al kennis met die onderskeid tussen goed en kwaad. Daarom is dit vanselfsprekend dat hy hierdie onderskeid op ander terreine sal wil tref, baie eeue later ook op die gebied van die geskrewe en gedrukte woord.

Beloning van die goeie vind ons óók in die Bybel. So lees ons in

1 Korinthiërs 9 vers 24: „Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie?"

Kyk ons nou verder in die geskiedenis, in die tyd van die ou Grieke, vind ons nie net uitsondering van die goeie nie, maar veral ook beloning van die goeie. Die beloning aan 'n atleet was in die vorm van 'n kroon, gemaak van 'n takkie van die wilde olyfboom. Dit was die grootste eer wat hom kon toekom. Hierdie gebruik dateer reeds uit die jaar 776 v. C. - die oudste historiese boekstaving van die antieke Olimpiese Spele. Heelwaarskynlik was dit selfs vroeër die gebruik om die wenner as die beste atleet so te vergoed.

Ook in die tyd van die ou Romeinse Ryk was bekroning van die goeie 'n belangrike aspek van die destydse samelewing. Die Latynse woord „corona" beteken „krans". Dit het niks te doen gehad met die kroon van 'n koninklike nie. Die Romeinse „corona" kon verwerf word deur die goeie te doen, veral op militêre gebied.

Uit die vroegste geskiedenis blyk dit dus dat met „bekroning" nie bedoel word dat die voorwerp van bekroning koninklik is nie, maar dat dit van sodanige gehalte is dat dit uitgesonder en beloon word as die beste onder die goeies.

Gedurende die Middeleeue het die gewoonte om heldedade en goeie daade te beloon 'n verdere ontwikkeling ondergaan, naamlik deur die toekenning van 'n eretitel aan die persoon wat hom onderskei het. So ontstaan die ridderorde wat selfs vandag nog in verskeie Westerse lande

bestaan, hoewel so 'n titel tans meesal oorgeërf word en nie meer beskous word as 'n bekroning vir goeie daade nie. Engeland is die enigste waar tans 'n persoon tot ridder geslaan kan word op grond van prestasie.

In die moderne tyd is daar haas geen gebied waarop prestasies nie bekroon word nie. Toekennings op sportgebied, op nywerheidsgebied, op sosiale gebied, op die gebied van die natuurwetenskappe en die literatuur word dikwels gedoen. Sulke toekennings kan verskeie vorms aanneem: van kontantpryse, medaljes en adresee tot 'n banket of dinee ter ere van die persoon aan wie die toekenning gemaak word.

Bekronings op die gebied van die literatuur het 'n geweldige omvang aangeneem. In Frankryk, byvoorbeeld, is daar 475 pryse wat jaarliks op literêre gebied toegeken word; in Wes-Duitsland 111 en in die V. S. A. 220.

Vanaf die uitvinding van die boekdrukkuns tot die einde van die negentiende eeu is geen toekennings gemaak aan boeke van besondere gehalte nie. Dit moet toegeskryf word aan, onder andere, die feit dat die boek gedurende die vorige eeue nie dieselfde mate van aansien as kunswerk gehad het as wat dit tans die geval is nie. Die boekdrukkuns het in 'n behoefte voorsien wat lank voor die uitvinding daarvan reeds bestaan het, naamlik om die geskrewe woord aan 'n groot aantal mense beskikbaar te stel. Die boek is as 'n gebruiksartikel beskou. Die gebruikaspek het dus voorop gestaan; die estetiese was bykomstig en

die bekroning van die besonder mooie en goeie het dus uitgebly.

Toekennings vir die gedrukte woord het tans sulke afmetings aangeneem, dat dit dikwels nasionale grense oorskry. Daarvan getuig die talle internasionale pryse, waarvan die Nobelprys vir letterkunde seker die bekendste is. Vanaf die eerste toekenning daarvan in 1901, is die verwerving van dié prys as 'n besondere eer en prestasie beskou.

Die kinderboek moes lank wag op erkenning as 'n aparte en geensins minderwaardige kunsgenre. Die bekroning van die kinderboek het net so lank uitgebly. Gedurende die eerste kwart van hierdie eeu was daar, met die uitsondering van die John Newberymedalje wat in die V. S. A. vanaf 1922 dateer, geen toekennings aan kinderboeke nie. Slegs enkele toekennings word in die tweede kwart van die twintigste eeu gedoen. Voorbeelde hiervan is die Prix Jeunesse wat in 1935 in Frankryk ontstaan, die Carnegiemedalje in Engeland in 1936, die Caldecottmedalje in die V. S. A. in 1938 en die Jugendbuchpreis des schweizerischen Lehrer- und Lehrerinnenvereins in Switserland in 1945.

Met die aanbreek van die vyftigerjare ontwaak die hele Westerse wêreld egter op hierdie gebied, en in baie lande word talle pryse vir kinderboeke ingestel. Die Chicago Children's Reading Round Table Award bestaan vanaf 1953 in die V. S. A. en die Auriadne Award vanaf 1958; in Engeland word die Kate Greenawaymedalje in 1956 ingestel; in Duitsland word die Albert Schweitzerprys vanaf 1955 toegeken, Der deutsche Jugendbuchpreis vanaf 1956, die Friedrich Gerstäckerprys vanaf 1952 en die Grimmprys vanaf 1961. In Frankryk ontstaan ook

talle pryse, onder andere die Prix Enfance du Monde, 'n internasionale kinderboekprys, in 1954, die Grand Prix de Littérature Enfantine in 1954 en die Grand Prix de la Littérature pour les Jeunes in 1959. Die Nederlands Prijs voor het Beste Kinderboek bestaan vanaf 1955. In Oostenryk word die Österreichischer Staatspreis für Jugendliteratur in 1955 toegeken; in Italië die Gastaldiprys vanaf 1950 en in Swede die Nils Holgerssenmedalje vanaf 1958. In 1955 ontstaan die Hans Christian Andersenprys in Denemarke en in Spanje die Doncelprys in 1962. In Suid-Afrika word die Scheepersprys vir Jeuglektuur sedert 1956 toegeken en die C. P. Hoogenhoutmedalje sedert 1960.

Al hierdie toekennings geskied ten opsigte van die kinder- of jeugboek. Die grootste gedeelte daarvan ontstaan gedurende dieselfde dekade. Dit hang saam met die besef dat die kinderboek 'n aparte kunsgenre is, met eise wat net aan hierdie kunsvorm gestel word. Dié besef het ook ontstaan, omdat algaande groter aandag aan die kind bestee is. Die twintigste eeu is die eeu van die kind. Op sosiologiese, sielkundige en opvoedkundige gebied word die kind bestudeer. Sy lektuur is dus ook belangrik, want dit vorm hom op hierdie terreine. Die besef van die belangrikheid van sy lektuur het die vorm aangeneem van onder andere toekennings aan die beste daarvan.

Dit word beoog om in hierdie studie in te gaan op watter toekennings in Suid-Afrika aan kinder- en jeugboeke gemaak word, asook hoe die toekennings geskied. Die algemene organisasie, werksprosedure en die wyse van keuring en beoordeling van potensiële pryswennende boeke

word onder die vergrootglas geplaas. Ten einde oor laasgenoemde aspek 'n gemotiveerde oordeel te kan vel, word 'n gekeurde, verteenwoordigende aantal van die bekroonde werke bespreek om vas te stel of die bekronings geregverdig is of nie.

Om die Suid-Afrikaanse toekennings teen die regte agtergrond te beoordeel, word ook 'n oorsig gegee van enkele van die belangrikste soortgelyke oorsese toekennings, ten opsigte van dieselfde aspekte. Indien daar dan leemtes en gebreke in hierdie verband in Suid-Afrika bestaan, word dit aangedui.

Omdat die bekroning van kinder- en jeuglektuur nie van groot waarde sal wees as kinders en jeugdiges die bekroonde werke nie lees nie, word ook vasgestel in watter mate hierdie boeke gelees word. Dit word gedoen deur na te gaan of dié boeke in biblioteke beskikbaar is, of kinders daaraan voorkeur gee bo minderwaardige leesstof en of die goeie hoedanigheid van hierdie werke die lesers daarvan beïndruk. Sodoende word beoog om die waarde van bekroning as sodanig en van individuele bekronings in Suid-Afrika te bepaal.

HOOFSTUK II

DIE KENMERKE VAN EN EISE GESTEL AAN 'N GOEIE KINDERBOEK, MET VERWYSING NA ONDERSKEIE OUDERDOMSGROEPE

Geen kinderboek behoort vir bekroning in aanmerking te kom, as dit nie van 'n hoë gehalte is nie. Daarom moet vervolgens ingegaan word op die kenmerke van en eise gestel aan die goeie kinderboek.

Die kinderboek is 'n besondere vorm van letterkunde. Besonder, omdat dit in die behoeftes van 'n spesifieke groep - die kind - voorsien, en omdat dit baie spesifieke eienskappe van die skepper daarvan verg. Dit is ook, soos enige ander vorm van die letterkunde, kuns. Slegs in 'n kunswerk word 'n besondere siening of 'n fyn aanvoeling in woorde, klanke, kleure of vorms weergegee. As 'n kinderboek nie kuns is nie, het dit noodwendig minder waarde vir die leser.

Afgesien van hierdie hoogs belangrike kenmerk, is daar ook ander wat eie aan goeie kinderlektuur is. Dit is belangrik dat kinderlektuur geskik moet wees vir die kind. Die uitgangspunt is dat kinders verskil van volwassenes. 'n Paar eeue gelede is kinders as „klein grootmense” beskou. Hul kleredrag was dié van volwassenes, maar van 'n kleiner formaat. Die boeke wat hulle gelees het, was „maklike” boeke wat eintlik vir volwassenes geskryf is. Dié boeke wat aan hulle behoeftes voldoen het, het die kinders van destyds

hulle toegeëien. Dit was egter blote toeval dat die inhoud van derge-
 like boeke dit vir kinders geskik gemaak het. Dat die tema en die
 hantering daarvan in 'n kinderboek móét verskil van dié in 'n boek
 vir volwassenes, blyk duidelik uit die siening van die kind deur
 Jacquelyn Sanders¹: „What most markedly differentiates them from
 adults is that they are not grown and they are growing. As the child
 grows, he strives to master both an outer world that is continually
 expanding and an inner world of emotions that are often tumultuous.”
 Hierdie strewe is by die volwassene in 'n groot mate reeds volbring.
 Kinderlektuur moet die kind dus in hierdie strewe help, baie meer
 as wat lektuur vir die volwassene hóm moet help.

Kinderlektuur kan slegs pas by die kind, indien die skrywer daarvan
 'n besondere persoon is²: „The writer of children's literature that
 may be characterized as excellent has almost invariably a quality
 which writers of adult literature may or may not have. This quality
 is an affinity for his own childhood, and by virtue of that, an affinity
 for childhood in general. The writer must remember. He must
 remember the secret fear, the loneliness of being misunderstood.
 He must remember the sudden flashes of joy, the dreams, the
 reactions to tastes, to colors, to smells, to specific persons. He
 must remember the imaginary companions, the lonely spots where
 he could talk of things no adult must hear. He must remember his
 love for a kind hand, his fear of a harsh mouth.” Só 'n skrywer kan

1. Fenwick. A critical approach to children's literature, p. 15.

2. Hunt. Excellence in children's literature, p. 18.

kinderlektuur skep, omdat sy herinneringe hom weer kind maak.

Lydia Pienaar stel dit s³: „Die skrywer moet uit die kinderwêreld skryf en nie oor die kind of sy wêreld nie. ”

Besin die skrywer van kinderboeke self oor hierdie saak, dan kom hy tot dieselfde gevolgtrekking. So sê Edith Unnerstad, skryfster van menige wêreldbekende kinderboek⁴: „Writing for children makes me happy. It means both rest and stimulus. It is like escaping to a region where the air is fresher and the sky clearer than in the real world. I think maybe this writing is an attempt to revive a little glimpse of the harmony once possessed but lost together with my childhood. ”

Dat die skrywer dít waaroor hy skryf, tevore innerlik moes beleef, blyk uit die siening van die bekende Meindert de Jong⁵: „... where does one get his ideas? From where comes the creative, compulsive idea that is almost like a seizure when it strikes? It seems to come from somewhere and from nowhere; it comes any way, and in many strange ways - but it comes from within. It is wholly subjective. ”

Dat hierdie subjektiewe aanvoeling direk verband hou met die terugleef in die kinderjare, blyk uit die volgende: ... „a child's story must, ideally, be written from the heart and from at least some memory of and contact with childhood. ”⁶ Die skrywer van kinderlektuur is dus 'n besondere persoon. Hy is volwassene maar ook kind. Omdat

3. Pienaar. Die kind en sy literatuur, p. 66.

4. Unnerstad. Why I write for children, p. 10.

5. De Jong. The cry and the creation, p. 198.

6. Fisher. Intent upon reading, p. 18.

hy ook kind is, bulg hy hom nie af tot die vlak van die kind nie, want hy is nog daar. En dat hy nog daar is, is te danke aan sy besondere begrip van die kind, 'n begrip wat gegrond is op ervaring uit sy eie kinderlewe.

Dat die kuns van die kinderboekskrywer, en daarmee saam die skrywer self deur die algemene publiek dikwels misken word, blyk onder andere uit wat die kinderboekskryfster Eleanor Cameron sê⁷: „There is no denying, however, that an attitude of deep contempt exists toward what is called children's literature. (A) young man remarked, upon being introduced, 'What is it you do - Christmas-card jingles? Oh, no - kid's books, that's it. I knew it was something like that.' ”

Ten spyte van hierdie miskenning word lektuur tog deur groot kunste=naars vir die kind geskep. Waarom is dit so? Vir C. S. Lewis⁸, bekende kinderboekskrywer en letterkundige, is dit „because a children's story is the best art form for something you have to say. ”

Het die skrywer juis 'n spesifieke ouderdomsgroep in gedagte? Hier=oor bestaan daar verskil van mening. Sommige outoriteite is van me=ning dat spesifieke kinderboeke vir spesifieke ouderdomsgroepe ge=skryf word en geskik is; andere is van opinie dat daar weinig of geen afbakening in ouderdomsgroepe kan wees nie, en dat bepaalde kinder=boeke dus deur kinders van verskillende ouderdomme gelees kan word.

7. Cameron. Why not for children? p. 23.

8. Lewis. On three ways of writing for children, p. 460.

Dit is meesal skrywers self wat laasgenoemde mening huldig. So sê Meindert de Jong⁹, wenner van die Newbery-medalje in 1954, die Deutscher Jugendbuchpreis in 1957 en die internasionale Hans Christian Andersen-medalje in 1962: „After some twenty books, I still have no idea of the age, school grade and state of literacy of the child for whom I write", en verder: „I have often been accused of writing only for the special, the gifted, the advanced and especially perceptive child. My impatient answer to that is - all children are special! But special or not, I know all will suck out of my story what they can use or handle, and spit out the bitter seeds of that which doesn't interest them or is still beyond them. Nevertheless, the bitter seeds ought to be there to make the child taste and stretch and reach, for by tasting he develops taste and by stretching and reaching he grows." Nog 'n bekende kinderboekskrywer wat hierdie mening huldig en dit selfs nog sterker stel, is C. S. Lewis¹⁰: „Where the children's story is simply the right form for what the author has to say then of course readers who want to hear that will read the story, or reread it at any age ... I am almost inclined to set it up as a canon that a children's story which is enjoyed only by children is a bad children's story."

Uit die standpunt van die kunstenaar blyk dus dat kinderboeke meesal nie spesifiek vir kinders van bepaalde ouderdomme geskryf word nie. Die kunstenaar het iets om te sê, en hy druk dit uit in die vorm en taal waarin dit die beste pas. Dat dit in hierdie vorm en taal miskien geskik is vir kinders op 'n sekere ouderdom, is vir hom bloot bykom=

9. De Jong. *The cry and the creation*, p. 202.

10. Lewis. *On three ways of writing for children*, p. 461.

stig. Dit is die inhoud en inkleding wat veroorsaak dat dit in die smaak van 'n sekere ouderdomsgroep val - nie die smaak van 'n ouderdoms= groep wat bepaal wat die inhoud en die inkleding van 'n spesifieke kinderboek moet wees nie. Die kinderboek leen hom dus nie altyd tot inperking vir 'n sekere ouderdomsgroep nie.

Ook wat die kind self betref, meen kenners dat 'n indeling in ouder= domsgroepe met betrekking tot leessmaak en -belangstelling, asook leesvermoë, nie so logies is as wat dikwels aanvaar word nie. So verklaar Alec Ellis¹¹, lektor in „Library work with young people" aan die biblioteekskool van die Liverpoolse universiteit: „Children of a particular age are not expected to be physically or emotionally alike and there is no reason why they should be identical intellectual= ly ... It should be remembered that a child or a group of children may vary by a year or more from the arbitrary norm... What is certain is that children progress through the stages of development individually and in their own time." A. P. Roux¹² stel dit so: „boeke word aanbeveel omdat dit geskik is vir die of daardie ouderdomsgroep. Sodoende hok ons ons lesers soos skape in kampies in en skeer hulle met dieselfde skêr... Mense, volwassenes en kinders, verskil van mekaar in alles wat meetbaar is - in ouderdom, intelligensie, emo= sionele beheer, lengte, gewig, fisiese krag, werksmetodes, ont= spanningsmetodes en vingerafdrukke. Elkeen het sy eie persoonlik= heid, sy eie wêreldtjie van ervaringsagtergrond en sy eie begrips=

11. Ellis. How to find out about children's literature, p. 209.

12. Roux. Leesmotiewe by die jong lesertjie, p. 15.

vermoë. Daarom word die geskrewe woord deur elkeen se eie persoon=likheid soos deur 'n prisma opgebreek. Afhangende van die leser se eie kennis, siening, begrip en kritiese vermoë verkry hy sy eie eie=soortige, unieke lees-resultaat." Ook John Tunis¹³, die 1949-wenner van die Junior Book Award van die Boys' Clubs of America met „High Pockets", 'n boek oor 'n bofbalspeler, trek te velde teen 'n té kunsmatige indeling van leesstof vir spesifieke ouderdomsgroepe: „Back in the nineteenth century books were just books: some you liked, some your ten-year-old grandson liked. . . The joy of exploration, of discovery, by young, eager minds - a joy which exists as it always has - is not likely to be increased by a classification that limits readers to ages 7 - 9." Hy stel dit ook dat nie net die boek self en die leser nie, maar ook die tyd waarin ons leef 'n invloed het op wat die kind lees¹⁴: „Books that twenty, or even ten years ago were suitable for a certain age group no longer fit that group. Today, with the 'individualized' methods of teaching reading and other subjects, a child reads at his capacity." Pamela Travers, skryfster van „Mary Poppins", gaan nog verder. Sy bepleit selfs geën formele indeling tussen boeke vir volwassenes en boeke vir kinders nie, want elkeen lees wat in sy leessmaak val¹⁵: „For me, all books are for children. There is no such thing as a children's book. There are books of many kinds and some of them children read."

Uit bogenoemde blyk dus dat daar 'n groep persone is wat die mening

13. Tunis. What is a juvenile book? p. 309-10.

14. Ibid., p. 310.

15. Ibid., p. 310.

huldig dat daar geen onderskeid gemaak behoort te word tussen kinderboeke en boeke vir volwassenes nie, of dat kinderboeke nie geklassifiseer moet word as geskik vir kinders van uitsluitlik spesifieke ouderdomme nie.

Daar is egter ook diegene wat meen dat kinderboeke wél ingedeel kan en moet word vir spesifieke ouderdomsgroepe. As boeke ingedeel kan word in ooreenstemming met die ouderdom van die lesers, kan dit 'n besondere hulpmiddel wees vir ouers, onderwysers en bibliotekaris om die kind en die regte boek by mekaar te laat uitkom. Margery Fisher sien dit bloot as 'n middel tot leesleiding¹⁶. „Some thread must be held out to the young reader as he wanders in the maze of volumes of today and yesterday. Some advice must be offered to him. . . ” Sy glo dat kinders spesifieke behoeftes en voorkeure het. Daarom sal net sekere boeke vir hulle geskik wees¹⁷: . . . „we must look for the virtues that a child looks for in his books - energy, sincerity, imagination.”

Vir diegene wat kinderboeke indeel as geskik vir sekere ouderdomsgroepe, is daar sekere feite wat 'n belangrike rol speel.

Die kleuter kan nog nie self lees nie, en sy lektuur moet aan hom voorgelees word. Verbeelding speel in kleuterboeke 'n groot rol. Daarom is sprokies en ander fantasieverhale van belang. In die

16. Fisher. *Intent upon reading*, p. 9.

17. *Ibid.*, p. 12.

kleuterstadium ontwikkel die kind se persoonlikheid, en hy dra dikwels sy eie karaktertrekke oor op diere en op sy speelgoed. Daarom is dit belangrik dat die diere en ander karakters in die kleuterboek lewe moet hê. Hy moet die karakter maklik kan identifiseer.

Van sy sesde jaar af begin die kind self lees. Die onderwerpe waarvan hy hou, is nog dieselfde as in die kleuterstadium, naamlik diere, veral pratende diere, en ander fantasie-karakters.

Vanaf ongeveer sy agste jaar ken hy sy omgewing, hoewel nie ten volle nie. Hy wil meer weet van dié dinge buite sy onmiddellike ervaringsgebied. Boeke moet nou in hierdie behoeftes voorsien. Hy leef nou veel minder in 'n fantasiewêreld.

Die tienjarige kind is nie meer so selfgesentreerd nie, en hy wil graag nog meer weet van dinge wat nie binne sy onmiddellike omgewing val nie. Hy hou van verrassings, avontuur, aksie. Omdat hy makliker maats maak en lid is van 'n vriendekring of „bende“, lees hy graag boeke waarin sulke groepe optree. Sy belangstelling is egter nie beperk tot ander mense nie. Hy lees nog steeds graag oor diere.

Vanaf die ouderdom van ongeveer twaalf jaar tree daar 'n verskil in tussen die leessmaak van dogters en dié van seuns. Dogters hou byvoorbeeld van boeke oor troeteldiere, terwyl seuns voorkeur gee aan stories oor wilde diere. Dikwels is dit egter die avontuur wat met jagverhale gepaard gaan wat seuns aantrek, meer as die feit dat dit

handel oor wilde diere. Skoolverhale speel ook op hierdie ouderdom 'n belangrike rol. Seuns lees graag oor seuns op skool, terwyl dogters boeke oor dogters én seuns op skool lees.

Vanaf ongeveer veertien- tot vyftienjarige ouderdom tree heldever=ering sterk op die voorgrond. Seuns vereer helde van hulle eie geslag. Dogters neig tot dagdrome en gee voorkeur aan idealisme in die boeke wat hulle lees. Historiese en romantiese verhale is besonder gewild.

Dit is ook op hierdie stadium dat die kenmerke van die tienerjarige opvallend word. Dit is 'n tussenstadium, 'n stadium waarin die kind ryp tot volwassene. Hy is nou nie meer volkome kind nie en daarom uiters sensitief vir behandeling asof hy nog ten volle kind is. Sy spontaniteit word egter nog nie in toom gehou deur inhibisies, vooroordele en gevestigde idees nie. Hy kan nog nie oordeel tussen werklike en valse waardes nie. Hy is onseker van homself en hunker na hel=derheid omtrent homself, sy medemens en die hele wêreld. Dikwels is hy skaam en ook onredelik in sy optrede. Hy hunker na kennis, en die boeke wat hy lees, moet hom feite bied. Meer nog, dit moet hom help om homself te verstaan en die wêreld rondom hom. Soos Fitzgerald dit stel¹⁸: ... „adolescents tend to look for books in which the main characters are looking for direction for their lives." Ander jeugdiges soek weer in hulle leesstof ontvlugting van die werklik=heid. Hulle wil nie feite in hulle leesstof hê nie. Hulle verkies boe=ke waarin verbeeldingsvlugte 'n groot rol speel.

18. Fitzgerald. *Selecting books for the teen-ager*, p. 12-3.

As gevolg van die versnelde lewenstempo verg die samelewing van die jeugdige 'n vinniger aanpassing waarby hy nie maklik bybly nie. Ook dít veroorsaak 'n groter verskeidenheid leesbehoefte by hierdie groep.

Die vasstelling van die leesbelangstellings van kinders op verskeie ouderdomme kan egter slegs tentatief wees. Elke kind is 'n individu. Faktore soos die sosio-ekonomiese en kulturele vlak van sy huislike lewe beïnvloed sy leessmaak. Sy sielkundige agtergrond kan ook 'n belangrike rol speel. Ken die kind geluk en sekerheid, maar ook vrees, pyn en onsekerheid, dan sal sy leessmaak deur hierdie emosies beïnvloed word. Ook die opvoeding speel 'n besondere rol. Vroeë skoolverlaters lees minder as andere wat meer skoolonderrig ontvang. 'n Doeltreffende opvoeding dien as 'n stimulus om te lees en as 'n middel tot die verbetering van 'n persoon se leessmaak.

Die leessmaak van 'n kind op 'n sekere ouderdom word bepaal deur die redes waarom hy op daardie ouderdom lees. Dit kan, by die kleiner kind, 'n behoefte wees om die leesvermoë te bemeester of om leesvaardigheid te bekom. Baie kinders het ook die behoefte om 'n storie te hoor, of om kennis op te doen, om een of ander emosie te bevredig. Sekere belangstellings kan die rede wees waarom kinders op daardie ouderdom lees. Hulle kan ook lees as 'n tydverdryf, omdat hulle op 'n sekere ouderdom behoefte daaraan het, omdat hulle min ander aktiwiteite het.

Die redes waarom 'n kind lees, kán verskil van ouderdomsgroep tot ouderdomsgroep, maar hierdie redes mag ook nie altyd beperk word tot een spesifieke ouderdomsgroep nie. Dit is één rede waarom lees=stof vir kinders nie in waterdigte kompartemente volgens ouderdoms= groepe ingedeel kan word nie. 'n Ander rede is dat elke kind 'n individu is met persoonlikheidseienskappe eie aan die individu wat sy leessaak bepaal, en dat ook elke boek 'n individuele skepping is (as dit 'n goeie boek is, is dit 'n individuele kunswerk) wat nie as ewe geskik vir alle kinders van 'n sekere ouderdom beskou kan word nie.

Al kan daar nie so veralgemeen word deur te beweer dat sekere boeke vir alle kinders van 'n sekere ouderdom geskik is nie, kan daar egter tog sekere algemene vereistes gestel word aan boeke geskik vir kinders van bepaalde ouderdomsgroepe.

Die fantasie speel 'n belangrike rol in boeke vir kleiner kinders. In aangepaste vorm kan dit selfs in boeke vir groter kinders belangrik wees. Om te fantaseer, is vir die kleiner kind so natuurlik as om te eet of te slaap. Sy eie fantasieë is vir hom net so werklik as die werklikheid. As hy nou 'n fantasieverhaal lees, sal die verbeeldings= wêreld daarin vir hom gewoonlik net so aanvaarbaar as die werklik= heid wees. Meer nog, daar is vir hom dikwels geen skeiding tussen fantasie en werklikheid nie. Omdat fantasie nie gebonde is aan die aanvaarde werklikheid nie, hou dit, selfs vir volwassenes, gewoonlik 'n groot bekoring in. Omdat die kind gewoond is om te fantaseer, sal

dit vir hom 'n nog groter bekoring inhou. Volgens Annie Gebhard¹⁹, voormalige direkteur van die Amsterdamse Openbare Biblioteek, het die Sweedse kinderboekskryfster Astrid Lindgren dit soos volg gestel: „Kinderen verrichten wonderen als zij lezen. Zij nemen onze povere zinnestukke en woorden en geven er een eigen leven aan dat zij uit zichzelf niet hebben... Een kind kan zich uit zichzelf een kasteel bouwen van de paar kleine steentjes die wij het geven... Een kind, dat alleen is met een boek, schept voor zichzelf, ergens in de geheime schuilplaatsen van zijn ziel, zijn eigen beelden, die al het andere overtreffen... ”

Hierdie vermoë van die kind om te fantasieer, beteken egter nie dat die kind enige fantasie sal aanvaar nie. Die fantasie mag nie te vergesog wees nie. Daar moet in die fantasie dieselfde sin, orde en logika heers as in die werklikheid. In fantasie-wesens en -simbole wat normaalweg nie lewe het nie, moet lewe geblaas word op 'n natuurlike en aanvaarbare wyse. 'n Goeie fantasiewêreld is, volgens Lydia Pienaar²⁰, „logies te midde van die onlogiese, moontlik te midde van die onmoontlike, aanvaarbaar te midde van die onaanvaarbare.”

Daar is vandag 'n neiging weg van die fantasie af. Die moderne tyd maak dit noodsaaklik dat aan die kind meer informatiewe boeke gegee moet word, en dikwels word die waarde van die fantasieverhaal on-

19. Gebhard. Kinderboeken als vitamines, p. 35.

20. Pienaar. Die kind en sy literatuur, p. 94.

derskat. 'n Kind wie se vermoë om te fantaseer nie deur die regte leesstof ontwikkel word nie, sal opgroei tot 'n volwassene wat slegs waarde heg aan die realistiese en aan feite. Die onverklaarbare van die lewe en die wonderlike daarvan sal nie vir hom die regte betekenis hê nie. Die lees van 'n fantasieverhaal bied 'n „sense of something beyond the child's reach which gives another dimension to his world of reality.”²¹ Die fantasieverhaal staan nie los van die werklikheid nie. „Though fantasy takes place in a world apparently divorced from reality, it is limited if it does not contain, aside from its own imaginative truth, the truths of the human condition.”²² Lewenswaare hede vorm by die fantasieverhaal die grondslag, net soos by enige ander verhaal. By die fantasieverhaal is dit net nie so gebonde aan die algemeen aanvaarde realiteit van die mens, sy omgewing, sy natuurlike optrede nie. Ontdaan van die waarneembare realiteit, tree die essensie van die mens en sy lewe in die fantasieverhaal sterker op die voorgrond. Met die logika kan die mens en die lewe nooit ten volle begryp word nie. Daarom móét die kind fantasieverhale lees. Die fantasieverhaal plant in die kind die kiem wat hom in sy latere lewe tot die begin van 'n begrip van die hoe en die waarom van die lewe sal lei.

'n Goeie kinderboek gee aan die kind die gevoel dat daar nog baie is om te ontdek. Hierdie gewaarwording kan alleen opgeroep word, as daar oorspronklikheid is. So skryf Alba Bouwer, wanner van die

21. Cameron. *The green and burning tree*, p. 44.

22. *Ibid.*

C. P. Hoogenhoutmedalje en die Scheepersprys vir jeuglektuur, van die boeke wat sy as kind gelees het²³: „Ek onthou van daardie storiëtes vandag niks meer nie, maar die opwindende gevoel van iets nuuts te ontdek het, dit raak ek nooit weer kwyt nie." Oorspronklikheid hou nie net in dat oor dinge geskryf word wat vir die kind nuut is nie. Dit moet juis die kind in staat stel om met nuwe oë na ou en bekende dinge te kyk. En dit is juis hier waar die skrywer se oorspronklike siening en sy gevoel vir waardes 'n groot rol speel. Irene Hunt²⁴, skryfster van die nou reeds moderne klassieke karakterverhaal „Up a road slowly", stel dit so: „Very often the concept of originality is confused with novelty. The two are not synonymous. Originality, it seems to me, is that special blend of color and contrast, that quality of vigor and poetic mood, that depth of characterization with which the writer presents his story." Dit verg 'n ware kunstenaar om in die bekende die onbekende aan die leser bloot te lê. Oorspronklikheid is 'n vereiste wat aan enige kunswerk gestel kan word. Dit is egter 'n besonder belangrike vereiste vir 'n geslaagde kinderboek. Die kind se ervaringslewe is nog so beperk, dat hy iemand nodig het om sy horison te verbreed, al gaan dit ook oor dinge wat hy ken. Die vermoë om dit te doen, besit elke goeie kinderboekskrywer.

'n Baie belangrike vereiste vir 'n geslaagde kinderboek is dat die positiewe beklemtoon moet word. Dit hou in dat die goeie en mooie

23. Bouwer. Goeie kinderboeke help nuwe wêreld ontdek, p. 3.

24. Hunt. Excellence in children's literature, p. 20.

in die lewe 'n belangrike onderdeel van die verhaal moet vorm. Dapperheid, eerlikheid, regverdigheid, getrouheid, standvastigheid en beginselvastheid moet by voorkeur die sentrale tema wees en nie lafhartigheid, oneerlikheid, onregverdigheid, ontrouheid, ensovoorts, nie. Dit wil natuurlik nie sê dat laasgenoemdes nie in die verhaal moet voorkom nie - intendeel, die lewe in al sy aspekte moet tot die kind gebring word in sy lektuur. Maar dan moet dit só wees dat die positiewe dinge as goed of mooi of lofwaardig voorgelê word, en die negatiewe dinge moet afkeurenswaardig wees. Nooit mag die kind die indruk kry dat byvoorbeeld skelmstreke of onwaarhede deur die skrywer goedgepraat word nie. Die waarde van kinderlektuur lê nie in die eerste plek in die ontspanning wat dit verskaf nie, maar wel in die vorming tot 'n gebalanseerde mens wat dit as gevolg het. Daarom moet kinderboeke die regte waardes beklemtoon. Mev. Lyndhurst, 'n bekende kinderboek-deskundige van Kaapstad, stel dit onomwonde: „A book with high ideals will naturally foster an appreciation of what is good and noble.”²⁵

Kinderboekskrywers is gewoonlik bewus van hierdie vereiste. Sommige skrywers, gewoonlik die goeies, maak dit, hoewel dikwels onbewus, 'n inherente deel van die verhaal. Hulle het 'n natuurlike aanvoeling vir wat goed is vir die kind. Ander skrywers, die swakkeres, probeer 'n goeie sin vir waardes by hulle lesers kweek deur didakties te wees. Hulle „preek” vir die kind en die „prekie” vorm selde 'n inherente deel van die boek. So skryf Irene Hunt²⁶: „Close-

25. Lyndhurst. Book selection in the juvenile department, p. 19.

26. Hunt. Excellence in children's literature, p. 19.

ly associated with respect for childhood is the ability to write without preaching. Children recognize the qualities in the characters of a story which command love or dislike, admiration or contempt. They suffer and exult with the characters; they perceive universal truths in the weaknesses and strengths of these characters. But they do not want these things pointed out to them by the author as an object lesson." Kinderlektuur moet dus aandui wat reg is én wat verkeerd is, sonder om dit opvallend te doen in die vorm van 'n sedelessie.

'n Baie klein kind wat nog nie goed kan verstaan wat gesê word nie, is besonder gevoelig vir stemming. Selfs 'n groter kind voel 'n stemming aan en reageer daarop. Hierdie aanvoeling vir 'n bepaalde atmosfeer is 'n middel tot kontak met die buitewêreld. Dat die kind dus in sy leesstof deur atmosfeer beïndruk sal word, is te verstane.

Elke goete kinderboek het 'n bepaalde atmosfeer. Dit kan in intensiteit wissel, maar daar moet 'n eenheid van atmosfeer wees. In 'n spanningsverhaal moet dit deurgaans een van afgagting wees, in 'n komiese verhaal moet 'n vrolike, lighartige stemming heers. Kinders lees gewoonlik met 'n groter mate van oorgawe en konsentrasie as volwassenes. Daarom is hulle besonder gevoelig vir atmosfeer.

Baie belangrik vir kinders en jeugdige van alle ouderdomme is geslaagde karaktertekening in hulle lektuur. Vir die kind is dit van be-

lang, omdat hy sy medemens nog leer ken. Sy mensekennis is nog baie beperk, en hy leer mense ken deur onder andere boeke te lees. Die kind het ook die vermoë om homself met die een of ander karakter in 'n boek te vereenselwig. Hy ken homself nog minder as wat 'n volwassene homself ken. Sy reaksies kan hy nie logies verklaar nie, nog minder sy emosies en gevoelslewe. Daarom is hy soekende na duidelikheid omtrent homself en sy optrede. Hy let dus noukeurig op na hoe 'n karakter optree, en hoe hy op sekere prikkels reageer. Aan die ander kant sal kinders baie goed kan aanvoel wanneer 'n karakter vals optree. Hoewel dit nog gebrekkig is, het 'n kind tóg reeds 'n bietjie mensekennis, en dit pas hy toe op die karakters met wie hy kennis maak. As 'n kinderboek dan nog oor kinders handel, verwag die kind om in 'n sekere sin 'n weerspieëling van homself te kry. Irene Hunt sê: „Excellence in literature means the creation of characters who themselves experience the anxieties and frustrations, the delights and exultation of childhood.”²⁷

Vir die jeugdige dien karakterskildering weer 'n ander doel. Namate die kind groter word, ontstaan 'n neiging tot heldeverering. Ook op hierdie ouderdom vereenselwig hy homself baie maklik met 'n karakter in 'n boek, en hy het behoefte daaraan om die spesifieke karakter as 'n held te beskou. Die skildering van so 'n persoon moet sodanig wees, dat hy bewondering afdwing. Daarom is dit ook baie belangrik dat die held van die verhaal 'n eerbare karakter moet hê.

27. Ibid., p. 18.

Dit wil egter nie sê dat so 'n held nie gebreke mag hê nie. Selfs die grootste held het soms in een of ander opsig voete van klei. Dit dien juis 'n besondere doel, as dit duidelik getoon word dat so 'n persoon nie volmaak is nie. Dit leer die kind en jeugdige om sy held in die regte lig te sien, naamlik as 'n mens met tekortkominge soos enige ander mens.

Daar bestaan ook in 'n geslaagde kinderboek, soos in ander boeke, 'n bepaalde verhouding tussen die hoofkarakter(s) en die newekarakters. Die hoofkarakter is die belangrikste persoon sonder wie die boek nie kan bestaan nie; die newekarakters is ook noodsaaklik, en hulle dien om die verhaal te help opbou, die atmosfeer te help gee en die hoofkarakter met sy optrede en reaksies te belig.

'n Belangrike vereiste wat aan die kinderboek gestel moet word, is goeie verhaalkonstruksie. Daar moet 'n boeiende tema wees, want kinders lees nie in die eerste plek om 'n bepaalde atmosfeer teervaar of om deur middel van karakteruitbeelding meer van die mens te wete te kom nie, maar wel omdat hulle van 'n goeie storie hou. Die gebeure moet boei, en as die leser klaar gelees het, moet hy die gevoel kry dat alles gesê is wat gesê moes word. Die tema moet logies opgebou wees, die klimaks natuurlik en die afronding bevredigend.

As kritici is kinders besonder streng. Die gegewens in kinderboeke

moet dus ook aanneemlik wees, veral in die besondere verband waarin dit gegee word. In kinderboeke kan wetenskaplike feite voorkom, maar ook besonderhede in verband met karakters, plekke en gebeurtenisse. Hoewel die aanvaarbaarheid hiervan nie deur een of ander metode bepaal kan word nie, moet dit as korrek, lewensgetrou en lewenswaar aanvaar kan word. 'n Persoon se optrede moet in ooreenstemming wees met sy karakter. Dít wat plaasvind moet as waarskynlik beskou kan word. Al is karakters, gebeure en plekke fiktief, moet dit eg wees.

Goeie taalgebruik is 'n verdere belangrike faktor. Dit is 'n vereiste dat die taal grammatikaal korrek gebruik moet word, nie slegs omdat die kind dalk in sy eie spreek- en skryftaal foutiewe grammatika mag navolg nie, maar ook omdat kinders leer om, deur goeie kinderlektuur te lees, die skoonheid van suiwer en sensitiewe taal te waardeer. Die skryfstyl moet aansluit by die atmosfeer van die verhaal. Die taalgebruik moet ook pas by die ouderdom van die leser, want die ouderdom staan dikwels in 'n direkte verhouding tot die leesvermoë van die kind. In boeke in die moedertaal is die taalgebruik sowel as die tema van die verhaal gewoonlik geskik vir 'n spesifieke ouderdomsgroep. Sodra 'n kind egter 'n boek in 'n vreemde taal lees, kan hy die taal dikwels nie baasraak nie, terwyl die verhaal in sy smaak val en hy dit kan begryp. Is die taal maklik genoeg, dan is die verhaal geskik vir jonger kinders.

Dit is belangrik dat die kind se taalgevoel en -kennis verryk moet word deur wat hy lees. Ten opsigte van die taal moet die kind dus ook leer terwyl hy lees. Die skrywer moet hier oordeelkundig te werk gaan, sodat die leser se vermoë tot begrip van en aanvoeling vir die taal nie oor- of onderskat word nie.

Terwyl die kind lees, ervaar hy nie bewustelik die skoonheid van die taal nie. Margery Fisher²⁸ sê: „The average child does not think, when he is reading a story, how good the style is or how well drawn the characters"... En tóg is daar sekere elemente van taal waarvoor hy waardering het, naamlik ritme en klank. Louise Boerlage stel²⁹: „Ritme en klank zijn het meest primitieve in de taal en blijven door de hele literatuur heen een groot bestanddeel daarvan uitmaken... " Selfs baie klein kinders, al kan hulle nie self lees nie, kom maklik onder die bekoring van ritme en klank. Kleuters is juis lief vir herhaling van dieselfde woorde. En woorde is vir hulle klanke wat dikwels, en soms ook nie, betekenis het. Elke mens het ook in 'n mindere of meerdere mate 'n aanvoeling vir ritme, en veral kinders kom gou onder die bekoring daarvan.

Taal is egter nie net ritme en klank nie. Gaan ons nou taal in 'n boek analiseer, dan sien ons „de taal is afhankelijk van de woordkeus, de rangschikking tot zinnen en de rangschikking der zinnen onderling."³⁰ Woordkeuse, sinsbou en die logiese verband tussen sinne

28. Fisher. *Intent upon reading*, p. 12.

29. Boerlage. *Jeugdboeken lezen en kiezen*, p. 21.

30. *Ibid.*, p. 50.

het egter as sodanig vir die kind min waarde, want hy let nie bewus=
 tellik daarop nie. Taal het vir hom slegs waarde as dit bestaan uit
 „words which have power and will convince.”³¹ A. Findlay³² beweer:
 „The worst fault in a children's book is not the flagrant departure
 from formal grammar, but the colourless, dull, passionless use of
 language.” Die taal moet dus spreek tot die kind, en dit is nie in elke
 skrywer se vermoë om tot die kind te spreek nie. Elke skrywer is dus
 ook nie, wat die taalgebruik betref, 'n kinderboekskrywer nie! Die
 kinderboekskrywer sal „nie buk om die kind by te kom en sy taal te
 probeer praat nie... Hy is iemand wat in hom nog iets oor het van
 die droomwêreld wat elke kind in hom omdra”...³³ Die skrywer van
 kinderboeke gebruik taal wat natuurlik uit hom uit vloei, want terwyl
 hy skryf, is hy weer kind.

Taal en taalgebruik is vir die leser van 'n kinderboek miskien dik=
 wels onopvallend, maar dit is een van dié faktore wat bepaal of 'n
 kinderboek goed is of nie. Selfs 'n uitstekende verhaal kan misluk,
 as die taalgebruik nie reg laat geskied daaraan nie.

'n Kinderboek bestaan gewoonlik uit teks en illustrasies. Sommige
 kinderboeke verg meer illustrasies, andere minder. Die vereiste
 hoeveelheid illustrasies word bepaal deur die behoefte van die kind.
 Hoe kleiner die kind is, des te meer illustrasies moet daar wees.

31. Lyndhurst. Book selection in the juvenile department, p. 18.

32. Findlay. Criteria in children's literature, p. 109.

33. Bouwer. Goeie kinderboeke help nuwe wêreld ontdek, p. 3.

Die kleiner kind bekom feite uit onder andere die illustrasies, want hy kan die teks nie lees nie. Die illustrasies help hom ook om gedagtebeelde te vorm. Sy ervaringslewe is nog so beperk, dat hy uit woorde alleen nie altyd in staat is om in sy gedagtewêreld beelde op te toewer nie, en hier is gepaste illustrasies van groot waarde. Die tema van die verhaal en die inkleding daarvan deur die skrywer bepaal ook in 'n groot mate die hoeveelheid en soorte illustrasies.

Geslaagde kinderboek-illustrasies bevredig esteties. Dit voldoen aan dieselfde kunsstandaarde as wat aan enige ander vorm van die beeldende kunste gestel word. Deur goeie illustrasies word die kind onbewustelik ingelei tot die besef van die skoonheid van lyn en kleur, van nuanses en perspektief. Selfs in boeke vir kleuters moet die kunshalte van illustrasies hoog wees, want „in enige goeie prenteboek is die illustrasies van so 'n gehalte dat die eerste steentjie van kunswerdering daarmee gelê kan word.”³⁴ Eers as die estetiese vorming van die kind gevorder het, sal hy voorkeur gee aan goeie illustrasies. Vóór die aanvang van die vorming is die smaak van die kind beïnvloedbaar na enige kant. Die goeie illustrasie beïnvloed die kind se smaak ten goede. „When a child is fascinated by a good picture he has unconsciously absorbed an aesthetic experience which will influence the formation of taste and protect him from the mediocre and the inferior.”³⁵ Vir die aanvangsleser is die teenwoordigheid van goeie illustrasies dus van groot betekenis. Estetiese vorming is eg-

34. Pienaar. Kies boeke vir kleuters met sorg, p. 7.

35. Reitz. Picture books, p. 3.

ter 'n langdurige proses. Daarom is illustrasies van 'n hoë kunsgesalte ook vir die groter kind en jeugdige noodsaaklik.

In 'n geslaagde boek is dit, veral by 'n kleuter- en kinderboek, by uitstek die illustrasies wat verantwoordelik is vir die skep van atmosfeer. Die atmosfeer in illustrasies is meer onmiddellik aanvoelbaar as dié in die teks. Illustrasies en teks vul mekaar aan en vorm 'n eenheid in goeie kinderlektuur. M. Reitz se mening is: „In a good picture book text and illustration are of equal importance - the one is complementary to the other.”³⁶

Sommige outoriteite beweer dat die illustrasie, hoewel dit 'n eenheid met die teks moet vorm, nooit die plek van die geskrewe woord mag neem nie. Katrine Harries, grafiese kunstenares en dié Suid-Afrikaanse kinderboek-illustreerder, neem soos volg standpunt in: „(The artist's) contribution is not there to explain the content of the text, it should merely accompany it, stimulate the reading - and it should be able to stand on its own feet if taken out of the book.”³⁷

'n Ander standpunt is weer dat illustrasies moet help om die verhaal te vertel. Dit moet dieselfde feite en atmosfeer weergee, want dit is 'n medium van lyn en kleur en dupliseer nie die teks wat as medium die geskrewe woord het nie. Louise Boerlage sê³⁸: „Een

36. Ibid., p. 4.

37. Harries, On book illustration, p. 5.

38. Boerlage. Jeugdboeken lezen en kiezen, p. 21.

auteur vormt zijn gevoelens en gedachten tot een voorstelling. De ene auteur denkt in woorden en begrippen, waarmee hij vele nuances kan aangeven. De andere denkt in beelden en heeft attentie voor vorm, lijn en kleur en ook beweging."

Hierdie twee standpunte is onversoenbaar. Daar kan egter nie in so 'n mate veralgemeen word dat die een altyd as korrek en die ander altyd as verkeerd beskou kan word nie. Faktore soos die tema, die hante-ring van die tema deur die skrywer en die potensiële leser bepaal wat-ter een van die twee vir 'n bepaalde boek die beste sal wees. In geen geval moet een van hierdie standpunte tot 'n uiterste gevoer word nie. Myns insiens is die standpunt dat die illustrasies saam met die teks die verhaal moet vertel, korrek vir die prenteboek, want die kleuter leef met sy oë. Die prenteboek vertel nie net deur woorde, dit wil sê klanke, nie. Ook kleur, lyn en vorm dra aan die kleuter en kleiner kind die atmosfeer en die gebeure oor. In boeke vir groter kinders en vir jeugdiges is die ander standpunt van toepassing, naamlik dat illustrasies 'n bykomstigheid is wat die leser aanmoedig om die boek te lees.

Die illustrasies moet ook 'n eenheid vorm met die ander visuele aspekte van die boek. Die lettertipe, tipe papier, drukwerk, spasië-ring van die teks en die algemene ontwerp moet aansluit by die styl, medium en algemene voorkoms van die illustrasies. Dan alleen kan die boek in sy geheel as kunswerk bevredig. Katrine Harries³⁹ be-

39. Harries. On book illustration, p. 5.

weer: „I like to look at a well designed book even without wanting to read it. ”

En dit bring ons by 'n baie belangrike vereiste, naamlik dat die kinderboek as produk van die drukkuns moet bevredig. Bessie Lyndhurst sê:⁴⁰ „Taste for beauty can only be fostered by seeing, handling and admiring beautiful things, and beautiful books. ” Dié stelling beklemtoon die noodsaaklikheid van hierdie vereiste. Die kind is natuurlik nie bewus van sy estetiese vorming nie, en gewoonlik maak dit vir hom ook nie saak of die boek visueel aantreklik is of nie. Sy eerste (en dikwels enigste) belangstelling is die verhaal. Die uiterlike van 'n goed versorgde boek kweek tog by die kind mettertyd 'n gevoel vir die moete en smaakvolle.

Afgesien van die smaakvolle uiterlike van 'n kinderboek, moet die keuse van die lettertipe en -grootte oordeelkundig gedoen word. Vir kleiner kinders is 'n groter letter noodsaaklik om die lees te vergemaklik. Vir groter kinders moet dit kleiner wees, maar in alle gevalle moet die drukletter onopgesmuk en leesbaar wees.

Die band moet sterk en stewig wees en daar moet ook skutblaai wees om beskerming te bied teen ruwe behandeling. Die formaat van die boek moet korreleer met die ouderdom van die kind: hoe jonger die kind is, des te groter moet die formaat van die bladsye wees om ge-

40. Lyndhurst. The importance of picture books, p. 10.

noegsame ruimte vir groter illustrasies en drukletters te verskaf.

Baie van die vereistes hierbo genoem word gestel deur volwassenes. Die kind kan nie altyd verklaar waarom hy van 'n boek hou en wat hy daarin goed vind nie. Dit is die taak van die volwassene om vir hom te interpreteer, in sy behoeftes te voorsien en ook om hom te lei soos hy dit op baie ander gebiede doen.

Sommige skrywers oor kinderlektuur het al gepoog om in enkele sinne te formuleer aan watter eise kinderboeke moet voldoen. So sê May Arbuthnot, kenner van kinderlektuur en samesteller van 'n bloem= lesing van leesstof vir kinders, dat „an adequate theme, a lively plot, memorable characters, distinctive style”⁴¹ 'n kinderboek geslaagd maak. Alec Ellis, lektor in biblioteekkunde aan die universiteit van Liverpool stel as vereistes: „Literary style, imaginative power, original plots, good characterization, authentic settings, dramatic interest, inspired and challenging episodes.”⁴² Irene Hunt, wenner van die Follett Award vir „Across five Aprils”, formuleer dit so⁴³: „Something worthwhile has been said, sometimes with humor and joy, sometimes with wistfulness or sorrow or passion. Some problem besetting human life has been clarified, illuminated by the author's insight and imagination. There has been a probing beneath the surface of a situation; there has been a believable delineation of charac=

41. Arbuthnot. Children and books, p. 16.

42. Ellis. How to find out about children's literature, p. 4-5.

43. Hunt. Excellence in children's literature, p. 18.

ter, an accurate image pictured. These are the qualities that make one book, whether it is for children or not, merit the title of literature, and their lack makes another book insipid, insignificant - or less. "

Nie alle outoriteite is dit eens dat daar spesifieke vereistes moet wees waaraan 'n goeie kinderboek moet voldoen nie. „It is difficult to set up general rules for evaluating the content of a book, for each story should be read and assessed on its own merits.”⁴⁴ Dit kom daarop neer dat elke boek verskil van die ander, sodat 'n bepaalde vereiste in 'n mindere mate op een boek toegepas kan word as op 'n ander. Ook die feit dat 'n goeie kinderboek 'n kunswerk is, bring mee dat dit altyd meer is as die som van die onderdele. Daar is 'n onbepaalbare „iets” wat daarvan 'n kunswerk maak, afgesien van miskien geslaagde karaktertekening, oorspronklikheid of doeltreffende taalgebruik. Die mens ervaar hierdie ondefinieerbare kwaliteit deur sy aanvoeling en nie deur sy logika nie. Dit kan dus nie logies verklaar word nie, en geen absolute vereiste kan dus gestel word om te meet of die „iets” in die boek voorkom nie. Dit kán wees dat 'n boek nie aan ál die vereistes wat gestel word, voldoen nie en tog daardie besondere kenmerk besit wat daarvan 'n kunswerk maak. So 'n boek kan dan 'n groter onsterflikheid verkry as ander boeke wat wel aan die vereistes voldoen maar nie daardie stempel van 'n ware kunswerk dra nie. Tog kan ons in 'n redelike mate vereistes aan 'n kinderboek stel, soos hierbo uiteengesit.

44. Rogers. *Some remarks on children's literature*, p. 204.

Kinderboeke wat ware kunswerke is, sal deur die kind onthou word lank nadat hy reeds die kinderstadium verby is. Dít is ook die boek wat deur volwassenes geniet en gewaardeer kan word. En dít kan soms die finale en beslissende norm wees. Hiermee gaan groot kinderboek=skrywers akkoord. C. S. Lewis⁴⁵ sê: „I am almost inclined to set it up as a canon that a children's story which is enjoyed only by children is a bad children's story." Alba Bouwer (van „Katrientjie van Keer= weder"-faam) se mening is:⁴⁶ „Miskien is die beste en betroubaarste toets vir 'n kinderboek of dít van so 'n aard is dat dit deur grootmense ook geniet word." Selfs goeie kinderboek-illustreerders huldig hier= die mening. So sê Katrine Harries⁴⁷: „Whatever children's book I have illustrated, I have always found that it was equally enjoyable for the adult - how otherwise could I have enjoyed making drawings for it?"

Oor die hele wêreld is die situasie so dat volwassenes kinderboeke beoordeel. Volwassenes is verantwoordelik vir die opvoeding en ontwikkeling van die kind op alle terreine. Daarom móét volwassenes besluit oor wat goed is vir die kind en wat skadelik is. Dít geld ook vir die beoordeling van kinderboeke. Slegs volwassenes kan beslis of sekere kinderboeke geskik is vir kinders en ook of dít van 'n hoë gehalte is. Dus is slegs volwassenes in staat om kinderboeke vir bekroning te beoordeel. 'n Goeie kinderboek word gewoonlik deur

45. Lewis. On three ways of writing for children, p. 461.

46. Bouwer. Goeie kinderboeke help nuwe wêreld ontdek, p. 6.

47. Harries. On book illustration, p. 5.

volwassenes ook geniet. As 'n volwassene so 'n boek geniet, kan dit juis vir hom 'n duidelike aanduiding wees dat dit 'n boek van hoë gehalte is.

Volwassenes verskil egter van kinders, sodat hul in 'n mindere mate intuïtief sal weet wat vir die kind goed is.

Daar is ook groot verskille tussen lektuur vir volwassenes en dié vir kinders. Die volwasse beoordelaar van kinderlektuur moet 'n kenner van die kind asook van sy lektuur wees. By die beoordeling moet die volwassene hom (soos die skrywer by die skryf van die boek) stel in die plek van die kind as leser. Hy moet buite rekening laat watter maatstawwe hy aan sy eie lektuur stel en die maatstawwe wat aan kinderboeke gestel word in gedagte hou. Om hierin te slaag, moet hy homself vergewis van die verskil tussen lektuur vir volwassenes en kinderlektuur.

HOOFSTUK III

N VERGELYKING VAN LEKTUUR VIR VOLWASSENES MET KINDERLEKTUUR

Ten einde te kan aandui wat die verskil tussen lektuur vir volwasse= nes en dié vir kinders is, is dit nodig om in te gaan op redes waarom volwássenes lees en waarom kínders lees, asook op wat die verskil in hierdie verband tussen 'n volwassene en 'n kind is.

Vir baie eeue moes kinders tevrede wees met lektuur wat eintlik vir volwassenes bedoel is. Gedurende hierdie tyd het geen skrywer hom aan die kinderboek gewaag nie, omdat die kinderboek as sodanig nie as 'n aparte en volwaardige kunsvorm beskou is nie. Aangesien daar nie spesifiek vir die kind voorsiening gemaak is nie, moes die kind sekere boeke vir volwassenes vir homself toeëien. 'n Goeie voor= beeld hiervan is „Robinson Crusoe" deur Daniel Defoe. Hierdie klas= sieke jeugverhaal was geensins bedoel as leesstof vir kinders nie, en tog het dit die kinder- en jeugleser só aangegryp dat dit nie net in feitlik alle wêreldtale vertaal is nie, maar dat dit ook die lees geword het waarop baie verhale daarná geskoei is.

Die Fransman Charles Perrault was die eerste om spesifiek en nie-sporadies vir kinders te skryf. In 1697 verskyn sy „Histoires ou Contes du temps passé, avec des moralités", en dit word gevolg

deur talle verhale wat vandag nog steeds gelees word, soos „Mother Goose" en „Rooikappie".

As kinders self skrywers kon wees, sou kinderboeke natuurlik al baie vroeër ontstaan het. Maar kinders kán nie self boeke skryf nie. Die skep van letterkunde is immers die werk van kunstenaars. Afgesien van die aanleg (wat kinders wel kan besit hoewel dit nog net in kiem= vorm kan voorkom), moet 'n woordkunstenaar ook lewenservaring, lewensinsig, 'n bepaalde lewensbeskouing en 'n baie groot mate van taalbeheer en uitdrukkingsvermoë hê, wat by die ontlukende mens - die kind - nog nie ten volle ontwikkel is nie. Die woordkunstenaar het die vermoë om in die alledaagse en in die gewone die ongewone aan te voel en aan te dui, om die betekenis in die skynbaar betekenis= lose te stel op so 'n wyse dat die leser met nuwe oë en met 'n groter begrip na homself en die wêreld om hom kan kyk. En hierdie vermoë besit die kind nog nie.

Die situasie is dus dat volwassenes boeke skryf vir volwassenes, maar kinders skryf normaalweg nie boeke vir kinders nie. Volwassenes doen dit, en nog veel meer: volwassenes is ook die keurders van kinderboeke en volwassenes bekroon ook kinderboeke.

Maar die kind wys self waarvan hy hou, en hoewel kinders geen medaljes of geldpryse aan sekere boeke kan toeken nie, laat hulle tog sekere boeke voorkeur geniet bo andere. Kinders keur naamlik

deur te lees wat hulle wil, en wat hulle boei. Geen boek deur 'n volwassene aanbeveel en goedgekeur, sal deur 'n kind gelees word as dit nie in sy smaak val nie, as hy en die boek nie op dieselfde golflengte ingestel is nie. Die beoordeling van 'n kinderboek deur 'n volwassene korreleer dikwels nie met die beoordeling daarvan deur die kind nie. Volwassenes en kinders lees immers nie altyd om dieselfde redes nie. Hoe kan die beoordeling deur die kind en deur die volwassene dan altyd dieselfde wees?

Volwassenes lees om 'n verskeidenheid redes. Jackson¹ sê: „First and last we read to ourselves and for ourselves whatever reasons we may give." Daar ontstaan by die leser 'n drang om te lees, en die leser is dikwels nie eers bewus van die redes waarom dit ontstaan het nie. Die drang om te lees moet verbind word aan die mens se liefde vir 'n storie. En waarom is ons almal lief vir stories? Is dit bloot te bevrediging van nuuskierigheid, of die prikkelende ervaring van 'n boeiende verhaal, of die weerspieëling van die leser in die menslike wat in die verhaal voorkom? Of het die gebruik in die tyd van die ou Grieke toe die beroemde werke van Homeros oorvertel is, en in die Middeleeue toe die troebadoers en minnesangers verhale mondeling oorgedra het, in ons wese 'n liefde vir die verhaal laat ontwaak? Al hierdie moontlikhede het seker 'n bydrae gelewer tot die mens se liefde vir 'n vertelling. Maar dit moet ook beklemtoon word dat taal eie aan die mens is. En taal en die verhaal is onafskeidbaar

1. Jackson. The reading of books, p. 13.

van mekaar. Die mens se liefde vir die verhaal moet dus verklaar word uit die feit dat die mens mens is. Die verhaal is slegs moontlik as gevolg van spraak. En leesstof, soos ons dit vandag ken, is geskrewen spraak.

Afgesien van hierdie drang om te lees, is daar ook in baie gevalle meer spesifieke redes waarom mense lees, redes wat duideliker omlyn kan word.

Die mens kan lees uit gewoonte. Hierdie soort lees verg gewoonlik van die mens geen geestelike inspanning nie, en dit laat ook meesal geen blywende indrukke nie. Die mens lees omdat hy so opgevoed is, omdat hy saam met boeke om hom grootgeword het. In die Verenigde State van Amerika het H. C. Link en H. A. Hopf 'n studie gemaak van leesgewoontes. Die resultate van hierdie studie is in 1946 gepubliseer onder die titel „People and books: A study of reading and book-buying habits", en daarin word onder andere die gevolgtrekking gemaak dat hoe hoër die opvoeding is, hoe meer gelees word. Formele opvoeding word as verreweg die grootste faktor aangegee wat die leesaktiwiteit stimuleer.

Nog 'n rede waarom die mens lees, is om weg te kom van die wêreld en sy lewensomstandighede. Hy ontvlug dus ook homself, en hy soek na iets beters. Ischreyt sê²: „Es handelt sich für ihn um Leben, das

2. Ischreyt. Welt der Literatur, p. 13.

er selbst nicht leben kann, nach dem er sich jedoch, mehr oder weniger bewusst, sehnt." Hierdie strewe na ontvlugting van homself word by die mens voorafgegaan deur selfkritiek en selfontevredenheid. In selfkritiek staan die mens alleen. Hy is 'n eensame wese. En dan sê Antoon Coolen³: „Voor wie leest is er nooit eenzaamheid. Het boek doortreekt ze. Het heeft dat formidabele vermogen, u dichter te brengen bij de hemel boven de aarde zowel als bij de menschen en hun menselijkheid." Die mens lees nie om van homself meer te wete te kom nie, maar om homself te ontvlug. Dr. P. H. Ritter beweer⁴: „Dikwyls is ook het lezen een vlucht in de wereld van het boek, een zich onttrekken aan de dorheid of aan de beproevingen van het eigen leven, zelfvervreemding dus, in plaats van zelfherkenning." Die vraag ontstaan nou of mense wat om hierdie rede lees, wel bevredig kan word. Annie Salomons⁵ stel dit so: ... „Het is de kunst, die ons opheft uit de dagelijksche sleur; die ons tijdelijke zorg en ellende doet vergeten en ons een schooner wereld binnenvoert; maar zij is ook zonder de troebeling van persoonlijk verlangen of persoonlijk voordeel; en daarom is er niets, dat ons zozeer bevrijdt van den last van het leven en ons toch zoo zeker naar het hart van het leven terugvoert, als de ware kunst."

Mense lees ook om ontspanning in die ware sin van die woord. Hier-

3. Over het geluk van het lezen, p. 23.

4. Ibid., p. 32.

5. Salomons. Over de wonderlijke kunst van 'lezen', p. 3.

mee word nie bedoel dat mense lees om die tyd te verwy! nie (dft is passiewe lees), maar wel om die gees te laat ontspan, sodat dit weer nuwe lewe kry. Lees is dan 'n stimuleermiddel vir die gees. Mense wat om hierdie rede lees, maak hoofsaaklik gebruik van ligte leesstof. Dit wil egter nie sê dat hulle alle goeie lektuur ontbeer nie. Want al verg die lees van goeie lektuur ook inspanning, kan inspanning nog altyd ontspanning teweegbring.

Dan is daar ook die groepie lesers, gewoonlik slegs 'n klein aantal, wat boeke lees omdat dit vir hulle, volgens T. T. Cloete⁶, die hoogste „ontginning, demonstrasie, bewys of aktivering is ... van die taal. " Vir hierdie mense is die boek wat hulle lees 'n kunswerk geskep deur middel van die taal. Die boek is vir hulle 'n estetiese ervaring en hulle benader dit as sodanig.

'n Sekere groep lesers lees om 'n intellektuele honger te stil ter verryking van die siel. Hierdie volwassenes het 'n spesifieke, bewuste doel voor oë waarmee hulle lees. Maar die meerderheid volwassenes lees sonder dat hulle bewus is van die dryfvere daaragter.

As dit nie maklik is om vas te stel om watter redes volwassenes lees nie, is dit nog baie moeiliker om te bepaal waarom kinders lees. Wat in die kindergemoed omgaan, is vir die volwassene nooit heeltemal duidelik nie. Ook die kind kan selde sy gevoelens, sy voorkeure en afkere asook sy drange bevredigend verklaar.

6. Cloete. *Veroordeling van die literatuur*, p. 225.

Kinders leer lees as hulle skool toe gaan. Net soos kinders aanhoudend wil fiets ry, as hul dit pas bemeester het, so wil kinders wat geleer lees het, graag lees. Lees is dan vir hulle 'n demonstrasie van 'n vaardigheid wat hulle bemeester het. Dit is vir die kind in sy vroeë skooljare 'n prestasie om te kan lees, en dit bied aan hom genot om aan homself en die mense rondom hom te toon dat hy kán lees.

Soos alle ander mense, is kinders ook lief vir stories. Die kind is nog besig om kennis te maak met die wêreld om hom, en hy geniet stories omdat dit hom meer dáárvan vertel. Ischreyt sê⁷: „Wir lesen, weil wir etwas erfahren wollen, das wir nicht wissen." Die lewe van die kind word dan verryk deur die aanraking met die vreemde. Maar die vreemde, dit wil sê die mense en die wêreld om hom, word vir die kind 'n spieëlbeeld van homself, omdat hy homself en sy eie gedagtes, emosies en handelingte beter kan begryp as gevolg van die kennis wat hy opdoen. Dr. P. H. Ritter sê⁸: „Velen vinden in het boek een richtlijn om hun levenshouding te bepalen. . . De lezer stelt over het algemeen het boek niet tegenover zich, maar trekt het naar zich toe, vereenzelvigt het met zijn eigen leven." En veral die jeugdige „ontdekt in het boek een voorbeeld van menselijke grootheid of zuiverheid, waarnaar men zichzelf wil richten."⁹ Op soek na 'n lewens⁺ vorm, verken die kind, en veral die jeugdige, dan die lektuur. Hoe kleiner die kind is, hoe meer val die klem op die kennismaking met dit wat om hom is. Hoe nader die kind aan volwassenheid kom, hoe

7. Ischreyt. *Welt der Literatur*, p. 13.

8. *Over het geluk van het lezen*, p. 32.

9. *Ibid.*, p. 32.

meer betrek hy sy kennis van die wêreld om hom op homself.

Die kind en ook die jeugdige is gewoonlik nie bewus van die drang om meer van die wêreld en van homself te wete te kom as rede waarom hy lees nie. Die kind kan, baie meer as die volwassene, volkome opgaan in wat hy lees. „Sensatie, emotie, ontroering, een letterlik weggesleept worden; – het waren de primitieve reacties op het boek en de volle overgave eraan... En wat een wereld ging er open voor de verbeelding.”¹⁰ Die kind is so geïnteresseerd, dat hy homself en alles om hom ten volle vergeet. Die boek word vir hom die werklikheid, en die ware werklikheid tree op die agtergrond.

Hoewel dit nie by alle kinders in dieselfde mate die geval is nie, is daar tog baie kinders vir wie aanraking met 'n goeie boek estetiese vorming is. Kinders hou van boeke wat fisies aantreklik is, en hulle hou daarvan om boeke wat uiterlik mooi is, te hanteer. Antoon Coolen onthou dit so¹¹: „Het genoegen van het voor zich neerleggen van het nieuwe boek, van het bekijken van de titelpagina, van de eerste blad= sij is in mijn herinnering opgegaan in een associatie van jonge zomer, eerste bladschaduw van de bomen”...

Die groot verskil tussen kinders en volwassenes ten opsigte van lees kom hierop neer: Kinders is soekers na kennis en begrip van hulself en die wêreld. Lees bring dus vir hulle in die eerste plek selfherken=

10. Ibid., p. 20.

11. Ibid., p. 20.

ning. Volwassenes besit reeds in 'n groter mate hierdie kennis en begrip. As hulle lees, beteken dit minder selfherkenning en word hulle meer bewus van die mens se onvolkomenheid. Lees beteken vir hulle, in hierdie verband gesien, ontvlugting van die onvolmaaktheid van die ek, dus selfvervreemding.

Die leesverskille by kinders en volwassenes is die gevolg van die groot verskille tussen kinders en volwassenes. Paul Hazard vat dit goed saam¹²: „Children and grownups belong to different worlds. Time, which deals so ruthlessly with the body, is only too often just as pitiless with the soul. Adults are rarely free, they are prisoners of themselves. Even when they play in order to relax, to forget, to keep from thinking of the brief time that is still left to them. They seldom play for the sheer joy of playing. How far removed is the world of childhood! Its inhabitants seem of another species. Tireless, full of the exuberance of life, from morning to night they run, shout, quarrel, make up and fall asleep only to begin again next day at sunrise. . . Children are rich with all they do not own, rich with the potential wonders of their universe. " By kinders is daar 'n frisheid van gevoel wat by volwassenes dikwels nie meer bestaan nie. Kinders hou nie van somberheid nie, en hulle vind geen plesier daarin om te treur nie, terwyl volwassenes wel soms behae kan skeep in lyding. Kinders het nog nie die volwassenheid bereik om die diepste siels=emosies te ontleed nie. Die kind aanvaar, terwyl die volwassene

12. Hazard. Books, children & men, p. 1.

deur analise 'n antwoord probeer vind. Die kind tree instinktief op, die volwassene krities.

Hierdie verskille bring natuurlikerwys mee dat daar ook verskille tussen die lektuur vir hierdie twee groepe moet wees.

Wat die temas betref, is daar dikwels 'n verskil. Die kinderboek handel oor die kind en die wêreld van die kind. Die boek vir die volwassene handel oor die volwassene en sy wêreld. Dit kan natuurlik ook voorkom dat 'n boek vir volwassenes oor kinders handel, maar dan gesien uit die gesigspunt van die volwassene. Hoeveel kinderboeke handel nie ook oor grootmense nie, soos kinders hulle sien? In baie lektuur vir albei groepe tree volwassenes én kinders op, en die klem val dan op een van die twee. Verhale waarin diere die hoofrolle vertolk, dikwels met menslike eienskappe, is algemeen in die kinderlektuur. Dieselfde geld vir fantasieverhale en avontuurverhale. Maar dit beteken nie dat dierverhale, fantasieverhale en avontuurverhale uit die volwassene se lektuur uitgesluit is nie. Vir volwassenes neem dit net 'n ander vorm aan. Daar is dan 'n graadverskil, nie 'n wesenverskil nie. Aan die ander kant neem menslike verhoudings, die samelewing, die mens self en sy lewensprobleme 'n belangrike plek in die lektuur vir volwassenes in. En tog kom dit ook dikwels in kinderlektuur voor.

Dit is dus waar dat sekere temas meer dikwels vir die een as vir die ander gebruik word, maar geen tema hoort uitsluitlik tot die een en

nie tot die ander nie. Die inkleding van die tema bepaal dikwels of die verhaal vir die kind of vir die volwassene geskik is.

Fantasie beteken vir die kind „happiness gained before reality closes in... insurance against the time, all too soon, when there will be nothing but realities.”¹³ Fantasie in 'n kinderverhaal dien dus om die kind te beskerm teen die effek van die harde werklikheid wat hy in sy latere lewe sal ondervind, die werklikheid wat die mens dwing om sy oë te hou op die saaklike, die nugtere en die alledaagse, in plaas van op die horison waar die onmiddellike werklikheid vervaag. Juis omdat die volwassene vasgevang is in die mag van die konkrete werklikheid om hom, kan hy die fantasie nie meer in dieselfde mate aanvaar as die kind nie. Vir die kind is daar nie altyd 'n suiwer skeidslyn tussen fantasie en werklikheid nie. Fantasie is vir hom dikwels net so werklik as die werklikheid self. Vir die volwassene is die skeidslyn veel skerper. In die kinderboek is fantasie daar om sigself. In die volwassene se lektuur word fantasie om vele ander redes ingespan, byvoorbeeld om een of ander faset van 'n karakter te beklemtoon, in 'n simboliese betekenis of om 'n sekere stemming weer te gee.

Kinderlektuur bied aan die kind die moontlikheid om sy medemens beter te begryp. Die kind doen kennis op van die mense rondom hom en daardeur word sy insig verbreed. Kinderverhale „describe... faraway lands where unknown brothers live. They understand the

13. Ibid. , p. 42.

essential quality of their own race; but each of them is a messenger that goes beyond mountains and rivers, beyond the seas, to the very ends of the world in search of new friendships."¹⁴ Kinderboeke „enable them to share in great human emotions, that give them respect for universal life."¹⁵ Vir die volwassene dien die kennismaking met sy medemens en dié se emosies 'n heel ander doel. Hy sien homself, of die mens wat hy kon wees, naamlik in sy medemens. Die emosies herken hy as sy eie, en hy leer om homself beter te begryp. Vir die kind is dit dus kennismaking met die mens. Vir die volwassene is dit kennismaking met homself. Die kind kan nog nie in 'n hoë mate self=analise toepas nie, daarom herken hy nie die mens in homself nie. Hy kan homself wel intens inleef in die verhaal, maar dit bly vir hom spel en nie erns nie.

Vir die kind is die lewe 'n idille, omdat dit goed en skoon is. Die lewe is vir die kind nuut en vars, en die onaangename waarmee hy in aanraking kom, word verdwerg deur die mooie en goeie. In kinder=lektuur moet die onaangename in hierdie lig aangebied word. Vir die volwassene is die onaangename baie meer konkreet. In sy lektuur sal die onaangename dan 'n sodanige plek inneem.

Skoonheid beteken vir die kind in sy lektuur besonder veel. Die kind het 'n natuurlike aanvoeling vir skoonheid, en sy leesstof dra in 'n

14. Ibid., p. 146.

15. Ibid., p. 42.

groot mate by tot sy estetiese vorming. Die leesstof van die volwassene kan in 'n baie mindere mate vormend inwerk ten opsigte van die estetiese. Die volwassene het reeds meer gevestigde opvattinge in verband met skoonheid. Daarom word in kinderlektuur groter klem gelê op die mooi, en daarom is illustrasies wat esteties van 'n hoë gehalte is, in kinderboeke so noodsaaklik. Ook die drukwerk, spasiering, korrelasie van die teks met die illustrasies, die tipe papier, die band en die formaat moet bydra tot die estetiese geheel.

Van al die kenmerke hierbo bespreek, is die leser, sy dit volwassene of kind, nie altyd bewus as hy 'n boek lees nie. Hy hou nie hierdie kenmerke in gedagte en beoordeel daarvolgens nie. Beoordeling van 'n literêre werk deur die volwassene is altyd éers intuïtief, dan rasioneel. By die kind is dit gewoonlik slegs intuïtief. Die volwassene sal van 'n boek hou of nie, en hy sal kan sê waarom. Die kind wéét of hy van 'n boek hou of nie, maar hy weet nie om watter redes nie. Omdat 'n volwassene redes kan aanstip waarom 'n boek goed is of nie, kan hy sy oordeel oor 'n boek in woorde uitdruk.

By die bekroning van boeke moet die beoordelaar kan motiveer waarom dit bekroning werd is. En dit kan slegs volwassenes doen. Daarom kan slegs volwassenes kinderboeke bekroon. Dit is dus ook nie te veel gevra, as verwag word dat die bekroning van 'n spesifieke boek motiveerbaar moet wees nie. Daar sal later ook gelet word op die redes waarom sekere kinderboeke in Suid-Afrika bekroon is.

AFDELING B : BEKRONINGS

HOOFSTUK IV WAAROM IS BEKRONINGS NODIG?

In die bespreking tot dusver is aangedui wat die eise is wat aan 'n goeie kinderboek gestel word, asook wie 'n gemotiveerde oordeel oor 'n boek kan vel. Teoreties gesproke behoort slegs goeie kinderlektuur bekroon te word.

By bekroning gaan dit eerstens om die gehalte van die werk. Daar word gelet op die inhoud van die boek deur dit aan sekere vereistes te toets. Vervolgens kan ook die fisiese aspekte van 'n boek beoordeel word, dit wil sê die boek word beoordeel as produk van die boekdrukkuns. Bekronings het dus die nut dat dit die skrywer en/of illustreerder se werk onder die aandag bring, asook dié van die uitgewer. Bekronings het verder die nut dat ander werke van dieselfde skrywer en/of illustreerder onder die aandag kom. Dit is wel nie 'n oogmerk van bekroning nie, maar as een boek van 'n skrywer en/of illustreerder bekroon is, het dit dikwels die gevolg dat sy ander boeke ook 'n groter leserskring verwerf.

By die bekroning van die kinderboek gaan dit, afgesien van wat hierbo genoem is, ook nog om die boek as spesifiek geskik vir die kind. Dit dien geen doel om 'n kinderboek te bekroon wat nie goeie leesstof vir die kind is nie, al is dit letterkundig ook hoe goed.

Die keurder van kinderboeke (ouer, onderwyser, bibliotekaris) moet 'n deskundige wees. Hy moet die kind en die kinderboek goed ken, voordat hy sy werk bevredigend kan uitvoer. Mev. Lyndhurst sê¹: „How do we know what book to give a child? The only answer to this is by knowing children and knowing their books." Die moeilike taak van 'n keurder van kinderboeke word vergemaklik deur bekronings, omdat bekroonde kinderboeke reeds gekeur en as van besonder hoë gehalte bevind is. Maar selfs met bekroonde boeke as maatstaf vir die keurder van kinderboeke, bly keuring nog 'n veeleisende taak. May Arbuthnot stel die probleem so²: „How can any adult know what book a child is going to enjoy? Actually, grown-ups can't know with any degree of certainty." Juis omdat ons as volwassenes nooit seker kan weet nie, moet slegs die beste aan die kind voorgesit word. Dit is by die bepaling van wat die beste is, dat bekronings 'n belangrike rol speel. 'n Kinderboekkeurder verbonde aan 'n bepaalde biblioteek doen die keuring met sy spesifieke leserskring in gedagte en in ooreenstemming met die algemene sowel as die spesifieke eise wat daaraan die biblioteek stel, maar die bekroonde kinderboek is in byna alle gevalle 'n potensiële aanwinst vir daardie biblioteek.

Keur die kind self die boeke wat hy lees? Met ander woorde, is die kind bewus van die eise wat aan kinderboeke gestel moet word, en indien wel, speel dit enige rol by sy beoordeling van 'n boek? Hieroor sê Louis Boerlage³: „Zijn kennismaking met het boek geschiedt op

1. Lyndhurst. What can we do to become efficient children's librarians? p. 9.
2. Arbuthnot. Children and books, p. 15.
3. Boerlage. Jeugdboeken lezen en kiezen, p. 37.

volkomen natuurlike manier. Zo is het ook in zijn dagelijks leven. Immers, alle gebeuren om hem laat hij langs zich gaan en hij haalt daaruit naar zich toe wat hem invalt. Zo laat hij ook het boek tot zich komen. Lijkt het hem leuk, dan zal hij besluiten er zich mee bezig te houden en leest zolang het hem bevalt. " Omdat die kind dus nie keur op grond van gehalte nie, is dit van die uterste belang dat gekeurde boeke, en dus ook bekroonde boeke (wat deur die beoordelaars gekeur is) aan die kind verskaf word.

Die stelling is ook al gemaak: „Die kind wat kan lees, hou die sleutel tot 'n ander wêreld in sy hand. "⁴ As die boeke wat hy lees nou be= kroonde boeke is, sal hy kennis maak met 'n mooi en goeie „ander wêreld"; as dit nie bekroonde boeke is nie, en miskien nie eers ge= keurde boeke nie, sal die „ander wêreld" miskien 'n skewe en ver= draaide wêreld wees. As 'n kind lees, word hy verplaas na 'n ander omgewing, na 'n ander tyd, na ander situasies en kom hy in kontak met ander mense en omstandighede. Sy ervaringsterrein word ver= breed en sy visie word verruim. Goeie lektuur, en dus ook bekroonde boeke, dra in 'n baie groter mate hiertoe by.

Bekronings is van groot nut vir die gee van leesleiding. Dit is nood= saaklik om leesleiding te gee. Lees is nie 'n doel op sigself nie. 'n Kind leer nie lees net om te kan lees nie. Die belangrikste bly nog dat die leser, deur te lees, bo homself uitstyg, dat hy met die

4. Kinders en boeke, p. 10.

siening van 'n skrywer oor mense en situasies in aanraking gebring word, en dat sy eie gees sodoende verruim en sy karakter gebou word. Juis hierom is leesleiding 'n noodsaaklikheid. Lydia Pienaar sê⁵: „Niemand word met goeie smaak en goeie leesgewoontes gebore nie. As ons wil hê dat ons kinders moet opgroei in volwassenes wie se lewens deur boeke verryk kan word... moet ons boeke aan hulle beskikbaar stel. Nie enige boeke nie, maar die heel bestes." A. Findlay huldig dieselfde mening: „You must face the fact that children are not born with an intuitive knowledge of what is good"...⁶ Irene Hunt sê⁷: „Children do not appear upon this earth fully equipped with the power of discriminating the significant, the beautiful and worthwhile from the empty, the shabby or the worthless in literature. They must be led to these discoveries, be made aware of the values that are at first only vague or even obscure." Leesleiding is dus volgens bogenoemde deskundiges noodsaaklik, omdat die kind self nie in staat is om te onderskei tussen boeke van goeie en swak gehalte nie. Hy is van nature nie geneig en toegerus om met smaak en oorleg sy leesstof te kies nie.

Leesleiding is ook noodsaaklik omdat kinders, meer as volwassenes, beïnvloed word deur wat hulle lees. Margery Fisher sê van die kind: „Some advice must be offered to him, if only his reading is so much more thorough, so much more definite in its impact, than the reading of an adult."⁸ Die kind se gees is besonder ontvanklik, juis omdat hy

5. Pienaar. Die kind en sy literatuur, p. 23.

6. Findlay. Criteria in children's literature, p. 111.

7. Hunt. Excellence in children's literature, p. 18.

8. Fisher. Intent upon reading, p. 9.

onvolwasse is en maklik beïnvloedbaar is deur dít waarmee hy in aanraking kom. Wat hy lees, sal 'n indruk op sy gemoed maak. Juis daarom moet hy gelei word om goeie boeke te lees.

Die groot hoeveelheid leesstof waaruit die kind 'n keuse moet maak, maak leesleiding onontbeerlik. Die grootste meerderheid kinderboeke wat verskyn, is van 'n swak gehalte. Om die kind nou sonder leiding te laat lees, is om in die meeste gevalle toekomstige volwassenes te vorm sonder smaak vir die goeie boek. Findlay se mening is: „We cannot leave them ignorant and inexperienced to select their mental and spiritual food at random from the confused welter of reading matter which floods the market nowadays.”⁹

Die besondere waarde van die bekroning van kinderlektuur is dus baie duidelik. Omdat kinders self nie kan onderskei tussen goeie en swak leesstof nie, kan die bekroning van 'n boek vir hulle ook 'n goeie aanduiding wees dat dit van 'n hoë gehalte is. In die massa kinderlektuur tref die bekroonde boeke as die bestes.

Wat die gee van leesleiding betref, is daar dikwels meningsverskil. Daar bestaan hoofsaaklik twee opvattinge, twee uiterstes wat talle tussenskakerings moontlik maak.

Die standpunt word deur sekere outoriteite ingeneem dat leiding gegee kan word slegs deur die beste aan die kind te gee. Alles anders

9. Findlay. *Criteria in children's literature*, p. 111.

moet van hom weggehou word. As die kind gelei word om boeke te lees wat nie verteenwoordigend van die bestes is nie, is dit nie lei=ding nie, maar misleiding. Lydia Pienaar sê: „Die kind absorbeer eerder as om te diskrimineer.”¹⁰ Met ander woorde, die kind neem in wat hy lees sonder om homself rekenskap te gee van die gehalte van sy lektuur. Maar die kind neem nie net in nie. „Die kindertyd is 'n intense belewenis waarin alles met oorgawe gedoen word... Die kind se lees is 'n intense aktiwiteit wat sy hele aandag in beslag neem. Hy verplaas hom volkome in die verhaal”...¹¹ Om hierdie rede kan net die beste goed genoeg wees. Dit is dwaas om die kind die geleent=heid te gee om hom in iets te verdiep wat nié die beste is nie. Nog 'n argument wat gewig dra, is die volgende: „Kindwees is 'n tyd wanneer die wêreld met onbevange oë gade geslaan word, wanneer so baie dinge vir die heel eerste keer gesien en ervaar word. Eerste indruk=ke is die blywendste indrukke”...¹² Sou die kind dan boeke lees wat nié die beste uit die kinderlektuur is nie, dan sou die eerste indrukke wat hierdie lektuur maak die blywendste wees. Dit sou sy leessmaak nie ten goede beïnvloed nie. Selfs as hy later met die „beste” in aan=raking kom, help dit weinig, want die „eerste indrukke” is „blywend”! Hy is dus verlore vir die goeie boek of vir die geleentheid om van die beste kinderlektuur te kan geniet. 'n Volgende waarheid waarop Lydia Pienaar haar standpunt grond, is¹³: „Die mens is net vir on=geveer vyftien jaar van sy hele lewe kind. Dit beteken dat hy net on=geveer tien jaar lank tyd het om na stories te luister en kinderboeke

10. Pienaar. Die kind en sy literatuur, p. 12.

11. Ibid., p. 13.

12. Ibid., p. 13.

13. Ibid., p. 14.

te lees... " Kry hy nie slegs die „beste" in hierdie betreklik kort tydperk nie, is hy aan die verloorkant. Dus verklaar sy¹⁴: „Die kind het nie tyd om op swak boeke of selfs boeke van 'n middelmatige gehalte te vermors nie. "

Die tweede benadering is om die kind te laat lees wat voorkom, goed én sleg. Een van die voorstanders van hierdie opvatting is die bekende skryfster van reisverhale, Elsa Joubert: „... los die kind tussen die boeke, laat hom lees wat hy wil - goed, swak of onskadelik, laat hom boeke verslind. Hier praat ek nie van gruwelboeke of strokiesprentboeke of skokboeke waarteen enige ouer in opstand sal kom nie, ek praat van die normale kinderboek op die skoolbiblioteekrakke, in ons huise en in die boekwinkels. 'n Kind van gemiddelde intelligensie, meen ek, sal op die een of ander manier, teen die een of ander tempo homself opgradeer, 'n versadigingspunt bereik van een soort, oorgaan na 'n ander soort. Die belangrike is dat hy 'n permanente en persoonlike verhouding met die boek aangaan, dat hy lief word vir lees."¹⁵ Haar standpunt is dus: solank die kind lees en lief word om te lees, sal sy leessmaak verbeter namate hyself ontwikkel en groei en ryp word om die goeie en die beste te kan waardeer. Elsa Joubert glo dat dit nie nodig is om die kind te lei na die regte leesstof nie. Hy sal „op een of ander manier" en „teen een of ander tempo" self leer om beter leesstof te waardeer! Dat daar in hierdie geleidelike en willekeurige proses veel vir die kind verlore sal gaan, is nie te betwyfel nie.

14. Ibid., p. 15.

15. Joubert. Wat kan my kind lees? p. 57.

Anna Uys neem 'n meer gematigde standpunt in. Van die minder goeie kinderboek sê sy¹⁶: „Soos elke opvoeder weet, gaan 'n mens dié boeke nie verbied nie, maar gaan jy die kind geleidelik daarvan weg=lok deur hom beteres te gee.”

Moet die kind nou toegelaat word om te lees wat hy wil, sonder dat 'n volwassene leiding gee? Moet die kind slegs lees wat deur volwas=senes gekeur en aanbeveel word? Of moet die kind toegelaat word om self sy leesstof te kies met hier en daar 'n boek wat wél gekeur is en aanbeveel word? Daar kan nie sonder meer een antwoord gegee word wat vir alle kinders onder alle omstandighede die aangewese metode sal wees nie.

Die ideale toestand is dat 'n kind die regte agtergrond moet hê, naam=lik 'n huislike lewe waarin boeke en lees 'n natuurlike verskynsel is, 'n opvoeding waarin die belangrikheid van lees beklemtoon is, 'n bevredigende ontwikkeling van veral die verstand en die gees van die kind, en 'n regte gesindheid teenoor die lewe met die klem op die regte waardes. Indien hierdie ideale toestand bestaan, is dit maklik om die kind te lei na die goeie boek. In hierdie geval sou die regte metode wees om aan die kind slegs die beste leesstof te gee. Dit sal die kind nie lank neem om 'n smaak daarvoor te ontwikkel nie, indien hy dit nie reeds het nie. Is die toestand nie so ideaal nie, dan is dit die beste om die kind eers toe te laat om boeke van sy eie keu=

16. Uys. Afrikaanse kinderboeke - 'n oorsig van die huidige stand, p. 77.

se te lees, en hom daarna geleidelik na beter en uiteindelik na die beste boeke te bring. Maar die kind mag nooit ten volle toegelaat word om sy eie leesstof te kies nie. Slegs by wyse van uitsondering sal 'n kind homself tot goeie leesgewoontes opvoed. In die meeste gevalle sal sy smaak vir die spesifieke tipe leesstof waarmee hy voortdurend in aanraking kom, permanent word. Hy sal dan nooit die behoefte voel om beter boeke te lees nie.

Leesleiding mag nooit volgens 'n vaste formule gegee word wat vir alle kinders van 'n spesifieke ouderdomsgroep geld nie. Elke kind is 'n individu met sy eie behoeftes, en „reading guidance must be a matter of individual prescription.”¹⁷

Die waarde van leesleiding verskil dan ook van kind tot kind, hoewel dit tog in 'n mate bepaal kan word vir groepe kinders.

Die waarde vir die kleiner kind is dat dit hom in aanraking bring met die skoonheid van 'n goeie verhaal. Hy leer dat 'n goeie storie boeiend is, en sy belangstelling in stories word vergroot. Hy ervaar ook die genot van lees. Hy besit nou reeds die vermoë om te lees, en sodra hy hierdie vaardigheid in 'n mate bemeester het, moet hy begin leer dat om te kan lees nooit 'n doel op sigself is nie. Lees moet vir hom verryking en genot beteken. 'n Goeie boek sal dan sy leeslus stimuleer.

17. Hanna. Books, young people and reading guidance, p. 167.

Vir die groter kind het leiding na goeie boeke ook in besonder waarde. Die goeie boek verruim sy visie en stimuleer sy verbeelding. Dit is die tydperk in die kind se lewe waarin hy kennis maak met sy medemens en die wêreld buite sy familiekring. Leiding na hierdie kennis deur middel van geskikte leesstof is noodsaaklik op hierdie ouderdom. Nou reeds kweek die lees van kinderboeke van 'n hoë gehalte die begin van 'n waardering vir goeie letterkunde. Op hierdie stadium word 'n kind ook deur leesleiding intellektueel gevorm. Irene Hunt beweer: "To be exposed to excellence in literature from early childhood on through the years is as necessary to intellectual growth as a balanced diet is to physical growth or as love and understanding are to emotional growth. The child who is introduced to these books at an early age has a dimension of richness added to his life which gives him an advantage, emotional and practical, over his peers. There is a pathetic, almost unbelievable, barrenness about a child who has never heard the nursery rhymes or the fairy tales of childhood"...¹⁸ Dit is op 'n vroeë ouderdom dat die kind se leessmaak so gevorm kan word, dat hy lief word vir goeie kinderlektuur. As sy leessmaak nie nou gevorm word nie, kan dit baie moeilik in die puberteitstadium gedoen word.

In die puberteit en die adolessensie het die jeugdige nou reeds 'n gevestigde voorkeur wat sy leesstof betref. Leesleiding dien in hierdie jare hoofsaaklik om hom by die boeke uit te bring waaraan hy behoefte het. Sy behoeftes word nou bepaal deur sy ryping tot volwassene.

18. Hunt. Excellence in children's literature, p. 18.

Die leesstof moet hom 'n insig gee in sy medemens en in homself. Dit laat hom sy eie emosies, begeertes, vrese, twyfel, ekstase, optimisme en pessimisme verstaan en in die regte lig sien. Sy leesstof werp lig op menseverhoudings. Dit vorm hom geestelik en intellektueel. Hy is nou ook ryp om goeie letterkunde te kan waardeer, en hy kan homself nou al in 'n mate rekenskap gee van die redes waarom hy van 'n boek hou of nie.

Die doel van leesleiding is hoofsaaklik om die leser te help, hom te vorm, in sy behoeftes te voorsien en om sy smaak vir goeie leesstof te ontwikkel. Die primêre doel is gewoonlik nie om die goeie boek te bevorder nie, maar dit hang baie nou daarmee saam. Die boek van hoë gehalte is een van die grootste wapens in die hele proses van leesleiding. Omdat bekroonde boeke gewoonlik goeie leesstof is, het leesleiding baie te doen met die bevordering daarvan. Daarom is dit noodsaaklik dat, waar daar leesleiding gegee word, toekennings aan goeie kinder- en jeugboeke gemaak moet word. Deur leesleiding kom die bekroonde boeke immers onder die aandag van die lesers.

Bekroonde boeke moet van so 'n hoë gehalte wees, dat hul by lesers aanbeveel kan word. Om te verseker dat slegs boeke van 'n puik gehalte bekroon word, moet die voorwaardes, bepalinge en werkswyse vir bekronings fyn uitgewerk wees.

AFDELING C : BEKRONINGS IN SUID-AFRIKA TEN OPSIGTE VAN KINDERLEKTUUR

HOOFSTUK V INLEIDING

Skaars 'n eeu gelede was daar in Suid-Afrika nog feitlik geen sprake van enige noemenswaardige letterkundige produksie nie. Dit het egter nie 'n volle eeu geneem om so 'n peil te bereik dat die moontlikheid van bekronings 'n werklikheid geword het nie. Ook wat kinder- en jeugboeke betref, is in so 'n mate gevorder dat die eerste jeugboekprys in 1956 toegeken kon word. Die eerste kinderboekprys het in 1960 'n werklikheid geword. Dit het egter nie beteken dat daar voor hierdie datums geen kinder- of jeugboeke wat bekroning waardig was, verskyn het nie. Die Scheepersprys vir jeuglektuur het vir die eerste aantal jare juis die werke van outeurs oor die jare voor sy instelling in ag geneem vir bekroning, en in enkele gevalle is werke bekroon wat reeds in 1932, 1938, 1939, 1941, 1942 en 1943 verskyn het. Vir 'n literatuur so jonk soos ons s'n is dit 'n prestasie dat hierdie vroeëre werke bekroning werd was.

Hoewel die Afrikaanse letterkundige produksie gegroei het wat kinder- en jeugboeke betref, veral in die tweede helfte van die twintigste eeu, was dit nie voldoende om in die leesbehoefte te voorsien nie en was die gehalte ook dikwels nie sodanig dat dit as geskikte leesstof beskou kon word nie. 'n Groot aantal vertalings uit verskeie tale het toe op die mark gekom. Daar bestaan nog nie 'n prys vir die beste vertaalde kinder- of jeugboek in Afrikaans nie, maar die Suid-

Afrikaanse Biblioteekvereniging publiseer jaarliks (saam met die toekening van die C. P. Hoogenhoutmedalje) 'n lys van die twaalf (of minder) beste vertaalde kinderboeke in Afrikaans.

Die Tienie Hollowayprys vir kleuterlektuur is vir die eerste keer in 1970 toegeken. Dit is verbasend dat 'n toekening uitsluitlik vir kleuterlektuur eers op hierdie laat stadium gekom het, want van ons vroegste lektuur vir kinders was juis vir kleuters geskik. As bewys hiervan het ons „Karlien en Kandas” van M. E. R. wat in 1933 verskyn het en eers in 1970 bekroon is!

Wat die Suid-Afrikaanse Engelse kinderlektuur betref, het die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging reeds 'n medalje, naamlik die Percy Fitzpatrickmedalje, aangekondig. Geen geskikte werk kon egter tot dusver vir bekroning gevind word nie.

Dit blyk dat daar verskeie instansies is wat verantwoordelik is vir die bekroning van kleuter-, kinder- en jeugboeke in Suid-Afrika. Dit is vervolgens nodig om vas te stel watter norme deur dié liggame gestel word, watter werkswyse hulle volg, watter boeke hulle bekroon, of hulle bekronings geregverdig is en hoe hulle die bekroonde boeke onder die aandag van die lesers bring.

HOOFSTUK VI DIE NORME WAARAAN BEKROONDE AFRIKAANSE KINDERBOEKE MOET VOLDOEN

Die beoordeling van 'n kunswerk verg van die beoordelaar 'n grondige kennis van en insig in die besondere kunsgenre waartoe dit behoort, asook 'n aanvoeling vir die skone om die werk na waarde te kan skat. Beoordeling kan nooit slegs objektief wees nie. Waardering van 'n kunswerk verg interpretasie van wat die kunstenaar wou sê, en elke mens ervaar 'n kunswerk in ooreenstemming met sy eie lewensvisie en beskouing van die estetiese. Daarom sal twee mense, wat immers nie identiese wesens is nie, ook gewoonlik nie 'n gelyke oordeel oor 'n kunswerk kan uitspreek nie. Elke mens beoordeel dus individueel.

Dit gebeur ook dikwels dat lede van keurkomitees wissel. Persone wat een jaar die beoordeling van boeke met die oog op bekroning behartig, mag 'n volgende jaar vervang word deur ander. Hierdie nuwe lede sal anders beoordeel, volgens hul eie aanvoeling en siening. Dit is dus nodig dat instansies wat verantwoordelik is vir die bekroning van boeke, 'n leidraad moet opstel waarvolgens boeke beoordeel moet word, ten einde 'n mate van eenvormigheid in die beoordeling deur die jare te verkry. Dit is egter nie moontlik om algehele eenvormigheid te verkry nie, om redes wat reeds hierbo genoem is.

Hierdie leidrade word meesal gegee in die vorm van norme waaraan

die boeke wat bekroon sal word, moet voldoen.

Die liggame wat in Suid-Afrika die bekroning van kinderboeke as taak het, het almal in meer of in minder besonderhede sulke norme vasgestel.

Die maatstawwe waaraan boeke vir bekroning met die C. P. Hoogenhoutmedalje van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging moet voldoen, is die breedvoerigste uitgewerk.

Die norme vir Afrikaanse kinderboeke, soos gepubliseer in die uitgawe van die blad „Suid-Afrikaanse biblioteke" vir Januarie 1961, moet volgens die Raadsbesluit van 20 September 1961 aanvaar word as grondslag vir die beoordeling van kinderboeke met die oog op die toekenning van die medalje.

Die vereistes word eerstens gestel aan oorspronklike werke ten opsigte van die skrywersbenadering en wat daarmee saamhang.

„1. Die werk sal¹ getuig van 'n skeppende verbeeldingrykheid by die skrywer.

2. Die werk sal uit die kind se omgewing, sy gedagtes, ervaring en gevoelslewe spruit. Blyke van 'n grootmenshouding teenoor die kind, of van 'n blote weergawe van die volwassene se herinnerings- en ervaringslewe in inhoud en styl is vreemd aan die aard van die kinderboek.

1. „Sal" foutief gebruik i. p. v. „moet", ook in die norme wat volg

3. Die werk sal die kind se verbeelding stimuleer, sy kennis uitbrei en sy gedagte-, gevoels- en ervaringslewe verbreed en ontwikkel."²

Uit hierdie drie punte blyk dat die skrywer 'n oorspronklike werk moet lewer, dit wil sê, 'n werk uit sy eie verbeelding geskep, wat nie 'n blote weergawe van sy herinnering of ervaring is nie. Hy moet sy tema so oordeelkundig inklee dat die verbeelding van die leser gestimuleer word, sodat sy kennis kan uitbrei en sy gevoelslewe kan ontwikkel.

Wat die tema en strekking van die verbeeldingswerk betref, word die volgende vereis:

- a) Die behandeling van die tema sal oorspronklik wees.
- b) Die verhaal sal opgebou wees om 'n sterk tema met 'n natuurlike klimaks en 'n bevredigende afronding.
- c) Die verhaal sal 'n getroue weergawe van die werklikheid bied (Die fantasieverhaal, waarin geen aanspraak op lewensgetrouheid gemaak word nie, is vanselfsprekend nie aan hierdie vereiste gebonde nie. So 'n verhaal sal egter logies en konsekwent wees in sy temabehandeling en sal tot die kind se verbeelding en wondervermoë spreek).
- d) Die agtergrond van die verhaal sal oortuigend geskets wees, met

2. Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. C. P. Hoogenhout-toekening, p. 2.

alle gegewens noukeurig en in perspektief weergegee.

- e) Die verhaal sal gegrond wees op 'n natuurlike sin vir waardes en nie ooglopend didakties wees nie.
- f) Die verhaal sal altyd boeiend vir die kind wees. Na gelang van die aard van die werk sal handeling en opwinding in mindere of meerder mate voorkom, maar sensasie sal vermy word.
- g) Die karakters sal lewe.
- h) Personifikasie waardeur diere, plante of dinge hul ware identiteit verloor, sal vermy word.
- i) Vervolgwerke sal saamgestel wees uit afgeronde verhaaleenhede wat elk afsonderlik lesenswaardig is. Voorstening sal gemaak word vir karakterontwikkeling en tydsverloop. "3

Volgens bostaande nege punte moet nie net die tema treffend wees nie, maar ook die wyse waarop dit aangebied word, moet spreek tot die leser as gevolg van die oorspronklikheid daarvan, sodanig, dat dit as werklikheid voorkom, gesterk deur 'n oortuigende agtergrond. Die verhaal moet die positiewe beklemtoon en uiterlike handeling moet nie ontaard in oppervlakkige sensasie nie. Die karakters moet lewensgetrou wees, en indien diere of plante of ander nie-menslike figure die karakters is, moet elk sy eie identiteit behou. Indien 'n boek een van 'n reeks is, moet dit as individuele boek nog aanvaarbaar wees.

Van die tema en strekking van die feiteboek word vereis:

3. Ibid. , p. 2-3.

- „a) Die gegewens sal volkome juis wees en met die tyd tred hou.
- b) Die materiaal sal gekeur en aangebied word met inagneming van die begripsvermoë en die kennisvlak van die kind vir wie die boek geskryf is.
- c) Die boek sal 'n inhoudsopgawe en 'n volledige en noukeurige onderwerpsregister insluit.”⁴

Dit beteken dat die feite-inligting korrek en resant moet wees, asook gekeur vir die spesifieke lesersgroep in gedagte, en dat die gebruik van die werk vir die leser vergemaklik moet word met hulpmiddels soos inhoudsopgawes en registers.

Vervolgens word in die norme aandag gegee aan die inkleding (taal en stelwyse):

- „1. Geen beperking sal op die keuse van vorm gelê word nie. Die werk sal òf in prosa òf in dig- of dramavorm geskryf wees.
- 2. Die werk sal leesbaar wees en die kind se belangstelling gaande hou. Die skrywer sal sy gedagtes vertolk in sensitiewe en oor=tuigende taal.
- 3. Die woordeskat en stelwyse sal in ooreenstemming wees met die ouderdom van die kind vir wie die werk geskryf is, maar sal nietemin bydra tot die ontwikkeling van die leser se taalvermoë.
- 4. Die werk sal van hoogstaande literêre peil wees en die leser se smaak vir goeie letterkunde bevorder.

4. Ibid. , p. 3.

5. Die taal sal keurig versorg en die styl gepas wees.
6. Plat woorde sal so min moontlik in die kinderboek voorkom, terwyl growwe taal geheel en al (selfs in verhaaldialoog) vermy sal word."⁵

Die bekroonde werke kan dus tot die poësie, prosa of drama behoort. Die taal moet so eenvoudig wees dat die kind dit kan verstaan, maar nie sô vereenvoudig dat dit sy begrip en kennis van die taal nie verder ontwikkel nie. Die taalgebruik moet sodanig wees dat die boek literêre waarde het. Die taal moet beskaafd en onberispelik wees.

Voorts word vereistes aan illustrasies gestel:

- „1. Die illustrasies sal beantwoord aan die standaardvereistes van kunsontwerp en kleurgebruik.
2. Die illustrasies sal by die teks aansluit.
3. Illustrasies sal gewoonlik 'n integrale deel uitmaak van die kinderboek. Enkele volbladillustrasies is wenslik. Hoe jonger die kind vir wie die boek bedoel is, hoe meer illustrasies sal voorkom en hoe groter sal hulle wees."⁶

Kinderboek-illustrasies moet dus kunswerke wees. Die tweede punt hierbo genoem, is vaag. Word bedoel dat dit fisies by die teks moet aansluit? Of moet dit dieselfde atmosfeer skep as in die teks? Verder

5. Ibid., p. 3-4.

6. Ibid., p. 4.

moet die illustrasies nie losstaande wees nie, maar wel 'n noodsaaklike onderdeel van die boek vorm. Nie slegs kwaliteit nie, maar ook kwantiteit word vervolgens in aanmerking geneem.

Wat die boek as produk van die boekdrukkuns betref, is daar ook sekere vereistes ⁷:

- „(a) Druk: die lettertipe sal leesbaar en groot genoeg wees om aan te pas by die ouderdomsgroep van die kind vir wie die boek bedoel word.
- (b) Papier van 'n hoë gehalte sal gebruik word.
- (c) Spasiëring: ruim kantlyne en genoegsame spasie tussen letters en reëls sal die teks mooier laat vertoon en leesbaarheid bevorder. Die linkerkantlyn sal by voorkeur ongebroke bewaar word en onder geen omstandighede sal 'n reël deur 'n illustrasie verdeel word nie.
- (d) Die boek sal skutblaaie bevat waarop geen drukwerk of kaarte sal verskyn nie.
- (e) Band: die boek sal stewig en in 'n sterk band ingebind wees. Die katernes sal met linne gestrook en genaai wees, en nie vasgekram nie.
- (f) Bibliografiese gegewens: die name van die skrywer en die illustreerder (met inbegrip van voorname of voorletters) sal noukeurig en volledig op die titelbladsy verstrek word. Redakteurs, bewerkers en samestellers sal ook daar vermeld word in

7. Ibid., p. 4-5.

gevalle waar hulle 'n aandeel in die totstandkoming van die boek het. Die uitgewersdatum sal òf op die titelbladsy òf op die keersy verskyn."

Hier word dus sorg gedra dat die boek fisies mooi, sterk en doeltreffend moet wees. In die eerste plek sal die bekroonde boek as drukwerk ook 'n kunswerk moet wees, want die drukker is ook kunstenaar in die ware sin van die woord. Hy skep iets wat esteties moet bevredig. Verder word die gebruiker in gedagte gehou. Kinderboeke slyt en verniel gouer as boeke vir volwassenes, want kinders leer nog om boeke met die nodige versigtigheid, oordeelkundigheid en respek te hanteer. Daarom word papier van hoë gehalte, ruim kantruimtes, sterk bindwerk en 'n sterk band gespesifiseer.

Omdat saam met die aankondiging van die wenner van die C. P. Hoogenhout-toekenning ook 'n lys gegee word van die beste kinderboeke wat uit vreemde tale in Afrikaans vertaal is, word vervolgens sekere vereistes aan vertalings deur die S. A. B. V. gestel.

Dit word egter gestel dat alle vereistes ten opsigte van die skrywersbenadering, die tema en strekking, die taal en stelwyse en die illustrasies vir oorspronklike Afrikaanse werke ook as maatstaf gebruik moet word vir die beoordeling van vertalings en bewerkings. Geen eise word gestel ten opsigte van die fisiese afwerking van vertaalde boeke nie.

Addisioneel word vereis: „'n Boek wat met die oog op vertaling of bewerking in Afrikaans gekeur word, sal in tema, tekstuur en materiaal geskik wees vir Suid-Afrikaanse kinders van die ouderdomsgroepe vir wie dit oorspronklik geskryf is.”⁸ Hiermee word erkenning gegee aan die oorsese kenners se indeling van dié boeke vir spesifieke ouderdomsgroepe. Die opstellers van die norme se standpunt is dat 'n kind in Suid-Afrika dieselfde eise stel en belangstellings sal hê as die kind van dieselfde ouderdom in ander lande. Die vertaling of bewerking behoort nie òf verwater te wees om jonger kinders te pas, òf as gevolg van die vreemdheid van situasies, gebeure en atmosfeer glad nie vir die Suid-Afrikaanse kind van dieselfde ouderdom geskik te wees nie.

'n Verdere vereiste is: „Die Afrikaanse weergawe sal die gees en stelwyse van die oorspronklike werk getrou navolg.”⁹ Hierdie vereiste word gestel, omdat 'n vertaling wat sy gees of atmosfeer prysgee om by die lokale gees of atmosfeer te pas, nie 'n egte weergawe as kunswerk sou wees nie. Ook die stelwyse van die skrywer moet in vertaalde vorm nog herkenbaar wees.

Ten slotte word gestel: „In gevalle waar die illustrasies van die oorspronklike werk in die Afrikaanse weergawe opgeneem word, sal daar noukeurig gelet word op korrelering tussen teks en grafiese

8. Ibid., p. 5.

9. Ibid.

voorstelling."¹⁰ Hierdie vereiste is noodsaaklik, omdat die illustrasies van die oorspronklike werk gewoonlik ook in die vertaling behou word. Dit gebeur ook dikwels dat dit òf minder òf meer woorde verg om in 'n ander taal as die oorspronklike die verhaal weer te gee. Indien nie gelet word op hierdie vereiste nie, kan dit maklik gebeur dat teks en illustrasies nie korreleer nie. Korrelasie tussen teks en illustrasies is ongetwyfeld een van die belangrikste faktore wat bydra om 'n boek as drukwerk 'n sukses te maak, as kunswerk én as gebruiksartikel.

In die geheel gesien, is die norme wat hierbo genoem is baie volledig, goed gesistematiseer en 'n doeltreffende leiding by die beoordeling van kinderboeke.

Daar kan wel kritiek ook uitgespreek word. Daar word te veel klem gelê op die ouderdomsgroep waarvoor die boek bedoel is. Die opstellers van die norme het blykbaar die opvatting dat skrywers boeke skryf vir 'n spesifieke ouderdomsgroep. Dit is wel waar dat bibliotekaris, onderwysers en ouers so 'n indeling maak, omdat dit noodsaaklik is by die gee van leesleiding. Maar skrywers soos Meindert de Jongh, C. S. Lewis, A. Ellis, John Tunis en Pamela Travers is dit eens dat dit nie wenslik is nie, en in baie gevalle selfs onmoontlik is vir 'n skrywer om 'n boek vir 'n kind van 'n spesifieke ouderdom te skryf. 'n Skrywer klee sy stof in die beste vorm vir daardie spe=

10. Ibid.

stfieke stof. Die tema bepaal dus die vorm waarin dit aangebied word. Verder verskil kinders te veel van mekaar, sodat 'n boek nie sonder meer bestempel kan word as geskik vir 'n sekere ouderdomsgroep nie. Kinders is immers individue, met individuele voorkeure en afkere, individuele leesvermoëns, begrip en aanvoeling.

'n Tweede punt van kritiek is dat die vereistes met betrekking tot boekproduksie (druk, papier, spasiëring, skutblaaie, band en bibliografiese gegewens) nie ook van toepassing gemaak is op vertaalde werke en bewerkings nie. Dit is onverstaanbaar waarom dit nie gesoen is nie. Dit is tog ook nodig om toe te sien dat vertalings en bewerkings fisies doeltreffend en duursaam is en ook aan estetiese vereistes voldoen. Hierdie versuim kan tot gevolg hê dat vertalings en bewerkings wat fisies nie van 'n hoë gehalte is nie, in die keurlyste opgeneem word.

Die sistematiese indeling van die vereistes deur die opstellers is bedoel om die taak van die keurder te vergemaklik. Maar dit skep 'n groot probleem. Die vereistes lyk na 'n resep waarvolgens beoordeling moet plaasvind. Geen kunswerk kan volgens 'n resep beoordeel word nie, en 'n kinderboek wat bekroning verdien, sal beslis 'n kunswerk moet wees. As die norme slaafs gebruik word by die beoordeling van 'n boek, kan dit maklik gebeur dat 'n puik kinderboek uitgeskakel word op grond van enkele norme waaraan dit nie voldoen nie, terwyl dit in werklikheid 'n ware kunswerk kan wees. Geen kunswerk is werklik volmaak nie, omdat dit die produk van 'n

mens is. Aan die ander kant kan 'n kinderboek aan al die vereistes voldoen sonder dat dit as geheel esteties bevredig. Dan is so 'n werk nie 'n kunswerk nie en is dit nie bekroning waardig nie. In die hoofstuk oor die kenmerke van 'n goeie kinderboek is dit reeds gestel dat 'n kunswerk altyd meer is as die som van die onderdele, dat daar „iets” is wat nie maklik in woorde omskryf kan word nie. Dit is dié kwaliteit wat dit as kunswerk onderskei van ander werke wat nie hierdie „iets” het nie en ook nie kunswerke is nie. Lydia Pienaar¹¹ formuleer daardie „iets” as „van dieselfde soort as dit wat die verskil maak tussen 'n meesterwerk van 'n Rembrandt, byvoorbeeld, en die kopie van die tegnikus wat die Rembrandtskildery tot in die fynste besonderhede afgeteken het. Dit is hierdie „iets” wat kuns kuns maak, en wat in die laaste instansie ook van 'n kinderboek 'n kunswerk maak.” Word daar nou baie klem gelê op vereistes wat aan die onderdele of aspekte gestel word, kan die boek, as geheel en as kunswerk gesien, maklik op die agtergrond tree. Is dit miskien die rede waarom, vir sommige ander toekennings, die norme vir beoordeling nie in soveel besonderhede omskryf word nie?

So 'n toekenning is die Scheepersprys vir jeuglektuur. Dit word toegeken deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Die Akademie beskou jeuglektuur as leesstof wat geskik is vir jongmense van twaalf tot agtien jaar. In plaas van om 'n hele reeks maatstawwe op te stel waaraan die boeke moet voldoen, word slegs enkele omvattende vereistes genoem. 'n Bindende vereiste is dat

11. Pienaar. Die kind en sy literatuur, p. 77.

die werk van hoogstaande letterkundige gehalte, of van hoogstaande opvoedkundige gehalte, of van albei moet wees. Dit hou die moontlikheid in dat jeugboeke van swak letterkundige gehalte bekroon kan word, solank dit van hoogstaande opvoedkundige gehalte is. Die vraag ontstaan nou, kan 'n werk van swak letterkundige gehalte opvoedkundig van hoë gehalte wees?

Dit is nodig om nou eers te stel wat bedoel word met „hoogstaande opvoedkundige gehalte.” Dit hou in dat so 'n boek die jeugdige leser se gees verryk, sy begrip van homself, van sy medemens en van die lewe self bevorder, sodat hy deur hierdie boek te lees, opgevoed word tot 'n gebalanseerde, ontwikkelde en volwaardige toekomstige volwassene. Kan 'n boek wat dit teweegbring nou van 'n swak letterkundige gehalte wees? Die antwoord is myns insiens beslis ja, want alles wat hierbo genoem is om „hoogstaande opvoedkundige gehalte” te omskryf, het geen direkte betrekking op aspekte soos skryfstyl, taalgebruik, die skepping van atmosfeer, verhaaltrant of selfs karakterisering nie. Aan die ander kant kan, volgens dié bepalinge, 'n werk van hoogstaande letterkundige gehalte bekroon word, sonder dat dit van hoogstaande opvoedkundige gehalte is. Verseker hoogstaande letterkundige gehalte dan nie dat so 'n boek ook opvoedkundig van hoë gehalte is nie? Die antwoord is nee. Sommige boeke is puik letterkunde en terselfdertyd sedebederwend. Dit kan dan nie aan die jeug beskikbaar gestel word nie.

'n Vereiste van die Akademie wat nie bindend is nie, is dat so 'n

boek egter Afrikaner-karaktereienskappe moet beklemtoon en nasie=trots moet aanwakker. Wat presies met hierdie „karaktereienskappe” bedoel word, is moeilik om te verklaar. Daar kan nie 'n lys van sulke eienskappe saamgestel word nie, omdat die Afrikanervolk (soos enige ander jong volk) as gevolg van nuwe invloede en gedurige veranderinge in byvoorbeeld lewenswyse en lewensbeskouing, groei en verander. Maar wat wél waar is, is dat daar vir 'n sekere tydperk in 'n volk se geskiedenis sekere karaktereienskappe waargeneem kan word, en die bedoeling is blykbaar dat, as 'n boek handel oor byvoorbeeld die Anglo-Boereoorlog, die eienskappe van die Afrikaner in daardie tyd wel duidelik uit die boek moet blyk.

Dit is verder opvallend dat daar nie uitgebrei word op verdere eise waaraan die betrokke werke as letterkunde moet voldoen nie. Daar is natuurlik vereistes deur deskundiges gestel waaraan jeugboeke moet voldoen, maar die Akademie het dit goed gedink om dit nie as bindende vereiste hier te stel nie. Die vraag ontstaan nou, waarom nie? As ons in aanmerking neem dat die letterkunde 'n kuns is, en kuns nie volgens 'n vaste resep alleen beoordeel mag of kan word nie, is die houding van die Akademie verstaanbaar. Soos elke kunswerk volgens eie meriete beoordeel moet word, moet ook oor elke jeugboek volgens eie meriete geoordeel word. Om te veel te veralgemeen deur 'n individuele jeugboek slegs aan algemeengeldende eise te bind, sou verkeerd wees. Die Akademie sien wel toe dat die benoeming van lede van die keurkomitee deskundiges is wat wéét wat van 'n jeugboek verwag word. Die benoeming van spesifieke komiteeledes deur

die jare getuig daarvan. Daardeur word verseker dat die regte keuse van boeke gemaak word. Die aanbeveling van die keurkomitee moet ook gemotiveerd wees, sodat die Akademie hom ook kan vergewis van die geldigheid van die keuse.

Dit is verder ook duidelik dat die Akademie hom in hierdie verband slegs met die inhoud van die betrokke jeugboek(e) besig hou, en meer spesifiek slegs met die verhaal. Geen vereistes word gestel ten opsigte van die fisiese aspekte soos papiergehalte, inbinding, drukwerk en die spasiëring daarvan, ensovoorts, nie. Die doel van die Akademie kan dus nie wees om boekproduksie vir die jeug te bevorder nie, maar slegs om volgens die inhoud die beste boeke uit te wys en die skrywers aan te moedig.

Dit is ook opmerklik dat die Akademie geen vereistes stel ten opsigte van die hantering van die tema van die boek spesifiek vir die jeug nie. Die jeugdige verkeer in 'n oorgangstadium van kind tot volwassene. In hierdie tydperk is menslike verhoudings vir die jeugdige belangrik. Hy is besig om hom aan te pas by die volwassene in sy wêreld. Sy probleme met betrekking tot menslike verhoudings is nie net beperk tot sy eie familiekring en persoonlike vriendekring nie, maar dit raak ook sy aanraking met die wyer sosiale lewe om hom. Hy word dikwels nie verstaan nie, en hy begryp ook dikwels nie die emosies en handeling van ander mense nie. Omdat die jeugdige 'n nuwe wêreld betree, die wêreld van die volwassene, wil hy graag kennis opdoen. Hy wil ook graag in hierdie nuwe omgewing presteer

om aan homself en andere te toon dat hy in hierdie wêreld opgeneem kan word. Die temas van jeugboeke moet sodanig gehanteer word dat dit hom met bogenoemde probleme help en dat hy sy begeertes kan verwesenlik.

Die Akademie stel dit egter nie as 'n vereiste nie, blykbaar met die veronderstelling dat die lede van die kommissie sal wêet dat die temas op 'n geskikte wyse vir die jeug gehanteer moet word.

Die norme waaraan kleuterboeke vir die toekenning van die Tienie Hollowaymedalje getoets kan word, word nie deur die Akademie uiteengesit nie. Daar word slegs bepaal dat die beste boek van 'n bevreemdigende gehalte in Afrikaans in die genre van kleuterlektuur bekroon mag word. Maar aan watter maatstawwe die boek gemeet moet word om as goed of as die beste beskou te word, word nie vermeld nie. Die Akademie bepaal verder dat leesstof vir kinders onder agt jaar as kleuterlektuur beskou moet word. Spesifieke vereistes kan aan kleuterlektuur gestel word, gesien die besondere plek wat rym, ritme, klankabootsing en -herhaling en illustrasies in die leesstof vir kleuters inneem. Die lede van die kommissie wat die beoordeling behartig, is almal letterkundiges. Hulle behoort dus bewus te wees van moontlike vereistes.

'n Verdere bepaling is dat die bekroonde werk 'n oorspronklike Afrikaanse kleuterboek moet wees. Slegs wanneer geen boek bekroning werd is nie, mag 'n vertaalde kleuterboek vir bekroning in

aanmerking kom.

Geen beperking word gelê op die vorm wat die kleuterboek aanneem nie. Dit kan in vers-, prosa- of dramavorm verskyn. Voorkeur word egter gegee aan kleuterverse, omdat Tienie Holloway, na wie die prys vernoem is, hoofsaaklik op dié gebied geprester het.

Soos in die geval van die Scheepersprys, is die toekenning bloot op grond van letterkundige gehalte en word die boek as drukwerk nie beoordeel nie. Dit is jammer. Die fisiese vorm van die boek, die drukwerk, gehalte van die papier, die letterkeuse en -grootte, die rangskikking van die teks en die illustrasies en die band is juis by die kleuterboek faktore wat besonder baie bydra tot die waarde daarvan vir die kleuter.

Die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging bekroon sedert 1961 periodiek op sy tipografiese uitstalling die boeke wat die beste versorg is onder verskeie hoofde, waarvan kinderboeke een is. Slegs die fisiese aspekte van die bekroonde boeke word beoordeel. Die inhoud van die boeke is nie ter sake nie. By die beoordeling van die boeke word op die volgende gelet: stofomslag, bindwerk, papier, drukwerk, tipografie, illustrasies en ander spesiale kenmerke van elke individuele boek. Geen vereistes word in besonderhede ten opsigte van hierdie aspekte gestel nie. Daar word byvoorbeeld nie bepaal dat 'n sekere gehalte papier vereis word nie, of dat die illustrasies aan sekere vereistes moet voldoen nie. By die beoordeling word gesteun

op die gebalanseerde siening van die keurkomitee, wat bestaan uit persone wat kenners is van verskillende aspekte van die boek, soos tipograwe, uitgewers, bibliotekaris en boekkritici. As gevolg van dié verteenwoordiging in die keurkomitee word toegesien dat deskundiges aan alle aspekte van die fisiese sy van die boek aandag gee.

Omdat dit nie as doel gestel word dat die inhoud van die verhaal en die vergestaltung van die tema beoordeel word nie, bring dit die moontlikheid mee dat boeke met 'n swak inhoud uitgesonder kan word as die beste versorgde boeke. 'n Voorbeeld hiervan is „Die padda wat dokter toe gegaan het”, deur Eileen Hurley. Dit is in 1963 uitgegee. Die drukwerk, letterkeuse, spasiëring van die drukletters en papiergehalte is puik. Maar die inhoud is swak. Die diere verloor hul eie identiteit as gevolg van onoordeelkundige personifikasie. Die verhaal is ook geensins in die kinderidroom geskryf nie.

Daar kan mense wees wat uit die oog verloor dat dié toekennings uitsluitlik op grond van 'n hoë fisiese gehalte gemaak word. Hulle sal dan onder die indruk verkeer dat ook die verhaal en die inkleding as van hoë standaard beskou word.

Die volgende gevolgtrekkings kan gemaak word ten opsigte van die norme wat in Suid-Afrika aan kleuter-, kinder- en jeugboeke gestel word:

Daar is geen eenvormigheid in die norme wat gestel word nie. Dit

wissel van stelle norme wat tot in die fynste besonderhede uitgewerk is, soos by dié vir die C. P. Hoogenhouttoekenning, tot 'n algehele afwesigheid van norme, soos by die Tienie Hollowaytoekenning. Sommige komitees werk dus met volledige norme wat hulle byna soos 'n resep kan toepas. Andere is aangewys slegs op hul eie kennis van en oordeel oor die gehalte van die betrokke boeke. Sommige keurders en beoordelaars kry leiding in die vorm van voorskrifte, andere kry geen leiding nie.

Myns insiens behoort slegs 'n algemene leidraad verskaf te word. Norme wat in te veel besonderhede uitgewerk is, is nie nodig nie. Le=de van keurkomitees word in elk geval aangewys op grond van hulle deskundige kennis en het so baie besonderhede dus nie nodig nie.

Waar norme gestel word, word duidelik aangegee watter aspekte van die boeke beoordeel moet word. Die Scheepersprys word toegeken slegs vir die letterkundige gehalte van die boeke; die C. P. Hoogen=houtmedalje vir alle aspekte. Ook hier is daar dus geen eenvormig=heid nie, maar dit is toe te skryf aan die verskillende oogmerke van die onderskeie bekronings.

Waar die boeke slegs volgens die letterkundige gehalte daarvan be=kroon word, dien die bekroning om die beste letterkundige werke uit te sonder. Die doel is dus om skrywers aan te moedig om werke van hoogstaande letterkundige gehalte te lewer. Hierdie bekronings dien dan ook om werke van besondere letterkundige gehalte onder die aan=

dag van die leserspubliek te bring. Sodoende kan hulle aangemoedig word om hulle leessaak te verbeter. Die Scheepersprys en die Tienie Hollowaymedalje is voorbeelde van sulke toekennings.

Waar slegs die fisiese kenmerke van die boek as produk van die druk= kuns beoordeel word, is die doel van die bekronings om uitgewers aan te moedig om beter drukwerk en beter versorgde boeke te lewer. Aan= gesien die boeke wat só bekroon word ook onder die aandag van die publiek kom, dien dit boonop om by die leserspubliek 'n smaak vir die boek as kunswerk te laat ontwikkel. Die toekennings deur die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging dien hierdie doelstellings.

Waar alles in verband met die boek in aanmerking kom vir bekroning, dit wil sê die letterkundige gehalte én die fisiese, asook die geskikt= heid van die boek vir 'n sekere lesersgroep, dien die bekronings al die oogmerke hierbo bespreek. So 'n toekenning is die C. P. Hoo= genhoutmedalje. Dit het ook die addisionele voordeel dat dit lees= leiding deur ouers, onderwysers en bibliotekarisse vergemaklik omdat dit juis vir sekere lesersgroepe as geskik beskou word.

Die waarde van die bekroning van boeke berus in 'n baie groot mate op die vermoë van die lede van die keurkomitees om die regte boeke vir bekroning aan te beveel. Daarom is dit noodsaaklik dat sulke lede deskundiges op hulle onderskeie terreine moet wees,

Die C. P. Hoogenhoutmedalje word toegeken vir kinderboeke. Dit kan dus verwag word dat die lede van dié keurkomitee almal kenners van die kinderboek moet wees. Aangesien hierdie medalje toegeken word deur die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, sal die lede van die keurkomitee ook grotendeels lede van dié vereniging wees, hoewel die moontlikheid nie uitgesluit is dat persone buite die biblioteekprofessie betrek kan word nie. By die totstandkoming van die toekening in 1960 is 'n klein komitee saamgestel deur die Raad van die S. A. B. V. om die besonderhede van die toekenning uit te werk. Aan hierdie komitee is later ook opgedra om aanbevelings te maak vir die eerste toekenning. (Vir volledige besonderhede kyk bylae B.) In 1968 is hierdie komitee uitgebrei na tien lede. Van hulle was agt bibliotekarisse, een 'n verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en een 'n persoon wat benewens bibliotekaris ook 'n bekende radiopersoonlikheid is. Later is hierdie getal verminder na sewe, almal lede van die biblioteekprofessie, met uitsondering van die verteenwoordigster van die Akademie. Wat

die verteenwoordiging uit die biblioteekprofessie betref, is daar persone uit die openbare biblioteekwêreld en veral uit kinderbiblioteke, persone uit die skoolbiblioteekwêreld en doserende personeellede uit die departement biblioteekkunde van universiteite. Daar is ook 'n skrywer van kinderboeke wat terselfdertyd universiteitsbibliotekaris is.

Aangesien die boeke vir bekroning beoordeel word ten opsigte van alle aspekte, die inhoudelike sowel as die uiterlike, is dit korrek om te verwag dat die lede van die keurkomitee kennis moet hê van die letterkunde, van die drukkuns en uitgewersbedryf, asook natuurlik van die leser van dié boeke, die kind. Dit is ook korrek om te verwag dat bibliotekarisse van al hierdie aspekte van die boek kennis moet hê. Maar is 'n bibliotekaris vanselfsprekend ook 'n kenner van die letterkunde? Is hy 'n kenner van die drukkuns, soos 'n persoon uit die uitgewersbedryf dit kan wees? Omdat kennis van hierdie aspekte van die boek maar 'n klein gespesialiseerde onderafdeling is van die kennis wat 'n bibliotekaris besit, sal die oordeel van die komitee beter verantwoord wees as deskundiges op die verskeie gebiede soos die letterkunde en die drukkuns, sitting op die komitee kon hê. Selfs 'n kunskenner sou die beste bevoegd wees om byvoorbeeld kinderboekillustrasies te beoordeel. En al sou lede van die keurkomitee 'n besondere studie gemaak het van aspekte soos die boekdrukuns en die letterkunde, is dit nogtans voordelig om persone uit die betrokke vakterreine verteenwoordiging op die komitee te gee. Dit

bied boonop skakeling met terreine buite die biblioteekwêreld wat reklame-waarde het vir die goeie kinderboek.

Die aantal lede van die keurkomitee verg vervolgens aandag. Hoe groter die komitee is, hoe omslagtiger word die prosedure waarvolgens gewerk word en hoe langer neem dit om tot 'n beslissing te geraak. Eenstemmigheid ten opsigte van 'n bepaalde boek is by 'n groot komitee haas onmoontlik, juis omdat die beoordeling daarvan nooit heeltemal objektief kan wees nie. Beoordeling vind volgens die aanvoeling en die gevoel plaas, en by 'n groter aantal persone kan 'n groter variasie van gevoel teenoor 'n boek verwag word. Die waarde-bepaling, wat van persoon tot persoon verskil, sal dus ook meer varieer.

Is daar weer 'n te klein aantal lede, dan kan die outoriteit van die komitee se aanbevelings daaronder ly. Die mening van slegs een of twee persone hoef nie noodwendig gesaghebbend te wees nie. Dit hoef ook nie algemeen geldend te wees nie, omdat slegs 'n paar persone vir die mening verantwoordelik is.

Die keurkomitee vir die toekenning van die C. P. Hoogenhoutmedalje bestaan uit sewe tot tien lede. As hierdie lede gekies word op grond van hulle kennis van verskeie aspekte van die kinderboek, of as die lede almal verteenwoordigers was van verskillende professies, is so 'n groot aantal lede geregverdig. As ses uit die sewe of agt uit die tien egter bibliotekarisse of biblioteekkundiges is, word die nood=

saaklikheid van so 'n groot komitee betwyfel. Met ander woorde, sal agt bibliotekarisse beter kan beoordeel as vier of vyf? As almal kenners van kinderlektuur is, is 'n groot aantal lede uit dié profes= sie seker nie nodig nie.

Die keurkomitee wat aanbevelings doen vir die toekenning van die Scheepersprys sedert 1969 en die Tienie Hollowaymedalje deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vanaf 1969 is die Letterkundige Kommissie. By die totstandkoming van die Scheepers= prys is bepaal dat die Akademie 'n komitee in die lewe kan roep wat uitsluitlik vir die toekenning van hierdie prys aanbevelings doen. Dit is gedoen en tot 1968 het hierdie komitee, waarvan die name van die lede nooit bekend gemaak is nie, die keuring en aanbevelings gedoen. Vanaf 1968 is hierdie komitee egter ontbind en hulle taak is aan die Letterkundige Kommissie opgedra. Aangesien die name van komitee= lede voor 1968 as 'n vertroulike saak beskou is, kan oor die samestel= ling geen kommentaar gelewer word nie. Daar kan dus nie geoordeel word oor die bevoegdheid van dié komitee nie.

In die reglement vir die toekenning van die Tienie Hollowaymedalje word dit gestel dat die Akademieraad dit aan die Letterkundige Kom= missie of aan enige ander kommissie kan opdra om aanbevelings te doen, maar die finale beslissing berus, soos vir alle ander toeken= nings van die Akademie, by die Akademieraad. Van die begin af is die Letterkundige Kommissie egter opgedra om aanbevelings te doen.

As in gedagte gehou word dat die Scheepersprys sowel as die Tienie Hol=lowaymedalje toegeken word op grond van die letterkundige gehalte van die betrokke werke, dan val dit dadelik op dat die Letterkundige Kommissie uitnemend bevoeg behoort te wees om hierdie taak bevre=digend uit te voer.

Sedert 1968 bestaan die Letterkundige Kommissie uit agt lede. Die lede is almal vooraanstaande kritici van die letterkunde, en ook aka=demici. Op grond hiervan behoort hulle 'n gesaghebbende beoordeling te kan gee van die letterkundige gehalte van die betrokke werke. Die twee toekennings onder bespreking is vir jeuglektuur en kleuterlek=tuur. Die Akademie het wel toegesien dat daar persone is wat bevoeg is om hierdie lektuur te beoordeel. Hoewel die name van kommissie=lede vir die Scheepersprys vóór 1968 'n geheim is, bestaan die vermoee=de dat een of meer van dié lede ook nog op die Letterkundige Kommis=sie dien op grond van hulle kennis van jeug- en kleuterlektuur.

Die getal van agt lede op die Letterkundige Kommissie mag miskien aanvanklik groot lyk. Maar aangesien die beoordeling van letterkunde, wat 'n kuns is, in 'n groot mate 'n kwessie van aanvoeling vir die es=tetiese is, kan aanvaar word dat die menings van lede uiteenlopend mag wees. Om dan tot 'n gebalanseerde uitspraak te kom, is ver=skeie menings nodig. Daarby moet die werkswyse van die Kommissie, wat later bespreek word, ook nog in aanmerking geneem word. Dit is voldoende om hier te vermeld dat vir hierdie besondere werkswy=se 'n hele aantal lede op die Kommissie nodig is.

Soos letterkundiges op 'n kommissie dien vir die beoordeling van die letterkundige gehalte van boeke, behoort kenners van die drukkuns op 'n kommissie te dien waar boeke volgens fisiese aspekte beoordeel word. Die toekenning van die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging is net op grond van die fisiese gehalte en tegniese versorging van die boeke. Die kommissie wat beoordeel, behoort dus ook uit persone te bestaan wat outoriteite op hierdie gebied is.

Sedert die totstandkoming van dié toekenning is 'n keurkomitee saam=gestel, asook 'n paneel van beoordelaars wat uit gesaghebbendes bestaan. Omdat daar 'n verskeidenheid aspekte is wat onder die soeklig kom, moes op die paneel van beoordelaars voorsiening gemaak word vir persone wat op hierdie verskeie terreine deskundiges is. Die paneel sluit in 'n tipograaf, 'n handelskunstenaar, 'n drukker, 'n kunskritikus, 'n boekkritikus, 'n bibliotekaris, 'n lektor in die boekwese, 'n boekbinder en 'n boekhandelaar. Hierdeur word verseker dat 'n oordeel gegee kan word oor die stofomslag, die bindwerk, die papier, die drukwerk, die tipografie, die illustrasies en ander spesiale kenmerke van elke individuele boek.

Die paneel van beoordelaars bestaan uit 'n hele aantal lede. Dit is egter geregverdig, omdat elkeen 'n deskundige op sy eie gebied is. Dit is noodsaaklik dat alle aspekte van die boek as produk van die drukkuns beoordeel word.

Vir elke tydperk van bekroning word 'n nuwe paneel van beoordelaars

saamgestel. Aftredende lede kan weer benoem word, maar die moont=likheid is nie uitgesluit dat 'n groot aantal nuwe beoordelaars gekies word nie. Op grond van die wisselende deskundigheid van verskillen=de persone kan ook die gesaghebbendheid van die beoordeling wissel, met die gevolg dat die bekroonde boeke ook van jaar tot jaar wat die gehalte betref, kan verskil. Die voortdurende verandering in die sa=mestelling van die paneel kan ook veroorsaak dat 'n mate van een=vormigheid van jaar tot jaar ten opsigte van prosedures by die beoor=deling skade ly. 'n Beoordelaar kom eintlik eers op dreef nadat hy ervaring in sy taak opgedoen het. Die periodieke hersamestelling van die paneel kan dus die eenvormige gehalte van dié bekronings skaad.

Individuele pryse deur uitgewers uitgelooft, verg gewoonlik nie 'n spesiaal vir dié doel en vooraf saamgestelde komitee van beoordelaars nie. 'n Uitgewery maak van sy gewone keurders gebruik om die manu=skripte te beoordeel. Dit is persone wat ervare is in die keuring van manuskripte, en daar kan dus aanvaar word dat hulle bekwaam sal wees om te keur. Die doel met hierdie pryse, naamlik om in die eerste plek 'n manuskrip te bekom wat publiseerbaar is, eerder as om goeie literatuur te bevorder, bring egter mee dat dit nie aanvaar kan word dat slegs werke van besonder hoë gehalte bekroon sal word nie. Dit sal blyk wanneer later enkele toekennings van individuele uitgewers bespreek word.

Samevattend kan dus van die komitees van beoordelaars van kinder=

boeke in Suid-Afrika gestel word dat die samestelling daarvan so geskied, dat die doel van die bekroning verwesenlik kan word, of dit nou reklame vir die boek as geheel is, of bevordering van die letterkunde, of bevordering van die boek as produk van die drukkuns. In sommige komitees dien persone omdat hulle kennis het van individuele aspekte, terwyl sommige benoem is op grond van hulle breë kennis van die aangeleentheid as geheel. Die aantal lede van die komitees verskil. In sommige gevalle, soos by die C. P. Hoogenhouttoekenning, kan die komitee uit minder lede bestaan en nog dieselfde gehalte werk lewer; in andere is 'n groot aantal lede geregverdig, soos by die toekenning van die Scheepersprys. In die meeste gevalle is die aanbevelings van die keurkomitees nie noodwendig deurslaggewend nie. Dit dien slegs as advies aan 'n hoër gesag soos byvoorbeeld 'n raad wat die finale beslissing gee. Dit gebeur egter selde dat 'n raad nie die aanbevelings van sy keurkomitee aanvaar nie, as gevolg van die deskundigheid van die lede van die komitees.

Indien daar nie 'n vaste prosedure bestaan waarvolgens die komitees te werk gaan nie, kan die doeltreffendheid van die bekronings daar= onder ly, selfs al bestaan komitees uit die regte lede en die regte aantal lede. Die werkswyse word in die volgende hoofstuk bespreek.

Vir geen lid van die keurkomitees is die komitee se werksaamhede normaalweg sy enigste professionele aktiwiteit nie. Lede is gewoonlik nie voltyds hiermee besig nie, hoewel dit baie van hul tyd en aandag kan verg. Elke kinderboek wat in die betrokke tydperk uitgegee is, moet byvoorbeeld gelees en bestudeer word, ten einde vas te stel of daar 'n moontlikheid bestaan om in aanmerking te kom vir aanbeveling. Hoewel daar in Suid-Afrika min kleuter-, kinder- en jeugboeke verskyn in vergelyking met die produksie in sommige ander lande, bly dit nogtans 'n tydrowende taak om al die betrokke publikasies te hanteer. Dit vergemaklik die werk van komiteeledes, as daar 'n vaste prosedure bestaan waarvolgens gewerk word om die minimum tyd in beslag te neem. Die werkswyse van die komitees moet ook sodanig georganiseer wees, dat elke komiteelid presies weet wat van hom verwag word. Die opdrag moet dus duidelik gestel word. Waar daar 'n tydsbeperking bestaan, moet komiteeledes daarvan bewus wees en moet die werk sodanig vlot dat die taak binne die beperkte tyd afgehandel kan word. Die stelsel waarvolgens te werk gegaan word, moet so uitgewerk wees, dat die beste gebruik gemaak word van elke komiteelid se talente en bekwaamhede. Elkeen moet ten volle die geleentheid kry om sy opinie te lug, sodat tot 'n gemotiveerde en weldeurdragte beslissing gekom kan word. Die keuring van boeke vir bekroning is 'n verantwoordelike taak. Die bekroning van boeke

wat bekroning waardig is en van ander wat dit nié waardig is nie, kan verreikende gevolge hê. Daarom moet die werkswyse van die komitees sodanig wees dat moontlike mistastings ten alle tye voorkom word. Die wyses waarop die verskillende komitees te werk gaan, kan verskillend wees. Vir elke komitee is daar egter een wat in die spesifieke geval die mees doeltreffende is.

Die Komitee insake die Afrikaanse kinderboek gaan soos volg te werk om aanbevelings te maak vir die toekenning van die C. P. Hoogenhout-medalje.

Aangesien die toekenning van die medalje jaarliks oorweeg word, moet die kinderboekproduksie in Afrikaans elke jaar in aanmerking geneem word.

Uit die aard van die werk van elke komiteelid kom hy gedurende die hele kalenderjaar met 'n verskeidenheid nuutverskene Afrikaanse kinderboeke in aanraking. Dit word van elke lid verwag om die beste van hierdie boeke in gedagte te hou vir moontlike aanbevelings.

Die saamroeper van die Komitee en een of meer van die ander lede vorm die dagbestuur. Soos die jaar vorder, stel die dagbestuur 'n voorlopige keurlys saam van oorspronklik-Afrikaanse kinderboeke asook van vertaalde kinderboeke in Afrikaans.

'n Paar maande voordat die aanbevelings gefinaliseer moet word,

word hierdie keurlyste aan alle lede van die Komitee gestuur met die versoek dat kommentaar gelewer word oor dié boeke. Lede het nou ook die geleentheid om ander boeke wat hulle as geskik ag by die lys te voeg, saam met 'n motivering. Dit moet voor 'n vasgestelde datum geskied.

Uit hierdie kommentaar word 'n samevatting gemaak deur die dagbestuur, en dit word weer eens aan alle lede gestuur wat na bestudering daarvan vir of teen die insluiting van bepaalde boeke stem. Sodoende word aangedui watter boeke bekroon kan word, watter vir eervolle vermelding in aanmerking kan kom en watter in die keurlys van vertaalde werke opgeneem kan word.

Die resultaat van die stemming word dan in die vorm van 'n aanbeveling van die Komitee aan die Administratiewe Raad van die S. A. B. V. voorgelê. Hierdie aanbeveling word ook aan die individuele lede van die Komitee beskikbaar gestel, maar dit word as vertroulik beskou en mag nie bekend gemaak word nie.

Hierna beslis die Raad of die aanbevelings so aanvaar, gewysig of verwerp word. Tydens die jaarlikse konferensie van die S. A. B. V. is daar dan 'n oorhandigingsfunksie waarop die skrywer en/of illustreerder van die bekroonde boek 'n medalje ontvang en die uitgewer 'n drukpersie vir die aanbring van seëls op die boeke om aan te dui dat die boeke bekroon is. Die eervolle vermeldings en beste vertaalde boeke word ook tydens die funksie aangekondig. In die

'pers en oor die radio word die bekroning dan aan die publiek bekend= gestel.

Volgens hierdie werkswyse gaan daar 'n minimum tyd verlore. Elke lid werk deur die jaar teen sy eie tempo sover dit die inisiële kennis= making met die betrokke kinderboeke betref. Geen titels van geskikte boeke word aan die dagbestuur voorgelê, alvorens dit nie versoek word nie, met die gevolg dat korrespondensie tot 'n minimum beperk word.

Die werkswyse van die Komitee kan ook vlot, omdat duidelike opdrag= te aan die individuele lede gegee word. Hulle weet byvoorbeeld pre= sies wanneer kommentaar verlang word en wanneer nie. Die opdrag van die Raad aan die Komitee is ook duidelik geformuleer.

Daar word verder datums gestel vir die voltooiing van sekere werk= saamhede deur die individuele lede verrig. So 'n tydsbeperking is wel nodig vir die doeltreffende funksionering van die Komitee, maar dit bring ook sekere probleme mee. Alle lede sal byvoorbeeld nie al die kinderboeke wat gedurende 'n kalenderjaar gepubliseer is, tevore kon bestudeer het nie. Die gevolg is dat daar 'n aantal titels op die lysie mag verskyn waarvan individuele lede geen kennis dra nie. Dan kán dit wees dat 'n langer tyd nodig is om 'n studie van die betrokke boeke te maak. Indien die dagbestuur individuele boeke aan die verskillende lede van die Komitee kon noem sodra die dagbestuur daarmee deur die loop van die jaar kennis maak, sou dit aan die lede

baie meer geleentheid gee om 'n grondige studie daarvan te maak. Soos die toestand tans is, moet kommentaar gelewer word oor ⁺ twintig boeke binne enkele weke. Sommige van hierdie boeke mag miskien nie plaaslik in biblioteke of boekwinkels beskikbaar wees nie en dié moet dan bestel word, wat ook weer 'n vertraging teweegbring. Dieselfde tydsbeperking geld vir die bestudering van nuwe toevoegings tot die oorspronklike lys van die dagbestuur.

Die vraag ontstaan ook of die beste gebruik gemaak word van die individuele vermoëns van komiteeleders. Daar is geen sprake van werksverdeling onder die lede nie. Een lid mag miskien 'n besondere kennis besit van 'n spesifieke aspek soos illustrasies, of die fisiese aspekte van die boek, of van vertalings. Ander lede mag miskien weer meer weet van verhale vir seuns van 'n sekere ouderdom, van dierverhale, van fantasieverhale. Met ander woorde, sekere boeke kan na sekere lede verwys word vir deskundige advies, sonder om natuurlik die kommentaar van ander lede uit te sluit. Indien hierdie stelsel gevolg word, sal dit meebring dat individuele lede deur die Raad aangewys moet word om te dien op grond van hulle gespesialiseerde kennis van een of ander aspek of een of ander soort boek. Daar is soveel aspekte van die boek wat in aanmerking geneem moet word, dat alle lede nie op al die gebiede outoriteite kan wees nie. Om maar een voorbeeld te noem. As 'n vertaalde boek as vertaling na waarde geskat moet word, behoort die beoordelaar 'n deskundige op die gebied van die vertaling te wees. Die betrokke boek in die oorspronklike taal behoort dan ook bestudeer te word. Dit word tans in min gevalle

gedoen.

Daar moet ook besin word oor die geleentheid wat elke lid moet kry om sy opinie te lug. Dit word wel verwag dat 'n lid skriftelike kommentaar moet lewer oor die boeke wat op die lys van die dagbestuur verskyn. Maar wat die toevoegings deur lede betref, het slegs die lid wat die toevoeging maak, op hierdie stadium die kans om skriftelike kommentaar te lewer. Dit mag wel wees dat ander lede die bevindings van dié lid kan weerspreek. Sulke kommentaar sou die ander lede kon oortuig om nie vir dié boek te stem nie. Vir of teen hierdie toevoegings word tans gestem bloot op grond van die kommentaar van die voorsteller en die opinie van elke individuele lid, sonder dat die menings van die ander lede 'n invloed kan uitoefen. Slegs wanneer daar 'n behoorlike wisselwerking is tussen die menings van alle komiteeledes, kan tot 'n gebalanseerde en gemotiveerde aanbeveling gekom word.

'n Verdere aspek wat aandag verdien, is die motivering wat saam met die aanbevelings gaan. Indien 'n boek vir bekroning aanbeveel word, word 'n volledige motivering gegee. Soms word ook 'n motivering gegee by enkele eervolle vermeldings. Maar by die keurlys van vertaalde werke word dit nie gedoen nie. Is dit dan nie net so nodig om die aanbeveling van vertaalde kinderboeke te regverdig deur 'n kort motivering by elk van die boeke nie? Aangesien lede van die Komitee reeds 'n motivering aan die dagbestuur moet voorlê, is dit tog min gevra om ook aan die Raad so 'n motivering te gee. Die Raad sal dan 'n volledig gemotiveerde toekenningslys aan die lede van die

S. A. B. V. kan voorlê.

'n Goed uitgewerkte werkswyse bring mee dat die regte aanbevelings gemaak kan word. Hiermee word nie bedoel dat die menslike faktor heeltemal uitgeskakel kan word, of dat die subjektiewe in die beoor= deling vervang kan word deur 'n objektiewe beskouing nie. Beoorde= ling berus altyd ook nog in 'n mate op aanvoeling en smaak vir wat goed is. Daar word bedoel dat die werkswyse so georganiseerd moet wees dat slegs tot die beste aanbevelings gekom word. Uit die bespre= king van boeke wat met die C. P. Hoogenhoutmedalje bekroon is, sal dit later blyk of die aanbevelings oor die algemeen geregverdig is.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is verantwoor= delik vir die Scheepersprys vir jeuglektuur en die Tienie Holloway= medalje vir kleuterlektuur. Die Letterkundige Kommissie maak aan= bevelings vir albei die toekennings. Die werkswyse van die Kommis= sie is soos volg.

Vir elk van dié twee pryse, asook vir die toekenning van alle ander Afrikaanse letterkundige pryse wat deur die Akademie toegeken word, word uit die Kommissie sekere lede aangewys om deur die jaar ver= kenning te doen met die oog op werke wat vir 'n spesifieke toekenning in aanmerking kan kom. So word 'n persoon aangewys vir Afrikaanse poësie, Afrikaanse prosa en Afrikaanse drama met die oog op die Hertzogprys (tot 1970 is dit proff. T. T. Cloete, P. D. van der Walt en dr. Elize Botha respektiewelik), en prof. F. V. Lategan vir die

Scheepersprys en die Tienie Hollowaymedalje. Hierdie verkenner doen die uitsoekwerk. Al die ander lede van die Letterkundige Kommissie lees en beoordeel al die uitgesoekte boeke en die Kommissie as geheel besluit oor watter individuele boeke of watter skrywer se werke as geheel aanbeveel word.

Die aanbevelings word dan aan die Akademieraad voorgelê en dié besluis finaal.

Bogenoemde prosedure geld slegs vanaf 1968, want voor dié datum het daar 'n aparte kommissie bestaan vir die aanbevelings ten opsigte van die Scheepersprys. Aangesien die name van die komiteelede voor 1968 geheim gehou is asook die wyse waarop die komitee te werk gegaan het, kan niks meer hier vermeld word nie as dat dit ook 'n adviserende komitee was en dat die advies aan die Akademieraad voorgelê is. Dié het dan finaal besluit.

Dit is duidelik dat die werkswyse van die Letterkundige Kommissie sodanig is, dat nie al die lede onnodige tyd verspil om alle boeke vir byvoorbeeld die jeugdige of die kleuter te verken nie. Slegs een persoon is belas met die verkenning, en die ander lede (wat elk weer op 'n ander gebied verkenningswerk doen) lees en beoordeel slegs die uitgesoekte boeke. Dit neem nie veel tyd in beslag nie. Die korrel is reeds van die kaf geskei, en aangesien die kaf gewoonlik veel meer as die korrels is, word 'n aansienlike hoeveelheid leeswerk vir die ander lede van die Kommissie uitgeskakel. Elke lid kry dus

'n duidelike opdrag waaraan hy intensief aandag kan gee. Die verken-
ners word aangewys op grond van hulle bevoegdheid, ervaring en be-
langstellings. Die beste gebruik word dus gemaak van die vermoëns
van elke individuele lid. Hoewel daar sterk gesteun word op die werk
van individuele verkenner, word die menings van die ander lede wel
deeglik in aanmerking geneem, as die Kommissie in sy geheel die
finale aanbeveling saamstel.

Die werksaamhede van die Letterkundige Kommissie is sodanig ge-
organiseer, dat bekronings van hoë gehalte verwag kan word. Dit kán
egter gebeur dat daar 'n swak skakel in die ketting is, byvoorbeeld
as die verkenner te veel deur sy persoonlike voorkeure en afkere
gelei word, of as hy onbekwaam is om sy taak uit te voer, of as hy
werke wat bekroning moontlik waardig is, nie ter insae kry nie.
Daarom is dit nodig om die beste persoon as verkenner aan te wys,
iemand wat 'n deskundige op dié gebied is en reeds tevore bewys ge-
lewer het dat hy die werk kan doen. Soveel verantwoordelikheid kan
slegs aan 'n bekwame en ervare verkenner oorgelaat word. Dat die
Akademie wel met hierdie vereistes rekening gehou het, blyk uit
die samestelling van die Letterkundige Kommissie.

Die paneel van beoordelaars vir die bekroning van boeke deur die
Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging volg 'n heel ander werkswy-
se as dié wat tot dusver bespreek is.

Hulle het nie as taak die uitsoek of keuring van boeke uit die massa

gepubliseerde boeke van die betrokke jaar nie. Die prosedure is dat uitgewers in Suid-Afrika boeke inskryf. Elke uitgewer besluit dus self watter boeke volgens sy mening in aanmerking kan kom, en die taak van die paneel van beoordelaars is dan om slegs hierdie boeke te beoordeel. Die beoordeling deur die paneel geskied volgens 'n puntstelsel. 'n Eersteklas-toekenning word gemaak wanneer bo 90 punte behaal is. 'n Tweedeklas-toekenning is vir boeke met 80 tot 89 punte, terwyl 'n derdeklas-toekenning aan boeke gemaak word wat 70 tot 79 punte verwerf het. Die paneel van beoordelaars motiveer hulle beoordeling deur by elke bekroonde boek 'n lys van die belangrikste verdienstes en die belangrikste tekortkominge te gee. Selfs by dié boeke wat nie vir 'n eerste-, tweede- of derdeklas-toekenning kwalifiseer nie maar slegs vermelding verdien, word gemotiveer deur enkele verdienstes en gebreke te noem.

Bogenoemde werkswyse het sy voor- en nadele. Die groot voordeel is dat die beoordelaars nie vooraf hoef te sif tussen die goeie en die swakke nie. Elke uitgewer stuur slegs sy beste werke in. Maar hierin lê juis ook die groot nadeel. Te veel verantwoordelikheid word aan die uitgewer oorgelaat. Kan enige persoon werklik objektief oor sy eie werk oordeel? 'n Uitgewer kan miskien sy werk oorskat, of dit onderskat. Slaan hy sy werk te hoog aan, kan dit gebeur dat hy minderwaardige werk instuur. Dit kan nie veel kwaad doen nie. Maar onderskat hy sy werk en hy skryf dit nie in nie, beteken dit dat boeke wat bekroon kon word, nie beskikbaar is vir bekroning nie. In 1966/67 het dit byvoorbeeld gebeur dat 'n baie kleiner aantal boeke

ingeskryf is as gewoonlik. Dit kan, volgens die paneel van beoordeelaars, toegeskryf word aan min belangstelling aan die kant van die uitgewers. 'n Gebrek aan belangstelling in die uitstalling beteken tog nie noodwendig dat so 'n uitgewer geen boeke uitgegee het wat bekroning waardig is nie! Dit gebeur dus maklik dat sekere uitgewers se beste werk nie vir beoordeling en uiteindelik vir bekroning in aanmerking kom nie. Daar kan nou geredeneer word dat so 'n uitgewer alleen daaronder gaan ly. Dit is slegs die gedeeltelike waarheid. Ook die mark ly daaronder as 'n voortreflike werk om die genoemde redes nie bekroon word nie.

Die groot tekortkoming by die bekronings deur die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging is dus dat die moontlikheid bestaan dat sommige puik versorgde boeke nie ingeskryf word nie. As die paneel, en nie die uitgewers nie, kon beslis watter boeke ingeskryf moet word en ook daarna die finale beoordeling doen, kan die probleem grootliks uitgeskakel word.

Individuele uitgewers wat wedstryde uitskryf en dan 'n prys toeken aan die wenner, volg, wat die werkswyse betref, nie 'n eenselwige patroon nie. Elke uitgewer keur die manuskripte wat as inskrywings ingestuur word op sy eie wyse. Dit kom gewoonlik ooreen met die keuring van ander manuskripte wat hulle normaalweg ontvang.

Uit die bespreking blyk dat daar vir elk van die genoemde toekennings

'n spesifieke werkswyse bestaan met verdienstes én gebreke. Die keuring en beoordeling van boeke is 'n moeilike saak. 'n Goed beplan= de werkswyse kan wel die doeltreffendheid daarvan verhoog, sodat die strewe om slegs die beste boeke te bekroon, verwesenlik kan word. Maar dit kan nie 'n waarborg wees dat hy bekroning nie gefouteer word nie. Die ondefinieerbare van die kunswerk onder beoordeling en die feilbaarheid van die menslike aanvoeling en oordeel kan mistas= tings tot gevolg hê.

In die volgende drie hoofstukke word voorbeelde van bekroonde boeke in Suid-Afrika bespreek. Aandag word gegee aan bekroonde werke vir kleuters, vir groter kinders en vir jeugdiges, om te bepaal of daar leesstof vir elk van hierdie ouderdomsgroepe is wat bekroning waardig is. Om vas te stel of die bekroonde boeke in die behoeftes van 'n verskeidenheid lesers voldoen, word vervolgens ook bekroon= de lektuur volgens soorte bespreek, soos diereverhale, historiese verhale, sprokies en verhale oor die bo-natuurlike. Al die voorbeel= de hierbo genoem, is werke van hoë gehalte. Daar is egter ook boe= ke wat nooit 'n toekenning moes ontvang het nie, en laastens word dan enkele voorbeelde hiervan behandel.

HOOFSTUK IX BEKROONDE KINDERBOEKE IN SUID-AFRIKA VIR SPESIFIEKE OUDERDOMSGROEPE

In Suid-Afrika word sorg gedra dat toekennings aan kleuter-, kinder- en jeugboeke mekaar nie oorvleuel nie. Onder andere word lektuur onderskei deur by benadering ouderdomsgrense te stel by die bepaling van wie as kleuters, as kinders en as jeugdiges beskou word. Die boeke wat in hierdie hoofstuk bespreek word, is so gekies dat dit verteenwoordigend is van leesstof vir dié drie ouderdomsgroepe.

Soos in die voorafgaande hoofstukke aangedui, het die liggame verantwoordelik vir die verskillende toekennings sekere norme gestel waaraan die boeke moet voldoen. Komitees van keurders en beoordelaars is saamgestel en die werkswyse van hierdie komitees is bepaal. Uit die daarmee gepaardgaande bespreking het dit dus geblyk dat die nodige stappe geneem is om bekronings in die praktyk uit te voer, maar sekere tekortkominge in die norme, samestelling van die komitees en ten opsigte van die werkswyse is ook aangedui. Met al hierdie aspekte in gedagte, is dit vervolgens nodig om seker te maak van die bekroonde werke te bespreek ten einde vas te stel of hulle aan die norme voldoen, of met die werkswyse bevredigende resultate bereik is en of die komitees hulle taak bevredigend uitgevoer het. Dit kan alleen bepaal word deur na te gaan of die werke wat be-

kroon is, bekroning waardig is.

By die beoordeling van die bekroonde boeke moet in aanmerking geneem word dat die gehalte van die boeke wat in die betrokke tydperk gepubliseer is, die keuse van die komitees kon beïnvloed. Indien die gehalte van verskeie boeke uit so 'n tydperk besonder hoog is, sal die keuse bemoetlik word. Indien die oes vir 'n sekere jaar van 'n besonder lae gehalte is, mag dit gebeur dat 'n werk bekroon word wat miskien nie heeltemal aan die vereistes voldoen nie.

Indien 'n werk meer as een toekenning ontvang, is die moontlikhede groot dat dit van puik gehalte moet wees. So 'n boek is „Katrientjie van Keerweder", deur Alba Bouwer, In 1961 verower dit die C. P. Hoogenhoutmedalje, in 1962 word dit bekroon op die boekuitstalling van die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging en in 1965 besorg dit, saam met twee ander werke, aan Alba Bouwer die Scheepersprys vir jeuglektuur.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging se toekenning word altyd gemotiveer, en dit word vir hierdie werk onder andere soos volg gedoen: dit is 'n „kombinasie van droom en werklikheid", en die oorgang van werklikheid na fantasie is „ongedwonge" en „oortuigend"; daar is „moeitelose, onopgesmukke taal"; die verbeelding word gestimuleer deur klanknabootsende taal"; die rym „gee aan die werke 'n speelse humor waarvan kinders hou"; die herhalings is „bale vernuftig" en nooit „eentonig" of „afgesaagd" nie; „die ag-

tergrond van die verhaal is tipies Suid-Afrikaans"; die karaktertekening is „treffend"; „die skryfster het 'n fyn aanvoeling vir dit wat kinders aantreklik sal vind en wat aan hulle 'n gevoel van sekuriteit sal gee"; dit getuig van 'n „fyn aanvoeling vir woord, klank en ritme"; die illustrasies is sensitief en „dra grootliks by tot die sukses van die boek" en „illustrasies en teks vorm... 'n eenheid"; „tegnies is die boekie besonder keurig versorg"; „die band is stewig, terwyl 'n duidelike, maklik-leesbare lettertipe gebruik is." ¹

Hierdie werk is bekroning werklik waardig. Selde word 'n skryfster aangetref wat in so 'n mate die denkwyse en gevoelslewe van die kind kan weergee. Dat Alba Bouwer weer ten volle kind word in haar taak as skryfster, blyk uit die tema. Katrientjie is 'n tipiese plaasdogtertjie, al woon sy in 'n dorp. Die oupa-horlosie het vir Katrientjie 'n besondere bekoring, en hy praat met haar oor die verlede. Ook Ouma vertel wat lank gelede gebeur het. So ervaar Katrientjie baie gebeurtenisse: van episodes uit die oorlog tot 'n knopie van die Nuwejaarsblommetjie wat oopgaan. En altyd is daar die element van 'n wonderwerk - die onverklaarbare - wat dit vir Katrientjie as kind so aantreklik maak. Altyd is daar die vergelykings so eie aan die kinderwêreld: die potlood se punt wat so skerp is dat dit 'n gaatjie in plaas van 'n kolletjie maak; Katrientjie lyk soos 'n „outydse gemerpoppie wat lekker styf uitgerys het"; die gesette ouma lyk „soos 'n winkelpop op wietletjies". Slegs 'n kind se verbeelding kan so ryk wees as dié van Katrientjie, en om dit te kon weergee moes

1. Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. C. P. Hoogenhout-toekenning, p. 14-15.

Alba Bouwer weer in die kinderwêreld leef. Die beelde wat sy gebruik, is dié van die kind, soos dit vorm aanneem in die gedagte-wêreld van die kind. Dit getuig van 'n diepe inlewing in die gemoed van die kind. Maar die indruk word geskep dat 'n volwassene vertel. Die woord „soos" in bostaande aanhalings toon wel 'n byna opsetlike vergelyking, en dit is juis hierdie skaars merkbare opsetlikheid wat die leser steeds daaraan herinner dat die verhaal vertel word deur 'n volwassene. Die vergelyking tussen die gesette ouma en die winkelpop, en tussen Katrientjie en 'n gemmerpoppie is aanvaarbaar vir die kind, omdat sy wêreld winkelpoppe en gemmerpoppies insluit, maar die vergelyking is dié van 'n volwassene. Dit is egter geensins hinderlik nie, juis omdat die beelde so na aan die kind is.

Alba Bouwer se werk steun sterk op haar eie jeugherinnerings, en hierin lê die groot gevaar, naamlik dat sy idealiseer en dus dié dinge uitbeeld wat vir die kind waardevol is, juis omdat sy as volwassene kan terugkyk op haar eie kindertyd en met die volwassene se begrip en aanvoeling die betekenis van dinge in die kindertyd kan beklemtoon. Dit kan veroorsaak dat sy oor die kind en sy wêreld skryf, en nie uit die kind se siening en gevoel nie. Dit is waarskynlik die rede waarom volwassenes ook graag haar werk lees. Sy verplaas hulle na die kindertyd, en sy interpreteer die kind vir die leser deur haar fyn aanvoeling en met behulp van herinneringe uit die tyd toe sy 'n kind was. In haar werke is Alba Bouwer weer kind, maar sy is terselfdertyd ook nog begrypende volwassene. 'n Kind kan nooit daardie besondere

insig in sy wêreld hê nie. Juis deur die afstand kan Alba Bouwer 'n indringende terugblik op die kind werp.

Die deurskemering van die volwassene se insig en begrip in „Katrientjie van Keerweder" doen geen afbreuk aan die waarde daarvan vir die kinderleser nie. Die kind het wel nie so 'n duidelike insig in homself en sy wêreld nie, maar die kiem van begrip is reeds daar.

Alba Bouwer se uitbeelding van Katrientjie, haar doen en late, van die ander karakters en van die besondere menslike verhoudings is so raak, dat die kind dit as waar sal ervaar.

Die tema in „Katrientjie van Keerweder" sluit niks groots of drama-ties in nie. Die verhaal is opgebou om die daaglikse lewe van 'n plaasdogtertjie, met die byna doodgewone en onbenullige gesien as gebeurtenisse wat die kindergemoed boei. Daar is geen stygende spanningslyn tot 'n klimaks nie en ook geen ontknoping nie. Daar is geen drama nie, sodat die leser nie voel dat hy die boek nie kan neersit nie. Die kind sal dus nie geboei word soos deur 'n spanningsverhaal of avontuurverhaal nie, maar hy sal wêl bekoor word deur die intieme vertelling, deur die skoonheid van die kleine, deur die stemming in die verhaal.

Opvallend is die fyn pentekeninge deur Katrine Harries. Soos die teks, is die illustrasies stemmingsvol. Dieselfde atmosfeer heers in die teks én in die illustrasies. Daar is dieselfde onafskeidbaarheid tussen fantasie en werklikheid, dieselfde droomwêreld, dieselfde

eenvoud. Die illustreerder, bekende grafiese kunstenaar, het die selfde fyn aanvoeling vir die wêreld van die kind as die skryfster. In die tekening waar Katrientjie voor die oupahorlosie staan, het sy byvoorbeeld in die houding van die liggaam en kop en in die komposisie die verwondering van die kind vir die lewe waarmee hy kennis maak, byna onverbeterlik vasgevang. Die kwesbaarheid van die kind word beklemtoon juis deur die groter, sterker gestalte van haar leermeester, die oupahorlosie met sy lewenswysheid.

Dié werk van Alba Bouwer is 'n stukkie kinderlewe self, en as kinderboek is dit dus besonder geslaagd.

In 1965 word dit ook as jeuglektuur bekroon. Alba Bouwer het reeds in 1959 die Scheepersprys vir jeuglektuur verower met haar „Stories van Rivierplaas.” Daarom is dit verstaanbaar dat die keurders vir die Scheepersprys ook haar latere werke sal beoordeel met die oog op bekroning.

Daar is egter 'n duidelike verskil tussen dié twee boeke. „Katrientjie van Keerweder” handel oor die lewe van 'n voorskoolse dogtertjie, terwyl Alie en Lulu in „Stories van Rivierplaas” skooldogters is. Dit alleen maak natuurlik nie die een kinderlektuur en die ander jeuglektuur nie, maar Alie en Lulu staan baie nader aan die jeug as Katrientjie. Wat die werklike verskil meebring, is die vorm wat die fantasie in altwee boeke aanneem. Anders as by „Katrientjie van

Keerweder", is daar in „Stories van Rivierplaas" 'n duidelike onderskeid tussen fantasie en werklikheid. Alie het 'n besonder ryk verbeelding. As sy gaan eiers uithaal en sy die kamp se hekkie oopgesluit het, sê sy aan die mandjie: „Kom, skone prinses, stap in my goue paleis en rus 'n wyle hier." (p. 16) En aan die swart ou broeishen sê sy: „Edele koningin, u bed van roosblare en roosmaryn is gereed. U kan nou maar kom rus op 'n zagte bedstee." (p. 17) Alie is baie deeglik bewus daarvan dat dit slegs haar eie verbeeldingsvlugte is (en dus nie werklikheid nie), want „rus 'n wyle" sê haar pa altyd vir die dominee as hy hulle besoek, en „zagte bedstee" hoor sy by die plaasbidaar. Sy weet dat die mandjie nie regtig 'n prinses is nie en dat die hen nie regtig 'n koningin is nie. Nadat Alie 'n wolhaarstorie aan ou-Melitie vertel het van hoe sy Kommetjie se nuwe kalfie gereed het, en ou-Melitie self aan die storie 'n stertjie bylas, dink Alie „Ou-Melitie, sy raas nooit as jy daardie soort stories jok nie, sy weet tog dit is mos maar sommer stories en nie jok nie." (p. 27) Alie erken dus dat syself daarvan bewus is dat dit fantasie en nie werklikheid is nie. Hierdie skeiding tussen fantasie en werklikheid maak die verhaal meer geskik vir groter kinders, terwyl „Katrientjie van Keerweder" vir kleiner kinders meer aanvaarbaar is op grond van die natuurlike vloei van werklikheid na fantasie. Hier word die fantasie as werklikheid voorgestel. As die leser nou 'n kind is, kan hy homself vereenselwig met Katrientjie, want dié is kind. As die leser 'n volwassene is, kan hy hom vereenselwig met die siening en aanvoeling van die skryfster, omdat dit ook by sy herinneringe uit die kindertyd kan aansluit. Maar as die leser 'n jeugdige is? Die jeug

het nog nie daardie afstand van die kindertyd wat die volwassene het nie. Die jeug is geneig om die kind en sy optrede te minag of as minderwaardig te ag. Die jeugdige is nóg kind nóg volwassene, maar hy ontwikkel in die rigting van die volwassene. Daarom wil hy met die kind en sy wêreld niks te make hê nie. „Katrientjie van Keerweder” sal dus vir die jeugdige min bekoring inhou. Hy sal hoogstens geamuseer word deur die naïwiteit van die kind! Jeugdiges wat 'n aanvoeling het vir die skoonheid van die taal sal Alba Bouwer se besondere woordgebruik en uitbeeldingsvermoë asook die stemmingsvolle in die werk kan waardeer. Maar dit maak van „Katrientjie van Keerweder” nog geen jeugboek nie.

Ten gunste van die keurders vir die Scheepersprys moet darem vermeld word dat Alba Bouwer die prys in 1965 ontvang ook vir twee ander werke, naamlik vir „Stories van Bergplaas” en „Stories van Ruyswyck.” „Stories van Bergplaas” is sekerlik ook eerder kinderlektuur, maar „Stories van Ruyswyck” is jeuglektuur. Alie, van Rivierplaas, is nou op hoërskool. Dit is 'n kosskoolverhaal en vertel van Alie se eerste dae by die nuwe skool totdat sy later hoofmeisie word. As jongmeisie ervaar sy haar eerste liefde. Die emosies van die jeugdige word in veral Alie, maar ook in die ander karakters, mooi uitgebeeld. Dit sal die jeugdige boei, baie meer as wat „Katrientjie van Keerweder” dit kan doen. En al is „Katrientjie van Keerweder” van hoogstaande letterkundige gehalte, al skets dit die lewe van die Afrikanerkind uit 'n tyd wat verby is, kan dit nog nie as bekroningswaardige jeugle-

tuur beskou word nie.

In 1962 word „Katrientjie van Keerweder" deur die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging bekroon as hoogstaande produk van die boekdruk=kuns.

Seker die opvallendste kenmerk as drukwerk is die mooi balans tussen die drukletter en die illustrasies. Die pentekeninge is fyn, met min kontras. Die kleinerige drukletter pas volmaak hierby aan.

Die boekie self is klein. Ook hierby pas die drukletter en die illustrasies. Egalige drukwerk, goeie spasiëring van die drukletters en reëls, papier van uitstekende gehalte, stewige bindwerk en 'n duursame harde linneband laat die boek as drukwerk puik vertoon.

Vanaf 1962 maak die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging 'n onderskeid tussen kinder- en jeugboeke wat die bekronings betref.

„Katrientjie van Keerweder" word dan as jeugboek bekroon! Bloot na die uiterlike van die boek geoordeel, is dit te verstane. Die grootte van die drukletter is meer gepas vir die jeugdige leser. Die grootte van die bladsye is meer geskik vir die jong leser en daar is te min illustrasies vir die kind. Dit alles skep die indruk dat ons hier met 'n jeugboek te doen het. En die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging beoordeel slegs die fisiese.

Dit gebeur meermale dat dieselfde boek meer as een prys verwerf.

Aangesien daar nie altyd maklik gesê kan word vir watter ouderdom 'n boek geskik is nie, en die term „jeugboek" nie altyd deur almal ewe afgebakend gebruik word nie, dink ek persoonlik dat „Katrientjie van Keerweder" hom in 'n mate leen tot hierdie wisselvallige behandelings, hoewel daar geen twyfel bestaan dat dit 'n kinderboek is nie.

Voor 1969 is die C. P. Hoogenhoutmedalje toegeken aan kleuter- en kinderboeke; daarna slegs aan kinderboeke, omdat die Tienie Hollowaymedalje vir kleuterlektuur op die toneel verskyn het.

„Karlien en Kandas", deur M. E. R., is 'n kleuterboek wat op grond van die gehalte van die teks, die eerste toekenning van die Tienie Hollowaymedalje ontvang het. In 1933 is dié kleuterversies vir die eerste keer uitgegee deur Nasionale Pers in Kaapstad. Dit beslaan vier-en-twintig bladsye. In 1969 verskyn die tweede druk, deur Nasionale Boekhandel. Dié keer is daar agt-en-veertig bladsye, want 'n nuwe afdeling, „Nuwejaar vir Karlien en Kandas", is tot die oorspronklike publikasie gevoeg.

Aangesien M. E. R. veral bekend is vir haar eenvoud in taalgebruik, haar vermoë om rustig te vertel en vir die egtheid van haar stelsels, is dit maklik om te verstaan dat haar kleuterversies geskik is vir die klein lesertjie of toehoordertjie. Versies so direk en eenvoudig soos dié kan hy verstaan. Wat sy beskryf, ken hy uit sy daaglikse lewe. Hy vind plesier in die eenvoudige dinge omdat sy verstand en ervaring nog so beperk is.

By die lees van hierdie versies val dit dadelik op dat M. E. R. die kinderwêreld ken. Sy weet watter speletjies kinders speel:

„Klip-klip speel Karlien en Kandas,
As dit tyd is om wasgoed te was. . .
Op die groot gladde klip is 'n baan,
Vir hekkies, vir toktokkie slaan,
Vir Tweetjies en Drietjies en moeilike Viertjies -
Een pot na die ander gedaan!" (p. 13)

Hoe maklik sit 'n kind nie en speel in plaas van om die werk te doen wat hom opgedra is nie? Sô sê M. E. R. dit:

„Plaas van wasgoed nat te spat,
Ry hulle in die vaatjie -
Droog lê Nooi se onderrok,
Droog haar nagkabaaltjie." (p. 15)

In die kinderspel werk die verbeelding van die kind. Karlien en Kandas sien al hoe baie geld gaan hulle kry:

„'n Sakkie mis vir 'n oulap!
Twee sak mis is twee!
Drie sak mis vir 'n trippens,
En dit sal die Nooi ons gee." (p. 32)

Watter insig kry ons nie hier in die wese van die kleurlingkind nie!

Geen volwassene kan homself so algeheel oorgee aan die genieting van die oomblik as die kind nie. Die twee bruinkinders se volkome oorgawe aan die spel skets sy soos volg:

„Versoeking groot lê by die sloot
Vir modderkoek en tertjies,
Vir mannetjies van klei gebak, en
slangetjies met stertjies.

Die modder's glad, die kind sit plat,
Die twee kan dit nooit hou nie -
Dit vorm, dit pak, dit stel vir bak,
Baklei en stry? Nie nou nie!" (p. 38-9)

Die opvoeding wat ouers aan hulle kinders gee, is ook 'n deel van die kinderwêreld. Hul is maar altyd daar om leiding te gee, te keer as kinders onverantwoordelik optree en te betig. Die kind sal hierdie baie goed kan waardeer:

„En waar is die besemgoed?' skree hulle ma,
En sy trek 'n lang lat uit die dak.
'Ai, die klere so flenters! Moet ek dit verdra?'
Julle kry nou 'n dekselse pak!'" (p. 6)

Wat die inhoud betref, is die versies dus vir die kleuter geskik. Maar hoe klee die skryfster dit in?

Sy maak van beeldende woorde gebruik, woorde wat lekker op die tong lê, soos „Aitammelet“, „nagkabaaltjie“, „oulap-en-bokstertjie“, „Kammalong“, „bloukop-klipsalmander“, ensovoorts. Daar is verder 'n vloeiendheid wat die versies maklik laat lees. Let op hoe die derde reël vanself oorgaan tot die vierde reël in die volgende:

„Dit reën dat dit plas,
En Karlien en Kandas
Loop elk in die reën met 'n
sak vir 'n jas.“ (p. 19)

M. E. R. maak ook op 'n besonder effektiewe wyse gebruik van herhaling. In die versie „Kitaar speel“ suggereer sy die getokkel op die kitaar deur die beklemtoonde woord „kam“ te herhaal:

„Oor die kam, oor die kam,
Oor die berg se donker kam
Glip die maan se rand so soetjies soos
die oorloop van 'n dam.“ (p. 25)

Sy maak ook van herhaling gebruik om die eendersheid van die tweeling te beklemtoon:

„Dikbek kla Kandas vandag,
Dikbek kla Karlien. . ." (p. 24)

en later

„A, grootbek lag Karlien daarby,
Grootbek lag Kandas!" (p. 24)

Die skryfster het 'n fyn aanvoeling vir klank en ritme, veral waar die volkies die Nuwejaar vier. Alles gaan baie vrolik. Luister net na die snelle beweging in die volgende:

„Robbieson toe
Is die reis,
Om die volkies
Daar te wys!
Deur hul strate
Ry ons rond
Dat hul dink ons
Raak g'n grond!" (p. 46)

Na die vrolikheid span die volkies uit, en nou is die ritme soos die kalm deining van die see:

„En dan lê ons in die koelte van die doringbome-plaat
En ons sit en eet en luister hoe die snare met ons praat
Van oom Ypie se viool en van oom Klasie se kitaar"... (p. 47)

Hierdie versies is tydloos. Dit sal die kind van vandag nog net so be= koor as die kind van die dertigerjare toe die boekie vir die eerste keer verskyn het, want dit is die essensiële van kindwees wat sy op so 'n meesterlike wyse uitbeeld. Sy spel in die daaglikse lewe, sy aanraking met hoër gesag, die wêreld wat hy waarneem, dit alles sien M. E. R. en gee sy gestalte met 'n fyn gevoel vir klank en ritme, met 'n rustig= heid en eenvoud wat haar werk groots maak. M. E. R. se krag lê in haar eenvoud, haar kalmte en haar innigheid. Haar werk is tydloos, juis omdat sy die wese van dinge, dit wat nooit verander nie, weergee. Dit is dus geen wonder dat 'n werk wat byna veertig jaar gelede ver= skyn het, vandag nog van soveel waarde geag word dat dit bekroning waardig is nie!

Ten spyte van die feit dat hierdie versies byna 'n halwe eeu gelede verskyn het, kan hulle vandag nog as modern beskou word. In hierdie tyd van groter vryheid kan selfs woorde soos „grootbek“, „dikbek“ en „dekselse“, wat normaalweg nie woorde vir kleuters is nie, toelaatbaar wees. Die effense plat uitdrukkings pas juis by die tema.

Die uiterlike van die boekie word aantreklik gemaak deur die swart= wit illustrasies, gedoen deur A. R. (M. E. R. se dogter). Hoewel die kinderfigure in silhoeët verskyn en daar dus nie veel besonder= hede kan wees nie, is die houding, die bewegings en die uiterlike só tipies kind dat meer detail nie nodig is nie!

Ongelukkig is die boekie baie swak gebind. Die bladsye is vasgekram en die omslag van baie dun karton. Die uitgewers kon gerus iets meer duursaams daargestel het. Maar afgesien hiervan is dit 'n puik bundeltjie versies wat die eerste toekenning van die Tienie Holloway-medalje waardig is, want die beoordeling vir dié medalje is slegs op grond van die letterkundige gehalte.

Vir die toekenning van die C. P. Hoogenhoutmedalje word egter ook ander vereistes gestel. Daarom kan ons verwag dat 'n versebundel vir kleuters, wat dié prys verower het, ook in ander opsigte puik moet wees. So 'n bundel is „Rympieboek vir kinders" deur F. du Plessis, in 1963 uitgegee deur Tafelberg-uitgewers en geïllustreer deur Katrine Harries.

Hierdie rympies bestaan meesal uit slegs 'n paar reëls. Dié beperking in vorm stel aan die skrywer besondere eise. Daar is nie geleentheid vir 'n omhaal van woorde nie, en elke individuele woord dra 'n besondere betekenis of het 'n sekere waarde in die verhouding tot die geheel.

Opvallend is die verbeeldingrykheid van die skrywer. Hy verras dikwels deur 'n ekstra aan die einde, soos byvoorbeeld

„Daar onder in my tuintjie
het 'n rosie oopgegaan
Toe blaas ek op my fluitjie
en toor 'n goue maan."

Die laaste reël skep 'n verrassende, nuwe beeld. Die besondere siening van die skrywer is dikwels ook verantwoordelik vir 'n verrassende einde.

„Diep in die bos is 'n groot geheim
feetjies met vlerkies sag en fyn
tienkie-tankie tienkie-tollie-tal
daar't 'n vlerkie afgeval. ”

Die rympies spruit uit die kind se wêreld, sy omgewing, sy gedagtes en gevoelslewe. Die kind maak kennis met sy omgewing. Daarom is die versies kort flitse. As gevolg van die talle nuwe dinge waarmee die kind in aanraking kom, is daar nie tyd om lank by een gebeurtenis of indruk stil te staan nie. Daarom is dié rympies soos die kindergedagtes self: 'n vlugtige indruk, 'n oombliklike beeld, voordat na die volgende oorgegaan word, soos

„Wielie-willie walie-wans
twee maats het in die pad gedans
Die een se naam was Dorie
en die ander een was Frans. ”

Juis omdat so vlugtig van die een tema na die ander gegaan word, stimuleer dit die kind se verbeelding.

In kinderlektuur moet die regte waardes beklemtoon word. Hier word dit op 'n subtile wyse gedoen. Vergelyk die simpatieke houding teenoor diere in „Makou" en „Kanarie". Die karakters lewe, omdat die skrywer so gevoelig uitbeeld. Dit is nooit net objektiewe beskrywing nie, veel eerder subjektiewe uitbeelding. Die toehoorder, soos die skrywer, staan nooit onverskillig teenoor die ou ot, die boskraai, die uil, die spokie of die makou nie. Personifikasie is altyd met goeie smaak gedoen, en al word menslike eienskappe aan diere toegedig, behou die diere nog hulle eie identiteit (die uil, ou Kees en sy familie, die tortelduif).

Daar is sprankelende taalgebruik en woordkeuse. 'n Mooi beeld word geskep deur die volgende woordgebruik:

„Ou Uil slaap langs die spruitjie
in die wilgerboom
Die middagtrein se fluitjie
blaas gate in sy droom"

Oor die algemeen is die ritme ongeforseerd. Enkele uitsonderings is „Die Spook" en „Rooi Rosie" waar die ritme versteur is.

„By die huisie sonder rook
loop daar snags 'n snaakse spook
Foeitog, die ou spokie darem
hy dra sy kop onder sy arm"

Die rympies is klankryk. Dikwels word woorde om hulle klankwaarde gebruik, soos „Wielie-willie walie-wans" en „tienkie tankie", met die nodige effek.

Wat die illustrasies betref, het ons hier te doen met 'n kunstenaar in die ware sin van die woord. Katrine Harries het 'n besondere aanvoeling vir hierdie bepaalde teks. Sy slaag daarin om die egte atmosfeer daarvan in haar tekeninge oor te dra. En méér nog: sy maak haar illustrasies so 'n onafskeidbare deel van die rympies dat die een moeilik denkbaar is sonder die ander. Dit is reeds gestel dat die rympies vlugtige indrukke is; dat dit slegs flitse is. Om hierby aan te pas, is die illustrasies vol beweging. Voorbeelde hiervan is die pragtige tekening by „Janneman vlieg" en by „My pop se broekie". Katrine Harries is 'n meester van die tekenkuns, sodat ons vanuit 'n kunststandpunt hier klein meesterstukkies kry. Met 'n ekonomie van lyn slaag sy om 'n duidelike beeld op te tower. Illustrasies en teks vorm altyd 'n eenheid, en dikwels „omraam" die tekeninge die teks, soos by „Die maan is weg" en „Jannie droom". Die uiterlike vorm van die illustrasies sluit aan by die kort versies. Dit is klein, fyn tekeninge, met alleen die nodige weergegee. Katrine Harries verhoog die indruk van ongekompliseerdheid deur slegs een kleur te gebruik, 'n sagte turkoois. Besonder kleurryk is die illustrasies dus nie, maar dit is nie 'n tekortkoming nie, want die lynespeel en skaduerings maak die illustrasies al klaar interessant genoeg.

Besonder treffend is die indruk van ruimte op elke bladsy. Die groot formaat van die bladsye, die kort rympies en die klein, ligte tekeninge dra alles by om elke individuele bladsy 'n estetiese ervaring vir die leser te maak. Die uitgewers verdien lof vir die gebalanseerde uitleg van die bladsye. Reken hierby nog die keurige drukwerk, papier van goeie gehalte, stewige bindwerk en 'n baie aantreklike omslag, en dit is verstaanbaar dat dié boek die C. P. Hoogenhoutmedalje kon verower en ook bekroon kon word deur die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging in 1964.

Tydens die bekroningsfunksie van die S. A. B. V. is die skrywer, die illustreerder en die uitgewer vereër. Eersgenoemde twee het elk 'n medalje ontvang, en laasgenoemde 'n drukpersie. Die bepaling van die C. P. Hoogenhouttoekenning maak egter nie voorsiening vir die bekroning van die werk van sowel die skrywer as van die illustreerder in dieselfde werk nie. Die bepaling is: òf die werk van die skrywer, òf die werk van die illustreerder mag bekroon word. Wat hierdie besondere werk betref, kan daar egter nie 'n onderskeid gemaak word tussen die skrywer en die illustreerder nie. Die werk wat hulle gelewer het, is van so 'n puik gehalte dat die een se bydrae beswaarlik as beter as die ander s'n bestempel kan word. Daarby kom nog dat die teks en die illustrasies so 'n hegte eenheid vorm. Dit ademt dieselfde gees, en die een sou sonder die ander soveel armer gewees het. Die skrywer, die illustreerder en die uitgewer vorm 'n stewige driemanskap wat as geheel 'n puik kinderboek daargestel het.

Die werk voldoen in alle opsigte aan die vereistes waarvolgens beoordeel moet word. Daarom is dit geregverdig dat elke lid van die driemanskap die eer ontvang wat hom toekom. Die bepalings van die C. P. Hoogenhouttoekenning behoort dus so gewysig te word dat 'n bekroning soos dié nie buite die perke val nie.

Prenteboeke vorm 'n baie belangrike deel van die kleuter se lektuur. Daarom is dit byna vanselfsprekend dat van die bekroonde kleuterboeke ook prenteboeke moet wees, en dan is dit gewoonlik ook die illustreerder se bydrae wat vir bekroning in aanmerking kom. In die prentboek vertel die illustrasies in 'n groot mate die verhaal. Die teks dien dan ook as leidraad by die interpretasie van die prente. Omdat die kleuter nog nie self kan lees nie, moet die prente sodanig wees dat die verloop van die verhaal daaruit vasgestel kan word sonder dat die teks al die informasie verskaf.

So 'n boek is „Botter-aas”, wat in 1966 bekroon is met die C. P. Hoogenhoutmedalje. Die illustreerder is Günther Komnick, bekende handelskunstenaar en fotograaf van Kaapstad. Die skryfster is Freda Linde wat in 1964 dié medalje verower het vir „Snoet-Alleen”.

Slegs die illustrasies is bekroon. Maar dié is gebaseer op die teks. Daarom is dit noodsaaklik om eers die teks kortliks te bespreek.

Aangesien die verhaal ontleen is aan die ou volksproeie, is dit baie bekend. Dit vertel van Jakkals en Wolf se poging om met gesteelde

botter aan hulle sterte vis te vang. Jakkals wag egter net tot Wolf aan die slaap raak en sluip dan weg om al die botter op te vreet. As Wolf wakker word, is hy nie net sy deel van die botter kwyt nie, maar ook sy stert se punt wat in die veryste water agtergebly het.

Die verwerking van hierdie sprokie deur Freda Linde is 'n goeie voorbeeld van oorspronklikheid ten spyte van 'n bekende tema. Die teks is, anders as in die oorspronklike sprokie, in rymvorm. Die ritme en rym word dikwels gebruik om die klem op die regte plekke te laat val, soos byvoorbeeld:

„Jy is groot en sterk. Jy moet die swaar werk doen.
Ek kan die verste sien. . . Ek is die spioen”.

In die eerste reël is die woorde „jy”, „groot”, „sterk”, „moet”, „swaar” en „doen” sterk beklemtoon. Dit is eintlik die woorde wat die betekenis dra. En is die twee rymwoorde „doen” en „spioen” dan nie juis tekenend van die twee hoofkarakters nie? Wolf is die een wat al die werk moet doen, terwyl Jakkals die slim een is van wie slegs die verstand werk.

Die sprokie kry ook nuwe waarde deur die oorspronklike stening van die skryfster. Hoe goed word die karakter van Jakkals nie geteken deur die woorde nie:

„Jou beurt', hyg Wolf. ,Rol jy nou weer die vat'.

„Jy doen dit beter', sê Jakkals en kyk anderpad."

'n Besonder geslaagde toevoeging tot die oorspronklike sprokie is die rol van die kraai. Die kraai se kommentaar is tussenwerpsels waar= mee hy die situasie opsom. Hy sê byvoorbeeld:

„Een is baas

en een is klaas. '"

En later:

„Vraat, hoe blink jou vel! '"

Dit herinner nogal in 'n mate aan die reisange waarvoor Vondel be= roemdheid verwerf het. Dit dien ook min of meer dieselfde doel.

Maar die teks, hoewel dit oorspronklik, geslaagd in ritme en rym en verbeeldingryk is, is ondergeskik aan die illustrasies. Die teks dui slegs in breë trekke die verloop van die verhaal aan. Dit is byna skematies.

Dit is eintlik die illustrasies wat van hierdie boek iets heel besonders maak.

In die eerste plek is daar die uitsonderlike tegniek. Die dierefigure is gedeeltelik gesjabloneer deur 'n droë kwas te gebruik. Die ska= dueringseffek bring mee dat die diere feitlik saamsmelt met die omgewing waarin hulle voorkom.

Opvallend is die rol van die subjektiewe kleurgebruik – rooi vir die geslepe jakkals en swart vir die byna onnosel wolf. Om eentonigheid te voorkom, word blou gebruik vir die water en die koue. Die kleure is ryk sonder om skel te wees.

Sprekend is die gesigsuitdrukings. Met enkele lyne en vlakke word die verhaal eintlik daardeur vertel. Jakkals se geslepenheid, sy onderduimse vriendelikheid en sy voldoening spreek uit sy gesig, terwyl Wolf se moegheid, sy honger en sy magtelose woede weer op sy gesig te lees is. Die tekeninge maak van die twee karakters karikature – maar is hulle dit nie juis in hierdie sprokie nie? Die gesigsuitdrukings maak van die gestileerde figure lewende karakters.

Met hierdie tekeninge het Günther Komnick bewys gelever dat die illustrasies veel meer kán sê as die teks in 'n prenteboek. Al die elemente van die sprokie: die aksie en spanning, die eenvoud, die simboliese, die bepaalde atmosfeer, die absolute waardes, die wreedheid, die direktheid van die verhaal, word eintlik verwesenlik deur die illustrasies. Die wesenlike kenmerk van die Wolf en Jakkals = sprokies, soos dit in die volksmond oorgelewer is, is dat dit aards, byna onverfynd is. Basiese elemente vorm die bestanddele daarvan. Die sterke en die slimme seëvier oor die swakke en die domme. En hierby pas die illustrasies volmaak aan. Basiese kleure word gebruik, naamlik rooi, swart en wit. Die kleure is hard, net soos die meedoënlose optrede van Jakkals. Die vorms is swaar en bonkig en aards, net soos die dryfvere in die verhaal.

Hoewel die teks oorspronklik aangebied is, is dit die illustrasies wat van die sprokie iets nuuts maak. Daarom verdien Günther Komnick, veel eerder as Freda Linde, die toekenning. Die werk voldoen aan al=le vereistes deur die S. A. B. V. gestel, met uitsondering van miskien dié aan die skutblaaie. Daar word naamlik bepaal dat daar geen druk=werk op die skutblaaie mag voorkom nie. Of dit ook illustrasies in=sluit, is nie duidelik nie. In baie Amerikaanse en Engelse prenteboe=ke word die skutblaaie juis gebruik om met 'n motief die leser in te stel op wat in die boek voorkom. Die skutblaaie in „Botter-aas” is swart, met wit spore van Jakkals en Wolf dwars daaroor heen. In hierdie besondere geval is dit nie 'n diskwalifikasie nie. Afgesien van die dekoratiewe waarde wat dit het, dien dit ook om die leser on=der die indruk te bring dat die inhoud van die boek maar één van baie soortgelyke episodes in die lewens van dié twee diere is. Want soos die spore in die rigting van die verhaal loop op die voorste skutblaaie, gaan die spore onversteurd verder op die agterste skutblaaie, asof dit nie die laaste keer gaan wees dat Jakkals vir Wolf kul nie.

Soos gebruikelik het die uitgewers, mnre. John Malherbe van Kaap=stad, vir hulle aandeel 'n drukpersie ontvang. Die tegniese versor=ging is van buitengewoon hoogstaande gehalte. Die papiergehalte is besonder hoog, die formaat van die boek pas by die inhoud (kyk hoe beweeg Jakkals van die een bladsy na die ander) en die naaiwerk en band is stewig. Die skutblaaie word deur middel van die illustrasies daarop 'n inherente deel van die verhaal. Die lettertipe pas pragtig

aan by die illustrasies en die drukwerk is egalig. Die uitgewers verdien alle eer vir 'n puik stukkie drukwerk.

Gewoonlik word in prentboeke vir kleuters meer kleur aangetref as wat in „Botter-aas” gebruik is. So 'n boek is „Die stadsmusikante”. Die C. P. Hoogenhoutmedalje vir 1967 is aan Günther Komnick vir sy illustrasies hierin toegeken. Dit is die bekende sprokie, vertel deur Freda Linde, van die esel, die hond, die kat en die haan wat afgeleefd is en vir niks meer deug nie. Hierdie vier diere word dan verplig om hul onderskeie tuistes te verlaat en vir hulself te sorg. Hul huidige liggaamlike toestand maak die toekoms duister. Dié tema klink somber, 'n tema wat vir die kleuter blykbaar geensins geskik is nie. Maar die teendeel is waar. Daar is tog nog lewensblyheid. Die lighartige toon word hoofsaaklik geskep deur die illustrasies.

Die interessante komposisie in baie van die tekeninge maak dit lewendig. Daar is soveel afwisseling in die komposisie van die tekeninge waarin die vier diere voorkom, dat elkeen nuut en interessant is. Die houding van die diere word gevarieer om hul gemoedstemming te suggereer. Daar is die verwesenheid aan die begin, die moedeloosheid as hul vir niks meer deug nie, die hoopvolheid waarmee hulle die reis aanpak, die gulsigheid as hul die rowers se kos vreet en die onspanne rustigheid aan die einde.

Die kleurgebruik is besonder effektief. In „Botter-aas” het Komnick reeds bewys dat hy deur 'n ekonomiese kleurgebruik die verlangde

effek kan skep. Ook in „Die stadsmusikante" is dit so. Slegs drie kleure word saam met swart en wit gebruik, naamlik roesbruin, groen en rooi. In baie gevalle word al drie nie saam gebruik nie, en tog maak die illustrasies 'n besonder kleurvolle indruk. Dit is in 'n groot mate toe te skryf aan die besondere droëkwas-tegniek waardeur die kleure geskakeer word, totdat dit wegsmelt in die wit agtergrond. Hierdie besondere styl pas baie goed aan by die sprokie wat volks en aards is. Daar is niks fyns of verhewe nie, en soos die teks slegs die basiese feite vermeld, gee die illustrasies die basiese vorme en kleure weer. Juis om hierdie rede kan dit as kunswerke beskou word. Met min besonderhede gee dit baie, want dit prikkel die verbeelding. Die kleurintensiteit word beklemtoon deur die swart agtergrond in sommige illustrasies. Die vrolike, lewendige kleure kontrasteer met die agtergrond, sodat dit 'n atmosfeer van lig en sonskyn skep. Hierdeur word die somberheid van die tema versag. En as die diere ervaar dat daar in hulle ouderdom nog baie vreugde kan wees, het die kleurgebruik dit al van die begin van die verhaal af aan die leser gesuggereer. Die tekeninge vertel dus die verhaal, baie meer as wat die teks dit doen. Dit is soos dit in 'n prenteboek moet wees, 'n prenteboek wat bekroning verdien.

Die kleuterboeke tot dusver bespreek, gee 'n beeld van die beste van hierdie soort in Afrikaans. Sonder uitsondering is dit van puik gehalte. Die bekroning daarvan deur verskeie instansies is dus geregtig. Geen kleuterboek van 'n lae gehalte is tot dusver bekroon nie.

Boeke vir kinders in die stadium ná die kleuter, toon 'n ander verhouding tussen die teks en die illustrasies. Hier speel die teks 'n baie groter rol, want die kind kan self lees. Hy kry dus uit die verhaal die aanvullende informasie waarna hy tevore in die illustrasies moes soek. Sy groter mate van begrip van die geskrewe woord bring ook mee dat hy vir homself beelde kan optower uit wat hy lees. Sonder die hulp van prente kan die kind van hierdie ouderdom egter nog nie heeltemal klaarkom nie. Daarom is dit wenslik dat illustrasies wel nog in sy leesstof sal voorkom, hoewel dit slegs as 'n hulpmiddel moet dien om hom in sy gebrekkige insig, begrip en aanvoeling te help. Gedurende hierdie tyd is dit ook nodig dat die kind 'n verdere estetiese vorming moet ondergaan. Die illustrasies kan veel daartoe bydra om die begin van dié vorming in sy kleutertyd nou verder voort te sit. In hierdie tyd moet sy boeke ook besonder stewig gebind en van die regte formaat wees, sodat dit herhaaldelike hanteering kan verdra. Hy het reeds die leesvaardigheid bemeester. En nou sal hy sy boeke meer dikwels lees.

'n C. P. Hoogenhoutmedalje-wenner vir kinders van dié ouderdom is „Snoet-Alleen", deur Freda Linde. Dit is die verhaal van die nie-blanke seuntjie Toto en sy vrees dat sy broer Goliath die erdvark, Snoet-Alleen, sal skiet. Ontleed ons die tema van die verhaal, dan sien ons dat ons hier eintlik te doen het met a) gesinslede met uiteenlopende karaktertrekke en botsende belange, b) 'n weerlose dier wat in gevaar verkeer en c) die jag op die dier. Hieruit blyk dat ons 'n dramatiese, spanningsvolle boek kan verwag omdat die tema hom

daartoe leen. En as die behandeling van die tema dramaties was, sou dit maar soos baie ander kinderboeke gewees het en dus nie so tref=fend nie. Freda Linde beklemtoon nie die dramatiese handeling nie, sy skep veel eerder 'n stemmingsvolle situasie en beeld. Nie die uiter=like handeling nie, maar wel die innerlike gewaarwording is van groot belang. Nie wát gedoen word nie, maar die invloed van wat gedoen is op die gemoed van Toto vorm die sentrale idee van die verhaal.

Dit is 'n stemmingswerk sonder gelyke in die Afrikaanse kinderlek=tuur. Die stemming in die natuur word soos volg geskets. „Die lug is koel en vogtig. Die sagte struik wat hy raak trap, laat 'n prikke=lende walm van kruiegeur van die grond opslaan. Alles is klam en fris. 'n Ligte appelkoosblos slaan bokant die bergpunte uit. Dis stil by Snoet-Alleen se gat". (p. 51-3) Ook om Snoet-Alleen hang daar 'n atmosfeer wat haar as nagdier optower: „In die grys, koue oggendlug maak haar asem 'n dampkring om haar kop met die regop ore. Haar snoet lyk so sag, kompleet of dit wegs melt in die mis". (p. 55) Kinders word gewoonlik deur 'n goeie verhaal geboei, en hulle kom maklik onder die indruk van stemming in 'n verhaal. Die kind sal dus sonder moeite verplaas word na die wêreld van geheimsinnige skeme=ring, van die oorgaan van duisternis na lig, van die fantasie na die werklikheid. En hoe subtiel word die fantasie nie aangewend nie! Die leser is nooit heeltemal seker of Toto droom en of hy wakker is nie, of hy werklik sien en of dit verbeeldingsvlugte is nie.

'n Verhaal waarin die fantasie so 'n groot rol speel, kan maklik ont=

aard in 'n onwerklikheid, 'n losheid van die aardse, die alledaagse. In hierdie werk het Freda Linde dit voorkom deur die spreekstyl van die karakters. Dit is so tipies van die nie-blanke dat dit 'n sterk trek van realisme aan die verhaal verleen. So sê Nôna Mebila: „Dis lekker vleis die soet vleis van die erdvark", en Toto se pa antwoord: „En jy weet hoe om dit gaar te maak, Nôna Mebila, ... die vet vleis van die erdvark". (p. 7)

Die agtergrond, die natuurlewe, is oortuigend geskets. Daar is die hotnotsgot en die mot, die hoep-hoep, die uil en die ander voëltjies. Daar is personifikasie, want die diere praat. Maar hulle verloor nie hulle identiteit as diere nie. Die woorde wat hulle sê, klink soos die geluide wat hulle normaalweg maak. Die uil sê: „Hóé bedoel jy, hoe?" en die voëltjie fluit: „Wiewiet, wiewiet, wiewiet". (p. 32) Die leser herken dus nog die spesifieke dier as dier, want die klanke klink maar net soos woorde, terwyl dit in werklikheid nog normale diergeluide is.

Deurgaans word die kind se verbeelding gestimuleer. Dele van die verhaal word aangekondig en verder word daaroor geswyg, soos Goliat se jagtog op die erdvark. Freda Linde se beskrywings is dikwels ook meer suggestie as weergawe van besonderhede. Sy suggeer byvoorbeeld as sy Snoet-Alleen in die vroeë oggendskemering beskryf, terwyl sy min besonderhede gee. In sy verbeelding sien die leser dan die erdvark en die omgewing waarin sy haar bevind.

Die taalgebruik is eenvoudig, en hoe treffend is dié eenvoud nie in die

hand van die ware kunstenaar nie. Deur die sobere taalgebruik kom die leser onder die indruk van die gemoedstoestand van die kind, die kind met sy simpatie vir die skoonheid van die natuur en sy liefde vir die weerlose dier. Toto se gedagtes en gevoelslewe is vir die leser aanvaarbaar, want dit is dié van die universele kind. Hierdeur word Toto 'n lewende karakter. Die ander karakters dien om by Toto reaksie te ontlok waardeur hy sterker geteken word. Die kontras tussen Goliat se gebrek aan gevoel vir diere beklemtoon juis Toto se beskermende gevoel teenoor hulle.

Die kind sal van hierdie verhaal hou. Hy kan hom met Toto vereenselwig, en saam met Toto kan hy verlig wees as Goliat nie daarin slaag om Snoet-Alleen te dood nie. Die tema sal hom boei. Hy sal deur die uitbeelding bekoor word.

Die geslaagde illustrasies is van die talentvolle grafiese kunstenaar, Peter Clarke. Die houtskooltekeninge skakel aan en in by die verhaal. Daar is dieselfde sagtheid om die grense tussen lig en donker en tussen werklikheid en fantasie uit te wis. Daar is dieselfde stemmingsvolle uitbeelding van die vroeë môreskemering, waarin mens en dier vervaag tot 'n inherente deel van die natuur. Dieselfde eenvoud van die teks kom ook in die illustrasies voor. Min besonderhede word gegee, en tog is die dier, die mens en die natuur in die illustrasies 'n werklikheid. Peter Clarke, een van ons belowendste jong grafiese kunstenaars, het hier werk gelewer van hoë kunsgehalte.

John Malherbe verdien slegs lof vir die uitgee van 'n boek wat, uit die oogpunt van boekproduksie, feitlik volmaak is. Egalige drukwerk, die regte grootte en tipe drukletter en wit, glanslose papier van 'n goeie kwaliteit, sowel as smaakvolle spasiëring en korrelering van die teks met die illustrasies maak hierdie boek 'n voorbeeld van wat goeie drukwerk moet wees. 'n Sterk linneband en aantreklike stofomslag in een kleur rond dit mooi af.

Alles wat tot dusver gesê is, tel ten gunste van die boek. Daar is egter een punt van kritiek wat nie nagelaat mag word nie. Die formaat van die boek is naamlik nie baie geskik nie. 'n Effens groter formaat sou dit nog aantrekliker gemaak het, en veral die talle volbladillustrasies, elkeen 'n kunswerk in die ware sin, sou meer tot hul reg gekom het.

Aangesien die skryfster, die illustreerder en die uitgewer werk van uitstekende gehalte gelewer het, lyk dit of die werk van al drie bekroon moes gewees het. Die illustreerder se werk is egter nie bekroon nie. Die rede daarvoor moet nie gesoek word in die gehalte van die illustrasies nie, maar wel in die feit dat die illustrasies vir die leser van dié boek nie dieselfde waarde het as wat dit vir die kleuter in sy boeke het nie. Die beoordelaars het dus heeltemal reg beslis deur die medalje aan die skryfster toe te ken en ook erkenning aan die werk van die uitgewer te verleen, sonder om die illustrasies te bekroon.

In jeuglektuur is illustrasies geen noodsaaklikheid nie. Die teks alleen is gewoonlik voldoende om die leser te bevredig. Die jeug stel, wat die tema betref, besondere eise aan sy leesstof, en seuns en dogters in hierdie ouderdomsgroep stel belang in verskillende dinge. Seuns hou van verhale oor ruimtereise, van avontuur- en spanningsverhale en van verhale oor diere, veral wilde diere. Dogters hou van romantiese verhale en van verhale oor troeteldiere. Die jeugdige staan op die drumpel van volwassenheid, en sy verhouding tot sy gesin en tot sy medemens is vir hom baie belangrik. Hy word nou in 'n groter mate deel van die samelewing van die volwassene. As 'n jeugboek nou handel oor die jongmens in hierdie samelewing, oor die gemeenskap waarvan jongmense 'n deel is, dan val dit binne die belangstellingsfeer van die seun én die dogter. „Pennie se vuur” en „Die groen ghoen” deur P. H. Nortjé is voorbeelde van dié soort jeugboek, en die Scheepersprys vir jeuglektuur is vir 1963 aan die skrywer daarvan toegeken. „Pennie se vuur” het in 1959 verskyn en „Die groen ghoen” in 1960. Nortjé vertel in dié twee verhale van 'n klein, afgeleë gemeenskap. As gevolg van die toenemende welvarendheid van die blanke bevolking in Suid-Afrika is vandag se jeug nie meer gewoond aan behoeftige mense nie. Omdat baie mense saamgetrek is in stede en ander digbewoonde gebiede, is ook die platteland vir baie 'n vreemde plek en mag hulle miskien nie meer in dié werke belangstel nie. Indien hulle dit lees, sal hulle iets nuuts ervaar. Maar waar dit handel oor menslike verhoudings en die mens se gemoedslewe, daar maak dit min verskil of die verhaal afspeel in die bekende of die onbekende. Die kind is geïnteresseerd in die mens. En dit is juis op die platteland waar elke mens

nog die geleentheid gegun word om 'n individuele mens te wees.

„Die groen ghoen” vertel van die plaasskoollewe, met die lede van die Ruiterbende as hoofkarakters, en met die klem op die leier, Henk Strydom. Die bende bestaan uit Henk, Granaat, Thysie, Piet en Andries. Twee nuwe leerlinge, George en Margaret, is Engelssprekende kinders. Henk kan nie goed Engels praat nie; daarom voel hy baie ongemaklik toe hy dié twee nuwes die eerste dag skool toe moet vergesel. Maar gou pas die nuwe kinders aan en almal word groot vriende. Daar ontstaan egter intussen 'n ander probleem. Thysie se vader is baie behoefstig en kan hom nie hoërskool toe stuur nie. Die Ruiters moet nou planne bedink om geld in te samel sodat Thysie kan gaan. Meester Van Rooy help ook, en as onderhandelings eindelik slaag om 'n spoorwagbus gereeld na die Kloof te laat loop, word Thysie aangewys om die possakke te versorg. Op allerlei wyse word geld ingesamel. Daar word konsert gehou, alwynsap word getap om aan die apteker op die dorp te verkoop, klipsweet, besemgoed en bobbejaanstert word gesoek om te verkoop. Daar is ook ander gebeurtenisse wat met die geldinsameling niks te make het nie, soos Margaret se verjaardagparty en die geheim van die geel deur en oom Kortetjie. Teen die einde van die verhaal is daar genoeg geld om Thysie vir 'n paar jaar dorpskool toe te stuur. Deur dié gebeure tree elke lid van die gemeenskap as individu op die voorgrond. Terselfdertyd kry die leser 'n beeld van die gemeenskap as geheel.

Die bereidwilligheid van die Ruiters om geld te help insamel, is 'n be-

wys van die saamhorigheidsgevoel van hierdie behoeftige groepie plaaskinders. Thysie is een van hulle, en juis daarom is hulle so getig om hom te help, al is die helpers self ook maar behoeftig.

In „Pennie se vuur" is dit 'n paar jaar later, en Henk is nou in standerd nege. Sy boesemvriend is Basie, en hulle het die oog op twee nooiens, Miemsie en Marié. Die hele verhaal speel dan af op die plaas gedurende die skoolvakansie, want Basie gaan kuier by Henk en Marié kuler by Miemsie, die dogter van oom Swart Sarel le Roux, ook woonagtig in die Kloof. Dit is vir die jongmense 'n heerlike vakansie. Daar is die vark-episode met die dinamiet, die bobbejaanjag, die tog met Lizzie II, 'n tuisgemaakte karavaan om Nuwejaar te gaan vier by die palingwaters van Kruisrivier, waar daar ook „rugby" gespeel word en wildeganse gejag word.

In albei hierdie verhale val die skildering van die behoeftige gemeenskap onmiddellik op. In „Die groen ghoen" is dit die armoede van die kinders wat uitgebeeld word: „Die sandpaadjie winkel toe is kliphard geryp; dit kraak lekker bros onder my kaalvoete. Die sny onder my linkertoon brand effens, maar dis goed so. Dis ál wat man maak"... (p. 10) So word Henk beskryf. By die ontvangs van die bus het Thysie nie 'n wit hemp om aan te trek nie. Henk leen vir hom 'n wit hemp, en dan sê Thysie: „Ek wonder darem, Henk jong. Sê nou die hemp word vuil". (p. 52) Thysie voel selfbewus en skaam. Die armoede van die kinders word nog verder beklemtoon deur die voorkoms van die

twee Engelssprekende kinders: „Hulle kom stadig nader gestap, die seun effens langer as sy suster. Hulle dra hulle boeke in netjiese handtasse, nie soos ons in kakierugsakke nie. En hulle klere... so netjies het ek in my lewe nog nie gesien nie". (p. 15)

In „Pennie se vuur" is dit weer veral die armoede en eenvoud van die volwassenes wat beskryf word: „Oom Poon... sukkel om die pypsteel met die enigste twee oorgeblewe voortande vas te byt en as dit hom nie dadelik geluk nie, steek hy dit in sy sak en wys na 'n verweerde ou mortorkussing teen die peperboomstam". (p. 55) Met deernis skryf die skrywer verder: „Die koffie is swart en sterk en die geblomde outydse kommetjies waaruit ons drink, hou minstens twee koppies elk. Wat 'n seldsame weelde hier by die goedige twee oumense in die skaduwee van die peperboom". (p. 55) Ook die ander oumense is in hul le armoede met simpatie geteken, Oom Sarel, oom Bêrend, oom Rooie, die volkies.

By hierdie mense is daar nog veel lewensvreugde. Daar is goedige skerts, veral van die volwassenes teenoor die jongmense. As Henk en Basie aangesê word om smôrens koffie te maak en hulle verslaap, is Ouboet se reaksie: „„Julle manne kan julle skof maar môreoggend begin. Ek sal julle my wekker leen'. Ek merk 'n fyn spotlaggie by Ouboet se mondhoëke"... (p. 19) As Ouboet geterg word met juffrou De Waal, terg hy terug: „Julle twee manne is verniet so bekommerd; nadat ek juffrou De Waal gaan oplaai het, sal daar nog baie plek oor

wees vir Hoekplaas se twee nōiens". (p. 40) As Henk te skaam is om Marie as maat vir die volkspele te vra, spot sy vader goedig: „Agge=nee, siestog, Truida... hoe staan ons kind dan so verlate hier? Sie... dat 'n man nou so swak kan wees en so min na sy pa kan aard!"

(p. 136) Die tergerery tussen ouers en kinders toon 'n besonder goeie verstandhouding. 'n Toonbeeld van vreugde en lewensblyheid te mid=de van armoede is oom Poon, die sanger en ghitaarspeler van die Kloof: „Dan ruk die ou skouertjies meteens regop en die linkerhand lig die ghitaar hoog bo die verweerde vaal pet. Die vingers van die regterhand slaan kruis en dwars met driftige hale... En dan gee oom Poon hom oor aan sy lied. Dis 'n byna bulderende stem, sodat die nekare swel". (p. 56) Dat die armoede en swaarkry hierdie mense nie kan onderkry nie, blyk uit hulle uitgelatenheid by die Nuwejaars=viering: „Die vroumense en kinders steur hulle min aan die kantlyn en storm gillend die veld op. Ook die meeste spelers is blote toe=skouers as die Kruisrivierder met uitgestrekte arms en die kop om=laag onder oom Bêrend instorm. ‚Trap hom fyn, Bêrend! Dra hom saam!‘ skree oom Faan, buite homself van opgewondenheid". (p. 111)

So word menseverhoudings geteken en die plek van die jongmens en die volwassene in die samelewing aangedui. Die jeugdige leser maak kennis met verhoudings binne die gesin, maar ook daar buite, soos verhoudings tussen vriende, tussen oud en jonk, tussen seun en dog=ter in die pubertelt.

Daar is handeling en spanning in Nortje se verhale. In „Die groen

ghoen" is alles rustig en stil in die klaskamer: „En toe bars daar êrens agter my 'n verskriklike kabaal los! Dis George. Hy het met aartsgeweld uit sy bank uit opgevlieg en is heeltemal rasend. Met oopgesperde kake en oë wat wild van vrees in sy kop staan, loop hy alles voor hom plat om voor by die tafel te kom... 'n aaklige roggel= geluid diep uit sy keel... 'n Albaster in sy keel!" (p. 29) Die spanning laai hoog op as die Ruiters gaan kyk wat agter die geel deur is: „Eers Granaat, toe die bewende hand van Piet Skewe Naas met die kersie, en toe ons ander drie. Nader. As Piet die kers net 'n aks of wat wil lig, sien ek binne in die kis... Dis die gees! Die witte waar= van ou Klaas gepraat het! My bors wil toetrek, maar ek kan nie weg= kyk nie. Met 'n steun lig die ding stadig uit die kis uit op en beu= orent. Dis ons laaste uur... die ding begin na ons kyk". (p. 124)

In „Pennie se vuur" is daar ook spannende gebeurtenisse, soos die bobbejaanjag, die tog met Lizzie II en die ongeluk met die motorboot op die rivier. Nortjé weet hoe om die leser te boei! Maar selfs ty= dens die spannendste gebeure is daar nog die skrywer se simpatieke benadering van die lewe. Hy beskryf die klein wees-bobbejaantjie: „'n Enkele sekonde staan hy so, die ligrooi lyfie bewend teen die stelte, en dan, as wat hy sien tot sy botte bobbejaanverstandjie deurdring, dop sy ogies spierwit in die kaste om en gaap die bek= kie 'n oomblik spraakloos oop. Toe sny dit deur murg en been soos hy in een uitgerekte noodkreet al sy vrees en verlatenheid aan die wêreld uitgil". (p. 78) Of Nortjé spanning uitbeeld of die tragiese, daar is altyd ook 'n element van die komiese aanwesig. Sy groot sin

vir humor maak van hom by uitstek 'n skrywer vir die jeug.

'n Mens voel dat die karakters van die verhale in hulle milieu tuishoort. Hulle is lief vir hul kontrel. As Henk in „Pennie se vuur" te perd vertrek, is sy reaksie: „My oë raak gewoond aan die skerp sonlig en as ek die reuk van die verlepte lusernhooi in die mied links van die hek diep intrek en my blik 'n oomblik laat dwaal oor die kronkelende geel strook doringbloeisels al langs die sandbedding van die Bobbejaansrivier af tot onder om die punt van Bosrug, dan weet ek - dis lekker om tuis te wees hier op Sewefontein!" (p. 41)

Een van die vereistes wat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan jeugboeke stel, is dat dit verkieslik Afrikanerkarakter=
eienskappe moet uitbeeld en nasietrots moet aanwakker. Die mense en die land word in dié twee werke met soveel liefde, insig en begrip uitgebeeld, dat die leser hom maklik een kan voel met sy land en sy volk. Hy sal trots voel om as deel van hierdie nasie gereken te kan word.

Hierdie twee verhale van Nortjé sal deur baie jong lesers geniet word. Vir dié wat van ligte leesstof hou, is daar die boeiende vertellings met volop aksie en spanning. Vir dié wat iets meer verlang, is daar die uitbeelding van die mense - elkeen 'n individu met 'n eie gevoels=
lewe, mense wat in hul eenvoud en armoede nogtans die adel van die volk is.

Vir die jeugdige wat nie meer gewoon is aan 'n hegte gesinsverband nie, of wat nie meer bekend is met ons eie land en sy mense nie, is hierdie twee werke insiggewende leesstof. Dit is van so 'n hoë gehalte dat dit bekroning beslis verdien.

„Die groen ghoen" is in Engels vertaal en uitgegee deur Oxford University Press in Londen - 'n prestasie vir 'n Suid-Afrikaanse jeugboek wat verdere erkenning verleen aan die gehalte van Nortjé se werk. Hierdie uitgawe is tegnies baie beter versorg en die illustrasies deur William Papas, bekende Engelse illustreerder van strokiesverhale en spotprente, verleen verdere luister aan 'n mooi uitgawe. Dit lyk van buite baie aantrekliker as die Afrikaanse uitgawe wat maar doodgewoon is.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat by die toekenning van die Scheepersprys slegs die letterkundige gehalte in ag geneem word. Al stel die Akademie nie vereistes ten opsigte van die voorkoms van die boek nie, en al is die toekenning van die prys in hierdie geval dus geregverdig, bly dit nogtans jammer dat die boeke fisies nie van dieselfde hoë gehalte is as die inhoud van die verhale nie.

As die bekroonde jeuglektuur as geheel in oënskou geneem word, is dit opvallend dat 'n groot persentasie seunsboeke bekroon is. Daar is byvoorbeeld W. A. de Klerk se avontuurverhale vir seuns: „Die skarlaken eskader" en „Vallei van die Rooi Gode"; P. J. Schoeman se jagverhale en verhale oor ons natuur met sy wilde diere, en daar

is Mikro se „Kaptein Gereke“, „Die ruiter in die nag“ en „Die jongste ruiter“ waarin oorlogservaringe en -avonture verhaal word. Van al hierdie skrywers se werk word dié van Mikro die meeste gelees, en die lesers is veral seuns.

Die jong seun is besonder lief vir lewendige handeling en sterk uiterlike spanning. Soos dit van 'n verhaal uit die oorlog verwag kan word, is daar spanningsvolle oomblikke in „Die jongste ruiter“. Krisjan neem 'n perd van 'n Engelse offisier met behulp van die sestienjarige Stoffel af. In die nag kom Harry Suter om sy perd terug te haal. Die ontmoeting tussen die Boere en die Engelse in die donker is 'n dramatiese episode. In „Kaptein Gereke“ is Sarel se roekelose optrede, byvoorbeeld waar hy die waens en gewere van Kaptein Drew buit, spannend. Die spanning in Mikro se boeke gaan altyd gepaard met vinnige handeling. Mikro boei sy leser juis deur die een episode vinnig op die ander te laat volg. In sy oorlogsverhale is daar 'n ondertoon van gevaar, want die dood skuil om elke draai. Maar baie sterker op die voorgrond is die waaghalsigheid, die avontuurlike, die tarding van die gevaar. Daarmee saam gaan die lewenslus van die jeug, die onverskrokkenheid van die jeugdige vegter. Vir Mikro se karakters is die oorlog nie angsvol en wreed nie, maar 'n goeie geleentheid om avontuur te beleef. Daarom word die karakters nie moeg en oud en terneergedruk nie, maar tree hulle as helde, vol vuur en lewenslus, uit die stryd. Al oorwin die vyand, word die jong vegters nie oorwin nie. Hulle is helde, dapper, onverskrokke en waaghalsig. Met slim sette geluk dit hul telkens om die vyand te uitoorlê. In die spel wat

hulle met die vyand speel, is hulle telkens oorwinnaars. En hiervan hou die jong seun. Hy lees graag hoe dié helde optree, en daar bestaan by hom heldeverering en bewondering vir sulke dapperheid. In Mikro se oorlogsverhale bly die verwoesting van die oorlog, die hopenloosheid van die stryd wat vir volk en vaderland gevoer word op die agtergrond. Dit vervaag teen die verrukking wat die leser ervaar as hy avontuur na avontuur beleef. Dit maak hierdie werke besonder gewild.

En tog bied Mikro meer as net avontuur in sy avontuurverhale. Hy beeld ook volkstrou en liefde vir die eie uit. Watter seun sal nie trots wees op Albert Pretorius, tevore 'n verraaier en nou een van die dapperste vegters vir sy land nie! Krisjan, nog maar dertien, is gretig om te gaan veg. Hy het so 'n groot bewondering vir die Boeremagte en veral vir generaal De Wet. Kleingeld Barnard is skaars vyftien jaar as hy bekend raak om sy onverskrokkenheid as leier. Hy is 'n leier wat alles sal opoffer vir volk en vaderland.

Mikro beskryf ook die Boere se sterk geloof. Nadat hy van 'n skermutseling verhaal het, sê hy op bladsy 125 van „Die jongste ruiter“: „Saggies begin oom Hendrik Alwee die eerste vers van Psalm 146 te sing. Die een na die ander val die burgers en die verkenners ook saggies in. Dit het sommer so spontaan gekom. Hulle is dankbaar vir die uitredding... Hulle het nog net hul vertroue in die Allerhoogste oor en roem nie in krygstuig nie“.

Mikro se spanningsverhale het egter ook gebreke. Die handeling is

slegs uiterlik en die gebeurtenisse staan meesal los van die karakters, so asof hulle die gebeure ondergaan en tog nie daardeur gevorm of selfs geraak word nie. Hulle bly dus poppe wat gebruik word om die handeling te laat plaasvind sonder dat selfs die hoofkarakters lewende mense van vlees en bloed word.

Die byna oordrewe aksentuering van die uiterlike handeling bring dikwels ook mee dat daar weinig atmosfeerskildering is. Met 'n bietjie meer van die stemming van terneergedruktheid, wanneer dit sleg gaan, en van optimisme, wanneer dit goed gaan, kon die verloop van die oorlog 'n baie groter indruk op die leser gemaak het. Selfs by die beskrywing van die afskeid tussen gesinslede is daar min emosie te bespeur, met die gevolg dat die ideale geleentheid vir die skildering van die stemming van die afskeid nie benut word nie. Die gebrek aan atmosfeerweergawe veroorsaak dat dié bewoë tydperk uit ons volksgeskiedenis nooit as sodanig herleef nie. Daar is min van die verslaenheid van die oorwonnene, van die besef dat die stryd verlore is, dat die vryheid ingeboet is en dat die land weer van vooraf opgebou sal moet word.

Nog 'n gebrek is die byna eentonige reëlmaat van gebeure. Omdat die betrokke jeugboeke almal oor die Tweede Vryheidsoorlog handel, beskryf Mikro aanval en teenaanval, oorwinning en neerlaag, lokvalle en noue ontkomings. So is daar ander karakters en ander plekke, maar in wese is die gebeurtenisse feitlik identies.

Hierdie avontuurverhale is gesonde ontspanningslektuur vir die jeug, maar weinig meer. Letterkundig is dit nie van besonder hoë gehalte nie. Die verhale is stewig opgebou, besit genoeg handeling en spanning en die trant is vinnig, sodat die seun wat van avontuur hou, hierdie verhale terdeë kan geniet. Daarby wakker dit nasietrots en liefde vir die vaderland aan. Die grootste waarde van die verhale is miskien dat dit juis op 'n tydstip gekom het, toe dit die jeug kon aanmoedig om te lees, omdat ander geskikte leesstof grotendeels ontbreek het. „Die ruiter in die nag” het reeds in 1936 verskyn, „Kaptein Gereke” in 1937, „Die jongste ruiter” in 1954 en „Die Kleingeldkommando” in 1956. Van daardie tyd af tot vandag boei dit die jong leser.

Die toekenning van die Scheepersprys in 1957 aan Mikro vir hoofsaaklik sy oorlogsverhale is myns insiens in 'n mate geregverdig, nie op grond van die letterkundige gehalte nie, maar veral omdat dit nasietrots aanwakker en 'n beeld gee van die Afrikaner uit 'n tydperk in sy geskiedenis. Die kweek van 'n liefde vir die volkseie is immers deur die Akademie as 'n vereiste gestel.

In teenstelling met die talle bekroonde jeugboeke vir seuns, is daar slegs enkeles uitsluitlik vir dogters. In 1959 ontvang Alba Bouwer die Scheepersprys vir „Stories van Rivierplaas”, maar hierdie is nie 'n suiwer jeugwerk nie. Alie is nog te veel kind en te min jeugdige om die tienerleser se aandag te hou. Dat daar wel sommige dogters van twaalf of dertien jaar sal wees wat dié verhaal kan geniet, word nie betwyfel nie. Maar vir die deursnee-tienderjarige sal

dit besluit nie meer geskikte leesstof wees nie. Vir kinders is dit egter goeie lektuur. Alie is so 'n tipiese plaasdogter, en sy word so raak uitgebeeld, dat die leser saam met haar lêëf. Haar vreugde en verdriet word ook die leser s'n.

Verhale vir die jong dogter in die ware sin is „Janette" en „Uit Juf=frou se dagboek" deur Sita. Die Scheepersprys vir 1960 word aan haar toegeken vir onder andere hierdie twee werke.

Sita is in die Potchefstroomse distrik gebore en het ook hier opgegroeï in 'n landelike omgewing waarin sy voortdurend in aanraking was met die adel van die boerelewe. Aangesien haar jeugboeke meesal geba=seer is op herinnerings uit haar eie jongdae, kom dié landelikheid ook in die meeste van haar jeugwerke voor. In „Janette; 'n dogter wat geen dame wou word nie" vind ons 'n sterk kontras tussen die plaaslewe en die stadslewe. Janette word sonder 'n moeder op 'n plaas groot en as gevolg daarvan is sy 'n wilde, ongekunstelde mei=sie wat alles kan doen wat seuns doen, en dikwels bétér as wat die seuns kan. Deur die hele verhaal, terwyl Janette in die stad is, is daar haar verlange na die plaaslewe. Tuis vir die vakansie dink sy: „Dit sal darem alte lekker wees om 'n hele dag in die veld te gaan deurbring veral as mens 'n hele kwartaal lank in die stad vasgekeer was"... (p. 111) Vir die moderne stadsdogter sal hierdie verhaal 'n openbaring wees van die aantreklikheid van die lewe op die platteland.

Die groot bekoring van Sita se jeugverhale lê in haar kostelike weerga=

we van situasies. Sita is 'n bobaas-skepper van die komiese situasie, en die sukses van „Uit Juffrou se dagboek" en „Janette" is grotendeels hieraan toe te skrywe. In laasgenoemde is daar die een komiese situasie na die ander. Janette se optrede teenoor Gertze, tant Ulrica se „sjoffer" is lagwekkend. Op die stasie, ten aanskoue van talle mense, soengroet sy hom onder die indruk dat hy haar oom Melius is! En toe hy vir haar die agterste deur van die motor oophou, sê sy: „Nee, ek wil voor by Meneer sit, want 'n motor gooi mens te veel rond as jy alleen agter in sit". (p. 22) Om alles te kroon, spreek sy, toe hulle tuis kom, haar streng en ongenaakbare tant Ulrica aan asof sy 'n bediende is, want dit is waarvoor sy haar tante aansien! In „Uit Juffrou se dagboek" het die Juffrou die eienaardige familienaam „Bleriot", wat „Blerrie-ou" uitgespreek word. Toe ou oom Grové, by wie sy gaan loseer, haar naam hoor, is sy kommentaar: „„Genade"!... Hy gryp sy hoed en laat vat die deur uit". (p. 8) En toe Willie haar so aanspreek, sê die oom: „Jou ellendige klein niksnuits! Wie leer vir jou om so te vloek? Laat ek nou weer een maal hoor dat jy sulke liederlike taal gebruik, gehôr!" (p. 9)

Sita ken die jeug: sy emosies en gedagtes, sy optrede, sy begeertes, sy behoeftes en sy lewensopvatting, en sy vertel daarvan in die taal van die jeug. Maar dit is die jeug van 'n paar dekades gelede. Vandag se jongmense mag die situasies effens vreemd vind. Die kostelike episodes bring egter mee dat selfs die mees moderne tienderjarige haar boeke geniet.

Op 'n eenvoudige, frisse en ongeunstelike manier skets sy die karakters. Daar is die opstandige en wilde Janette wat sê, noudat haar tante hâar wil tem, moet sy oppas dat sy nie self getem word nie. Maar Janette is ook 'n terggees: sy vertel ou aia Sabien sy gaan hulle verlaat, en toe die ou bediende verkeerdlik verstaan dat Janette bedoel sy gaan sterf, laat Janette haar eers onder die verkeerde indruk om die situasie ten volle te kan geniet en ou Sabien uit te lag! Ten spyte van hierdie karaktertrekke, kan Janette ook ernstig wees, en het sy 'n suiwer en eerlike insig in haar eie tekortkominge. So bieg sy teenoor oom Melius: „Ek meen altyd om... om soet en stemmig te wees, maar as ek weer sien, het ek klaar dinge gedoen wat ek nie moes doen nie... ek dink binne-in my is 'n duiweltjie wat my aanpor om so te maak"... (p. 36)

„Uit Juffrou se dagboek" verbeeld weer die jong, onervare onderwyseressie se karakter. Aangesien die verhaal in die vorm van 'n dagboek is, vind ons intieme ontboeseminge van die Juffrou se diepste gevoelens, begeertes en beskouinge. Ons leer haar ken as 'n bang en huiwerige skooljuffrou maar tog met snel-ontwikkelende selfvertroue, sodat sy moeilike ouers, leerlinge en situasies die hoof kan bied. Haar meelewing met die eenvoudige mense van die omgewing is bewys van haar simpatieke geaardheid. Haar gevoelslewe as jong meisie blyk uit die uitbeelding van die ontwakende liefde tussen haar en Ryno Jordaan. So belig Sita al die fasette van die karakter. Die jong dogter wat hierdie boeke lees, sal haarself in die karakters herken, en sy sal leer om haar eie gevoelens en emosies in die regte lig

te sien.

Sita is 'n baasverteller. Haar verhale lees vlot en sy bied die temas op 'n interessante wyse aan. Haar taalgebruik is eenvoudig. Deur middel van dialoog skep sy lewendige verhale, dinamies en sprankelend en vol pittige sêgoed. Sy slaag daarin om amusant te vertel, sodat die jong leser dit geniet om haar boeke te lees.

Toe sy dié boeke geskryf het, was Sita 'n baanbreker op die gebied van die jeugverhaal. Haar werke het verskyn in 'n tyd toe daar min ander goeie leesstof vir die jeug beskikbaar was. Op grond hiervan, maar ook as erkenning van die letterkundige gehalte van haar werk en die vergestaltung van 'n stukkie lewe van die Afrikanerjeug, is die Schepersprys aan haar toegeken.

Uit hierdie bespreking van voorbeelde van bekroonde lektuur vir kleuters, kinders en jeugdiges blyk dit dat daar vir elk van hierdie ouderdomsgroepe boeke van hoë gehalte bekroon is. Dit is verblydend dat Afrikaanse skrywers werk van hierdie gehalte vir al dié groepe kon lewer en dat die stappe geneem is om dit te bekroon.

HOOFSTUK X SOORTE BEKROONDE KINDERBOEKE IN SUID-AFRIKA OM IN DIE SMAAK VAN 'N VERSKEIDENHEID LESERS TE VOORSIEN

Die bevredigende gehalte van bekroonde boeke vir alle ouderdoms= groepe van die kleuter tot die jeugdige beteken nog nie dat die bekroon= de werke noodwendig verteenwoordigend is van alle soorte lektuur vir lesers nie. Dié lesers en groepe lesers toon sekere voorkeure wat die soorte leesstof betref, daarom moet die bekroonde werke 'n verskeidenheid tipes insluit.

Sommige tipes kinderboeke is reeds bespreek, omdat dit uiteraard gekoppel word aan lesers van 'n sekere ouderdom. So is kinderver= se, prenteboeke, gesinsverhale en avontuurverhale reeds behandel. Onder die bekroondes is daar ook nog ander.

Die dier- en natuurverhaal neem in die Afrikaanse letterkunde 'n be= sondere plek in. Omdat Suid-Afrika ryk is aan fauna en flora, het dit van die begin af die aandag van die inwoners geniet. Dit is dus vanselfsprekend dat dit ook goed verteenwoordig moet wees in die Afrikaanse kinderlektuur.

P. J. Schoeman is een van die grootste kenners van die Suid-Afrikaan= se veld met sy bewoners. Hierdie kennis vat hy saam in 'n hele aan= tal jeugboeke. Hy verwerf twee keer die Scheepersprys. In 1956 toe

dié prys vir die eerste keer toegeken is, ontvang hy dit vir „Drie jong jagters“, „Fanie se veldskooldae“, „Fanie word grootwildjagter“ en „Uitspring, kêrels“. In 1967 word dié prys weer aan hom toegeken, en hierdie keer vir een van sy werke wat vir die jeug 'n besondere bekoring inhou, naamlik „Kampvure wat nie uitbrand nie“.

Seker die mees opvallende kenmerk van Schoeman as skrywer is sy swerflus en sy hartstogtelike liefde vir die veld. Hierdie besondere gevoel teenoor die natuur veroorsaak dat hy idealiseer. As romantiese idealis gee hy dan sy jeugherinneringe weer. Die veld en veldlewe het Schoeman as mens gevorm, en sy filosofieë het altyd die natuur as tema. Hy sê byvoorbeeld: „Daar is dinge in die lewe wat net een keer vir die eerste maal kan gebeur: Jou eerste ja-woord van 'n nooientjie... jou eerste leeu... jou eerste buffel... Dis soos kampvure op die swerwer= mens se ver paaie – kampvure wat nooit heeltemal uitbrand nie, want hoe verder die swerfpaaie gaan, hoe meer kuier jy terug op die mooi plekkies wat agter lê“. ¹ Schoeman se tuiste is die vrye natuur. Hy is diep gelukkig as hy in die veld verkeer. Hierdie gevoel dra hy oor op sy karakters. Fanie se intense gevoel vir die natuur beeld hy soos volg uit: „Daarna het hy op 'n hoë, plat klip geklouter en, met sy hand bak bo sy oë, die rivier 'n goeie duisend treë laer af staan en betrag. 'n Paar oomblikke het sy gedagtes nie saam met sy oë gedwaal nie, maar in 'n sonderlinge warm kol op die holte van sy maag saam= getrek. Die onbekende land, daar oorkant die rivier, het hom half

1. Schoeman. Kampvure wat nie uitbrand nie, p. 221.

gehipnotiseer. Die gevoel van 'n groot, geheimsinnige onbekende in en om hom heen het sy kakebene strammerig laat voel. 'n Drang om sommer 'n harde, uitdagende skreeu die berge in te stuur, het hom 'n rukkie geterg'.²

Schoeman is fyn waarnemer en kenner. Hy ken die gewoontes van die wilde diere. Hy peil die aard en gevoelens van die dier en sy tekening is lewendig en raak. Hy weet byvoorbeeld hoe 'n leeu reageer as hy gejag word. Hy weet dat 'n krokodil, as 'n mens en 'n hond saam in die water ingaan, die hond eerste sal vang. Hy ken die gevare van die boslewe, maar hy smaak ook die genot van dié lewe.

Ook van die natuurmens, die naturel, is hy 'n kenner. Hy het die lewenswysheid van die natuurkind sy eie gemaak. Ou Lewies se woorde kon ook Schoeman se woorde gewees het: „Die pad waarop 'n moeder se hart na haar seun toe gaan, word nooit 'n ou pad nie. . . Die pad waarop 'n seun se hart na die jong nonna toe gaan, word nooit 'n ou pad nie. . . Die paale waarop die mens soek na plekkies om sy seer hart weg te steek vir ander mense, word nooit ou paale nie. . .”³ Hierin lê Schoeman se krag as skrywer. Hy neem die natuur waar en ontwikkel so 'n diep gevoel daarvoor, dat hy die lewe daaruit wil verklar. Hy verwerk die natuur tot 'n krag in die lewe. Hierin lê ook Schoeman se swaakteit as skrywer. Hy verval in filosofieë oor die lewe, totdat die draad van die verhaal so dun word dat dit mettert

2. Schoeman. Fanie se veldskooldae, p. 171-2.

3. Ibid., p. 26.

moeilik gevolg kan word. Ten spyte hiervan is Schoeman se natuur- en dierverhale uitstekende jeuglektuur. Daar is genoeg handeling, spanning en opwinding om die leser te boei; avonture wat die leser interesseer; diepgaande karakterbeelding en -ontleding om die mens as wese in die natuur daar te stel. Die skrywer se liefde en bewondering vir die natuur kweek by die leser dieselfde gevoel. Hy leer om saam met die skrywer nie net waar te neem nie, maar ook te ervaar en geestelik verryk te word.

Vir die jeug van vandag sal die verhale miskien vreemd opval. Hulle kan die natuur nie meer self so intens leer ken en waardeer as wat Schoeman as jong seun dit kon doen nie. Die hedendaagse lewens= tempo en bedrywighede maak dit onmoontlik. Juis daarom sal hierdie verhale aan die leser 'n nuwe, dieper beeld gee van dié dinge in die natuur wat hy maar net vlugtig en oppervlakkig kan waarneem. Schoe= man se oorspronklike siening en innige liefde kan by die jong leser 'n nuwe waardering laat ontstaan vir die natuur waaruit die mens so= veel krag en besieling kan put.

Die geskiedenis van 'n volk dien dikwels as inspirasie vir skrywers. Verhale met 'n historiese agtergrond bied gewoonlik aan die leser 'n beeld van daardie tyd. Indien dit goed is, lewe die karakters, en kom die leser tot die besef dat hulle ook mense met gevoelens en emosies is. Sodoende herleef die tydperk waarin die verhaal afspeel.

In 1920 het „Kinders van die Voortrek“, deur M. E. R. , verskyn. In 1960 word dit in 'n verwerkte vorm uitgegee onder die titel „Die tweeling trek saam“, en hiervoor ontvang mev. M. E. Rothman in 1961 die Scheepersprys vir jeuglektuur.

As mens is M. E. R. stil en ingetoë, kalm en beheers. Sy kan besonder skerp waarneem en het 'n uitstekende geheue. As gevolg van haar gebalanseerde lewensuitkyk kan sy tot die wese van dinge deurdring. In haar boeke vind ons al hierdie kenmerke terug.

„Die tweeling trek saam“ is die verhaal van Diepkloof se mense, die De Lange-gesin. Daar is die ouers en ses kinders, drie seuns en drie dogters, waarvan een seun en een dogter 'n tweeling is. Daar word vertel van die plaaslewe en die moeilikhede met die Xhosas, die besluit om te trek, die lewe in die veld en in die laer. Jagstories word vertel, stories van die skool, van Retief se besoek aan die trekkers en die aanval deur die Zoeloes nadat die trekkers die Berg af is.

Die verhaal is 'n vertelling, en die skryfster probeer hierdie feit nie verdoesel nie. Sy beklemtoon dit eintlik deur sekere sinsnede soos: „Sulker was daar maar min in daardie dae“, (p. 2) „Nou moet ek eers vertel hoe die kloof gelyk het“, (p. 6) „Vandag se kinders weet seker nie van hakskeentjies nie“ (p. 51) en „Tant Kotie van Rensburg was Trynie se ouma. Ek sal later weer van haar vertel, maar nou vertel ons eintlik van Piet Retief“. (p. 67) Deur

hierdie woorde ontstaan daar 'n intieme band tussen skryfster en leser, want dit voel vir die leser of hy deur die skryfster aangespreek word, asof hy sit en luister terwyl M. E. R. praat. Die leser word dus kort-kort daaraan herinner dat dit 'n vertelling is en dit ontnem hom in 'n sekere mate die geleentheid om hom in die verhaal in te leef. Die gebeurtenisse bly iets van die verre verlede en word nooit deel van die hede of van die leser nie. Die leser word ook doelbewus herinner aan die tydsverloop tussen die gebeurtenisse in die verhaal en die hede, deur stellings soos: „maar die fyn suiker, waaraan van= dag se kinders so gewoond is, was toe onbekend"... (p. 30) en „tog jammer dat die ou kakebeenwaentjies van die Voortrekkers nou ver= gaan is". (p. 75) Die voordeel van die beklemtoning van die verhaal as vertelling lê daarin dat die leser die indruk kry dat 'n storie vertel word. En watter kind of jongmens luister nie graag na stories nie?

In 'n historiese verhaal kan die skrywer sy gegewens gee in die vorm van 'n vertelling, soos M. E. R. hier doen. Maar dit kan ook aange= bied word asof die gebeurtenisse nou plaasvind. In dié geval kan iets van die historiese verlore gaan omdat die indruk van die verlede vervang word deur die onmiddellike, die hede. In hierdie vertelling deur M. E. R. word die leser deur die vorm van die vertelling tel= kens weer daaraan herinner dat dit afspeel in 'n tyd lank reeds verby.

Aangesien die skryfster so sterk deur die vertelling spreek, is haar siening van 'n situasie gewoonlik op die voorgrond. Sy interpreteer vir die leser. Dat sy die verhaal egter spesifiek vir kinders geskryf

het, blyk uit haar siening wat ook ooreenstem met dié van die kind. Sy sê op bladsy 6: „Dit was 'n heerlike someroggend, nog nie te warm om buite te speel nie'. Dit is presies soos 'n kind dit sal sien. 'n Típiése kinderaktiwiteit word hierby betrek. Dit word as 'n vereiste gestel dat 'n kinderverhaal uit die kindertyd moet spruit en dat dit nie bloot oor die kindertyd moet handel nie. In hierdie werk van M. E. R. handel dit oor die kindertyd. Dit is 'n vertelling vir kinders (die vroeëre jeugjare) soos deur 'n volwassene vertel.

Omdat die verhaal slegs oor die kindertyd handel, wil dit met die eerste oogopslag lyk na 'n gebrek. Dit is in 'n mate so, maar daar is weer ander eienskappe wat dit goeie kinderlektuur maak.

'n Baie belangrike vereiste vir kinderlektuur is eenvoudige taalgebruik. Met hoe min omhaal word vertel hoe Gert, 'n seuntjie, 'n Xhosa in die bosse ontdek: „Meteens gewaar hy iets wat roer aan die ander kant van die kloof, 'n hele ent weg van waar hy was. Hy moes goed kyk - maar toe sien hy - dit is mos 'n asgaaipunt wat uitsteek tussen die bosse!' " (p. 9) Gert het groot geskrik, en kalm en bedaard vertel M. E. R. : „'n Mens voel sleg as jy so alleen in 'n stille bos 'n asgaai sien uitsteek en jy weet maar goed dat dit in die hand van 'n Xhosa is, en dat die moordlus in sy hart brand en in sy oë flikker. Gert se hart het in sy keel geklop en sy lyf was lam van skrik. Maar hy was nie 'n lafaard nie'. (p. 9) Daar is by M. E. R. geen opvallende mooi=skrywery, of skrywery bloot om effek te verkry nie. In eenvoudige taal stel sy 'n situasie voor sonder 'n sweem van sensasie. Hierdie

eenvoud bring mee dat die leser self 'n beeld van die situasie kan vorm. Dikwels het eenvoudige woorde ook baie meer uitdrukkingskrag as wanneer alles in die oortreffende trap vertel word.

Hierdie verhaal uit ons pioniersgeskiedenis het genoeg spanningsmomente. Daar is die gedurige vrees vir die aanvalle van die naturelle op Diepkloof, en as die trek die onbekende in eers begin het, is daar soveel gevare en probleme dat dit aan spanning nie ontbreek nie. In die gebeurtenisse is daar 'n stygende lyn van spanning. Die waens trek die berge af. Hier begin dit reeds oplaai, en in die tipiese eenvoudige taal van M. E. R. word dit so vertel: „Daardie dag kon 'n mens sien wat deur skree en raas met osse gedoen kon word. Die werkvolk was so flou en hees toe hulle eindelijk onder gekom het dat hulle skaars kon praat. Daar moes oor rotsblokke gery word wat die wa van die een kant na die ander gesmyt het; daar moes by rotsbanke afgespring word"... (p. 76) Die spanning laai op as een van hulle op 'n Zoeloe afkom en dié hulle waarsku: „Julle moet omdraai en na julle waens ry, want Dingaan kom, en hy gaan al die bobbejaanhare doodmaak, die laaste een". (p. 99) Die aantog beskryf M. E. R. so: „In die verte styg daar 'n geluid op, soos niks wat Lenie nog gehoor het nie... En weer, soos die wind dit aanbring, lank gerek, onmiskenbaar, kom tot hulle ore die onvergeetlike Zoeloe-oorlogskreet", (p. 102) Die aanval word beskryf met 'n vinniger tempo: „Maar daar was toe geen tyd vir praat nie... Toe met 'n kreet spring die Zoeloes op, omtrent vyftig tree van die waens af... en die asgaale begin op die waens reën... Skielik hoor Gert 'n kreet van pyn. Hy kyk om en

sien dat oom Fanie sy geweer laat val"... (p. 103)

M. E. R. verbeeld spannende gebeure op so 'n manier dat die drama= tiese getemper word. Dit is asof sy interpreteer, haar eie besadigde gevoel uitstort, soos in: „Die ou man lê op sy rug, sy gesig na bo, sy grys baard die ene bloed, sy bors oop en nakend, stukkend gesny. Ag, hoe beskryf 'n mens so iets? Die ou kop lê so aaklig skeef". (p. 108) Van die vreeslike smart van die familie vertel sy met deer= nis: „Daar het Gert en Mina weer hulle liefingsussie gesien, stil uitgestrek op die seil, die bloed nou van haar gesig en hande afgevee, haar klere oor die wonde toegetrek... Geen woord het Moeder gesê nie, net vir Mina vasgevat toe dié snikkend van die vreeslike gesig, na haar arms gevlug het". (p. 110) So skryf M. E. R., die gevoels= mens, en daar is meelewing sonder oppervlakkige sentimentaliteit.

Maar afgesien van gevoelsmens, is M. E. R. ook die noukeurige waar= nemer. Die historiese herleef weer. Daar is die beskrywings van die waens, die kamplewe en huishoudelike toebehore van daardie tyd. Daar is die gewoontes uit daardie tyd, asook die mense se gevoelens tydens die Trek: „Ag, my ou Martha! Waarheen lei die Liewe Heer ons nou? Ek weet nie, ek voel my so beangs oor die toekoms - wat sal tog van ons word?" (p. 54) Dit is nie net die tasbare dinge nie, maar ook die innerlike, die gemoedslwe van die Voortrekkers waar= mee die leser kennis maak. Hulle geloof en standvastigheid blyk uit al hul dade.

Samevattend kan gesê word dat hierdie verhaal 'n weergawe is van 'n bewoë tydperk uit die geskiedenis van die Afrikaner. Dit is egter glad nie 'n weergawe van droë, historiese feite alleen nie, want daarmee word 'n gevoelvolle verhaal geskep, 'n verhaal wat die hart raak, wat by die leser 'n gevoel van trots op sulke voorouers wek.

Dat hierdie werkie van M. E. R. hoë letterkundige waarde het, en dat dit liefde vir die eie aanwakker, is nie te betwyfel nie. Dit is die vereistes wat deur die Akademie gestel is aan werke wat bekroon word.

Maar nou ontstaan die vraag: sal jongmense hierdie verhaal lees? Sal dit hulle boei?

Hierdie verhaal is 'n rustige vertelling met groot gedeeltes waarin min uiterlike handeling voorkom. Jongmense verkies gewoonlik meer handeling, meer spanning, 'n vinniger tempo en 'n aanskouliker uitbeelding.

Die tema van die verhaal is outyds - vandag se jongmense is baie minder geïnteresseerd in die lewe tydens die Groot Trek as 'n kwarteeu gelede. Vir baie sal dit nie ontspanningsleesstof wees nie, maar wel 'n agtergrond bied vir die feite wat hulle op skool leer.

Hoewel hierdie werk van M. E. R. nie in die smaak van die breë massa sal val nie, het dit hoë letterkundige en historiese waarde. Slegs 'n kunstenaar van groot formaat kan met soveel eenvoud 'n verhaal skep.

Die tema leen hom wel tot snelle handeling en dramatiese aksie, maar dit ontbreek in dié werk as gevolg van M. E. R. se nugtere, saaklike styl en siening. Met die bekroning is erkenning gegee aan dié buiten=gewone aanbieding van gebeurtenisse uit ons volksgeskiedenis.

Sprokies vorm 'n belangrike deel van die geestesgoedere van elke volk. Volksprokies is ou verhale wat in die volksmond oorgelewer is. Later is hulle opgeteken en in geskrewe vorm het hulle dieselfde kenmerke as die mondelinge vertellings gehad. Deur die geslagte heen is die inhoud van die sprokie geslyp tot net die essensiële, die wesenlike, oorgebly het, en die tipiese kompakte vorm is 'n gevolg daarvan. Omdat dit so kompak is, word in die inleidende sin gewoonlik reeds gestel waaroor dit gaan, en die duidelike finaliteit van die slot bring die verloop van die verhaal tot 'n beslissende einde. Die sprokie het gewoonlik 'n les waaruit ons kan leer wat reg en verkeerd is. Drama en lewendige aksie is kenmerkend van die sprokie, en 'n duidelike klimaks vorm gewoonlik die keerpunt van die verhaal. Die taal is tipiese volkstaal, vol ritme, musiek en poësie. Die eenvoud daarvan en die saaklikheid van mededeling bring mee dat baie aan die verbeelding van die toehoorder of leser oorgelaat word.

Sprokies word gewoonlik beskou as geskik vir die kleuter en kleiner kind. Dis nie noodwendig altyd die geval nie. Die diepere betekenis van die sprokie gaan soms by die klein kind verby. Hy geniet die vinnige handeling en die dramatiese. Maar die didaktiese het vir hom baie min betekenis, behalwe as dit baie pertinent gestel word. Die

kleuter kan ook nog nie in 'n voldoende mate duidelike gedagtebeelde vorm nie, en omdat die sprokie soveel aan die verbeelding oorlaat, sal die bekoring van die sprokie ook nie altyd ten volle ondervind kan word nie. Daarom moet die sprokie ryklik geïllustreer wees, so= dat die illustrasies die kind in hierdie opsig kan help. Individueel gepubliseerde sprokies sal dus meer geskik wees vir die kleuter as bundels waarin 'n groot aantal saamgevat is. Boeke met slegs een sprokie is merendeels so ryklik geïllustreer, dat hul as prenteboeke beskou kan word. „Botter-aas” en „Die stadsmusikante” is goeie voorbeelde hiervan. Dit is reeds as prenteboeke bespreek.

'n Bekroonde bundel sprokies is „Die mooiste Afrikaanse sprokies” deur Pieter W. Grobbelaar en Katrine Harries. Die C. P. Hoogen=houttoekenning vir 1968 is vir hierdie omvattende werk deur dié twee persone verwerf. Die bundel bevat nie minder nie as vier-en-vyftig sprokies, ingedeel onder sub-hoofde soos Vat hom, Jakkals, Die Afrikaanse Uilspieël, Wolf en Jakkals, Renier de Winnaar, en=sovoorts. Dit sluit bekende sprokies in soos „Antjie Somers”, „Die Heks van Hexrivier”, „Die vlieënde Hollander”, „Hasie Kal=bassie”, „Die voëls kies 'n koning”, „Kaptein van Hunks en die duiwel”, en andere.

Die herkoms van baie van hierdie sprokies kan nog nagespeur word. Daar is sommige van Europese herkoms („Die vlieënde Hollander”, „Die wegraak van die bont by”, „Die Afrikaanse Uilspieël”), van

Hottentot-oorsprong („Pinkie", „Die oorlog tussen die diere en die voëls"); van Boesman-oorsprong („Hasie Haaslip", „Sop met 'n skop"); van Maleise oorsprong („Jakkals Tiervreter"); van Bantoe-oorsprong („Die slim mannetjie", „Toutrek") en suiwer Suid-Afrikaanse sprokies („Die skeur in die berg", „Antjie Somers", „Die Heks van Hex-rivier", „Renier de Winnaar").

Die bekroning van hierdie versameling vestig die aandag op die waarde van dié sprokies, naamlik dat geen ander vorm van letterkunde die wortels van die bevolkingsgroepe van hierdie land so duidelik aandui nie en daardeur aan die leser die geleentheid gee om homself en die inwoners van die land beter te leer ken en verstaan.

Die skryfstyl is onderhoudend en vindingryk. „Die diere kies 'n koning" begin so: „Daar is groot geselskap onder die diere van die veld. Hulle wil 'n koning kies. Wat van Leeu? Ja, Leeu is groot en sterk". (p. 52) Dit klink gesellig, so asof die leser die diere self hoor praat. Tipies van 'n sprokie, is daar ook in hierdie inleidende sinne die bekendstelling van die tema van die bepaalde sprokie, sonder omhaal van woorde.

Aangesien sprokies oorspronklik en vandag nog by uitstek mondelinge letterkunde is, kan dit verwag word dat dit in die taal van die baasverteller moet wees. Die voorkoms van rympies is 'n aanduiding daarvan, want is die baasverteller dan nie juis iemand wat ook baas is van woordklanke nie? Luister maar na

„Ver is my Land van Anderkant,
die glansende golf en die silwer strand,
en die maan en die wind en die vlegsels wier
Ek kom, o my Land Ver-van-Hier!" (p. 16)

en

„Goue voël! Goue voël!
voor jy weer wegvlie,
lê vir my, lê vir my
tog 'n eiertjie!" (p. 138)

In die meeste van die vertellings is daar lewendige handeling en spanning. In „Die Heks van Hexrivier" is dit daar, maar sonder sensasie, as Filip die berge uitklim op soek na die rooi disa. Sy val word beskryf. Toe hy vooroor buk, krummel die klippe onder sy voet. Hy gryp, maar dis net die disa wat hy beetkry. Hy stort met die blom in sy hand na benede. 'n Beskrywing van gille en pogings om vas te gryp, sou te sensasioneel gewees het, met boonop groot skade aan die eenvoud van die taal.

Met min woorde gee die skrywer ook 'n lewendige beeld van die karakters. Die aard van Janfiskaal kom duidelik uit in die volgende woorde: „Die voëls is lus vir Janfiskaal se bloed, maar hy is 'n gevaarlike vegter, en hulle laat hom maar liewers staan. Maar tot vandag toe is geen voël lief vir hom nie". (p. 61) Uit Renier de Winnaar se eie woorde blyk sy sterkste karakters trek. Hy is in sy eie

oë baie belangrik en slim: „Daar het oorlog in die land gekom, en omdat die mense geweet het wat vir hulle goed is, het hulle my sommer dadelik veggeneraal gemaak". (p. 206)

By sommige van die sprokies word 'n kort inleiding gegee om die oorsprong of die ontstaan daarvan te verklaar. Hoewel dit vir die navorser van belang is, is dit onvanpas in 'n kinderboek. Die kind het geen erg aan dié besonderhede nie.

Katrine Harries het al groot bekendheid in Suid-Afrika verwerf as illustreerder van kinderboeke. Hierdie bundel sprokies het besonder hoë eise aan haar gestel, want daar was so 'n verskeidenheid verhaale, elk met sy eie karakters, atmosfeer en gebeurtenisse dat sy aan elke individuele sprokie individuele aandag moes gee. Sy het 155 illustrasies gemaak, waarvan 34 in kleur.

Een van Katrine Harries se besondere kenmerke is haar vermoë om haar karakters te laat lewe. Sy is 'n meester in die skepping van gesigsuitdrukkings. Kyk maar na die bekommerde gesigte van die twee leeus in „Die afgunstige leeus", die mismoedige gesig van Jakkals as hy uit die water klim, in „Vat hom, Jakkals" en die peinsende uitdrukking op Boer se gesig in „Die bottervat". (p. 183)

Haar illustrasies is lewendig en vol beweging waar Wolf en Jakkals die vaatjie botter rol (p. 184), die spiere is gespanne waar Jakkals en Tier baklei (p. 98-9), en die tekening van die vallende Filip toon die

vaart waarmee hy afstort. (p. 200)

Die tekeninge is nooit net 'n herhaling van die geskrewe woord nie - hulle is veel meer. In die illustrasie by „Die vlieënde Hollander" kan die storm, in die teks beskryf, gesien word, maar ook veel meer: die wiegende skepe, die mis en reën, die skemerlig as die stormwolke die son bedek. In „Pinkie" sit die seuntjie bo-op 'n miershoop - soos die teks aandui. Maar om die miershoop is daar klippe en gras en blomme, selfs 'n helderrooi kewer en miere. Dit word nie in die teks genoem nie, maar wel hier in die illustrasies gegee sodat die karakter as't ware in die regte veldatmosfeer geplaas word. Daarby is die blom inheems, sodat ook sommer 'n eg Suid-Afrikaanse atmosfeer geskep word.

Katrine Harries is beroemd vir haar swart-wit pentekeninge. Juis daarom is haar illustrasies in kleur vir hierdie bundel so opvallend. Haar kleurwerk voldoen aan hoë eise. Die illustrasies is kleurryk, maar dit gaan hier nie om blote kleurgebruik nie. Dikwels word dit vir 'n bepaalde doel aangewend. Sy gebruik byvoorbeeld blou en groen om die hoogte wat die voëls vlieg, aan te dui in „Die voëls kies 'n koning". By „Die afgunstige leeus" suggereer geel nie net die veld nie, maar ook jaloesie.

Die illustrasies vul dus werklik die teks aan deur meer besonderhede te gee en betekenis te aksentueer. Boonop is dit illustratiewe kuns op sy beste.

Wat die boek as drukwerk betref, is dit opmerklik dat twee soorte papier gebruik is. Die een is glad en die ander, waarop die swart-wit illustrasies voorkom, is skurf. Dit is jammer dat die uitgewers nie by net een van die twee gehou het nie. Die drukwerk en die spasiëring daarvan is goed. Breë kantruimtes sorg vir 'n skoon, oop voorkoms. 'n Stewige band en aantreklike stofomslag rond die werk mooi af.

Hierdie sprokies het onteenseglik groot kultuur-historiese waarde. Dit is 'n vergestaltung van verhale wat vir baie jare in die volksmond geleef het. Waar dit wel in die verlede in gedrukte vorm verskyn het, het dit nog nooit tevore as 'n versameling van hierdie omvang die lig gesien nie. Maar dit is ook waar dat kinders afgeskrik kan word deur 'n boek van dié formaat. As die vier-en-vyftig sprokies in twee of meer boekdele verskyn het, sou hierdie probleem nie voorgekom het nie. 'n Boek van hierdie grootte is moeilik hanteerbaar deur 'n kleuter. Die kind wat al geleer lees het, sal nie maklik so 'n dik boek aandurf nie, behalwe as hy heelwat ouer is. Maar dan stel hy nie meer in dié ver=hale belang nie.

Ten spyte van hierdie gebrek, is dit 'n puik werk as gevolg van die kleurryke, ekspressiewe illustrasies en die sprankelende teks. Grob=behaar se vermoë om met min woorde baie te sê, dra by tot die groot sukses van die bundel. As volksbest in hierdie vorm verskyn, kan dit tot veel nut en plesier vir die huidige geslag en vir dié wat nog kom, aangewend word. Die bekroning daarvan is dus geregverdig. Hoewel die C. P. Hoogenhoutmedalje, volgens die bepalings, nie aan die skrywer

en aan die illustreerder van 'n werk toegeken mag word nie, kon die S. A. B. V. in hierdie spesifieke geval nie anders nie. Die teks sowel as die illustrasies dra baie by tot die hoë gehalte van die bundel. Die een is 'n noodsaaklike aanvulling tot die ander en albei verdien bekroning.

Verhale op die bo-natuurlike gegronde, het nog altyd die mens geïnteressee. Kinders, jeugdiges en volwassenes word geboei deur vertelling waarin dinge voorkom wat met die verstand nie verklaar kan word nie, wat die verbeelding die loop laat neem en die leser bang maak. As die bo-natuurlike dan nog in die vorm van 'n geheimsinnige wese in die verhaal verskyn, 'n verskynsel wat tot 'n sekere landstreek behoort waar vir verskeie geslagte van dié dier vertel is, verhoog dit die aanvaarbaarheid van die verhaal. Boonop verhoog dit die genot van die leser, as in die verhaal vermeld word van bestaande mense se wedervaringe met die bo-natuurlike.

„Waterbobbejaan”, die eerstelingwerk van Ben Venter, vertel van dié geheimsinnige wese. Die Scheepersprys vir 1969 is aan dié skrywer toegeken.

Reeds baie dekades lank is die bestaan van die Waterbobbejaan aan die bewoners van die Noordwes-Transvaal bekend. Gaan vra maar vir die ouer geslag, en heelwat stories oor hierdie geheimsinnige dier sal vertel word – gegewens so uiteenlopend van aard dat dié

omstrede figuur nog meer in geheimsinnigheid toeneem. Die Waterbobbejaan se bestaan is gegrond op oorlewing. En dit is hierop dat ook Venter sý verhaal grond.

Sakamatlakobata, die skrywer se oupa, besluit om op die verwaarloosde plaas, Bobbejaankrans, te gaan woon. Hulle is ook skaars daar, of Waterbobbejaan begin moleste aanvang. Hy trek die tentpenne uit sodat die tent op die slapende seuns inval. Hy steel later jaarlemoene van die bome af. Hy vang nou en dan 'n lekker vet skaap. Waterbobbejaan bly die skurk van die verhaal totdat die wolf van die naburige plaas begin om op Sakamatlakobata se plaas skade aan te rig. Die boere van die omgewing probeer om van Wolf ontslae te raak, maar uiteindelik is dit Waterbobbejaan wat hulle help om dit reg te kry.

Die newetitel van hierdie werk is „'n Legende uit die bosveld van Marico". Die bestaan van Waterbobbejaan het werklik 'n legende onder die inwoners van dié streek geword. In dié oorlewing kom die bygelowe van blank en nie-blank duidelik na vore. 'n Indoena sê: „As jy hom soek, sal jy hom nooit kry nie. Maar as jy hom nie soek nie, sal jy op hom afkom. En jy moet hom tog nie skiet nie: dit sal dan jare lank nie reën nie". (p. 22) Maar is daar werklik 'n Waterbobbejaan? Hoewel Venter hom as iets werkliks en konkreetes voorstel, is daar tog elemente in die verhaal wat op die moontlikheid dui dat hy slegs in die gemoedere van die mense bestaan, dat dit miskien 'n ander, doodgewone dier is waarvan die handeling vir dié van Waterbobbejaan aangesien word. Vergelyk in hierdie verband die rol wat

Wolf in die verhaal speel. Hy spring oor die kraalmuur en vang van die skape net soos Waterbobbejaan gedoen het. En dan is daar die episode waar Piet en Willem na die vermiste rooibruin vers gaan soek. Piet sien die vers in die lang gras lê en skop na haar om haar te laat opstaan. As die vers orentspring, is dit Waterbobbejaan! Hierdie verwarring suggereer op 'n fyn manier dat Waterbobbejaan mis-kien glad nie bestaan nie.

Waterbobbejaan is 'n skrikaanjaende verskynsel. Hy is méér. Hy is ook die vergestaltung van die boere se voor- en teëspoede. Waterbobbejaan is vriend én vyand.

Sakamatlakobata is, as nuwe intrekker, Waterbobbejaan se vyand. Oom Paul Raaswater waarsku hom sommer al gou: „Neef, jy sal maar moet leer om saam met Waterbobbejaan op een plaas te boer!" (p. 25) Later sê hy: „Jy is vies vir Waterbobbejaan omdat jy alleen op 'n plaas wil boer. Ons ken jou mos. Jy voel natuurlik asof jy die oorspronklike eienaar, Waterbobbejaan, se bywoner is". (p. 27) Die hoogtepunt van die vyandskap word bereik waar hy Waterbobbejaan met die sambok in die boord toetakel. Asof die uitlewing van sy woede 'n keerpunt is, is Sakamatlakobata daarna kalm en verlig. Hy tel een van die gesteelde lemoene op wat Waterbobbejaan laat val het en begin daaraan eet. „Daardie nag het hy so vas en gelukkig soos 'n klein hondjie geslaap". (p. 38) En dan pak die malaria hom beet. Hy bereik nou 'n stadium waarin hy onbewus vriendskap teenoor Waterbobbejaan voel: 'n Malariamuskiet het die gesprek tussen Sakamatlakobata en

Waterbobbejaan aan die gang gesit. Die twee kenners en liefhebbers van die bosveld vind mekaar toe die een se rug stukkend geslaan is en toe die ander een magteloos in sy bed lê". (p. 40) Daar is nou, nadat hy beter word, 'n groot gemis as sy „vriend" nie meer die werf besoek nie. Die roofdiere bly nie meer weg van die werf nie: „Hulle weet dat hy snags om en op die werf rondgehoop het. Hy het tussen hulle gewoon, maar hulle het hom ook as deel van die aanleg beskou". (p. 42) Dat die boer later spyt is oor sy gedrag teenoor Waterbobbejaan, blyk uit sy gedagtes: „Pleks dat hy vir Waterbobbejaan 'n mandjievol (lemoene) met 'n naturel krans toe gestuur het". (p. 51) Ook by Waterbobbejaan het daar 'n verandering van gevoel ingetree. Toe die seuns in die grot oornag, kom Waterbobbejaan tot by hulle waar hulle slaap. Hy streel oor Willem se hare en voel aan hulle klere, sonder om hulle te beseer. Later is Waterbobbejaan die boere se bondgenoot teen Wolf, die vreemde indringer. Met sy hulp word Wolf gedood.

Die geheimsinnigheid van Waterbobbejaan word verhoog deurdat besonderhede weggelaat word. So prikkel Venter die verbeelding. Toe die gesin van 'n besoek aan die bure terugkeer, word hulle bewus van iets wat hulle agtervolg. Wát hierdie „iets" is, word nooit duidelik gesê nie. As die kinders in die grot slaap, skuil Waterbobbejaan agter die kinders. Daar word slegs gesê dat hy vir die kinders loer. Die leser moet self die gedagtebeeld verder uitbou.

In 'n verhaal oor die bo-natuurlike speel spanning 'n groot rol. Die

spanning bereik 'n toppunt, as die boer in die nag in die vrugteboord wag. Trappies waak langs die kraalmuur. Dan word hy dood aange-tref! Die skrywer het die besondere vermoë om die spanning te laat opblaas deur middel van oordeelkundige verswyging van belangrike ge-gewens: „Toe hoor hulle perdepote wat vinnig aankom. . . Die drie perde kom vinnig op die werf aangehardloop. Hulle ore staan regop en hulle oë is onnatuurlik groot. Al drie se teuels sleep langs hulle op die grond. Piet se perd is heel voor. Sy rug is vol lang hale en bytmerke. Hy is rooi van die bloed besmeer. Die perde is sonder rui- ters". (p. 67) Was die laaste sin vroeër geplaas, het die leser nie tot op die laaste in dieselfde spanning verkeer nie.

Venter vertel sy storie in eenvoudige, treffende taal. Dikwels is dit juis die eenvoud van die taal en die onprentensieuse woordgebruik wat die spanning en drama beklemtoon. As die familie terugkeer van 'n besoek en iets jaag hulle, verloop die gesprek soos volg:

„Ek sien niks nie! Is jy seker, Piet?'

„Ja, Pa! En hy kom al nader!'''

En later:

„Pa, dis 'n rooierige dier en hy is nie meer ver agter ons nie!'

Vanaand gaan hy my in die hande kry, dink Piet,

„Hy is naby, Pa! ' . . .

Hy slaan die perde harder.

„Pa, hy begin al gryp na die wiele!'''

Die kind se eenvoudige woorde skep 'n skrilte kontras met die geweldige angs wat hulle ervaar. Daardeur word die sterk emosies juis beklemtoon.

Hierdie verhaal is veel meer as 'n blote avontuurverhaal. Dit is 'n uitbeelding van die mens in die wêreld wat hy mak maak, die wêreld waarin hy in aanraking kom met die onbekende. Dit is 'n weergawe van sy frustrasies maar ook sy prestasies, sy angs en sy vreugde, sy weerstand teen magte waaroor hy geen beheer het nie en ook sy berusting. Dit is folklore uit 'n tyd wat ten einde loop en in hierdie vorm bewaar sal bly vir die nageslag.

Uit hierdie voorbeelde van bekroonde boeke blyk dit dus dat 'n verskeidenheid tipes verhale bekroon is. Aan watter soort verhale 'n leser ookal voorkeur gee, daar sal bekroonde boeke vir hom wees.

Al die werke wat hier bespreek is, is van so 'n hoë gehalte dat dit as geskikte leesstof vir die kleuter, kind of jongmens beskou kan word.

As egter volstaan word met dié besprekings, sal 'n skewe beeld gevorm word van die bekroning van kinderlektuur in Suid-Afrika. Daar is ook boeke bekroon wat geen toekennings moes ontvang het nie.

In die volgende hoofstuk word enkele van hierdie as voorbeelde be-

spreek, met 'n aanduiding van die redes waarom hulle bekroning on=
waardig is.

HOOFSTUK XI ONGEREGVERDIGDE TOEKENNINGS

Boeke wat nie van die vereiste gehalte is nie, behoort nie bekroon te word nie. Om te bepaal of boeke op die spesifieke peil is, is norme waaraan dit getoets moet word, noodsaaklik. As die norme bestaan en die boek word bekroon sonder dat dit aan die vereistes voldoen, dan mag dit beteken dat die boek nie aan die norme getoets is nie. Dit kan ook wees dat die keurkomitee se interpretasie van die norme en hul waardetoekennung aan die betrokke werk nie suiwer is nie.

As boeke bekroon word as leesstof vir 'n spesifieke tipe leser, soos die kleuter of die groter kind of die jeugdige, en dis nie geskik vir dié spesifieke lesersgroep nie, is die bekroning ook nie geregverdig nie.

Geen boek kan volmaak wees nie. Dit is sekerlik ook nie die idee dat bekroonde werke geen gebreke mag hê nie. Indien dit so was, sou daar min of selfs geen bekroondes kon wees nie. Maar die tekortkominge mag nie van 'n ernstige aard wees nie. Dit mag ook nie skadelike leesstof wees nie, maar wel so dat dit die leser opvoed en hom 'n beter begrip van en insig in die mens en sy omgewing gee. Die bekroonde boek behoort goeie letterkunde te wees. Die leser moet 'n waardering vir die skoonheid van die taal ontwikkel, as hy 'n bekroonde boek lees. Die leser moet bewus word daarvan dat die taal 'n medium is waardeur die skrywer sy gevoel weergee en 'n kommuni-

kasiemiddel waardeur die skrywer hom bereik.

In 1960 word die C. P. Hoogenhoutmedalje aan „Huppel verjaar” van W. O. Kühne toegeken. Dit is ’n fantasieverhaal vir die kleuter, met karakters soos Vlak-Floors en Vlei-Floors, Diefman en Fiefman wat in ’n verbeeldingswêreld optree.

Daar is verskeie besware teen die bekroning van hierdie werk. Die skryfstyl en woordgebruik is net vir die eerste paar bladsye oorspronklik en sprankelend. Te veel herhaling van woorde soos „trippel-trip= pel”, „pik, pik, pitte pik” en „orie gedorie” veroorsaak dat dit later nie meer so effektief is nie. Die indruk word geskep dat die skrywer opsetlik vir die kind skryf en nie uit die kinderwêreld nie. Die verhaal eindig met „En dit, liewe kinders, is die hele storie van Huppelkind soos ek dit ken”. (p. 32) Daar is ook te min afwisseling in die ritme. Rympies soos *dié* kom herhaaldelik voor en toon ’n eendersheid wat vervelig is:

„Pik, pik, pitte pik

Sit ek in my hoek.

Elke halfuur

koppie knik

En op die uur

koe-koek”. (p. 28)

Dikwels is daar ook ’n neerbuigende toon. Die skrywer buig af tot die

vlak van die kleuter om hom deur middel van verkleinwoordjies te bereik. 'n Woord soos „suikerklontklippertjieskol" is nie net betekenisloos nie, maar te lank vir die kind wat nog sukkel om te lees. In kinderlektuur is woorde wat bo die leesvlak van die kind is, wel toelaatbaar. Maar dan moet dit lei tot verbreding van sy taalbegrip en uitbreiding van sy woordeskat. 'n Woord soos dié hier aangehaal doen dit nie.

Die verhaal bestaan uit twee dele. Die eerste handel oor wie die verjaardagparty sal bywoon en hoe dit gekom het dat die drie lummels dit nie bywoon nie. Die tweede is 'n storie wat Storieman vertel. Hoewel die twee verhaaltjies goed by mekaar pas en die een 'n voortsetting is van die ander, is dit tog twee heeltemal aparte verhale. Elk het sy eie klimaks en afronding. Dit is 'n gebrek dat die twee nie 'n groter eenheid vorm nie. Teen die illustrasies kan ernstige beswaar ingebring word. In die motivering noem die beoordelaars dit „sensitief". In werklikheid is dit karakterloos. Dit vul nie die verhaal aan nie. Dit gee geen stemming weer nie en is nie eens dekoratief nie. As kunswerke is dit nie geslaagd nie, omdat daar by Dorothy Hill Kühne 'n gebrek aan tekenvaardigheid is. Die tekeninge op bladsye 15 en 28 is tegnies swak. Die fantasie-figure word karikatuuragtig weergegee. Geen karakter word geopenbaar in die figuur van Huppel of een van die ander nie.

Tipografies bevredig die werk ook nie. Die druk is wel groot om die lees daarvan deur kleiner kinders te vergemaklik, maar dit is té groot vir die formaat van die boek. Die papier is grof en die bindwerk

nie stewig genoeg nie. Die smal kantruimtes laat die bladsye oorvol lyk. Die ontwerp van die buiteblad is onaantreklik.

Waar het die keurkomitee gefouteer, toe hierdie werk vir bekroning aanbeveel is? Die norme deur die S. A. B. V. gestel is te lossies toegemas. Te ligtelik gebruik die keurkomitee in sy motivering woorde soos „natuurlike humor“, „subtile ritmiese spel“, „digterlike aanvoeling vir woord en klank en ritme“, „sprankelend“, „sensitief“. Dan moet in aanmerking geneem word dat dit die eerste toekenning van die medalje was. Daar was geen vorige toekennings waarmee dit vergelyk kon word nie. Die tekortkominge in die werk het dus op daardie tydstip nie so duidelik getoon nie. Noudat hierdie toekenning vergelyk kan word met lateres, is dit duidelik dat „Huppel verjaar“ nie van dieselfde gehalte is nie en dat dit die medalje nooit moes ontvang het nie. In die jare wat gevolg het, is die C. P. Hoogenhoutmedalje enkele kere nie toegeken nie, omdat geen werk van die vereiste gehalte gepubliseer is nie. Dit moes in 1960 ook gebeur het.

„Die kring van Keerom“, deur W. O. Kühne, is in 1961 bekroon in die Nasionale Boekhandel se wedstryd ter herinnering aan die verskyning van die eerste Afrikaanse boek in 1861, naamlik „Zamenspraak tussen Klaas Waarzegger en Jan Twifelaar over het onderwerp van afscheiding“ deur Louis Henry Meurant.

„Die Kring van Keerom“ is 'n skoolverhaal. Dirk van Druten is 'n eendstert en deur sy ouers verstoot. Op Keerom word hy nie in die

vriendekring opgeneem nie, en daar is 'n besliste vyandige gesindheid teenoor hom. As hy egter in atletiek presteer, begin die verhoudinge verander. Toe Dirk Abram se lewe red, word alle hindernisse uit die weg geruim. Nou word hy aanvaar.

Opvallend is die tipiese uitdrukkings van die skoolkind: „Waar sou hy nogal insleep?“, „Hou my vas“ (van verbasing), „Aai bietjie daardie kuif“. Maar dikwels gaan die skrywer te ver in die gebruik van ontoelaatbaarhede soos „taf“, „oraaait“, „bybietjie“, „sports“.

Hierdie werk is nie geslaagd nie, omdat die skoolatmosfeer onoortuigend is. Die skoolhoof en sy vrou word as „oom“ en „tannie“ aangespreek! Daar is min van die werklike verhouding tussen onderwysers en leerlinge.

Kinders van skoolgaande ouderdom sal hierdie boek kan lees. Die uitbeelding van die skoollewe is so swak dat geen kind dit kan aanvaar nie. Al wat sprankelend is, is die dialoog. Maar ook hier is daar gebreke. Dialoog alleen kan egter nie van 'n boek goeie leesstof maak nie.

Dat hierdie werk gewilde leesstof onder jong seuns sal wees, is nie te betwyfel nie. Daar is genoeg handeling en spanning. Die kosskoollewe is 'n populêre tema vir die jeugboek. Dat dit swak geskryf is en geen vormende waarde het nie, sal die gemiddelde jong leser self ook

nie hinder nie. En dít was natuurlik die hoofdoel toe die wedstryd uitgeskryf is, naamlik om 'n manuskrip te bekom met 'n wye potensiele leserskring. Hierin het die Nasionale Boekhandel wel geslaag. Dit is egter nie bekroning op grond van gehalte waardig nie.

Onder die jeug is Karl Kielblock 'n ou bekende. Hierdie produktiewe skrywer is bekend vir sy avontuurverhale met 'n historiese agtergrond en sy speurverhale.

In 1969 verskyn „Rebel“. Dit word in 1970 bekroon met die Scheepersprys. Dit handel oor die ervarings van 'n aantal rebelle tydens die Anglo-Boereoorlog. In werklikheid is dit nie 'n ware oorlogsverhaal nie, want, hoewel die ervarings op kommando betrek word, is hulle nie genoeg om die verhaal te laat vlot nie. Daar is baie skermutselings tussen Boer en Brit, maar hierdie gebeurtenisse stu nie voort tot 'n klimaks nie. Daarvoor is die ontmoetings te veel volgens dieselfde patroon. Daar is wel kleiner besonderhede wat verskil, maar in hoofsaak kom dit neer op 'n klein klompie rebelle teen 'n oormag Engelse soldate. Laasgenoemde word deur die Boere verras, en die verrassings-element dra grootliks by tot die oorwinning van die Boere. Buitgemaakte proviand, gewere en ammunisie word die eiendom van die rebelle. Die Boere is dapper en die Engelse aanvaar gelate dat hulle die onderspit moet delf. Nie een van hierdie skermutselings maak 'n noemenswaardige verskil aan die verloop van die oorlog nie. Dié gaan steeds op die ou trant voort. Al doel met die botsings is blykbaar om

avontuurlike gebeurtenisse te wees vir diegene wat dit deurmaak. By die karakters is daar geen vrees vir die dood, of 'n sterk drang om behoue uit die stryd te tree, of verligting as alles vlot verloop nie. Indien dit uitgebeeld was, sou dit meehelp om die oorlogservaringe aangrypend en indrukwekkend te maak. Die leser word nooit betrek by hierdie gebeurtenisse nie. Hy bly die toeskouer wat waarneem sonder om saam te voel. Dis asof die oorlog net gebruik word as agtergrond waarteen die hooffigure beweeg; om die goeie in sommige en die slegte in andere na vore te bring. Die oorlog het 'n groot invloed op die menseverhoudings. Gustav Lubeck sluit teen sy vader se wense as rebel aan. Daardeur verloor hy ook die belangstelling van Leonore, die meisie op wie hy verlief is en word hy deur haar ouers verag. Die onmin tussen Gustav en Lothar Versamin, 'n ou skoolmaat, word deur die oorlog verskerp. Gustav trou later met Delia, Leonore se suster, nadat hy haar ouers gedwing het om hom as skoonseun te aanvaar.

Gedeeltes van die verhaal is onoortuigend. Vergelyk Gustav se skielike besluit om met Delia te trou. Van Delia se kant is daar wel van die begin af belangstelling. Maar die leser word nie genoeg voorberei vir die plotselinge verandering in Gustav se gevoelens nie. Die skrywer benadruk herhaaldelik dat Leonore se ouers Gustav uitjou. Hy word meer as een keer verbied om by hulle op die plaas te kom. Die indruk ontstaan dat hulle hom verag, verafsku en haat. En as Gustav dan sê dat hy en Delia saam sal wegloop en 'n skandaal veroorsaak as die ouers toestemming tot die huwelik weier, stem die ouers sonder

voorbehoud in! Daardie vurige veragting en wrewelige haat, kan dit so skielik verdwyn? Nou wil hulle die geleentheid vier, en Leonore se moeder sê: „Sjampanje sal baie lekker smaak"... (p. 180) Miskien word hierdie indruk van ongemotiveerdheid geskep, omdat die skrywer selde daarin slaag om die karakters as mense van vlees en bloed voor te stel. Dit is asof hy die woorde in hulle mond lê. Hulle is marionette en die skrywer trek die toutjies om hulle te laat reageer.

„Rebel" is net 'n ligte ontspanningsverhaal en selfs as sodanig nie eers baie boeiend nie. Daarvoor is die oorlogsavonture te spanningloos, te reëlmatig dieselfde.

Waarom het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hierdie bekroning gemaak? Die één verdienste van dié werk is die historiese aspek. Soos in baie van sy ander werke, slaag hy daarin om die leser werklik terug te verplaas na die tyd waarin die verhaal afspeel. Maar die herlewing van dié tydperk in ons volksgeskiedenis is nog nie genoegsame rede vir die bekroning nie. Toe die Scheepers-prys ingestel is, is dit bepaal dat dit 'n aanbeveling sal wees as 'n werk in die teken van egte Afrikanerkaraktereienskappe en nasietrots staan. „Rebel" kan wel nasietrots kweek. Maar op 17 September 1969, kort voor dié bekroning, is die bekroningsvoorskrifte gewysig. Nou is die vereistes dat die werk geniet moet kan word deur jongmense wat 'n gesonde en frisse lewensuitkyk het, en dat dit van hoë letterkundige gehalte moet wees. „Rebel" bevat niks wat die jeugdige leser kan skaad nie. Maar dit lewer ook geen positiewe by=

drae nie. Die leser word nie deur die lees daarvan gevorm nie. Dit kan wel geniet word deur diegene wat van ligte leesstof hou. As letter= kunde het dit weinig waarde. Daarom is dit 'n swak keuse vir bekro= ning.

'n Skrywer se werke is nie almal van dieselfde gehalte nie. As aan 'n skrywer 'n prys toegeken word op grond van sy bydrae as geheel tot kinder- of jeuglektuur, kan dit gebeur dat sekere van die werke nie bekroning werd is nie. Dit moet egter toegegee word dat die individuele werk hier nie soveel gewig dra as wanneer 'n enkele werk aan 'n skry= wer 'n toekenning besorg nie. Is die meerderheid van 'n skrywer se werke van hoë gehalte, dan is die toekenning gewoonlik geregtig. Maar as die meerderheid sekere tekortkominge toon, moet so 'n be= kroning onder die soeklig geplaas word.

Vir die toekenning van die Scheepersprys word soms die werke van die skrywer as geheel in aanmerking geneem. So het H. J. Vermaas die toekenning vir 1966 ontvang. Werke soos „Gekrenkte trots“, „Sy perd staan gereed“, „Die reus van Doringberg“, „Die swartwitpens“, „Die Ysterklip“, „Die nors leeu“ en „Present“ is goeie jeuglektuur. Die temas is boeiend en val binne die belangstellingsfeer van die jeug. Vermaas weet hoe om spanning te skep, sy karakters te laat leef en emosies uit te beeld. Hy plaas sy karakters gewoonlik in die natuur. Hy is 'n kenner van die veld en die agtergrondskildering is merendeels treffend.

Sy „Vallei van die skedels" is egter 'n swak werk. Dit skets 'n groe= pie olifantjagters se ontmoetings met 'n mens-dier, die laaste oorle= wende van 'n groep mensvreterers. Skrikaanjaend is sy voorkoms en onmenslik sy krag. Teen hierdie monster is die jagters weerloos. Faan word deur die Ding gevang en gedood. Piet, 'n ervare jagter, word as gevolg van die spanning waansinnig. Die skrywer gaan in hierdie verhaal te ver. Daar is te veel angs, te veel spanning. Sy beskrywing van menslike emosies is oordrewe. „Die slag van die weer volg swaar, sodat dit voel of die aarde skeur. Toe blits dit weer, en Piet sien die monster roer... Met bonsende hart bid hy: 'God, help my!' In die donker wat volg, voel hy hy word grys van angs". (p. 81) 'n Mens kan tog nie voel dat hy grys word nie! Dit lyk asof die skrywer van alle beskikbare middels gebruik gemaak het ter wille van sensasie. Daar is soveel aaklighede, soveel toevallighede wat die karakters magte= loos in die hande van die Ding laat beland, dat die verhaal van die een bloedstollende gebeurtenis na die ander beweeg. Dit is soos 'n nagmer= rie.

Hierdie enkele swak boek van Vermaas doen nie afbreuk aan die toe= kenning van die Scheepersprys aan hom nie, omdat hy oor die alge= meen besonder verdienstelike werke gelewer het. Maar dit kan mis= leidend wees as genoem word dat 'n toekenning gemaak is op grond van 'n skrywer se hydrae in die geheel. By so 'n toekenning behoort dit duidelik gestel te word dat slegs sekere werke aan hom die prys besorg.

Uit bogenoemde voorbeelde van werke wat bekroning onwaardig is, kan tot die slotsom gekom word dat die meeste van hulle nie baie swak of skadelike lektuur is nie; hulle styg net nie uit bo die gemiddelde nie. Hulle kan vir ligte ontspanning gelees word en deug vir niks méér nie. Gelukkig is daar nie 'n groot aantal werke van hierdie kaliber onder die bekroondes nie. Die goeies oortref die swakkes, soos later in 'n ander verband aangedui sal word.

Soos tevore vermeld, is daar sekere voorafgaande stappe wat geneem moet word voor tot die bekroning van 'n boek oorgegaan word. Eers word die boeke volgens gehalte in twee groepe verdeel. Die groep van lae gehalte ontvang geen verdere aandag nie. Dié van hoë gehalte word noukeurig gelees, bestudeer en aan die bepaalde norme getoets. 'n Klein groepie boeke wat besonder verdienstelik is, word sodoende uitgesonder. 'n Finale keuse word dan uit hierdie werke gedoen. Dié uit hierdie groepie wat níé bekroon word nie, is by wyse van vergelyking, natuurlik nie heeltemal so goed as die wenner nie. Maar hulle is tog ook uiteraard van besonder hoë gehalte. As hulle eervol vermeld word, dien dit as 'n verdere aansporing vir skrywers, illustreerders en uitgewers.

Sulke eervolle vermeldings in Suid-Afrika vloei voort uit die toekening van die S. A. B. V. se C. P. Hoogenhoutmedalje. Hierdie werke skiet in sekere opsigte tekort. Daarom kon hulle nie bekroon word nie. Maar oor die algemeen behoort dit besonder goeie kinderlektuur te wees. Die waarde van eervolle vermeldings word verhoog, as aangesit word wat die tekortkomings in die betrokke boeke is, sodat skrywers, illustreerders en uitgewers dit in hulle latere werk kan probeer voorkom. Die S. A. B. V. dui die gebreke egter nie aan nie.

By die bekronings deur die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging word 'n soortgelyke stelsel gevolg. 'n Werk kan 'n eerste-, tweede- of derdeklas-toekenning ontvang. Tweede- en derdeklas-toekenning kan as eervolle vermeldings beskou word, aangesien dié werk nie heeltemal dieselfde peil bereik het as dié wat met 'n eersteklas-toekenning bekroon is nie. Die Vereniging dui deur 'n motivering aan watter die tekortkomings is.

In die voorafgaande twee hoofstukke is aangedui dat sommige bekronings geregverdig is en andere nie. Dit mag ook die geval wees by die eervolle vermeldings.

In 1966 is „Dirkie van Driekuyl“, deur Alba Bouwer, eervol vermeld, terwyl „Botter-aas“ deur Günther Komnick met die C. P. Hoogenhout-medalje bekroon is.

Alba Bouwer verhaal hier van 'n plaasseun se gelukkige kinderdae, van alledaagse gebeure en alledaagse mense. Alles word gesien met die oë van die kind, Dirkie. Hy sien hoe die akkerboom in die middel van die dam bot, jaar na jaar, elke lente. Maar een jaar bot die boom nie. Hy begryp dit nie met sy gebrekkige kinderbegrip nie. Eers as Koeneels vir hom vertel hoe 'n teleurstelling dit vir hom was dat hy te oud geword het om in die wingerde te werk en op die werf moes bly, en hoe hy later besef het dat dit goed so was, omdat hy Dirkie as baba toe kon oppas, verstaan Dirkie dat alles 'n doel het. Later, as die bosluisvoëls saans op die akkerboom kom oornag, word ook

die doel van die doofe boom vir hom duidelik. Dis Koeneels se „nuwere bedeling”.

Die skryfster se benadering tot haar stof maak haar 'n ideale kinder=boekskryfster. Sy gebruik die gedagterewêreld van die kind, met sy verwondering oor die lewe wat hy pas ontdek, om die verhaal te laat ontplooi. Tipies kind is dit om te vra: „Slaap die reën nou?” (p. 14) as die lug skoon is. En Koeneels se antwoord is: „Die reent weet nimmer nooit van slaap nie. . . Hy maak sy vate vol vir weer kom”. (p. 15) Tipies is dit ook dat 'n kind woorde wat amper eenders klink, verwar, soos „mild” en „middel”, „nuwere bedeling” en „nuwe-rib=be=deling”. Alba Bouwer ken die kind se denkwysse en begripsvermoë.

Voortreflikheid van taalgebruik en styl is kenmerkend van dié skryfster. Maar daar is miskien net 'n bietjie te veel van die nabootsende. Mieta Mentor se stap is „wegswaai, terugswaai, wegsaaai, terugswaai”, en Koeneels se stappie is „so op en af en sag en hard en op en af en sag en hard”. Dit is tekenend, en die herhaling is vir die kind uitmuntend. Maar as Dirkie se stap „eenbeen, tweebeen, eenbeen, tweebeen” beskryf word, en sy oë „rek-rek, knip-knip”, dan is dit nie meer heeltemal so effektief nie.

Die tekeninge deur Katrine Harries is van hoë gehalte. Die figure lewe. Die kunstenaress beeld graag beweging uit. Koeneels, wat watterlei met 'n geselsende Dirkie naby hom, of Koeneels, wat by die

babawaentjie inloer, of Koeneels en Dirkie, wat fynhout maak, wys hoe vol en heerlik die dae op die plaas is! Met min detail skep die kunstenaars beelde vol lig en lewe. Die wêreld van die kind lê in die illustrasies. Deur net na die illustrasies te kyk, kry die kind al die gevoel dat hierdie boek eie is aan sy wêreld. Hierdie indruk word bevestig as hy die teks lees.

Alba Bouwer het Katrine Harries al by 'n geleentheid haar ou „spanmaat” genoem. Daar is so 'n noue skakeling van die illustrasies met die teks wat atmosfeer, begrip en insig betref, dat dié benaming ongetwyfeld raak is.

Tafelberg-uitgewers het 'n sterk linneband voorsien en gesorg vir netjiese drukwerk. As geheel geneem bevredig die fisiese egter nie. Die formaat is te klein. Daar is breë kantruimtes en tog maak die bladsye 'n oorvol indruk. Die grootste tekortkoming is die papiergehalte. Dit lyk volgens die growwe papier asof die uitgewers die boek so goedkoop moontlik wou uitgee. Dit doen afbreuk aan die voorkoms en ook aan die genot waarmee dit gelees word. Was dit nie vir hierdie gebrek nie, sou „Dirkie van Driekuyl” bekroon kon word. Die tekortkoming is egter nie so groot dat dit ook eervolle vermelding uitsluit nie. As in 'n herdruk die tekortkoming uit die weg geruim word, sal dit as 'n besonder puik kinderboek gereken kan word, met fyn nuanses en onopsigtelike simboliek wat dit vir lesers van alle ouderdomme 'n juweel maak.

In 1967 is „Ken jy die Kierangbos" van Freda Linde eervol vermeld. Hierdie natuur- en dierverhaal is die eerste van drie boeke wat, in volgorde van verdienstelikheid, dié eer te beurt geval het.

As verhaal prikkel dit die leser se verbeelding. Swiera, die riet=haan-wyfie, woon aan die waterkant by die papkuile op Sonnige Oewer. Sy is die enigste riethaan in die omgewing. Om haar eensaamheid te verdryf, maak sy maats met veral Brem, die waterhoender, en Spik=kels, die tarentaal wat nie kan vlieg nie. 'n Kort entjie van haar woon=plek af is die Kierangbos waarvoor sy baie bang is. Watter gevare skul nie daar nie? Eendag ontdek sy die spore van 'n ander riethaan. Hy, Swartspaan, daag dan in lewende lywe op en oorreed Swiera om saam met hom oor die Kierangbos te vlieg na die Diepkulle toe. Hulle maak so, maar regbo die bos kyk Swiera af, en voor sy weet wat gebeur, beland sy op die grond. Sy is baie bang en verskrik en bring 'n angsvolle tyd daar deur. Brem kom haar soek en kry haar. Saam gaan hulle deur die bos en ontdek die „Koning" van die Kierangbos, 'n jong seun besig om siek en gewonde voëls te versorg. Sy kom by die Diep=kulle uit, maar Swartspaan is nie meer daar nie. En wat word dan van Swiera? Die vinke kon sweer hulle het twee rietthane in die rigting van die berg gesien vlieg! Op hierdie geheimsinnige noot eindig die verhaal. Die skryfster sê nie uitdruklik dat Swiera en Swartspaan mekaar gevind het nie. Sy laat die vinke so sê. Die vinke het altyd baie te sê. Kan dit nou waar wees? So word die leser se verbeelding geprikkel.

In hierdie verhaal tree daar eintlik net twee mense op. Die jagter is wreed en hy maak dood en verwond. Die „Koning“ van die Kierangbos is 'n diereliefhebber en hy maak gesond en vertroetel. Die hoofkarakter is Swiera, die eensame met die lang tone, die swart vere en die rooi kringetjie-oë wat elke af en toe knipper. Sy is bang vir die onbekende, maar ook nuuskierig om te sien wat die waterhoender daar gaan maak. Sy raak maklik verbouereerd. Toe sy in die Kierangbos land, het sy so geskrik dat sy haar rigting kwyt is! Kostelik is die uitbeelding van Swartspaan. Hy wil Swiera beïndruk. Sy dun rooi bene is langer as hare, sy pote groter, selfs sy naels is langer. Hy staan amper 'n kop hoër as sy. Toe hulle snawels meet, is syne effens langer as hare. Die optrede van die voëls word so duidelik uitgebeeld, dat hulle vir die leser leef.

En dan is daar die bos, die geheimsinnige element in die verhaal. Daar is iets onheilspellends, en tog ook iets wat die voëls soontoe aantrek. „Oral bedekafgevalde droë blare die grond, en raas onheilspellend onder haar groot pote“. (p. 32) Dat Swiera dan deur 'n valk vasgekeer word, is dus in ooreenstemming met die skrikwekkendheid van die atmosfeer daar. Hierdie element van geheimsinnigheid verhoog die spanning en boei die aandag. Die verbeelding word geprikkel deur die vraag van Swiera of dit darem veilig in die bos is, en die Witogies se dubbelsinnige antwoord: „Ons klein voëltjies kom nog die beste reg hier“. (p. 34)

Daar is raak taalgebruik. Die Rooiborsie noem die blomkelke

„putjies van lekkerte". Die kraaie in vlug word soos volg beskryf:
„Vyf paar gitswart saagvlerke roei verby bo-oor die droë akasia en
verklein in die rigting van die middagson". (p. 37)

Die bou van die verhaal is stewig. Reeds op die eerste bladsy word
van die Kierangbos gepraat. Verskeie van die newekarakters besoek
die bos, en die spanning laai op. As Swiera, die hoofkarakter, ook
daar beland, word die klimaks bereik. Die ontknoping kom as ontdek
word dat die onheilspellende bos ook iets inhou wat nie so onheilspe-
lend is nie - die „Koning" met sy liefde vir siek en gewonde voëls.

Die karakters en die natuur is onafskeidbaar van mekaar. Dit is net
so veel 'n natuurverhaal as 'n diereverhaal. Die skryfster is nie net
'n fyn waarnemer en kenner van die voëls waaroor sy skryf nie, maar
ook van die natuur. Daarom kan hierdie werk eintlik as 'n stukkie
natuurpoësie beskryf word.

Ten spyte van al die goeie hoedanighede hierbo bespreek, is die boek
nie heeltemal geslaagd nie. Daar is te veel van die menslike spreek=
wyse, te veel van die menslike gevoelens en reaksies aan die voëls
toegedig. 'n Voorbeeld hiervan is Swiera se groet aan die geelogg-
syste na 'n lang afwesigheid: „„Sysie Goue vlerk!" roep Swiera ver=
heug. „Is dit dan jy?... Maar hoekom is jy dan nou so klein, so 'n
ou kleintjie, Sysie?"' (p. 12) En as Swartspaan op die toneel ver=
skyn, sê hy: „Gegroet, vleikuikens!"

Deurgaans skep hierdie werk ook die indruk dat die skryfster nie altyd op die vlak van die kind beweeg nie. Op die teenblad van die stofomslag word vermeld dat dit geskik is vir nege- tot twaalfjariges, „maar ook vir die letterkundige fynproewer wat jonk van hart gebly het". Die tema is wel geskik vir kinders, maar die aanbieding daarvan maak dit eerder geskik vir jeugdiges en vir volwassenes.

Die houtskooltekeninge deur Peter Clarke is, soos in „Snoet-Alleen", van hoogstaande gehalte. Dit mis egter die intiemheid en besondere atmosfeer van die illustrasies in laasgenoemde boek.

Die tegniese versorging deur John Malherbe is onbesproke. Die papier, drukwerk, spasiëring, naatwerk en band voldoen aan al die vereistes.

Dat hierdie werk as letterkunde verdienstelik is, kan nie betwis word nie. Maar dit is nie kinderlektuur in die ware sin nie. Slegs die kind met 'n fyn aanvoeling vir taal en atmosfeer kan dié werk waardeer. Dit is dus korrek dat dit nie bekroon is nie. Selfs vir eervolle vermelding is dit om genoemde redes nie 'n baie goeie keuse nie.

Onder die eervolle vermeldings is daar ook prenteboeke. „Die voëls kies 'n koning" is 'n ou Afrikaanse sprokie oorvertel deur Kobus van Zyl. Die illustrasies is gedoen deur die bekende Suid-Afrikaanse kunstenaar, Eleanor Esmonde-White.

Toe die voëls hoor dat die diere 'n koning gekies het, wil hulle dieselfde doen. Die een wat die hoogste kan vlieg, moet koning wees. Tinktinkie kruip onder aasvoël se vlerk weg. As Aasvoël hoër as al die ander voëls vlieg, kruip Tinktinkie uit en vlieg nog hoër. Hy moet dus koning wees, maar die ander voëls is hiermee nie tevrede nie, en hy moet vlug vir sy lewe.

Hierdie kort samevatting gee die hele verhaal weer. Een van die kenmerke van 'n sprokie is die kernagtige weergawe van die verhaal. Kobus van Zyl bly egter nie by die basiese gegewens nie. Hy vertel eers in besonderhede hoe die voëls gestry het oor wie koning moet wees. Hy gee selfs motiverings soos „sy lang bene kan die hardste hardloop”; en hy is „die slimste, al is hy ook die kleinste”. As Aasvoël Jakkals omkoop om aan die voëls voor te stel dat die koning dié een moet wees wat die hoogste kan vlieg, word baie besonderhede gegee. Selfs die vet eland wat iewers dood lê, word bygehaal. Die kompaktheid van die ware sprokie ontbreek dus in hierdie weergawe.

Ten gunste van die teks kan die sensitiewe taalgebruik genoem word. Jakkals se slimheid blyk uit sy woorde: „'n Voël is 'n voël omdat hy kan vlieg, en die voël wat die hoogste kan vlieg behoort dus koning te wees”. Ook Aasvoël se skelmstreke as hy sê: „Kos het ek te veel om te eet... maar daar is ander dingetjies wat pla”. Hy weet dat Jakkals honger is en dat hy hom maklik kan afpers.

Die verhaal is ook goed gekonstrueer. Die inleiding stel die tema bekend. Daar is 'n duidelike klimaks en 'n bevredigende afronding.

Interessante verduidelikings word gegee van waarom patryse en kwartels stomp sterte, aasvoëls kaal nekke en volstruise slegs twee tone aan elke poot het.

Illustrasies in 'n prenteboek is van die grootste belang. Die tekeninge deur Eleanor Esmonde-White getuig van tekenvaardigheid. Om die beurt word twee kleure, oranje en pers, gebruik. As die kleure nie so skel was nie, kon hul samevoeging nogal interessant gewees het. Nou skep dit 'n onrustige indruk, want daar is geen sprake van harmonie tussen dié skakerings nie. Die intensheid van die kleure val nog meer op, omdat selfs dié gedeeltes van die bladsye waarop die teks gedruk is, ook gekleur is.

Die illustrasies pas ook nie altyd goed by die gegewens in die teks nie. In die illustrasie waar Aasvoël en Tinktinkie die hoogste vlieg, teken die kunstenaars hulle uit die verkeerde hoek. Die leser sien hulle naamlik van bo, sodat dit lyk of die voëls af in plaas van op vlieg.

Die grootste tekortkoming by die illustrasies is gebrek aan verbeelding. Dit is saai, lewelose tekeninge van voëls. Elke voëlsoort is uiterlik maklik herkenbaar. Van die innerlike merk ons niks.

Die egalige drukwerk op 'n goeie gehalte papier is 'n bate, maar die leesbaarheid van die teks word benadeel deur die gekleurde papier waarop dit gedruk is.

Daar is te veel tekortkominge in hierdie boek. Die teks gee te veel detail vir 'n sprokie, die kleurgebruik in die illustrasies bevredig nie en die drukwerk is dikwels moeilik leesbaar. Dit alles bring mee dat dié weergawe van die sprokie nie uitstyg bo die gemiddelde nie en dus 'n swak keuse vir eervolle vermelding is.

In Suid-Afrika kon daar nog nie 'n toneelstuk vir kinders gevind word, wat bekroning werd is nie. Maar in 1961 is „In 'n ou Kaapse tuin” wel eervol vermeld.

Hierdie werk deur Hélène Pienaar de Klerk is, van alle eervolle vermeldings, die swakste. Dit is die verhaal van Ayesha, die slavinnetjie, wat dros en 'n nuwe Nonna vind waar sy gelukkig kan wees. Die stuk is te lank vir kinders en die bewoording sal die kind nie raak nie. Die skryfster buig af na die vlak van die kind as sy sê: „Hy het weer sy kop opgelig. . . en toe hy met soebat-ogies na die ou berg kyk”. . . Dit is die volwassene wat praat in die dialoog, en nie die kind nie. Een van die karakters sê: „Ag, dit verveel my so! Ek is mos te jonk vir sulke stywe, stadige ou danse. Ek is nog 'n kind”. . .

Ook die fisiese versorging laat veel te wense oor. Die drukletters is klein, die spasiëring swak en die kantruimtes te smal. Die papier is gelerig en van 'n swak kwaliteit.

In geen opsig styg hierdie werk uit bo die gewone nie. Dit is so vreemd aan die kind en sy wêreld, dat dit geensins as geskik vir die kind beskou kan word nie.

Die bespreking van eervolle vermeldings hierbo toon duidelik waarom hulle nie bekroon kon word nie. Maar dit dui ook aan dat sommige selfs nie eers eervolle vermelding verdien nie.

Enige land ter wêreld kan goeie en swak kinderboekskrywers oplewer. As die beste kinderlektuur uit ander lande vertaal word, verryk dit die eie. Die kinderklassieke behoort aan die hele kinderwêreld, juis omdat dit in so baie tale vertaal en dus binne die bereik van kinders in baie lande gebring word. Boeke in 'n vreemde taal is gewoonlik vir 'n kind verlore as dit nie vertaal word nie. Selfs al leer 'n kind 'n vreemde taal op skool, is hy die taal nie só magtig dat hy so 'n boek kan lees op die ouderdom wanneer die verhaal in sy belangstellingsfeer val nie. Is die taalgebruik in ooreenstemming met sy begripsvermoë, dan stel hy nie meer in dié tipe verhaal belang nie.

In Suid-Afrika vul vertaalde kinderboeke 'n groot leemte. Ons klein bevolking lewer min goeie kinderboekskrywers op, en die omset is in ons eie land beperk. Dit bring hoë produksiekoste mee. In die buiteland is daar geen noemenswaardige omset van Afrikaanse kinderboeke nie. Die gevolg is dat min Afrikaanse kinderboeke gepubliseer word. 'n Groot aantal vertaalde kinderboeke is dus nodig om ons eie kinderlektuur aan te vul.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging stel jaarliks 'n lys van hoogstens twaalf vertaalde kinderboeke saam wat as die bestes beskou word. Hierdie lys in alfabetiese volgorde word bekend gemaak

saam met die toekenning van die C. P. Hoogenhoutmedalje. Die reglement van die Tienie Hollowaytoekenning bepaal ook dat 'n vertaalde kleuterboek dié toekenning mag ontvang, hoewel dit gedoen word slegs as geen oorspronklik Afrikaanse kleuterboek daarvoor in aanmerking kan kom nie.

Die bepaling van die S. A. B. V. dat hoogstens twaalf vertaalde kinderboeke in die lys opgeneem mag word, hou in dat ook minder daarin kan verskyn. Dit beteken dus dat streng gekeur moet word. Vanaf die begin van die toekenning van die C. P. Hoogenhoutmedalje in 1960 is jaarliks vertaalde kinderboeke in die keurlys opgeneem. Die eerste jaar is slegs een boek vermeld, die tweede jaar twaalf, die derde jaar tien, die vierde jaar weer twaalf. Daar was dus nie 'n tekort aan goeie vertaalde kinderboeke nie.

'n Groot verskeidenheid boeke is ingesluit vir lesers van verskillende ouderdomme.

Van die beste prentboeke ter wêreld kom in die keurlyste voor, byvoorbeeld „Wildekanisland”, geskryf en geïllustreer deur Maurice Sendak, wenner van die internasionale Hans Christian Andersentoekenning. In 1964 word die Caldecottmedalje aan hom toegeken vir „Where the wild things are”, waarvan „Wildekanisland” die vertaling is.

Sendak is 'n kenner van die kinderlewe; daarvan is dié verhaal 'n

bewys. Die klein seuntjie, Max, trek sy wolweklere aan en sê hy gaan sy ma byt. Dis een van sy „wilde" dae. Sy stuur hom sonder kos kamer toe. Dié aand groei daar in Max se kamer 'n bos, en daar is 'n see met 'n bootjie waarop Max wegvaar tot in Wildekanisland. Die wildekanisse brul en wys hul tande en beduie wild met hul kloue totdat Max hulle stilmaak. Hy kyk hul reguit in die oë en hul besef hy is hul koning. Toe beveel die koning: „Trap die Wildekanisriel!" Hy dans saam. Later beveel hy hulle om te gaan slaap. Toe voel hy so alleen, en hy wens daar is iemand wat hom liefhet, naby hom. Daar kom die geur van allerhande lekkernye na hom aangedryf, en dié lok hom uit Wildeka= nisland weg, terug na sy kamer. Daar staan sy aandete vir hom en wag.

Die skrywer beeld uit volgens die siening van die kind. Klein kinders het die manier om hul in die rol van 'n ouer in te leef. Max word son= der kos bed toe gestuur. Hy stuur weer die wildekanisse weg, net soos sy moeder met hom gedoen het. Die kleuter sien homself mak= lik as 'n held wat die onmoontlike verrig, soos Max wat koning van die wildekanisse word in plaas van om vir hulle bang te wees. Met bravado verbloem hy sy vrees vir dié vreemde wesens. Max se een= saamheid word subtiel weergegee. Hy voel alleen as die wildekanisse slaap, maar in werklikheid suggereer dit net sy eensaamheid in sy kamer. Kinders hou van 'n gelukkige einde, soos hier.

Die verhaal is 'n vergestaltung van die kind se houding teenoor die onbekende. Aan die een kant is hy bang. Sy ontmoeting met en afskeid

van die wildekanisse getuig hiervan. Aan die ander kant oortuig hy homself dat hy nie bang hoef te wees nie. Hy word hul koning en hy gee bevele wat gehoorsaam word. Max is dus 'n lewende en lewens= getroue kleuter. Sy onnutsigheid, sy spelerigheid, sy vrese en sy vreugdes word alles blootgelê. Ook sy ryk verbeelding en na-aperij van volwassenes is kenmerkend van die kleuter.

Die skrywer hanteer die fantasie meesterlik. Die wildekanisse is fantasiekarakters. Hulle word 'n werklikheid as 'n lewende seuntjie hulle koning word. Hulle is skrikwekkend realisties en tog nie afgryse= lik nie. In hulle is daar ook iets van die kinderlike lewensvreugde en blyheid. Daarom kan hulle net soos kinders bokspring en aan takke swaai. Hulle is die verpersoonliking van kinder-onnutsigheid.

In die teks is elke woord goed gekies. Veel word gesê in min woorde. Max droom. „Dié aand groei daar in Max se kamer 'n bos. Dit groei en groei – totdat die plafon skoon toegerank is en die mure oopskuif tot 'n nuwe horison en 'n groot oop see verbydreun met 'n bootjie net vir Max en hy wegseil deur die nag en deur die dag en by die we= ke in en uit en amper dwarsoor 'n jaar tot in Wildekanisland". Let hier op die ritme en klank wat in die vertaling behou is.

Die fyn tekeninge in swart en wit verkry 'n besondere bekoring deur die toevoeging van sagte skakerings van blou, groen, geel, bruin en ligroos. Wat die byna saaklike teks nie sê nie, word in die illustra=

sies uitgebeeld. Veral Max se emosies vind ons in sy gesigsuitdrukking. Daar is om die beurt onnutsigheid as hy sy ma wil byt, gekrentheid as hy kamer toe gestuur word, hooghartige verheuenheid as hy sy onderdane beveel.

Die fyn balans tussen die teks en die illustrasies laat elke dubbelbladsy interessant voorkom. Die papier is glad sonder om te blink en van 'n beter gehalte as die Amerikaanse uitgawe.

Dis 'n geslaagde vertaling met dieselfde eenvoud van taal as die oorspronklike. Daar is egter gevalle waar die vertaling nie heeltemal reg laat geskied aan die teks nie:

„Die wildekanisse brul, te vreeslik en hulle wys hul tande, brr' en dop hul oë om en beduie wild met hul nare kloue"

teenoor

„They roared their terrible roars and gnashed their terrible teeth and rolled their terrible eyes and showed their terrible claws".

Die herhaling van „terrible" gee aan die teks 'n sekere atmosfeer wat in die Afrikaanse vertaling ontbreek. Aangesien dit 'n prenteboek is met dieselfde illustrasies as in die oorspronklike, maak dié tekortkoming in die vertaalde teks nie 'n groot verskil nie. Soos in byna elke vertaling kan alles van die oorspronklike natuurlik nie weergegee word nie. Hoe fyner, meer subtiel die woordkeuse van 'n skrywer, hoe moeiliker kan 'n vertaling reg daaraan laat geskied.

Ongelukkig is al die prenteboeke in die keurlyste van vertalings nie van hierdie hoë gehalte nie. In 1961 verskyn in die keurlys „Die koel wat in die water geval het” van Phyllis Krasilovsky, geïllustreer deur Peter Spier. Dit is uit die Engels vertaal.

Hendrika, die geliefde koel, val in die kanaal en op 'n bootjie dryf sy af tot in die stad wat sy nog altyd graag wou sien. Die teks is te nugter en saaklik. Dit is verbeeldingloos en dien slegs as byskrifte by die illustrasies. En dié is die swakste denkbaar. Dit het geen karakter nie. Die helder, banale kleure is sonder enige nuansering of skakering. Daar is geen lynespeel en geen atmosfeer nie, al leen die verhaal hom ook tot atmosfeerskildering. Sommige illustrasies is swart-wit pentekeninge. Dié is leweloos en oninteressant. Die tekeninge lyk soos goedkoop poskaart-prentjies. Dit is te reëlmatig met die teks geplaas en die bladsy-ontwerp is saai.

Al wat ten gunste van hierdie prenteboek tel, is die duidelike drukwerk en die papier van goeie gehalte. Dié boek hoort egter nie in 'n keurlys van vertaalde werke nie.

Baie van die vertaalde kinderboeke handel oor diere en die verhouding tussen mens en dier. In „Die storie van Ferdinand”, oorspronklik in Engels deur Munro Leaf, beland 'n saggeaarde bul in 'n stiergeveg. „Die trotse skimmel”, deur die wêreldbekende Duitse kinderboekskrywer, Reiner Zimnik, het as tema 'n perd se ontevredenheid met

die behandeling wat hy kry.

Meindert de Jong, wenner van die Hans Christian Andersenprys, gee ons in „Sadrag" 'n kyk in die gemoed van 'n seuntjie wat 'n konyn as troeteldier present kry. „Uitsgeluk" van Celestino Platti is gebaseer op die gevoelens van die diere op die plaaswerf. Verskillende fasette van die dier word in vertaalde diereboeke vir kinders beskryf. In „Die seun en die walvis" van José Maria Sanchez-Silva is die dier selfs 'n onwerklikheid én 'n werklikheid.

Laasgenoemde verhaal is fantasie vir die groter kind. Dit is geweef om die seuntjie Santiago en sy verbeeldingswêreld. Santiago het 'n walvis, en hy hou die walvis in sy bosak of in 'n glas water as hy gaan slaap, of net waar hy graag wil. Die walvis kan haarself groter of kleiner maak na willekeur, en dis vir haar maklik om haar enige plek in te pas. Santiago se ouma is die enigste in die familie wat nie vir Santiago lag as hy sê hy het 'n walvis nie. Oral waar die seun gaan, gaan die walvis saam, skool toe, see toe, in die swembad, in die stad. Dan sterf die ouma. Die seun en die walvis neem later die wit kis na die noordpool om die ouma daar te begrawe. As die seun na die hoërskool moet gaan, besef hy dat dit tyd geword het om van sy lewe as klein seuntjie - en van sy walvis - afskeid te neem.

Opvallend in hierdie verhaal is die fantasie wat werklikheid is in die gedagtes van die seun. Fantasie en werklikheid vorm so 'n hegte eenheid dat die leser sêlf byna glo dat die seun regtig 'n walvis het. In

die begin dink die leser nie dis fantasie nie, totdat hy lees: „Die plek waar die Seun, toe hy nog jonger was, die graagste en die lekkerste met sy walvis gespeel het, was onder die tafel in die kamer waar sy ma haar naaldwerk gedoen het". (p. 10) En die walvis kon praat! As die seun vra of walvisse kan spring, antwoord sy: „O ja, ons kan spring". (p. 17) En dan kon die walvis ook vertel van die gewoontes van walvisse: ... „die ma-walvisse leer hul kinders om, sover moontelik, borslappe te gebruik wanneer hulle eet..." (p. 18) Eers veel later sou die seun beseef dat dit sy eie gedagtes was, en dat die woorde van sy walvis sy woorde was. Hoe nou die fantasie en die werklikheid met mekaar geskakel het, blyk ook toe die familie Cuenca besoek. Van een van die rotse sê die pa: „Het julle gesien... dit lyk soos 'n walvis'. Almal het dit beaam buiten die seun; hy het baie meer gesê: „Dit lyk nie net soos ene nie, dit is 'n Walvis.'" (p. 24)

Die fantasie self is eintlik die verbeeldingswêreld van die seun en teken ons sy hele wese. Daar is sy impulsiewe gelowigheid as hy saans in sy gebedjie ook vir sy walvis bid. Hy is vreemd en onseker as hy vir die eerste keer skool toe gaan: „Sê nou 'n vreemde ma kom hom haal na 'n vreemde huis met 'n vreemde pa en 'n vreemde sussie en dalk is sy Walvis nie eens daar nie"... (p. 38) Die verskil tussen hom en die ander seuns wat oor voetbal en bioskoop praat, wys hy is nog ten volle ongekunsteld. Maar daar is ook karakterontwikkeling. Dit kom so natuurlik as sy liggaamlike groeiproses, sodat die leser self, saam met Santiago, beseef hy is besig om „sekere dinge te verloor - en ander dinge te vind... Hy gaan groot en sterk en verstandig word met

walvisse op hul plek, elke ding waar dit hoort, en die hoërskool wat wag". (p. 111)

Hier is 'n deeltjie van 'n kind se ontwikkeling, van die pynlike proses wanneer 'n kind die dinge van 'n kind moet aflê en die wêreld van die volwassene moet ingaan. Die mooie, maar ook die verganklike van die kinderlewe word met gevoel weergegee.

Dit gee ook die kind se liefde vir die dier, die kameraadskap tussen mens en dier. Die walvis is altyd daar, of die seun nou bly of verdrietig is, oral waar hy hom bevind. In die vertaling, soos by die oorspronklike, is Santiago die universele kind, met sy vermoë om die onwerklike die werklike te maak. In Afrikaans lees die verhaal so vlot, dat slegs die name van persone en plekke 'n vreemde kleur aan die verhaal gee.

Ongelukkig is papier van 'n swak kwaliteit vir die Afrikaanse uitgawe gebruik. Afgesien hiervan is dit 'n puik boek. Dit is 'n meesterstuk wat in die kinderlektuur van alle lande groot waarde kan hê, omdat die skrywer die wese van die Kind wat ontwikkel tot volwassene met 'n diepe insig en begrip blootlê.

Ons oorspronklik Afrikaanse kinderlektuur sluit 'n groot aantal avontuurverhale in. Dié van swak gehalte is gewoonlik ingestel op sensasie. In „Die geheime reis" van Harry Kullman, uit die Sweeds vertaal deur Willem en Vaj Gravett, is daar ál die elemente van die goedkoop

sensasie-verhaal. 'n Seun loop weg van die huis af en beleef talle avonture waarin selfs sy lewe bedreig word. Daar is 'n bende, die Visters, met 'n skurkagtige leier. Talle noue ontkomings, gevegte met planke waarin spykers steek en vragmotors wat wegjaag skep spanning wat vinnig styg. Dit mag klink na 'n sensasie-verhaal. Maar dit is nie. Daar is uiterlike spanning, maar ook innerlike emosie, werklikheid én fantasie. Die grootste verdienste van die boek is die uitbeelding van die kontras tussen ryk en arm, tussen goed en sleg. Die leser beseef gou dat armoede nie geluk uitsluit nie. Ook die lewe van die minderbevoorregte kinders het betekenis en kan interessant en vol wees. Die avonture van die welgestelde seun maak hom bewus van wat hy nog altyd gemis het.

Hierdie werk is 'n bewys van wat 'n begaafde kinderboekskrywer met 'n alledaagse tema kan verrig. Dit styg ver bo die gemiddelde uit. In Swede het dit die Nils Holgerssonprys verower. Die puik Afrikaanse vertaling maak dit ook 'n besondere aanwinst vir ons kinderlektuur.

Ons eie kinder- en jeuglektuur is ryk aan skool- en kosskoolverhale. Die afgesaagde resep is gewoonlik poetse wat gebak word, onderwysers wat uitoorlê word en deelname aan sport. Gewoonlik word 'n skewe beeld van die skoollewe gegee. Dit gaan dan om die uiterlike gebeurtenisse sonder dat die innerlike van die leerlinge en onderwysers verbeeld word.

Met „Die rykste seun in die wêreld”, van Francis Kalnay, is dit anders. Die hoof van die skool vir minderbevoorregte kinders is 'n tiran. Hy verbied die seuns om albaster te speel, die enigste vorm van ontspanning waaraan hulle tot dusver kon deelneem. Hy is verbete, onregverdig, gemeen. Sy klein gestalte gee aan hom 'n gevoel van minderwaardigheid. Nou laat hy hom op 'n lelike wyse geld. Die superintendent is die teenoorgestelde. Sy teenwoordigheid en simpatieke houding beïnvloed die seuns op. Dié twee persone speel 'n belangrike rol in die skoollewe, en die seuns word deur hulle optrede gevorm. Die gemoedswêreld van die seuns word so raak uitgebeeld, dat die leser hom maklik daarmee kan vereenselwig. Uiterlike gebeurtenisse boei die leser, maar tog is dit eintlik die vrees en frustrasie, die weemoed en blydschap en vreugde wat die seuns ervaar waardeur die lees van die boek 'n onvergelykbare ervaring word. Hierin lê die verskil teenoor die gewone skoolverhaal wat 'n relaas gee van die leerlinge se kattenkwaad, sonder om die karakters as lewende wesens uit te beeld.

Opvallend in die keurlyste van vertaalde werke is die groot aantal sprokies. In ons hedendaagse wêreld hoort sprokies nie meer net tot een land of volk nie. Dié werke van Hans Andersen of die Grimm-broers is net so tuis in Afrikaans as in Deens en Duits. Sprokies uit ons stamlande is ook die besit van die Afrikaanse kind. Dit hóórt in ons kinderlektuur.

Die sprokies in die keurlyste bestaan uit twee groepe, naamlik versamelings en individueel-gepubliseerdes.

In 1962 is die eerste drie boekdele van die sprokies van Jacob en Wilhelm Grimm, soos uit die Duits vertaal deur Helene de Villiers, in die keurlys opgeneem. In 1963 is die vierde boekdeel en in 1964 die vyfde en sesde ook opgeneem. Die sprokies is onverkort en getrou weergegee, en ongeveer dertig word in een bundel saamgevat. Hierin lê die groot nadeel, want elke sprokie is 'n individuele verhaal wat apart bestaansreg het. 'n Versameling van hierdie omvang verdwerg die besondere van elke individuele sprokie. Kenmerkend van die sprokie is dat die leser sy verbeelding moet gebruik. 'n Sprokie moet gelees en herlees word. Dit sal 'n kind nie doen as hy tegelykertyd dertig sprokies voor hom het nie. Nog 'n nadeel is dat elke sprokie nie so ryklik geïllustreer is as wat dit behoort te wees vir die leser van vyf tot nege jaar nie. Die illustrasies in hierdie besondere uitgawe is nie net te min nie, maar ook van 'n swak gehalte. Dit dien nie om die kompakte verhale aan te vul nie. 'n Baie groot tekortkoming in hierdie bundels is die feit dat die sprokies nie gekeur is vir kinders nie. Nie al die sprokies van die Grimm-broers is geskik vir kinders nie. Dit is goed dat die Grimms se sprokies onverkort in Afrikaans verskyn, om kultuur-historiese redes. Maar vir die kind móét dit gekeur word.

'n Sprokie het baie meer trefkrag as dit individueel gepubliseer en geïllustreer is. Een van die sprokies van die Grimm-broers, „Doringrosie“, is deur die Switser Felix Hoffmann in prenteboek-vorm verwerk en verskyn op die keurlys van 1968. Hoffmann is 'n

bekende illustreerder van sprokies en feëverhale, en hy geniet hoë aansien ook buite sy landsgrense. Sy hydrae in „Doringrosie” toon hom as perfekte illustreerder. Dit sluit baie nou aan by die teks. Op 'n baie subtile wyse weerspieël hy die atmosfeer van die verhaal. Die tekening by die aanvang wys die kasteel met die groot bome daarom. Die kleure is gedemp, die vensters donker en die vorms groot en bonkg. Alles dui op iets onheilspellends. Deur kleurgebruik plaas hy sy aksente raak. Die twaalf wyse vroue wat almal goeie wense bring, is in 'n dowwe, onopvallende geelbruin. Die dertiende wyse vrou voorspel die dood vir die prinsessie. Hy kleur haar opvallend donker, en somber.

Die illustrasies sal vir die kind boeiend wees. Terwyl Doringrosie honderd jaar lank slaap, is haar gesig van buite die kasteel deur 'n venster sigbaar. Die kruipende doringbosse lyk of hul die kasteel gevange hou. Dit prikkel die leser se verbeelding en skep 'n betowerende atmosfeer.

H. A. U. M. is die uitgewers. Hulle het gesorg vir 'n praguitgawe. Groot oop ruimtes, keurige rangskikking en korrelering van teks en illustrasies, goeie papier en 'n stewige band maak van hierdie 'n buitengewoon aantreklike uitgawe. Die gebruik van die oorsese illustrasies van dié besondere gehalte dien sekerlik ook as 'n aansporing vir 'n uitgewer om werk van 'n hoë kwaliteit te lewer. As 'n sprokie só uitgegee word, vorm dit uitmuntende leesstof vir die kind.

Die enkele voorbeelde van vertaalde kinderboeke uit die keurlyste hierbo bespreek, toon dat goeie én minder goeie kinderlektuur daarin opgeneem is. Dit is ook duidelik dat dit die leesstof vir kinders van verskillende ouderdomme in Suid-Afrika verryk. Die vertaalde kinderboeke verbreed die horison van die Afrikaanse kind, omdat dit hom in aanraking bring met ander lande en ander mense. Hy vorm 'n beter begrip van ander volkere. Die eie-aard en tradisionele van 'n nasie spreek gewoonlik uit sy lektuur. Maar die kind sal ook leer dat, hoe anders die lewensuitkyk, gedragspatrone en optrede ook al is, almal basies mense is met dieselfde gevoelens, denkwyse en reaksies. Vertaalde kinderboeke bring die kind dus tot 'n beter begrip van die andersheid én die eendersheid van mense.

Onder die vertaalde kinderboeke opgeneem in hierdie keurlyste van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, is daar 'n hele aantal wat in die oorspronklike taal oorsee bekroon is met kinderboekpryse. Der deutsche Jugendbuchpreis is byvoorbeeld in 1958 toegeken aan „Kasper se wêreldreis", deur Marlene Reidel en aan „Jan en die wildeperd" van Heinrich Denneborg, ook in 1958. Die Sweedse Nils Holgerssonprys vir 1957 is verwerf deur Edith Unnerstad vir „Somer by Ouma". „Die leners" van Mary Norton het aan haar die Carnegie-medalje besorg. Meindert de Jong, in die Nederlande gebore en tans 'n burger van die V. S. A., het in 1962 die internasionale Hans Christian Andersenprys verower vir al sy kinderboeke. Daarvan is onder andere „Die hennetjie en die groot swart hond" en „Tien

Pao en sy sestig vaders" in die lysie van die beste vertaalde kinderboeke opgeneem. Ander skrywers wat dié internasionale toekenning al te beurt geval het en van wie vertalings in Suid-Afrika goed bekend is, is René Guillot, Jiri Trnka, Maurice Sendak en José Maria Sanchez-Silva.

Hierdie voorbeelde van oorsese pryswenner word, deur opname in die keurlys van vertaalde kinderboeke, ook in Suid-Afrika as van hoogstaande gehalte beskou. Dié ooreenkoms in waardebeoordeling dui op die moontlikheid dat dieselfde eise oorsee gestel word as in Suid-Afrika. In die volgende hoofstuk word die bekroning van kinderlektuur in verskeie oorsese lande kortliks bespreek ten einde later te kan vasstel hoe dit met die betrokke bekronings in Suid-Afrika vergelyk.

AFDELING D : TOEKENNINGS AAN KINDERBOEKE IN OORSESE LANDE

HOOFSTUK XIV ENKELE OORSESE KINDER- EN JEUGBOEKPRYSE

Om 'n insig te kry in alle aspekte van kinderboek-toekennings in ons land, is 'n vergelyking met dié van oorsee van groot betekenis. So kan ons aandui of ons die regte stappe neem en of ons optrede en beslissings geregverdig is.

Die klem van hierdie studie val op Suid-Afrika. Omdat oor oorsese toekennings vir kinder- en jeugboeke uiteraard heelwat gepubliseer is, sou dit onnodige duplisering wees om 'n breedvoerige uiteensetting hier te herhaal. Daarom word in die bespreking wat volg, slegs dié aspekte betrek wat, vergelykenderwys, van waarde kan wees vir die beoordeling van ons eie toekennings.

NEDERLAND

Die CPNB (Collectieve Propaganda van het Nederlandse boek) ken jaarliks in Nederland twee pryse toe wat bekend staan as Prijs Kinderboek van het Jaar en Prijs Jeugboek van het Jaar. Eersgenoemde is vir kinders van vóór 9 of 10 jaar, laasgenoemde vir kinders van bó 9 of 10 jaar.

Die CPNB stel 'n keurkomitee saam (hulle noem dit 'n „jury”) bestaan uit vyf lede: een resensent van kinderboeke, een skrywer van kin=

derboeke, 'n jeugbibliotekaris, iemand uit die onderwys met spesiale belangstelling in kinderlektuur en iemand uit die „creative sektor” (uitgewery) wat vanweë die aard van sy werk ervaring van kinderboeke het. By die samestelling van die komitee bewaar die CPNB so vermoontlik die ewewig tussen manlike en vroulike lede, en sorg word ook gedra dat daar 'n verspreiding tussen die religieuse en lewensbeskouwlike agtergrond van die lede is. Uit sy lede benoem die komitee self 'n voorsitter. Elke komiteelid het sitting vir 'n tydperk van vier jaar. Sommige lede word vroeër en ander later benoem, sodat álmal nooit gelyktydig uittree nie. Dit bring kontinuïteit mee.

Die opdrag aan die komitee is om uit die oorspronklike Nederlandse kinderboekproduksie van die laaste twee jaar die beste boeke uit te soek vir die twee pryse. Hulle sluit nie prenteboeke in nie, ook nie werke van nie-Nederlandse skrywers nie, maar populêr-wetenskaplike boeke en kindergedigte kom wel in aanmerking.

Die komitee vergader drie keer per jaar en die werkswyse is soos volg. Die bibliotekaris wat lid van die komitee is, stel aan die begin van die jaar 'n groslys op van titels wat volgens sy mening van hoë standaard is. Hy splits ook hierdie groslys volgens sy mening in die twee leeftydskategorieë. Daarna kan die ander lede titels tot die lys byvoeg en ook wysiginge aanbeveel ten opsigte van die verdeling volgens ouderdomme. Die komitee bestudeer die titels en beslissing word gegee deur 'n meerderheid van stemme. Dan word die beslissing skriftelik in die vorm van advies aan die CPNB voorgelê, wat

nie van hierdie advies sal afwyk alvorens weer oorleg met die komitee gepleeg is nie. Om dubbel seker te maak dat die regte boeke bekroon word, versoek die CPNB aan die begin van elke jaar 'n twintigtal vakmense uit die pers-, radio-, televisie- en onderwyswêreld om die beste kinderboek van die jaar volgens hulle mening te kies. Die CPNB word dus deur die komitee sowel as deur hierdie twintigtal vakmanne geadviseer.

Dit word verder ook bepaal dat die prys meer as een keer deur dieselfde skrywer gewen kan word.

Die prys (vir elk van die ouderdomsgroepe) is f2,000, en dit word oorhandig tydens die openingsaand van die „Kinderboekenweek”.

Uit bogenoemde gegewens blyk die volgende: Die samestelling en werkswyse van die keurkomitee is in die fynste besonderhede beplan. Voorsorg is getref dat die smaak van 'n enkele individu nie die deurslag gee nie - daarom is die komiteelede uit verskeie beroepe gekies en word die CPNB dubbel geadviseer. Daar bestaan geen voorgeskrewe norme wat as vereistes aan die betrokke boeke gestel word nie. Aangesien vakmanne op verskeie gebiede wat met die kinderboek skakel die beoordeling en aanbevelings doen, is die CPNB van mening dat alle vereistes waaraan kinderboeke moet voldoen, wel in aanmerking geneem word.

Dit moet hier vermeld word dat die CPNB dit as 'n behoefte aanvoel

om ook 'n prys in te stel vir die beste vertaalde kinderboek in Nederlands. Daar is reeds 'n konsep-reglement hiervoor saamgestel. Dit bepaal dat met ingang van 1971 'n ekstra prys van f2,000 ingestel word vir die beste vertaalde kinderboek wat in Nederlands deur 'n Nederlandse uitgewer uitgegee is. Die prysgeld moet gaan aan die outeur. Die komitee kan dieselfde een wees as vir die ander twee pryse. Die werkswyse is ook dieselfde, met die voorbehoud dat boeke wat in die voorafgaande drie jaar verskyn het, in aanmerking moet kom.

Dit is 'n algemene verskynsel dat boeke, en veral kinderboeke, van een taal in 'n ander vertaal word. In elke taal in die Westerse wêreld is daar 'n groot aantal sulke vertaalde boeke. (In 1960 was die aantal vertaalde kinderboeke in Oostenryk 10%, in Duitsland 24,7% in Swede 49,3% en in Noorweë 59% van die totale kinderboekproduksie.) Dit het 'n noodsaaklikheid geword om die beste vertaalde kinderboek te bekroon en Nederland se voorneme is dus 'n voorwaartse stap.

OOSTENRYK

Vanaf 1955 word in Oostenryk 'n reeks van vier staatspryse toegeken deur die „Bundesministerium für Unterricht". Hulle is:

1. Österreichischer Staatspreis für Kleinkinderbücher (hoofsaaklik prenteboeke wat geskik is vir die voorskoolse kind)
2. Österreichischer Staatspreis für Kinderbücher (die eerste tot vierde leesstadium)

3. Österreichischer Staatspreis für Kinderbücher (die vyfde tot agste leesstadium)
4. Österreichischer Staatspreis für Jugendliteratur (jeuglektuur).

Die keuring en beoordeling vir die toekenning van hierdie vier pryse word gedoen deur 'n komitee wat deur die „Bundesminister" saamgestel word. Hierdie Österreichische Jugendschriftenkommission bestaan uit sewe lede wat almal kenners van kinder- en jeugboeke is, en hulle in hulle beroep hoofsaaklik of as bykomstigheid met die beoordeling van sulke lektuur besig hou. Hulle is gewoonlik bibliotekariese, onderwysers, sielkundiges en literatuurhistorici. Daar is geen vaste patroon waarvolgens persone aangewys word om op die komitee te dien nie - soms is daar meer bibliotekariese as onderwysers, dan weer meer onderwysers of sielkundiges.

Die werkswyse vir die toekenning van die pryse is soos volg. Óf die outeur óf die uitgewer van 'n boek kan dit voorlê vir oorweging deur drie eksemplare van die boek te besorg aan bogenoemde komitee, wat dit dan in die aanbevelingslyste kan opneem indien dit van hoë standaard bevind word. Uit hierdie lyste kies hulle dan die boeke vir bekroning. Op die bekroonde boeke word vervolgens deur die uitgewers, in samewerking met die Bundesministerium für Unterricht, 'n teken aangebring, 'n lint of 'n ander onderskeidingsteken, sodat die aandag op die bekroning gevestig word.

Slegs boeke van nog lewende outeurs word vir bekroning in aanmer-

king geneem, en dan moet hul in die drie voorafgaande jare verskyn het. Slegs werke wat deur 'n Oostenrykse uitgewery uitgegee is, kwalifiseer. Boeke wat eenmaal oorweeg is, word nie later weer oorweeg nie, maar dié wat 'n ander prys as een van hierdie vier ontvang het, word wel in aanmerking geneem.

Die geldprys van S20, 000 gaan aan die outeur. Die Bundesministerium für Unterricht onderneem egter ook jaarliks om eksemplare van die bekroonde boeke ter waarde van S100, 000 aan te koop en uit te deel aan kinder- en jeugbiblioteke, kinder- en jeugtehuise, kindershospitale en inrigtings waarin kinders en jeugdiges aansterk na 'n siekbed. Hierdeur baat die outeur en die uitgewer. Indien boeke bekroon word op grond van die gehalte van die illustrasies alleen, of indien illustrasies en teks as gelykwaardig beskou word, word aan die illustreerder 'n prysgeld van S10, 000 aangebied.

In Oostenryk word baie moeite gedoen om die bekroonde boeke onder die publiek se aandag te bring. In 'n verklaring deur die Bundesminister aan die pers, radio en televisie word bekronings bekend gemaak. Voor die aankondiging word in die pers reeds daarop gewys dat die bekronings binne 'n sekere tyd aangekondig sal word. By die jaarlikse Buchwoche (Boekeweek) trek hierdie boeke ook die aandag omdat 'n lint of ander onderskeidingsteken op elk aangebring is.

Opmerklik is dit dat in Oostenryk die komitee nie self besluit watter

boeke om te keur nie, maar dat die boeke „ingeskryf" word deur outeurs en uitgewers, en hieruit word 'n keurlys saamgestel waaruit dan uiteindelik die wenner gekies word. Hierdie prosedure verseker dat die outeurs en veral die uitgewers daadwerklik meedoen om 'n boek te laat bekroon. Dit is verder opvallend dat dit staatspryse is en dat die regering dus groot somme geld beskikbaar stel as pryse vir outeurs en illustreerders en vir die aankoop van eksemplare wat dan gratis versprei word. Dit is ook opmerklik dat daar van regeringsweë daadwerklike belangstelling in die verbetering van die gehalte van die Oostenrykse kinder- en jeuglektuur is. Sô groot is die verbetering in die gehalte van die boeke, dat dr. Finder, tans voorsitter van die „Österreichische Jugendschriftenkommission, in 'n brief sê: „Es konnte im Laufe der Jahre festgestellt werden, dass die Qualität der Bücher immer besser wurde, wodurch einige Male, um einen Autor nicht zu schädigen, sogar eine Zweiteilung des Preises vorgenommen werden konnte".¹

DUITSLAND

Dr. Bruno Heck, Bundesminister für Familie und Jugend, skryf soos volg: „Gute Bücher geben dem jungen Menschen Antwort auf seine Fragen. Sie raten, ohne zu bevormunden. Sie helfen ihm unmerklich, Erkenntnisse zu gewinnen sowie Massstäbe und Wertbegriffe zu bilden, die er für seine werdende Freiheit braucht. Bücher können auf diese

1. Persoonlike brief van dr. Finder, gedateer 12 Mei 1970.

Waise vortreffliche Freunde und Gefährten für die Jugend sein. Solche ‚Freundschaften‘ zu vermitteln ist Sache der Eltern und Lehrer, der Autoren und Verleger... Ein weiterer Mittler ist die sachgerechte und verantwortungsbewusste Werbung für das gute Jugendbuch. Für sie ist bedeutsam, dass auch der Staat hervorhebt und auszeichnet, was er für wertvoll hält. Deshalb hat die Bundesregierung den Deutschen Jugendbuchpreis gestiftet“.²

Der deutsche Jugendbuchpreis is 'n staatsprys, en bogenoemde woorde van die betrokke Minister motiveer waarom dit as noodsaaklik beskou word dat die staat pryse vir kinder- en jeugboeke moet uitloof, asook wat die doel daarmee is.

Der deutsche Jugendbuchpreis bestaan sedert 1956, en dit word toegeken vir 'n prentboek, tweedens vir 'n kinderboek, derdens vir 'n jeugboek en vierdens vir 'n jeugboek uit die vakliteratuur.

Die boeke word soos volg beoordeel. Vir elk van die vier afdelings vir bekroning word 'n keurkomitee saamgestel. Vir elke keurkomitee word twee voorsitters, waarvan die een slegs plaasvervangend is, deur die Arbeitskreis für Jugendliteratur gedurende die jaarlikse vergadering van die lede van hierdie liggaam aangewys. Hierdie twee voorsitters wys 'n verdere nege outoriteite op hierdie gebied aan

2. Arbeitskreis für Jugendschrifttum. Zehn Jahre Deutscher Jugendbuchpreis 1956 - 1965, p. 5.

as komiteelede, en die genoemde Arbeitskreis kan geskikte persone aan die twee voorsitters voorstel. So word 'n komitee vir elk van die vier boeke wat bekroon moet word, gevorm. Maar daar word ook 'n koördinerende of hoofkomitee („Hauptjury") saamgestel. Lede vir hierdie komitee word benoem deur die Bundesminister für Familie und Jugend. Die Arbeitskreis für Jugendliteratur maak vir hierdie doel voorstelle aan die Minister. In die reël is die lede van hierdie hoofkomitee die twee voorsitters van elk van die vier keurkomitees, twee addisionele persone en 'n voorsitter. Die voorsitter van die hoofkomitee mag nie sitting hê op een van die ander keurkomitees nie. Die hoofkomitee bestaan dus uit elf lede, die voorsitter ingesluit.

Die reglement bepaal ook presies watter boeke in aanmerking mag kom vir bekroning of vir die toekenning van 'n geldprys, naamlik,

a) boeke van nog lewende skrywers oorspronklik in Duits, en b) vertalings in Duits van nog lewende skrywers. Wat die oorspronklike Duitse boeke betref, word boeke in aanmerking geneem wat in ⁺ - een voorafgaande jaar verskyn het. Vir 1970 se bekronings moes die boeke byvoorbeeld verskyn het tussen 1 Desember 1968 en 31 Desember 1969. Die vertaalde boeke moet in die oorspronklike taal ná 'n sekere tyd verskyn het, byvoorbeeld vir 1970 se bekroning ná 1 September 1964.

Afgesien van die enkele boeke wat bekroon word, word ook 'n keurlys uitgegee van goeie boeke, oorspronklik en vertaald, wat in hierdie tydperke verskyn het. Dit sluit ook in a) oorspronklike Duitse werke

van gestorwe skrywers en nuwe, veranderde of verwerkte uitgawes, en b) vertaalde werke wat in die oorspronklike taal vóór die vasgestelde tyd verskyn het.

Die keuring en beoordeling vind dan soos volg plaas. Elke uitgewery kan van sy boeke wat gedurende die bepaalde tyd verskyn het, voorlê in die vorm van vier eksemplare van 'n boek waarby vyf kaarte met noukeurige bibliografiese gegewens gevoeg moet word. Verder mag alle lede van die Arbeitskreis für Jugendliteratur boeke vir keuring en beoordeling voorstel, asook literatuurkritici, redakteurs van nuusblaaie en tydskrifte waarin gereeld boekbesprekings verskyn en redakteurs van radio- en televisieprogramme met kinder- en jeugboekbesprekings. Verder mag voorstelle ontvang word van hoofbibliotekaris van kinder- en jeugbiblioteke en van kinder- en jeugafdelings van openbare biblioteke. Ook betrokke vakdosente aan hoër onderwysinrigtings, soos universiteite, mag boeke aanbeveel. Laastens kan lede van die vier komitees aanbevelings maak vir byvoegings tot die boeke wat deur die spesifieke komitee gekeur en beoordeel moet word.

Die werkswyse van die komitees is nou soos volg. Elke komitee kies uit 'n keurlys wat hulle saamgestel het, een wat vir bekroning aanbeveel word. Dié voorstel word dan aan die hoofkomitee voorgelê vir bekragtiging, met die voorbehoud dat hulle die reg het om 'n ander boek as die een wat die komitee aanbeveel, te bekroon. Indien 'n ander boek bekroon word, moet dit egter 'n positiewe beoordeling van

die betrokke komitee ontvang het. Met ander woorde, die hoofkomitee kan 'n tweede of derde of vierde keuse van die komitee bekroon. Geen besluit oor bekroning, deur die hoofkomitee, is geldig tensy dit met 'n driekwart meerderheid van stemme aanvaar word nie. Maar vir opname in die keurlys is 'n gewone meerderheid genoegsaam.

Die outeur van elke bekroonde boek ontvang 'n geldprys van 7,500 DM. In die reël word die prys nie verdeel nie, maar die hoofkomitee het die reg om in uitsonderlike gevalle 'n gedeelte daarvan toe te ken aan byvoorbeeld 'n illustreerder of 'n vertaler mits dit geregverdig is. Ook aan enkele outeurs van boeke wat in die keurlys opgeneem is, kan die hoofkomitee kleiner geldpryse toeken indien hulle pryse verdien. Hiervoor bestaan vir 1970 die totale bedrag van 5,000 DM.

Dit is opmerklik dat die samestelling van die verskillende komitees, die werkswyse van die komitees en die voorskrifte ten opsigte van watter boeke in aanmerking kan kom, met tipiese Duitse deeglikheid tot in die fynste besonderhede uitgewerk is. Dit is ook opmerklik dat daar nie norme gestel word waaraan die boeke moet voldoen om van hoë gehalte te wees nie. Juis as die deeglike organisasie van die Duitsers in gedagte gehou word, word besef dat voorskriftelike norme sekerlik nie sonder rede buite rekening gelaat is nie. Waarskynlik is die rede dat norme nie daargestel kan word wat op alle boeke van toepassing is nie. Sulke norme kan nooit bevredigend wees nie, want 'n goeie boek is 'n kunswerk wat nié volgens vasgestelde norme alleen beoordeel kan word nie.

ENGELAND

In Engeland ken die Library Association twee pryse vir kinder- en jeugboeke toe.

Die Carnegie Medal word jaarliks verwerf vir 'n „outstanding book for children written in English and receiving its first publication in the United Kingdom during the preceding year".³ Die medalje kan vir meer as een keer aan dieselfde outeur toegeken word. (Hierdie bepaling is in 1968 bygevoeg na aanleiding van 'n polemieks in The Times literary supplement van 6 Junie - 18 Julie 1968 waaruit dit duidelik geblyk het dat, hoewel dit nie verbied was dat die medalje meer as een keer na dieselfde outeur gaan nie, daar nie duidelikheid hieroor was nie. Voor 1968 het geen outeur dit vir meer as een keer ontvang nie.)

Die komitee wat verantwoordelik is vir die keuring en beoordeling van die boeke word saamgestel uit vier verteenwoordigers van die Publications Committee van die Library Association en vier verteenwoordigers van die Youth Libraries Group van dieselfde vereniging. Die laaste vier verteenwoordigers hierbo genoem, het 'n dubbele taak. Hulle stel die lys saam wat dien as basis vir die besprekings, en hulle het sitting op die komitee vir finale keuring.

Die werkswyse vir die toekennings is soos volg. Aan die einde van elke jaar word aanbevelings van alle lede van die Library Association

3. Persoonlike brief van die Editor of Publications, Library Association, gedateer 21 April 1970.

ingewag in die vorm van 'n preliminêre lys van nie meer as drie titels nie. Nadat hierdie lyste ontvang is, word 'n lys saamgestel en besluit die aangewese komitee finaal oor watter boeke bekroon moet word. Daar word wel rekening gehou met die aantal persone wat 'n boek aanbeveel, maar die boek wat deur die meeste lede aanbeveel word, hoef nie noodwendig bekroon te word nie. Dit gebeur egter dikwels dat die aanbevelings van lede en die beslissing van die komitee ooreenkom.

Wat die norme betref waarvolgens boeke beoordeel moet word, stel die Library Association dit baie duidelik⁴: „While it is not possible to lay down criteria applicable to every category of book the following criteria... may act as a general guide: Fiction: Choice to be based upon consideration of (i) Plot; (ii) Style; (iii) Characterization. Information books: Choice to be based upon consideration of: (i) Accuracy; (ii) Method of presentation; (iii) Style. Format should also be taken into account”.

Dit is opmerklik dat, van die 29 toekennings van hierdie prys sedert die totstandkoming daarvan in 1936, dit slegs vier keer aan vakliteratuur toegesê is. Hiervoor is daar hoofsaaklik twee redes. Daar was tot dusver 'n baie kleiner keuse by vakliteratuur van hoë gehalte in vergelyking met die keuse by verhalende lektuur. Dan het die Carnegiemedalje ook al as 'n toekenning vir verhalende lektuur be-

4. Ibid.

kend geraak en het dit byna tradisie geword om dit daaraan toe te ken.

Die Library Association se ander prys is die Kate Greenaway Medal. Dit word toegeken aan „the artist who, in the opinion of the Library Association, has produced the most distinguished work in the illustration of children's books first published in the United Kingdom during the preceding year".⁵ Dit word verder bepaal dat die medalje meer as een keer aan dieselfde kunstenaar toegeken kan word, en dat dit boeke insluit vir kleiner sowel as groter kinders. Die re= produksie van die illustrasies word ook in aanmerking geneem.

Soos by die Carnegie Medal, word hier ook aanbevelings van lede van die Library Association gevra. Dieselfde komitee as vir die Carnegie Medal doen dan die finale keuring en die werkswyse is dieselfde.

Dit is opmerklik dat sedert die totstandkoming van hierdie prys in 1955 (dit is twee keer nie toegeken nie) alle toekennings gemaak is vir prenteboeke met die uitsondering van dié aan Walter C. Hodges in 1964 vir „Shakespeare's theatre". Daar word duidelik bepaal dat die prys verwerf kan word op grond van die hoë gehalte van illustrasies in kinderboeke. Dit word dus nie beperk tot prenteboeke nie. Die Kate Greenaway Medal is al so dikwels aan prenteboeke toegeken, dat dit byna as praktyk beskou kan word dat nêr prenteboeke vir dié toekenning in aanmerking kom.

5. Ibid.

Dit word gewoonlik aanvaar dat alleen die beste boeke bekroon word. By enige beoordeling kan dit natuurlik nie bewys word dat die beste een uitgekies is nie, en daarom kom die woorde „best book” nie in die bepalings voor nie. Peggy Heeks, lid van die keurkomitee vir 1968 en voorsitster van die Youth Libraries Group vir dieselfde jaar, stel: „The awards . . . are the Library Association's recognition of the outstanding work of authors, illustrators, publishers; they are our annual celebration of the healthy state of children's literature in England; they are our thanks to those who give us the tools for our work”.⁶ Omdat daar verskil van mening kan bestaan, word dit nie gestel dat 'n bekroonde boek as die beste bevind is nie, maar dat dit bekroon is as erkenning van die puik gehalte daarvan. Dit is ook van betekenis dat die bekroning van kinderlektuur in Engeland beskou word as 'n gebaar van erkentlikheid teenoor al hulle goeie kinderboek-skrywers.

V. S. A.

Tydens 'n vergadering van die Section for Library Work with Children van die American Library Association op 21 Junie 1921 het Frederic G. Melcher, vroeër bestuurder van die Stewart Company se boekwinkel in Indianapolis en later redakteur van „Publishers' Weekly”, voorgestel dat die American Library Association gereeld 'n medalje toeken vir „the most distinguished children's book of the year”. Hy stel ook voor dat die medalje vernoem word na John Newbery, 'n

6. Heeks. Looking for a winner, p. 3458.

Londense boekhandelaar wat die eerste persoon was om aantreklike boeke vir kinders te laat uitgee. Mnr. Melcher se voorstel is met groot entoesiasme ontvang deur die bibliotekaris van kinderbiblioteke, en dit word deur die A. L. A. aanvaar. In 1937 stel mnr. Melcher die jaarlikse toekenning van 'n tweede medalje voor, naamlik een vir „the most distinguished picture book of the year”, met die benaming Caldecott Medal ter ere van die beroemde negentiende-eeuse Engelse illustreerder Randolph J. Caldecott. Ook hierdie voorstel word met geesdrif begroet en deur die A. L. A. aanvaar.

Dié twee medaljes is in 1921 en in 1937 onderskeidelik ontwerp deur René Paul Chambellan.

Daar word bepaal watter boeke vir hierdie toekennings in aanmerking mag kom. Slegs boeke wat in die een voorafgaande jaar in die V. S. A. gepubliseer is en wat 'n waardevolle bydrae gelewer het tot die Amerikaanse kinderlektuur, mag oorweeg word vir die Newbery Medal. Die medalje word aan die outeur toegeken, en die outeur moet 'n burger van die V. S. A. of in die V. S. A. woonagtig wees. Herdrukke en werke waarvan die outeur as samesteller beskou kan word, word nie in aanmerking geneem nie. Daar is geen beperking wat die soort kinderboek betref nie, solank dit maar 'n oorspronklike werk is.

Wat die Caldecott Medal betref, word dit toegeken aan die illustreerder van 'n prenteboek. Dit moet in die V. S. A. gepubliseer wees, en

die illustreerder moet 'n burger of inwoner van die V. S. A. wees. Dit maak geen verskil of hy ook die outeur van die teks is of nie.

Dit word baie duidelik gestel dat, wat die Newbery Medal betref, die boek nie noodwendig uitsluitlik vir kinders geskryf hoef te wees nie, solank dit maar 'n bydrae tot die kinderlektuur in die V. S. A. vorm. Verder word ook bepaal dat slegs een spesifieke boek uitge=sonder word en dat 'n skrywer se vroeëre werke geen rol speel by die beslissing vir die toekenning van die medalje nie. Dit geld ook vir die Caldecott Medal.

Daar bestaan een komitee wat die keuring en beoordeling doen vir al= twee die medaljes. Die komitee word saamgestel uit die vier bestuurs= lede van die Children's Services Division van die A. L. A. , vyf lede van die Book Evaluation Committee, agt lede wat jaarliks deur lede van die Children's Services Division verkies word en ses lede wat deur die President van die Children's Services Division aangewys word. Die lede word so gekies dat takke van die A. L. A. oor die hele land verteenwoordig word. Dit word verwag dat persone op die komitee be=reid moet wees om die winter-vergadering persoonlik by te woon, want die besprekings en beoordeling kan nie per pos gedoen word nie. 'n Verdere vereiste is dat verkose persone in die posisie moet wees om 'n groot versameling nuwe kinderboeke te lees en te bestu=deer. Die Vice-president van die Children's Services Division tree op as voorsitter.

Volgens watter patroon word nou te werk gegaan? Alle lede van die A, L, A, kan boeke nomineer, en hierdie nominasies word deur die komitee ingewag tot die eerste week in Januarie. Dan stel die komitee 'n volledige lys saam vir elk van die twee pryse en op die lyste word ook aangedui hoeveel nominasies daar vir elke boek was. Hierdie lyste word deur die sekretaris aan alle komiteeledede gestuur wat die boeke moet bestudeer. Nou stuur elke komiteelid 'n nominasie in van drie boeke vir elke prys, en later ontvang hy 'n lys wat saamgestel is uit al hierdie nominasies deur lede van die komitee. Op die eerste vergadering daarna, waar al die lede teenwoordig moet wees, is die prosedure soos volg. Eers word besluit watter prys eerste afgehandel word. Dan kry lede geleentheid om aan te voer waarom hulle van mening is dat die medalje aan hulle „kandidaat” toegeken moet word. Hierna kom die eerste stemming. Elke lid skryf op 'n stembriefie sy eerste, tweede en derde keuse vir die toekenning. Aan elke eerste keuse word vier punte toegeken, aan 'n tweede keuse drie en aan 'n derde keuse twee punte. Geen boek kan wen, as dit nie ten minste twaalf eersteplekke of agt-en-veertig punte verwerf het nie. Die uitslag word bekend gemaak, en die boeke wat geen stemme gekry het nie, word uitgeskakel. Nou word die boeke bespreek wat min stemme gekry het. Deur eliminasie word boeke uitgeskakel, totdat slegs een oorbly wat dan as wenner verklaar word. Die ander boeke wat die langste daarin kon slaag om op die lys te bly, word as „runners-up” in alfabetiese volgorde in 'n lys opgeneem. Daar is geen beperking wat dié aantal boeke betref nie. Die hoeveelheid word elke jaar be=

paal deur die komitee.

Die A. L. A. gaan van die standpunt uit dat die stelsel van puntetoekenning aan boeke 'n beter aanduiding gee van die komitee se opinie ten opsigte van die boeke wat bespreek word en dat die meerderheid van stemme wat op die gewone manier uitgebring word, nie so 'n getroue weergawe gee nie. Die A. L. A. is ook voortdurend besig om die werksprosedure van die komitee te ondersoek en besluite te analiseer, sodat die nodige wysigings aangebring kan word om die mees doeltreffende prosedure daar te stel.

Daar word geen norme gestel waarvolgens die boeke beoordeel moet word nie. Dit word wel genoem dat 'n outeur of illustreerder die meedanje meer as een keer mag verwerf.

Die doel van die toekennings word soos volg geformuleer. Dit dien in die eerste plek as aanmoediging vir skrywers en illustreerders om oorspronklike, skeppende werk te lewer op die gebied van kinderlektuur; in die tweede plek om aan die publiek te toon dat verdienstelike kinderlektuur erkenning moet kry soos enige ander goeie lektuur; in die derde plek om aan bibliotekarisse wat met kinderboeke werk die geleentheid te gee om deur die toekennings goeie kinderlektuur aan te moedig.

As geheel gesien, kan die volgende opmerkings oor hierdie twee toekennings gemaak word. Dit is fyn beplan, sodat die toekennings op 'n

demokratiese wyse gedoen word, met ander woorde dat die menings van so veel moontlik persone in ag geneem word en dat die mening van een enkele persoon nie te veel gewig dra nie. Daar word nie norme skriftelik gestel waaraan die boeke moet voldoen nie, maar daar is baie geleentheid vir mondelinge motivering van 'n standpunt ten opsigte van die gehalte van 'n boek. Dit moet ook opgemerk word dat die komitee uit 'n besonder groot aantal lede bestaan. Dit is blykbaar gedoen om aan verskeie liggame genoegsame verteenwoordiging te gee, asook aan die verskillende takke van die A. L. A., en ook om toe te sien dat daar 'n balans is tussen ervare en onervare lede in diens van die komitees.

Die eer kom die V. S. A. toe dat hy die eerste land ter wêreld was wat deur middel van 'n bekroning erkenning gegee het aan goeie kinderlektuur, toe hierdie twee medaljes in 1922 en in 1938 ingestel is. Daarmee is vir die eerste keer op hierdie wyse erkenning gegee aan kinderboeke as 'n genre wat net so veel kuns is as enige ander literêre produk.

SWEDE

Die Nils Holgerssonmedalje is in die lewe geroep deur die Sveriges Allmänna Biblioteksörening en is vir die eerste keer in 1950 toegeken. Dié medalje is vernoem na die gevierde Sweedse skryfster Selma Lagerlöf se bekende kinderboek „Die wonderbaarlike reis van Nils Holgersson" wat in baie tale vertaal is, in verwerkte

vorms verskyn het en selfs verfilm is.

Die Sweedse Biblioteekvereniging benoem 'n komitee vir die keuring en beoordeling. Hierdie komitee bestaan uit vyf lede. Een lid word aangewys deur die biblioteekafdeling van die Departement van Onderwys, twee lede word aangewys deur die Afdeling Openbare Biblioteke en twee lede deur die Afdeling Skoolbiblioteke van die Biblioteekvereniging.

Die werkswyse van die komitee is soos volg. Lede van die Sweedse Biblioteekvereniging dien voorstelle in van boeke vir maandelike bekroring. Dit moet geskied voor 20 Maart. Die komitee besluit dan oor die aanbevelings en maak 'n finale beslissing teen die begin van April. Jaarliks word die prys dan op Selma Lagerlöf se verjaarsdag - 20 November - toegeken, tydens die jaarvergadering van die Sweedse Biblioteekvereniging.

Die toekenning word gedoen vir die beste kinderboek óf jeugboek wat gedurende die voorafgaande jaar in Sweeds verskyn het.

In teenstelling met die komitee wat die keuring en aanbevelings vir die Caldecott Medal en Newbery Medal doen, is die komitee van die Nils Holgerssonmedalje besonder klein. Die kinderboekproduksie in die V. S. A. is natuurlik baie groter as dié in Swede, met die gevolg dat minder boeke in Swede aanvanklik gekeur moet word as in die V. S. A. Dit is ook opmerklik dat die beoordelaars in Swede - soos

in Amerika - almal lede van hul Biblioteekvereniging is.

'N INTERNASIONALE KINDERBOEKTOEKENNING

Die inisiatief vir die totstandkoming van een van die bekendste kinderboekpryse in die wêreld, naamlik die Hans Christian Andersen-medalje, het uitgegaan van mevrou Jella Lepman, stigter en lid van die International Board on Books for Young People (IBBY). Hierdie prys word vanaf 1956 tweejaarliks toegeken en die bepaling is tans soos volg. Twee medaljes word toegeken. Die een word toegeken aan 'n nog lewende outeur vir sy bydrae tot die kinder- en jeuglektuur. Al sy werk word in aanmerking geneem. Die medalje word dus nie toegeken net vir een boek nie. Die toekenning word hoofsaaklik gedoen vir verhalende lektuur, hoewel die ander werk van so 'n outeur nie heeltemal buite rekening gelaat word nie. Tot 1961 is al die werke van die skrywer nie noodwendig in aanmerking geneem nie; daarna wel. Die tweede medalje word toegeken aan 'n nog lewende illustreerder van boeke vir kinders of jongmense wat eweneens 'n besondere bydrae gelewer het. Al sy werk word beoordeel; nie net die illustrasies in een enkele boek nie. Saam met al twee die medaljes word ook 'n diploma uitgereik. Die medalje en diploma vir die illustreerder is eers in 1966 vir die eerste keer ingestel en toegeken.

Daar is 'n Internasionale Komitee wat oor die toekennings besluit. Hierdie Komitee bestaan uit nege lede, naamlik die President, wat deur die Algemene Vergadering van die International Board on Books

for Young People aangewys word, en agt ander lede, deur die Uitvoerende Komitee van dieselfde liggaam benoem.

Die werkswyse vir die beoordeling en toekenning van die medaljes is soos volg. In die International Board on Books for Young People is daar vir elke lidland 'n nasionale afdeling (National Section), en hierdie afdelings word uitgenooi om 'n kandidaat vir elk van die twee medaljes voor te stel. Die Internasionale Komitee het dan die mag om hierdie voorstelle te oorweeg en om 'n finale beslissing te maak. Hiervoor vergader die Internasionale Komitee minstens een keer. Lede wat die vergadering nie kan bywoon nie, mag per pos stem, maar dan moet die posstem dié Komitee bereik voordat die vergadering afgesluit word. Die besluit van die Internasionale Komitee is geldig slegs as die President van dié Komitee sowel as die President van die International Board on Books for Young People by die vergadering teenwoordig is. Die Internasionale Komitee het die reg om verdere deskundige advies in te win, wanneer dit nodig geag word. Die beslissing word bereik deur stemme uit te bring, en indien 'n staking van stemme voorkom, het die President van die Komitee 'n beslissende stem. Sodra 'n beslissing bereik is, word die nasionale afdelings in kennis gestel daarvan, en dan word so veel moontlik publisiteit aan die beslissing verleen, veral in die land van herkoms van die outeur en illustreerder wat die medaljes verower het.

Benewens die twee bekronings word ook 'n lys van eervolle vermeldings uitgegee. Vir hierdie doel word elke nasionale afdeling versoek

om 'n boek te nomineer wat van hoë gehalte en tipies is van die land van herkoms. Hierdie boeke wat eervol vermeld word, moet ook geskik wees vir vertaling in ander tale.

Met betrekking tot die Hans Christian Andersenmedalje kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word. Dit is kinderboekskrywers en -illustreerders uit verskillende lande wat meeding om die twee medaljes. Die Internasionale Komitee het groot mag, en hulle besluit is final. Aangesien elke nasionale afdeling slegs een kandidaat vir elk van die medaljes kan nomineer, kan aangeneem word dat dit een sal wees wat reeds in sy eie land een of meer pryse of toekennings ontvang het. Daarom kan die Hans Christian Andersenmedalje beskou word as die toekenning aan die pryswenner onder die pryswenner. Dit is al bestempel as die „Nobelprys vir kinderlektuur“.

HOOFSTUK XV DIE TOEKENNINGS IN SUID-AFRIKA GESIEN IN DIE LIG VAN SOORTGELYKE OORSESE TOEKENNINGS

Uit die bespreking van toekennings binne en buite Suid-Afrika het dit geblyk dat daar groot verskille asook groot ooreenkomste is ten opsigte van baie aspekte. Dit sou verkeerd wees om te beweer dat daar slegs één korrekte of mees doeltreffende metode of werkswyse is waarvolgens toekennings gemaak kan word. Weens omstandighede in 'n sekere land sal een metode beter wees as 'n ander. Die hoeveelheid beskikbare lektuur en die gehalte daarvan is faktore wat die metode van toekenning beïnvloed, soos ook die bekwaamheid van die keurders en die doel van die bekronings. Maar dit is tog nodig om van tyd tot tyd aan die prosedures te skaaf om te verseker dat so doeltreffend moontlik te werk gegaan word onder die bepaalde omstandighede. Ver=al waar dit soos hier gaan om die keuring en beoordeling van boeke volgens gehalte, moet sorg gedra word dat alles glad funksioneer. Juis omdat die waardebepaling van 'n boek altyd in 'n mindere of meerdere mate subjektief is, en daar dus nie altyd volgens 'n vaste patroon te werk gegaan kan word nie, móét daar spesifieke bepalings wees waar dit wel moontlik is om daarvolgens te werk te gaan.

As gevolg van dié subjektiewe element is dit belangrik wie die keu=ring en beoordeling doen vir die toekenning van pryse. In Suid-Afrika

doen slegs lede van die keurkomitee vir toekenning van die C. P. Hoo=genhoutmedalje die keuring en beoordeling, en slegs lede van die Letterkundige Kommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir We=tenskap en Kuns die keuring en beoordeling vir die Scheepersprys en die Tienie Hollowaymedalje.

In Engeland mag alle lede van die Library Association aanbevelings doen, in die V. S. A. dié van die A. L. A. en in Swede elke lid van die Sveriges Allmänna Biblioteksörening. Almal maak seker nie van hier=die vergunning gebruik nie, maar sommige lede doen dit wel. In Neder=land word, afgesien van die keuring deur die komitee, ook nog advies ingewin van 'n twintigtal outoriteite van buite die komitee deur hulle te laat aandui wat die boeke van hulle keuse vir bekroning is. In Oostenryk lê outeurs en uitgewers boeke voor, terwyl in Duitsland aanbevelings mag kom van uitgewers, alle lede van die Arbeitskreis für Jugendliteratur, literatuurkritici, redakteurs van nuusblaaie en tydskrifte, radiopersoonlikhede, bibliotekaris, vakdosente aan hoër onderwysinrigtings asook van lede van die komitees. Slegs in Nederland, waar net die bibliotekaris-lid die aanvanklike keuring doen, en in Switserland vir die toekenning van die Hans Christian Andersenmedalje is die betrokke komitees uitsluitlik vir die keuring verantwoordelik.

In die meeste lande word meer as net die komiteeledes betrek by die keuring of aanbeveling van boeke vir die toekenning van pryse. Die groot voordeel van hierdie prosedure is dat kinderboek-kenners

wat om een of ander rede nie lede van die komitees is nie, ook hulle kennis en insig kan laat geld om die regte boeke te laat bekroon. Dit is meer demokraties om ander persone ook 'n aandeel aan die prosedure van toekenning te gee. Deur daadwerklike samewerking van persone buite die komitees kan 'n groter belangstelling by hulle gekweek word vir die bekronings. Persone van buite wat die bekwaamhede en belangstelling het, wys hulleself, deur deel te neem aan die aanbeveling van geskikte boeke, aan as potensiële komiteelede. Indien persone wat nie op die komitees dien nie, aanbevelings mag doen, kan dit ook kritiek op die bekroning van werke in 'n groot mate uitskakel. Want die volle verantwoordelikheid vir die aanvanklike uitsoek van die beste boeke berus dan nie uitsluitlik by die keurkomitees nie.

Die groot nadeel van hierdie stelsel is dat 'n groot aantal mense by die keuring betrokke is, ook moontlik mense wat nie 'n goeie oordeel kan vorm of 'n goeie insig het nie. Boeke van 'n swakker gehalte kan dan op die lyste voorkom. Meer tyd moet dan bestee word om te elimineer. Dit is egter nie 'n groot nadeel nie. Die keurkomiteelede behoort kennis te dra van alle werke wat in die betrokke tydperk verskyn het, en hulle sal dus sonder veel moeite tussen die korrels en die kaf kan onderskei. Hierdie stelsel het baie meer voor- as nadele.

Dié metode kan met voordeel vir die toekenning van die C. P. Hoozenhoutmedalje gebruik word. Al die lede van die S. A. B. V. kan by=

voorbeeld in die „Nuusbrief" van die Vereniging uitgenooi word om voorstelle vir die bekroning voor 'n sekere datum in te dien. Dit kan selfs gepaard gaan met 'n kort motivering. Die aantal boeke wat so aanbeveel word, kan beperk word tot een of twee per persoon om té lang lyste uit te skakel. Alle lede van die S. A. B. V. het nie deskundige kennis van die kinderboek nie. Almal stel ook nie daarin belangstelling het. Die aandeel wat sulke persone neem, kan van waarde wees vir die keurkomitee en aan die betrokke lede bevrediging gee.

Wat die Scheepersprys en die Tienie Hollowaymedalje betref, kan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns die geleentheid bied aan persone wat nie op die Letterkundige Kommissie dien nie, om boeke aan te beveel. Sulke aanbevelings kan kom van vakdosente aan hoër onderwysinrigtings wat outoriteite op die spesifieke gebied is, van bibliotekarisse en ander deskundiges. Daardeur word nie net gebruik gemaak van deskundige advies nie, maar erkenning word ook gegee aan die bekwaamheid van outoriteite op die gebied.

Vir die toekenning van die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging staan dit alle uitgewerye in Suid-Afrika reeds vry om boeke in te skryf.

In vergelyking met hoe dit oorsee gedoen word, word oor die algemeen

in Suid-Afrika te min mense betrek by die aanbeveling van boeke wat vir keuring in aanmerking kan kom. Die boekproduksie in Suid-Afrika is wel baie kleiner as in die meeste Europese lande en in die V. S. A. Daarom kan 'n verdienstelike boek nie so maklik onopgemerk verbygaan nie. Maar dit sal tog goed wees as meer mense in Suid-Afrika toegelaat kan word om boeke vir die verskillende toekennings aan te beveel, solank die finale keuring die uitsluitlike verantwoordelikheid van die keurkomitees bly. Om tot 'n beslissing te kom, is 'n klein komitee die beste. Die deelname deur 'n groter aantal persone aan die aanvanklike aanbeveling van boeke het reklamewaarde wat nie onderskat moet word nie.

Vervolgens bepaal ons ons by die stel van norme waarvolgens kinder- en jeugboeke beoordeel word.

In Nederland, Oostenryk, Duitsland, die V. S. A., en in Switzerland vir die Hans Christian Andersenprys, word geen geskrewe norme gestel nie. Aangesien die lede van die komitees in al hierdie gevalle deskundiges is, en aangesien daar geen stel norme kan bestaan wat op alle boeke ewe goed toegepas kan word nie omdat elke goeie boek 'n kunswerk is met sy eie, individuele karakter en nuanses, word daar nie eers gepoog om norme voor te skryf nie. Slegs in Engeland word in breë trekke aangedui waarna opgelet moet word, naamlik „plot", „style" en „characterization" vir verhalende lektuur.

In Suid-Afrika word vir geen van die pryse skriftelike norme voorge-

skryf waarvolgens beoordeel moet word nie, behalwe vir die C. P. Hoogenhoutmedalje. Hiervoor is norme in die fynste besonderhede uitgewerk. Sou dit veronderstel word dat dit nodig is vir die keurkomitee, dan beteken dit óf dat die S. A. B. V. van mening is dat die komiteelede nie voldoende insig en ervaring het nie, óf dat alle boeke altyd volgens dieselfde norme beoordeel moet word.

Die doel met die norme gestel deur die S. A. B. V. is om as leidraad te dien. Maar het die lede van die keurkomitee so 'n leidraad nodig? Dit kan dus goed wees as die S. A. B. V. daarvoor besin of die voorgeskrewe norme werklik noodsaaklik is. Indien 'n liggaam soos die S. A. B. V. norme saamstel waaraan kinderboeke moet voldoen, kan dit vir die bibliotekaris groot waarde hê by die keuringsproses. Maar vir die komitee wat boeke vir bekroning aanbeveel, is dit onnodig. Hulle is immers kenners van die kinderboek.

Die samestelling en grootte van die keurkomitees verdien aandag.

In Nederland word presies bepaal hoe die komitee saamgestel moet word, naamlik een resensent van kinderboeke, een skrywer van kinderboeke, een jeugbibliotekaris, ensovoorts. Ook in Engeland word die samestelling presies bepaal: vier lede verteenwoordig die Publications Committee, vier lede die Youth Libraries Group. Ook in die V. S. A. is daar 'n vasgestelde aantal lede van die Children's Services Division en van die Book Evaluation Committee. In Oostenryk, Duitsland en Switserland is daar nie presies voorgeskryf hoe die

samestelling moet wees nie.

In Suid-Afrika is die Letterkundige Kommissie van die Akademie verantwoordelik vir alle Afrikaanse letterkundige toekennings deur die Akademie en nie net vir kleuter- en jeuglektuur nie. Daar kan dus nie 'n vaste patroon wees waarvolgens dié Kommissie spesifiek vir die toekenning van die Scheepersprys en Tienie Hollowaymedalje saamgestel moet word nie.

'n Komitee van die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging is ook verantwoordelik vir die aanbevelings ten opsigte van verskeie toekennings. Die samestelling van die komitee wissel ook van jaar tot jaar, maar daar word gesorg dat persone uit verskillende beroepe en professies daarop dien.

Die komitee van die S. A. B. V. vir die toekenning van die C. P. Hoo-genhoutmedalje is uitsluitlik hiervoor aangestel. Die samestelling is egter nie volgens 'n vaste patroon nie. Aangesien die S. A. B. V. verskeie afdelings het, soos dié vir openbare biblioteke, vir universiteits- en spesiale biblioteke, en een van die takke selfs 'n onderafdeling vir skool- en kinderbiblioteke het, is dit raadsaam om die samestelling só te reël dat alle afdelings verteenwoordiging verkry. As gevolg van die geografiese uitgestrektheid van Suid-Afrika is daar ook verskillende takke van die S. A. B. V. In die V. S. A. word lede van die keurkomitee só gekies dat elke tak of streek verteenwoordig word. Dit kan ook in Suid-Afrika gedoen word, maar dan

miskien om die beurt. Anders word die komitee te groot. Tans is alle lede beperk tot takke in Transvaal en die Kaap. Die ander provinsies het geen verteenwoordiging nie. Verteenwoordiging van alle takke is nie 'n absolute noodsaaklikheid nie, maar indien verteenwoordiging gebrekkig is, kan die gevoel ontstaan dat sekere takke van hierdie aktiwiteit uitgesluit word.

In Nederland word ook gepoog om die ewewig te bewaar tussen die aantal vrouelede en manlike lede op die keurkomitee. Aangesien dit hier gaan om die bekroning van kinderboeke, is 'n besondere kennis en begrip van die kind by die komiteelede noodsaaklik. Die insig wat 'n vrou in die kind het, is dikwels verskillend van dié van 'n man. 'n Moeder sien ander dinge in haar kind raak as 'n vader. 'n Vrou sal die belangstelling van 'n dogter makliker kan peil, 'n man dié van 'n seun. Hoewel nie uitsluitlik nie, sal 'n vrou 'n boek vir dogters beter kan beoordeel en 'n man weer 'n boek vir seuns. Daarom is dit tog noodsaaklik dat albei geslagte op 'n keurkomitee verteenwoordig moet wees. Daar hoef egter nie dieselfde aantal van elk te wees nie. In Suid-Afrika dien tans mans én vrouens op al die betrokke keurkomitees, maar daar is geen bepaling in dié verband nie.

Die aantal lede op die keurkomitees toon in die verskillende oorsese lande 'n groot variasie. In Nederland en Swede is daar vyf lede, in Oostenryk sewe, in Engeland agt, in Switserland nege, in Duitsland elf en in die V. S. A. drie-en-twintig.

Die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging maak voorsiening vir nege lede, maar die aantal lede wissel van jaar tot jaar en is gewoonlik minder as nege. Vir die Scheepersprys en die Tienie Hollowaymedalje is daar agt en vir die C. P. Hoogenhoutmedalje wissel dit van agt tot tien. Die aantal lede van 'n komitee word onder andere bepaal deur die hoeveelheid boeke wat gekeur moet word. Hoe groter die aantal publikasies wat in aanmerking kan kom, des te groter moet die komitee ook wees. 'n Groter aantal beroepe en professies wat verteenwoordiging vereis, sal 'n groter komitee tot gevolg hê. Hoe meer takke en afdelings verteenwoordig moet word, hoe groter moet 'n komitee wees. In hierdie verband is die V. S. A. se drie-en-twintig lede dus net so geregverdig as die vyf lede van Nederland. Die Letterkundige Kommissie van die Akademie bestaan net uit letterkundiges en slegs die letterkundige gehalte van die kleuter- en jeugboeke word beoordeel. Agt lede is dus heeltemal voldoende. Dit kon ook een of twee minder wees. Die Komitee insake die Afrikaanse Kinderboek van die S. A. B. V. bestaan, met die uitsondering van die verteenwoordiger van die Akademie, uit biblioteekkundiges. Wat hierdie oorweging betref, kan die agt tot tien lede dus verminder word tot byvoorbeeld vyf of ses. Maar die S. A. B. V. het verskeie afdelings en takke. As dit in aanmerking geneem word, kan die aantal lede nie verminder word nie, omdat doeltreffende verteenwoordiging 'n groter komitee vereis.

In slegs twee oorsese lande, Duitsland en Nederland, bestaan daar 'n definitiewe ouderdomsbepering van die lesers vir wie die boeke

bekroon word. In al die lande waarvan toekennings bespreek is, is daar meer as een prys vir kinderboeke. En tog is dit nie nodig gevind om boeke af te baken as geskik vir 'n leser van 'n sekere ouderdom nie. Onderskeid word slegs gemaak tussen kinders en jeugdiges.

Om oorvleueling van bekronings in Suid-Afrika te voorkom, is 'n ooreenkoms tussen die S. A. B. V. en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1970 aangegaan, naamlik:

- „1. Die Hollowayprys word beperk tot die woord-inhoud van kleuterboeke vir kinders tot 6 jaar oud. . .
2. Dit staan die S. A. B. V. vry om 'n prys vir die illustrasies en die tipografiese en bibliografiese versorging van kleuterboeke in te stel.
3. Die C. P. Hoogenhouttoekenning sal beperk word tot kinderboeke vir die ouderdomsgroep 6-12 jaar. . .
4. Die Scheepersprys van die Akademie sal soos tevore toegeken word aan jeugboeke vir die ouderdom 12-16 jaar.
5. Die verteenwoordigers van die Akademie sal by die Akademie-raad aanbeveel dat geen verdere oorvleuelende pryse deur die Akademie ingestel word nie. Die verteenwoordigers van die S. A. B. V. sal ook dieselfde by hul Raad doen". . . ¹

1. Opsomming van besluite van die Raad gedurende Februarie tot Mei 1970, p. 4.

In lande met 'n groot boekproduksie vir kinders en jeugdiges kan dit miskien as gewens beskou word om oorvleueling van toekennings te vermy. 'n Groter aantal publikasies bring gewoonlik ook 'n groter aantal van puik gehalte mee. Die gevolg is dat meer boeke bekroning word is, en een boek behoort nie twee toekennings te ontvang, as daar ander van dieselfde gehalte is waaraan geen toekenning gemaak word nie. Maar in Suid-Afrika met sy klein boekproduksie is die boeke van puik gehalte skaars. Daar is byvoorbeeld nie eers elke jaar 'n kinderboek wat bekroning waardig is nie. Geen beswaar kan dan daarteen ingebring word as so 'n boek meer as een toekenning ontvang nie. Om te verhoed dat dieselfde boek deur albei bekroon word, word die ouderdomme van kleuters, kinders en jeugdiges deur die S. A. B. V. en die Akademie te skerp afgebaken. Wie kan beweer dat 'n boek vir 'n kind van ses jaar geskik is maar nie vir 'n sewejarige nie en sy bewering motiveer? Dit is baie veiliger om, soos in Duitsland, Engeland of in die V. S. A. net te praat van kleuterboeke, kinderboeke en jeugboeke. En as 'n boek kleuterboek en kinderboek tegelyk is, is daar geen rede waarom 'n kleuterboekprys sowel as 'n kinderboekprys nie daaraan toegeken kan word nie.

Die S. A. B. V. en die Akademie behoort die ooreenkoms weg te doen en hulle nie te bekommer oor die oorvleueling van toekennings nie.

Dit is opmerklik dat in verskeie oorsese lande staatspryse bestaan vir kleuter-, kinder- en jeuglektuur. Dit toon die belangstelling van die landsregering in die bevordering van die goeie boek en derhalwe

ook in die opvoeding van die kind en die jeug. 'n Toekenning deur die hoogste gesag in 'n land sal meer gewig dra as baie ander toekennings. In Duitsland is die Bundesministerium für Familie und Jugend en in Oostenryk die Bundesministerium für Unterricht elk verantwoordelik vir die jaarlikse toekenning van vier pryse vir kleuters, kinders en jeugdiges. In Suid-Afrika bestaan daar geen staatspryse vir hierdie lesersgroepe nie. Die Scheepersprys word gefinansier uit 'n skenking van 'n privaat persoon, die Tienie Hollowayprys uit 'n nalatenskap uit die boedel van 'n privaat persoon, terwyl die C. P. Hoogenhoutmedalje deur 'n professionele liggaam ingestel is. Ook die toekennings van die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging is dié van 'n professionele vereniging. 'n Staatsprys in Suid-Afrika sal veel doen om skrywers aan te moedig, die goeie boek te propageer en dus dié middele waar= deur die kind en die jeugdige opgevoed word, te verbeter.

Oorsese toekennings is in die vorm van geldpryse of medaljes. In Duitsland word 'n groot geldprys aan die outeur van die bekroonde boek toegeken, terwyl selfs vir eervolle vermeldings ook 'n geldprys aan die betrokke outeurs geskenk kan word. By die toekenning van die internasionale Hans Christian Andersenprys in Switserland word saam met die medalje ook 'n diploma aan die outeur uitgereik. In Suid-Afrika ontvang die wenner van die Scheepersprys 'n geldprys. Die C. P. Hoogenhouttoekenning en die Tienie Hollowaytoekenning is in die vorm van medaljes. Watter vorm die toekenning ook al aan= neem, dit is nie so belangrik as die eer wat die skrywer of illustreer= der van 'n bekroonde boek te beurt val nie.

Die aantal en verskeidenheid kinderboekpryse in Suid-Afrika is, as dit met die buiteland vergelyk word, en ook in verhouding met die omvang van ons boekproduksie, bevredigend. Die S. A. B. V. het in 1969 besluit om ook 'n prys vir die beste Engelse kinderboek wat in Suid-Afrika gepubliseer en deur 'n Suid-Afrikaanse skrywer geskryf is, in te stel. Hierdie prys heet die Percy Fitzpatrickprys. Dit is tot dusver nog nie toegeken nie. Selfs vir kinderboeke in die Bantoe= tale is 'n prys reeds in die vooruitsig gestel. Die enigste leemte is nog 'n prys vir kinder- en jeugboeke wat in Afrikaans vertaal is. Die keurlys van vertaalde kinderboeke wat deur die keurkomitee vir die toekenning van die C. P. Hoogenhoutmedalje jaarliks saamgestel word, gee 'n goeie aanduiding van die hoë gehalte van dié boeke. Vertaalde kinderboeke speel in Suid-Afrika 'n groot rol. Dit vul nie net die inheemse kinderboeke aan nie maar oefen ook 'n beson= dere invloed daarop uit. Sedert die beste kinderlektuur van ander lande in vertaalde vorm in Suid-Afrika beskikbaar geword het, het die werk van baie van ons kinderboekskrywers 'n groot verbetering getoon as gevolg van die goeie voorbeeld wat dié boeke gestel het. Dit is ook aan ons uitgewers 'n uitdaging om puik oorsese drukwerk te ewenaar.

In Duitsland word 'n toekenning gemaak aan òf 'n oorspronklike Duit= se kinderboek, òf 'n kinderboek wat in Duits vertaal is. Dit kan nie in Suid-Afrika gedoen word nie, omdat die enkele inheemse kinder= boeke van die vereiste gehalte daardeur op die agtergrond gestoot sal word. Ons beperkte aantal goeie kinderboek-skrywers kan nie

kompeteer met die groot aantal pulk skrywers van kinderboeke van= oor die hele wêreld nie. 'n Aparte toekenning vir die beste vertaalde kinderboek in Afrikaans behoort wel ingestel te word met erkenning aan die werk van die oorspronklike outeur sowel as aan dié van die vertaler en uitgewer.

Uit die vergelyking van Suid-Afrikaanse toekennings aan kleuter-, kinder- en jeugboeke met soortgelyke toekennings in die buiteland, blyk dit dus dat op sekere aspekte verbeter kan word. As egter in aanmerking geneem word dat feitlik alle kinder- en jeugboektoeken= nings in die belangrikste Westerse lande eers vanaf die vyftigerjare van hierdie eeu ingestel is, kan Suid-Afrika met sy relatief klein boekproduksie en beperkte afsetgebied trots wees op wat reeds in hierdie verband tot stand gebring is.

AFDELING E : DIE BEKROONDE KINDERBOEK EN DIE LESER

HOOFSTUK XVI DIE AANVAARDING VAN BEKROONDE KLEUTER-, KINDER- EN JEUGLEKTUUR DEUR DIE LESER

Soos aangedui, word die bekroning van kleuter-, kinder- en jeuglektuur behartig deur volwassenes. Ook die inisiatief gaan uit van hulle, want hulle besef die waarde van bekronings.

Toekennings van hierdie aard raak die boek en die leser. Dit word gedoen, òf om die goeie boek te bevorder, òf om die leser op te voed, òf om albei redes. By enige bekroning is daar bepaalde doelstellinge. Om dié te verwesenlik moet die bekroonde werke aan sekere eise voldoen. Daarom word gewoonlik, in meer of minder besonderhede, norme gestel waaraan die betrokke werke getoets word. Slegs volwassenes kan sulke norme bepaal. Kinders weet nie wat hul eie behoeftes ten opsigte van hul leesstof is nie, maar volwassenes weet dit wel. Hulle alleen kan dus kenners van die kind en van geskikte leesstof vir die kind wees.

Teoreties gesproke behoort bekroonde boeke gretig deur kinders aanvaar te word. Dit is goeie lektuur en voldoen aan die kind se behoeftes, volgens die mening van volwassenes. Dit is egter nie altyd in die werklikheid so nie. As gevolg van die menslike natuur en ander faktore weet die mens, en veral die kind, nie altyd wat vir hom goed is nie. As die kind nie die regte eetgewoontes aanleer nie, sal hy

van lekkers en koek wil lewe. As hy nie geleer word om sy liggaam skoon en netjies versorg te hou nie, sal hy maar min was en bad. Die kind moet daartoe opgevoed word om die goeie eerder as die kwa=de te doen. Dit geld ook vir sy leesstof en leesgewoontes.

Om die kind hiertoe op te voed, moet die nodige aandag gegee word aan bekroonde boeke.

Bekroonde boeke moet onder die aandag gebring word, nie net van die kind nie, maar ook van volwassenes. Volwassenes wat met die kind te doen het in die skool, in die biblioteek, in sy ontspanning en in sy ouerhuis is in die regte situasie geplaas om reklame te maak vir die goeie boek. Hierdie persone kan dan, op grond van hul kennis van die boek én die kind, toesien dat die bekroonde boek onder die aandag van die kind gebring word.

Die volgende taak is om te sorg dat bekroonde boeke beskikbaar is in biblioteke en in die handel, sodat die potensiele leser dit maklik kan bekom.

As die boeke beskikbaar is, moet die kind deur bevoegde persone gelei word om dit te lees. Leesleiding is 'n noodsaaklikheid in die opvoeding van die kind.

As hierdie drie stappe gedoen word, behoort die bekroonde kinderboek sy regmatige plek in te neem in die lewe van die kind.

In die buiteland word onder andere soos volg reklame gemaak vir die bekroonde kinderboek.

Die boeke bekroon deur die Library Association in Engeland ontvang publisiteit in die amptelike blad, die „Library Association record", sowel as in die nuusbrief „Liaison". Verder word persvrystellings gedoen aan nasionale, provinsiale en handelstydskrifte. Bekronings word in radioprogramme aangekondig. Die Youth Libraries Group van die Library Association sorg ook vir reklame deur middel van plakkate, boekmerke en aanplakbiljette. Die werklike oorhandiging van die toekennings word tydens 'n formele funksie gedoen wat op sigself reeds baie publisiteitswaarde het. Dat hierdie reklame besonder effektief is, blyk uit die woorde van die Editor of Publications van die Library Association¹: „There is no doubt the award of the prize results in an immediate and considerable increase in popularity of the book as reflected in sales, and loans from libraries".

In Oostenryk word die toekenning van die staatspryse vir kinder- en jeugboeke deur die Bundesminister für Unterricht aangekondig tydens 'n plegtige geleentheid waarheen verteenwoordigers van die pers, die radio en die televisie uitgenooi word, en so word die toekennings dan deur hierdie media bekendgestel. Ook op die jaarlikse Boekeweek-uitstalling word hierdie bekroonde boeke onder die aandag van besoekers gebring, veral omdat 'n lint op elke boek wat be-

1. Persoonlike brief van die Editor of publications, Library Association, gedateer 21 April 1970.

kroon is, gehêg word sodat dit tussen die ander dadelik opval.

Die toekennings in die V. S. A. deur die American Library Association word aangekondig in die nuusbrief „American Library Association news" wat aan alle lede gestuur word. Sodra oor die bekronings besluit is, word die uitgewers onmiddellik daarvan in kennis gestel en besondere reklame word dan deur uitgewers in hulle advertensies van boeke gedoen.

In Swede vind die oorhandiging van die Nils Holgerssonmedalje plaas tydens die konferensie van die Sweedse biblioteekvereniging waarheen die pers en televisie uitgenooi word. Sodoende word reklame gemaak vir die boeke en die skrywers. In persberigte word 'n groot ophef gemaak van die feit dat die boeke bekroon is. In advertensies deur uitgewers word die feit ook benadruk.

Der deutsche Jugendbuchpreis ontvang in Duitsland groot publisiteit. Die bekroonde boeke word aangekondig in die pers, oor die radio en televisie. Dikwels neem dit nie net die vorm van 'n aankondiging aan nie maar gaan ook gepaard met 'n kritiese bespreking van die betrokke werke. Daarbenewens gee die Arbeitskreis für Jugendschrifttum in München jaarliks 'n blaadjie in Engels uit vir verspreiding in die buiteland, getiteld „German Children's and Youth Book Award" waarin volledige besonderhede gegee word van die bekroonde boeke in die verskeie afdelings, asook lyste van boeke wat eervolle vermelding verdien. Hierdie brosjure word wyd versprei in Duitsland,

Oostenryk en Switserland, asook in lande waaruit die vertaalde boeke oorspronklik afkomstig is. Die International Youth Library in München reël jaarliks 'n uitstalling van nuwe publikasies. Dit het groot rekla=
mewaarde. In 1969 is die uitstalling in die Beierische Staatsbibliothek gehou. Ongeveer 3,000 boeke is uitgestal, en omdat so baie buiteland=
se boeke in Duits vertaal word, het dit die karakter van 'n interna=
sionale kinderboek-uitstalling aangeneem. Benewens die boeke in Duits, is boeke in meer as dertig tale uitgestal en deskundiges op die gebied van die kinderboek van oor die hele wêreld het die uitstalling bygewoon. Die bekroonde boeke het besondere aandag geniet. Duit=
se uitgewers het statistieke van verkope saamgestel, en daar is ge=
vind dat verkope van boeke na bekroning baie gestyg het. Die Arbeits=
kreis für Jugendschrifttum gee ook elke tien jaar 'n publikasie uit, naamlik „Zehn Jahre Deutscher Jugendbuchpreis" met volledige be=
sonderhede van die bekroonde werke vir die betrokke tyd. Hierdeur word verseker dat boeke wat jare tevore bekroon is, opnuut onder die aandag gebring word.

Die Hans Christian Andersenprys word in Switserland toegeken. Dit is 'n internasionale toekenning en reklame word dus in Switserland en daarbuite gemaak deur middel van koerantberigte, tydskrifar=
tikels en met behulp van die radio en televisie. In die land van herkoms van 'n bekroonde boek, berig die Schweizerischer Bund für Jugendliteratur, geniet die pryswenner besondere aandag.

In Suid-Afrika word bekronings aan die publiek bekend gestel deur

middel van die pers en die radio. Die toekenning van die C. P. Hoogenhoutmedalje word aangekondig en gemotiveer in die S. A. B. V. se amptelike blad „Suid-Afrikaanse biblioteke", en die toekenning van die Scheepersprys en Tienie Hollowaymedalje in die „Nuusbrief" van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Oor die radio word dikwels in programme oor boeke 'n bespreking deur 'n deskundige oor die bekroonde werke gelewer, of 'n onderhoud word met die betrokke outeurs, illustreerders of uitgewers gevoer. Ook deur middel van uitstallings word reklame gemaak. Gewoonlik word tydens die jaarlikse konferensie van die S. A. B. V. 'n klein uitstalling gehou van bekroonde werke, eervolle vermeldings en die beste vertaalde werke. Op die jaarlikse uitstalling van die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging neem die bekroonde werke 'n besondere plek in. Die oorhandiging van verskeie van die pryse, byvoorbeeld dié van die S. A. B. V. en die Akademie, geskied tydens 'n formele geleentheid waarop die pers en die radio verteenwoordig word.

Dit is opvallend dat so min reklame gemaak word vir bekroonde boeke deur Suid-Afrikaanse uitgewers en boekhandelaars. Daar verskyn feitlik nooit advertensies waarin bekronings benadruk word nie. Ook op die bekroonde boeke word feitlik nooit een of ander teken aangebring om te toon dat hul bekroon is nie. Die uitgewer van die boek wat die C. P. Hoogenhoutmedalje verwerf het, ontvang van die S. A. B. V. 'n drukpersie waarmee so 'n teken aangebring kan word. Dit is slegs in 'n enkele geval aangebring. Dit lyk nie asof plaaslike uitgewers veel reklamewaarde aan bekronings heg nie.

Ten einde te verseker dat die bekroonde boek onder die aandag kom, kan baie meer reklame in Suid-Afrika gemaak word. 'n Klein uitstalling tydens 'n konferensie is nie voldoende nie. As gevolg van die uitgestrektheid van die land behoort die S. A. B. V. jaarliks 'n uitstalling van die bekroonde werke, eervolle vermeldings en beste vertaalde kinderboeke aan te bied in verskeie groot sentra. Die uitstallings behoort gehou te word in biblioteke, in skole, by hoër onderwysinrigtings, in tentoonstellingslokale, ensovoorts. Tydens die uitstallings behoort daar lesings gehou te word deur deskundiges op dié gebied om die publiek in te lig. Die geleentheid kan ook aan skrywers, illustreerders en uitgewers gegee word om hul siening van die goeie kinderboek te stel. Op hierdie wyse sal die volwassene én die kind kan kennis maak met bekroonde werke.

Tydens die oorhandiging van die C. P. Hoogenhoutmedalje kry die betrokke skrywers en illustreerders wel die geleentheid om iets te sê, maar slegs die konferensiegangers en die pers is teenwoordig en nie die algemene publiek nie.

Oorweging kan ook geskenk word aan die publikasie van 'n brosjure waarin die jaarlikse bekronings bekend gemaak word. Dit kan in biblioteke en in skole beskikbaar gestel word aan die kind en in boekwinkels aan volwassenes en kinders.

'n Algemene tydskrif soos „Die Huisgenoot", wat 'n groot afsetgebied het, behoort aangemoedig te word om artikels oor bekronings te

plaas.

Indien voldoende reklame gemaak word, sal die volwassene en die kind tydens en kort na die bekroning daarvan kennis neem. Nadat 'n bekroning afgehandel is, het dit nie meer nuuswaarde nie. Wat reklame betref, kan daar dan weinig verder gedoen word om die bekroonde boek onder die aandag te bring. Daar moet dus gesorg word dat bekroonde boeke vir die potensiele leser beskikbaar is, sodat hy dit kan raaksien as hy byvoorbeeld in 'n biblioteek sy leesstof kies.

Omdat die bekroning van boeke 'n aanduiding is dat hul van hoë gehalte is, is dit vanselfsprekend dat dit 'n hulpmiddel moet wees by die keuring van boeke met die oog op aanvulling van die biblioteekvoorraad. Die meeste biblioteke in Suid-Afrika beskou bekroonde boeke as potensiele aanwinste. Daar is enkele biblioteke wat bekroonde kinderboeke aankoop sonder om dit eers weer te keur volgens hulle spesifieke behoeftes. In baie gevalle word bekroonde en ander uitgesonderde boeke egter soos enige ander boek deur die betrokke biblioteek gekeur. Dit gebeur ook soms dat biblioteke besluit om sekeres hiervan nie tot hul versameling te voeg nie. 'n Voorbeeld is „Florina en die streepvoëltjie” deur S. Chönz. Dit is in 1963 se keurlys van vertaalde kinderboeke deur die S. A. B. V. opgeneem. Een van die onderwysbiblioteekdienste, naamlik dié in Transvaal, het dit op grond van swak gehalte afgekeur, met die gevolg dat dit in geen skoolbiblioteek in dié provinsie aangetref word

nie. Dié vertaling gaan mank aan swak woordgebruik, en daar is te veel germanismes om in Afrikaans te oortuig. Hoewel die tema uitstekend geskik is vir 'n kinderboek en die illustrasies van 'n hoë gehalte is, is dit as vertaling nie geslaagd nie en is dit dus nie so vanselfsprekend dat dit deur biblioteke goedgekeur moet word vir opname in die voorraad nie. Die meeste van die bekroonde boeke is egter van so 'n gehalte dat dit in alle kinder- en jeugbiblioteke behoort te wees.

Voordat vasgestel kan word in watter mate kinders en jeugdiges goeie lektuur, en veral bekroonde lektuur, aanvaar, is dit nodig om te bepaal of hierdie lektuur in die biblioteekvoorrade aanwesig is. Dit kan nie aanvaar word as dit nie dár is om aanvaar te word nie. Met ander woorde, daar moet 'n duidelike beeld geskep word van die verteenwoordiging daarvan in biblioteekvoorrade; van die keurings- en aanskafbeleid van biblioteke ten opsigte van goeie en swak lektuur. Eers daarna kan vasgestel word of kinders goeie, en meer spesifiek bekroonde boeke lees. Dit kan ook alleen gedoen word deur dit te vergelyk met die lees van swak lektuur. Vervolgens sal dit ook nodig wees om te bepaal of kinders ontvanklik is vir die goeie eenskappe van bekroonde boeke wat bygedra het tot die bekroning daarvan. Laastens is dit ook belangrik om te bepaal of die kind doelbewus deur middel van leesleiding met bekroonde boeke in aanraking gebring word.

Om dit te kan bepaal, is sekere stappe gevolg.

'n Lys van sestig boeke is saamgestel, bestaande uit boeke van hoë en lae gehalte onderskeidelik. Dit sluit bekroonde werke, eervolle vermeldings en vertaalde boeke in. Ook enkele boeke van minderwaardige gehalte is in die lys opgeneem. Laasgenoemde voorbeelde is so gekies, dat daar oor die swak gehalte nie getwyfel kan word nie. By die keuse van boeke is ook rekening gehou met die leessmaak van kinders en jeugdiges van verskillende ouderdomme.

Ten einde kontrole van die voorraad van biblioteke te vergemaklik, is die boeke in die lys alfabeties volgens outeurs gerangskik. Die lys het só daaruit gesien.

1. Badenhorst, C. S. Berghoek se kaart.
2. Balet, J. Joanjo.
3. Baxter, D. Tinkie Eekmuis.
4. Bouwer, A. Katrientjie van Keerweder.
5. Bouwer, A. Stories van Bergplaas.
6. Blakemore, S. Enige van die Maasdorp-boeke.
7. Brink, A. W. Ansie en Paddie.
8. Caiden, E. Sarie in speelgoed-land.
9. De Klerk, W. A. Agtien man en 'n meisiekind.
10. De Klerk, W. A. Die gésel van Namaland.
11. De Klerk, W. A. Poens.
12. De Klerk, W. A. Die Skarlaken Eskader.
13. De Klerk, W. A. Die Valleï van die Rooi Gode.
14. Du Plessis, F. Rympleboek vir kinders.

15. Du Toit, S. J. Hoe die Hollanders die Kaap ingeneem het.
16. Fatio, L. Die gelukkige leeu.
17. Goethe. Die leerlingtewenaar.
18. Grobbelaar, P. W. Oom Deon se helikopter.
19. Heese, H. Boertjie word ryk.
20. Hok, otjie hok!
21. Jordaan, T. Adriana, Pietie en die wit donkie.
22. Komnick, G. Botter-aas.
23. Komnick, G. Die skaapstelers.
24. Komnick, G. Die stadsmusikante.
25. Krasilovsky, P. Die koei wat in die water geval het.
26. Krogh, T. Enige van die Keurboslaan-boeke.
27. Kühne, W. O. Huppel verjaar.
28. Kühne, W. O. Die wonderlike motor van Barnabas Bombas.
29. Leaf, M. Die storie van Ferdinand.
30. Linde, F. Snoet-Alleen.
31. Linde, F. Dakkuiken.
32. Louw, A. M. Die voortreflike familie Smit.
33. Mackay, M. Die dolfynseun.
34. Marais, C. H. Enige van die Rooi Jan-boeke.
35. Mikro. Boerseun.
36. Mikro. Kaptein Gereke.
37. Mikro. Die Kleingeldkommando.
38. Mikro. Die ruiter in die nag.
39. Mitgutsch, A. Peppie se hoed.
40. Naudé, B. Enige van die Saartjie-boeke.

41. Norton, M. Die leners.
42. Oxtoby, C. Die orrelspeler.
43. Pauw, M. Koekoe die koekmannetjie.
44. Prokofief, S. Pieter en die wolf.
45. Reidel, M. Kasper se wêreldreis.
46. Rydberg, V. Tomten.
47. Sanchez-Silva, J. M. Die seun en die walvis.
48. Schoeman, P. J. Drie jong jagters.
49. Schoeman, P. J. Fanie se veldskooldae.
50. Schoeman, P. J. Fanie word grootwildjagter.
51. Schoeman, P. J. Uitspring, kêrels!
52. Sendak, M. Wildekanisland.
53. Sita. Bennie-Boet.
54. Sita. Janette.
55. Sita. Uit Juffrou se dagboek.
56. Slobodkina, E. Pette te koop.
57. Smith, T. Enige van die Trompie-boeke.
58. Venter, B. Waterbobbajaan.
59. Wölfel, U. Vuurskoen en Windsandaal.
60. Zimnik, R. Die uiltjie in die standbeeld.

Hierdie lys is getoets aan die voorraad van die jeug- en kinderafdelings van twee-en-twintig openbare biblioteke oor die hele land. Die biblioteke het gewissel van die grootste tot die kleinste en is geleë in groot stede en in klein dorpies. Dit is ook gekontroleer met die voorraad van veertien biblioteke van hoër- en laerskole.

Die aantal biblioteke waarin elke boek in die voorraad aanwesig was, word in die volgende tabelle aangedui. Ten einde 'n duidelike beeld voor te hou, word die betrokke boeke hier onder bepaalde hoofde gerangskik:

TABEL II : VERTEENWOORDIGING IN BIBLIOTEEKVOORRADE

	Openbare biblioteke	Skoolbi- blioteke	Totaal
	22	14	36
C. P. Hoogenhout-bekronings:			
Bouwer, A. Katrientjie van Keerweder	18	8	26
Du Plessis, F. Rympleboek vir kinders	13	5	18
Komnick, G. Botter-aas	15	5	20
Komnick, G. Die stadsmusikante	13	6	19
Kühne, W. O. Huppel verjaar	19	10	29
Linde, F. Snoet-Alleen	18	8	26
Eervolle vermeldings:			
Badenhorst, C. S. Berghoek se kaart	13	7	20
Bouwer, A. Stories van Bergplaas	18	11	29
Hok, otjie, hok!	13	9	22
Jordaan, T. Adriana, Pietie en die wit donkie	11	1	12
Komnick, G. Die skaapstelers	19	6	25
Kühne, W. O. Die wonderlike motor van Barnabas Bombas	14	8	22

Linde, F. Dakkuiken	18	8	26
Oxtoby, C. Die orrelspeler	5	3	8

Gekeurde vertaalde kinderboeke:

Balet, J. Joanjo	19	3	22
Fatio, L. Die gelukkige leeu	10	8	18
Goethe, J. Die leerling-towenaar	7	6	13
Krasilovsky, P. Die koei wat in die water geval het	15	7	22
Leaf, M. Die storie van Ferdinand	14	6	20
Mackay, M. Die dolfynseun	15	9	24
Mitgutsch, A. Peppie se hoed	13	8	21
Norton, M. Die leners	15	6	21
Prokofief, S. Pieter en die wolf	15	6	21
Reidel, M. Kasper se wêreldreis	6	2	8
Rydberg, V. Tomten	13	3	16
Sanchez-Silva, J. M. Die seun en die walvis	16	7	23
Sendak, M. Wildekanisland	16	3	19
Slobodkina, E. Pette te koop	12	5	17
Wölfel, U. Vuurskoen en Windsandaal	10	9	19
Zimnik, R. Die uiltjie in die standbeeld	18	10	28

Scheepersprys-bekronings:

Bouwer, A. Katrientjie van Keerweder	18	8	26
Bouwer, A. Stories van Bergplaas	18	11	29
De Klerk, W. A. Agtien man en 'n mei= siekind	18	6	24
De Klerk, W. A. Die g�sel van Namaland	18	4	22
De Klerk, W. A. Poens	18	6	24
De Klerk, W. A. Die Skarlaken Eskader	20	9	29
De Klerk, W. A. Die Vallei van die Rooi Gode	8	1	9
Louw, A. M. Die voortreflike familie Smit	13	5	18
Mikro. Boerseun	7	5	12
Mikro. Kaptein Gereke	17	9	26
Mikro. Die Kleingeldkommando	17	11	28
Mikro. Die ruiter in die nag	20	10	30
Schoeman, P. J. Drie jong jagters	20	8	28
Schoeman, P. J. Fanie se veldskooldae	21	10	31
Schoeman, P. J. Fanie word grootwild= jagter	20	10	30
Schoeman, P. J. Uitspring, k�rels!	18	10	28
Sita. Bennie-Boet	17	8	25
Sita. Jannette	13	8	21
Sita. Uit Juffrou se dagboek	8	6	14
Venter, B. Waterbobbejaan	7	1	8

Bekronings deur die S. A. Uitgewersvereniging:

Du Toit, S. J. Hoe die Hollanders die Kaap ingeneem het	13	6	19
Heese, H. Boertjie word ryk	16	7	23

Swak lektuur:

Baxter, D. Tinkie Eekmuis	9	3	12
Blakemore, S. 'n Maasdorp-boek	21	13	34
Brink, A. W. Ansie en Paddie	9	2	11
Caiden, E. Sarie in speelgoed-land	5	8	13
Grobbelaar, P. W. Oom Deon se helikopter	12	9	21
Krogh, T. 'n Keurboslaan-boek	21	13	34
Marais, C. H. 'n Rooi Jan-boek	7	2	9
Naudé, B. 'n Saartjie-boek	20	12	32
Pauw, M. Koekoe die koekmannetjie	11	3	14
Smith, T. 'n Trompie-boek	21	13	34

Aangesien die aantal openbare biblioteke en die aantal skoolbiblioteke in die opname nie dieselfde is nie, word in die volgende uittreksels, waar nodig, die persentasies aangegee. Drie van die swak boeke, naamlik die „Maasdorp“- , „Keurboslaan“- en „Trompie“-boek is die beste in biblioteke verteenwoordig, te wete in vier-en-dertig. Dit is 94,4%. Daarna volg die „Saartjie“-boek met twee-en-dertig, wat 88,8%

beteken. Die volgende twee boeke behaal een-en-dertig (86,1%) en dertig (83,3%) uit die ses-en-dertig, naamlik „Fanie se veldskooldae” en „Fanie word grootwildjagter”. P. J. Schoeman het die Scheepersprys verower met hierdie twee en ander van sy werke. Ook goed verteenwoordig is die twee Scheepersprysweners „Stories van Bergplaas” en „Die Skarlaken Eskader” wat in nege-en-twintig biblioteke (80,6%) voorkom. Daarop volg „Die Kleingeldkommando”, „Drie jong jagters” en „Uitspring, kêrels” in agt-en-twintig (77,8%), ook weners van dieselfde prys. Van die boeke wat met die C. P. Hoogenhoutmedalje bekroon is, loop „Huppel verjaar” voor, want dit kom in nege-en-twintig biblioteke (80,6%) voor. Hierdie boek is een van die swak keuses vir bekroning. „Katrientjie van Keerweder” en „Snoet-Alleen” is in die voorraad van ses-en-twintig biblioteke (72,2%). Verskeie van die bekroonde boeke is baie swak verteenwoordig, soos „Rympie=boek vir kinders” wat in slegs agtien biblioteke (50,0%) voorkom. Aangesien daar so ’n groot tekort aan geskikte kleuter- en kinderver-sies is, behoort dié werk in baie meer biblioteke te wees. Ook „Die stadsmusikante” is in slegs negentien biblioteke (52,8%). „Water=bobbejaan” is in agt biblioteke (22,2%), „Die ruiter in die nag” in tien (27,8%) en „Boerseun” in twaalf (33,3%). „Vallei van die Rooi Gode” is tans uit druk. Daarom is dit miskien verstaanbaar dat dit net in nege biblioteke (25,0%) voorkom.

Van die eervolle vermeldings beklee „Stories van Bergplaas”, wat ook bekroon is met die Scheepersprys, die eerste plek. Daarop volg „Dakkuiken” wat in die voorraad van ses-en-twintig biblioteke

(72,2%) aangetref word. Oor die algemeen is die eervolle vermeldings goed verteenwoordig, met die uitsondering van „Adriana, Pietie en die wit donkie" en „Die orrelspeler" wat onderskeidelik in twaalf (33,3%) en agt (22,2%) biblioteke teenwoordig is. Wat die verteenwoordiging betref, is daar geen onderskeid tussen eervolle vermeldings van goeie en swak gehalte nie. „Die wonderlike motor van Barnabas Bombas" is in ses-en-twintig biblioteke (72,2%), terwyl „Hok, otjie, hok", wat van 'n baie hoër gehalte is, in twee-en-twintig biblioteke (61,1%) voorkom.

Van die vertaalde werke kom „Die uiltjie in die standbeeld" eerste met verteenwoordiging in agt-en-twintig biblioteke (77,8%). Daarop volg „Die dolfynseun" in die voorraad van vier-en-twintig biblioteke (66,7%), en „Die seun en die walvis" in drie-en-twintig (63,9%). Die meeste ander is in 50-60% van die biblioteke teenwoordig. Ook hier is daar geen verband tussen die gehalte en die verteenwoordiging nie. „Wildekanisland", 'n puik prenteboek, kom negentien keer voor (52,8%), terwyl „Die koei wat in die water geval het", 'n swak prenteboek, in twee-en-twintig biblioteke (61,1%) voorkom.

Hoewel sekere van die swak boeke die beste in biblioteke verteenwoordig is, is daar ook ander swakkes wat besonder min voorkom. Dié boeke wat in reekse verskyn, soos die „Trompie"- en „Maasdorp"-boeke, kom baie dikwels voor, terwyl die ander slegs in enkele biblioteke aangetref word. „Ansie en Paddie", „Sarie in speelgoedland" en „Koekoe die koekmannetjie is voorbeelde hiervan. 'n Moont-

like verklaring hiervoor is dat die reekse só in aanvraag is, dat biblioteke dit aankoop om in 'n spesifieke aanvraag te voorsien, ten spyte daarvan dat dit as swak leesstof beskou word. Die ander van lae gehalte geniet nie dieselfde gewildheid nie, en biblioteke skaf dit dus nie aan nie. Die gehalte van laasgenoemde groep boeke veroorsaak dat dit afgekeur word, terwyl die gewildheid van die eersgenoemde groep die deurslag gee vir die aanskaffing daarvan.

Uit die getalle blyk dit ook dat daar nie 'n groot verskil is tussen die verteenwoordiging van baie van die boeke op die lys in openbare biblioteke en dié in skoolbiblioteke nie, maar die verteenwoordiging is tog ietwat beter in openbare biblioteke. Wat 'n paar individuele werke van hoë gehalte betref, is die openbare biblioteke, soos die volgende tabel aantoon, beter voorsien.

TABEL III : VERTEENWOORDIGING IN OPENBARE BIBLIOTEKE EN IN SKOOLBIBLIOTEKE

Titel	Openbare biblioteke	Skool= biblioteke
Agtien man en 'n meisiekind	81,8%	42,9%
Drie jong jagters	90,1%	57,1%
Pieter en die Wolf	68,2%	42,9%
Die seun en die walvis	72,7%	50,0%
Tomten	59,1%	21,4%
Waterbobbejaan	31,8%	7,1%
Wildekanisland	72,7%	21,4%

Die beskikbaarheid van bekroonde werke, eervolle vermeldings en die gekeurde vertaalde werke laat ruimte vir verbetering. Aangesien dit van die beste lektuur vir die kind insluit, behoort 'n baie groter persentasie in alle biblioteke te wees. 'n Gebrek aan geld kan nie as verskoning gebruik word nie, omdat sekere van die swak boeke in die lys in feitlik al die biblioteke aanwesig is. Daar was blykbaar geld om dié boeke aan te koop. Aangesien bekroonde boeke 'n besondere waarde vir die leser het, behoort daar selfs meer as een eksemplaar van elk in alle biblioteke teenwoordig te wees. Dat dit in baie biblioteke nie so is nie, dui daarop dat die keuringsbeleid veel te wense oorlaat.

As boeke in biblioteke beskikbaar is, beteken dit nog nie dat hulle gelees word nie. Min kinders sal 'n smaak vir die goeie boek hê, as leesleiding nie gegee word nie. Die kind het vanself geen besef van wat 'n goeie boek is nie. Van die uitwerking wat goeie én swak leesstof op hom het, het hy geen begrip nie. Maar die volwassene het daardie begrip. Daarom móét die kind deur die volwassene gelei word om goeie lektuur te lees. As die kind goeie boeke lees, dit wil sê 'n voorliefde toon vir veral bekroonde boeke, sal dit dus beteken dat hy daartoe gelei is. Om te kan vasstel of leesleiding in Suid-Afrika ten opsigte van goeie lektuur in 'n voldoende mate gegee word, moet nagegaan word of die kind bekroonde boeke lees. Dit kan nie verwag word dat enige kind uitsluitlik goeie leesstof sal lees nie, maar as hy die smaak daarvoor ontwikkel, behoort hy meer goeies as slegtes te lees.

Om die kind se leessmaak vas te stel, is die volgende stappe geneem.

Dieselfde boeke wat vir die kontrole van die voorraad gebruik is, is in die vorm van 'n titellys aan kinders van verskillende ouderdomme voorgelê ten einde te bepaal watter daarvan gelees is. Die veronderstelling was dat kinders 'n titel makliker onthou as die naam van 'n outeur.

Omdat die lys boeke insluit wat geskik is vir heel klein kinders, vir groter kinders én vir jeugdiges, is dieselfde lys aan kinders van alle ouderdomme verskaf. Ouer kinders en jeugdiges moes ook aan= dui watter van die kleuterboeke hulle gelees het toe hulle kleuters was.

Daar is gepoog om die opname te maak in stedelike gebiede en op die platteland. Die kinders is so gekies, dat die leesgewoontes van albei geslagte bepaal kon word. Die lys is dus ook so opgestel, dat dit leesstof vir seuns én dogters insluit.

Die lys is voorgelê aan groepe leerlinge in skole asook aan indivi= duele leerlinge. 'n Totaal van 3,599 kinders is in die opname ge= bruik. Hierdie getal is saamgestel uit 265 ses- tot sewejariges, 381 agtjariges, 643 negejariges, 737 tienjariges, 802 elfjariges en 771 van twaalf jaar en ouer. Die opname het nie die leessmaak van jeugdiges bô vyftien jaar ingesluit nie, omdat hierdie jeugdiges dik= wels voorkeur gee aan boeke vir volwassenes. Só 'n opname sal dus

nie 'n getroue beeld gee van die populariteit van bekroonde jeugboeke nie.

Omdat veral kinders van ses- tot sewejarige ouderdom nog nie die leesvermoë besit om self intensief te lees nie, is dit vooraf gestel dat ook boeke wat aan hulle voorgelees is, as gelees aangedui moet word. Daarom kan verwag word dat boeke wat vir hulle te gevorderd is om self te lees, aan hulle moontlik voorgelees is. Dit is ook in gedagte gehou dat sekere van die boeke in die lys as voorgeskrewe boeke op skool gelees kon word, en dat in so 'n area dan 'n hoë persentasie lesers vir daardie boeke gevind sal word.

Die aantal kinders wat die boeke gelees het, is soos in die volgende tabel.

TABEL IV : AANTAL LEZERS PER BOEK

Verkiaring : S = samen; D = degenen; Tot. = Totaal

C. P. Hoogenhout-buikrings:

Bouwer, A. Katrientje van Koorweder

Du Plessis, F. Bygelykboek vir kinders

Kommich, G. Rotter-aas

Kommich, G. Die stadsmontkaste

Klimes, W. G. Huppel verjaar

Linde, F. Smeest-Alleen

Kervels verbeeldings:

Bodmeret, C. E. Bergboek se kaart

Bouwer, A. Stories van Bergplass

Hok, etjle, hek?

Jordaan, T. Adriana, Pietie en die wit donkie

Kommich, G. Die slangstalers

Klimes, W. G. Die wonderlike motor van Barnabas Bombas

Linde, F. Dabbebus

Omby, C. Die orrelspeler

Onderste vertaalde kinderboeke:

Baker, J. Jeanje

Fatio, L. Die gelukkige leeu

Goethe, J. Die leerling-tewenaar

Kratlovsky, P. Die hoer wat in die water geval het

Lent, M. Die storie van Ferdinand

Machay, M. Die dolynsoun

Mitgutech, A. Pappie se hoed

Norton, M. Die ioners

Prokofief, B. Pieter en die wolf

Reidel, M. Kasper se wêreldreis

Rydberg, V. Toentse

Sancho-Silva, J. M. Die seun en die walvis

Sendak, M. Willekantsland

Shobokina, E. Pette se koop

Wölfl, U. Vuurskoon en Winderdaal

Zinnik, R. Die uitjle in die standbeeld

6 - 7 jaar			8 jaar			9 jaar			10 jaar			11 jaar			12 jaar en ouer		
S	D	Tot.	S	D	Tot.	S	D	Tot.	S	D	Tot.	S	D	Tot.	S	D	Tot.

-	-	-	1	4	5	3	3	6	3	7	10	4	21	25	10	20	47
3	1	4	11	16	27	12	20	32	16	26	42	14	26	40	5	22	27
1	2	3	2	-	2	4	3	7	2	4	6	4	8	7	8	15	15
1	-	1	11	10	21	12	18	30	24	33	58	35	40	75	41	10	127
3	2	5	10	11	21	19	22	41	17	22	39	10	33	43	13	28	39
2	-	2	7	3	10	1	9	10	15	13	28	2	10	12	6	14	20

-	-	-	5	4	9	2	4	6	2	6	8	6	4	8	24	16	40
1	1	2	5	5	12	2	10	23	3	1	4	10	26	56	33	29	62
21	22	43	10	14	24	15	20	35	37	47	84	27	40	67	14	16	30
1	3	4	2	2	7	6	8	15	5	10	15	2	13	15	10	11	21
19	20	39	7	1	8	10	7	16	15	10	25	9	6	14	20	18	37
3	7	10	10	7	17	10	11	21	23	18	45	26	12	27	24	21	56
-	1	1	3	8	11	6	11	17	20	15	35	12	6	18	11	11	22
2	4	6	-	-	-	-	8	8	2	2	5	2	1	3	2	1	3

-	2	2	-	-	-	3	2	5	-	-	-	-	-	5	-	5	5
8	6	14	6	18	24	10	13	23	22	33	55	35	28	61	33	30	63
3	2	5	5	7	12	2	6	8	12	20	12	9	21	24	25	49	49
8	17	25	5	7	12	10	18	28	23	18	41	13	24	27	19	16	35
-	1	1	7	2	9	9	11	20	27	12	29	14	15	29	28	12	40
1	1	1	2	3	7	4	11	19	9	24	14	18	32	23	11	37	37
21	24	45	4	2	13	13	10	23	19	14	25	34	59	21	28	44	44
-	-	3	2	5	1	2	3	5	3	1	7	1	8	10	14	47	47
4	3	7	13	1	21	19	15	34	17	17	34	30	11	41	15	34	49
-	-	9	5	11	11	2	13	11	7	18	8	2	8	11	7	18	18
-	-	-	-	-	-	2	-	2	1	1	2	2	3	5	-	-	-
1	1	2	3	1	8	18	9	27	20	10	38	12	15	27	29	8	37
1	-	1	-	-	-	3	2	5	3	7	10	9	1	3	2	-	2
4	3	7	10	13	23	16	14	30	18	15	33	48	48	92	68	45	113
1	-	1	3	1	7	8	6	14	5	12	17	11	9	16	13	3	16
2	7	9	7	7	14	6	9	15	31	27	58	29	22	51	24	34	66

Schoonereprys-bekrings:

Bower, A. Katlantje van Kaarvader	-	-	-	1	4	5	3	7	6	3	7	10	4	31	35	19	28	47
Bower, A. Storie van Bergplaat	1	1	2	5	5	13	6	16	23	3	1	4	20	36	54	23	29	52
De Klerk, W. A. Agtien man en 'n meikind	-	-	-	1	2	3	3	4	7	6	1	7	6	2	6	20	12	32
De Klerk, W. A. Die ghesel van Hamaland	-	-	-	-	-	-	-	1	1	3	2	5	2	4	6	4	5	9
De Klerk, W. A. Poese	-	-	-	3	1	3	3	1	4	11	4	10	12	9	21	12	12	24
De Klerk, W. A. Die Mariahm Eskader	-	-	-	9	3	12	10	4	14	20	1	21	14	6	20	41	14	47
De Klerk, W. A. Die Vallet van die Rooi Oede	-	-	-	2	1	3	3	-	3	7	4	11	6	1	7	6	2	11
Leuw, A. M. Die voortreflike familie Smil	-	2	2	-	1	1	-	1	1	5	13	17	10	11	21	15	29	44
Mikro, Boersman	-	-	-	1	2	3	5	1	6	5	1	6	9	8	17	11	9	20
Mikro, Kaptein Gerals	-	5	5	4	1	5	21	13	34	37	34	61	48	27	70	82	64	146
Mikro, Die Kietegoldkommando	-	-	-	6	1	7	6	2	8	31	10	41	57	35	82	103	37	140
Mikro, Die ritter in die nag	9	9	19	24	11	35	54	30	64	74	60	134	134	95	229	165	130	295
Schoeman, P. J. Fantie se veldskoolde	2	3	5	5	-	5	13	5	17	22	10	32	24	8	32	33	19	57
Schoeman, P. J. Fantie se veldskoolde	1	2	3	4	1	6	22	7	29	26	13	39	37	12	49	102	70	173
Schoeman, P. J. Fantie word grootvildjagter	1	-	1	2	-	2	13	-	14	24	2	26	42	21	63	97	62	149
Schoeman, P. J. Uitvraging, horela:	-	3	3	1	-	1	5	5	10	14	3	17	23	9	32	49	14	63
Sita, Bonnie-Boet	-	3	3	8	5	13	18	19	37	61	49	110	73	76	149	66	67	133
Sita, Janette	-	-	-	-	4	4	-	5	5	7	19	26	2	19	21	15	46	61
Sita, Uit Jaffrou se dagboek	-	1	1	2	3	5	7	14	21	10	27	17	57	74	29	99	129	
Venter, B. Waterkobbelaar	1	3	3	3	2	5	4	12	14	4	5	9	3	6	9	1	3	4

Bekrings deur die S. A. Uitgewersvereniging:

Du Toit, R. J. Hoe die Hollanders die Kaap ingeneem het	-	2	2	8	4	12	16	11	27	24	20	44	20	15	35	66	44	110
Hesse, H. Soortje word ryk	23	16	39	13	9	22	37	40	77	10	16	26	7	6	15	3	7	10

afonderwaardige lektuur:

Baxter, D. Tinkie Eekhuis	-	4	4	7	7	14	9	12	21	8	17	35	1	5	6	3	3	6
Blackmore, R. 'n Maasduyp-boek	-	1	1	4	6	10	4	27	31	26	34	60	74	129	203	48	160	204
Brtak, A. W. Anale en Paddie	3	6	6	1	4	5	2	9	10	3	11	14	1	9	10	1	9	19
Calden, E. Storie in speedgood-land	2	7	10	7	11	19	27	44	61	66	87	153	43	106	151	35	79	114
Grobbelaar, P. W. Oom Domm se heilighagter	-	18	28	14	9	27	16	10	28	36	21	57	43	26	69	42	31	73
Krogh, T. 'n Kaurboel-boek	-	1	1	6	2	9	12	14	26	41	33	74	79	92	171	115	120	235
Marsia, C. H. 'n Rooi Jas-boek	5	3	6	16	8	24	50	21	79	82	52	134	69	86	85	102	26	129
Nardiff, B. 'n Saartjie-boek	2	7	9	7	23	30	23	34	107	55	126	133	84	235	333	71	273	347
Paw, M. Koelme die heilighagter	1	7	8	4	13	17	14	13	32	21	21	12	20	30	50	39	35	74
Smith, T. 'n Trompie-boek	10	12	22	46	22	68	104	70	174	222	140	342	257	194	445	240	317	557

Uit hierdie tabelle kan verskeie gevolgtrekkings gemaak word. Daar kan onder andere vasgestel word wat die verhouding is tussen goeie en swak leesstof wat gelees word. Daar kan ook bepaal word of kinders dié boeke lees wat deur volwassenes as geskik beskou word vir 'n spesifieke ouderdomsgroep.

Die ses- tot sewejariges het besonder min van die boeke gelees. Dit kan toegeskryf word aan hoofsaaklik twee faktore. Hulle leesvermoë is nog nie genoegsaam ontwikkel om van hulle groot lesers te maak nie. Hierdie faktor kan grotendeels uitgeskakel word deur die voorsiening van lees- en storie-ure vir voorskoolse kinders in ons biblioteke. In die meeste biblioteke word te min aandag hieraan gegee, met die gevolg dat hierdie gebrek 'n faktor is wat veroorsaak dat die kind van hierdie ouderdom min van die kleuter- en kinderboeke ken. As hy hier nie boekbewus gemaak word nie, sal hy later minder en ook 'n swakker tipe leesstof lees. Die volgende lys toon aan watter boeke die gewildste leesstof vir hierdie groep is:

TITEL	AANTAL LESERS
„Peppie se hoed"	45
„Hok, otjie, hok"	43
„Boertjie word ryk"	39
„Die skaapstelers"	39
„Oom Deon se helikopter"	28
„Die koei wat in die water geval het"	25
„Trompie"-boeke	22

Van dié sewe is twee eervolle vermeldings, naamlik „Hok, otjie, hok” en „Die skaapstelers”. Twee is gekeurde vertaalde boeke, te wete „Peppie se hoed” en „Die koei wat in die water geval het”. „Boertjie word ryk” is bekroon deur die Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging vir die goeie fisiese versorging daarvan. Die inhoud laat egter nie reg geskied aan die tradisionele verhaal nie. Dit is met min verbeelding aangebied. Twee boeke van swak gehalte, naamlik „Oom Deon se helikopter” en „Trompie” tel ook onder die gewildste sewe. Met uitsondering van dié twee, is die ander goeie leesstof. Gewoonlik kies volwassenes die leesstof vir kinders van hierdie ouderdom. Dit is miskien die rede waarom ’n groter hoeveelheid goeie boeke as swak boeke op die lys voorkom. Opmerklik is ook dat verskeie van dié boeke prenteboeke is waarna die kind self kan kyk.

Die „Trompie”-boeke kan moeilik deur die ses- of sewejarige gelees word. Die voorlesing daarvan deur ouer kinders is miskien die rede waarom dit by dié groep bekend en gewild is. Die opname is gemaak voordat die „Trompie”-verhale in strokiesprent-vorm in een van die Sondagkoerante verskyn het. Dus kon dit die kinders nie beïnvloed het om dié boeke as gelese aan te dui nie. Op hierdie vroeë ouderdom vorm „Trompie” dus al ’n deel van die leesstof van die kind.

Die volgende groep, die agtjariges, het al heelwat meer gelees as die vorige groep kinders. Die nege gewildste boeke is:

TITEL	AANTAL LESERS
„Trompie“-boeke	68
„Die ruiter in die nag“	35
„Saartjie“-boeke	30
„Rympleboek vir kinders“	27
„Oom Deon se helikopter“	27
„Pette te koop“	25
„Hok, otjie, hok“	24
„Rooi Jan“-boeke	24
„Die gelukkige leeu“	24

Hiervan is vyf van hoë gehalte, naamlik „Die ruiter in die nag“, „Rympleboek vir kinders“, „Pette te koop“, „Hok, otjie, hok“ en „Die gelukkige leeu“. Een hiervan, „Ruiter in die nag“, is 'n jeug=boek, terwyl 'n boek soos „Pette te koop“ vir kleuters geskik is. Selfs op hierdie ouderdom is daar dus al 'n groot variasie in die voorkeure van die lesers ten opsigte van die soort leesstof wat hulle graag lees. Die „Trompie“- , „Saartjie“- en „Rooi Jan“-boeke is swak leesstof wat gekenmerk word deur oppervlakkige, sensasionele avontuur. Die vierde boek van swak gehalte is „Oom Deon se helikopter“. Min of meer ewe veel boeke van goeie en van swak gehalte word dus as die gewildste boeke gelees, terwyl daar ook dieselfde verhouding is tussen boeke vir kleuters, kinders en jeugdiges onder die gewildste leesstof vir dié groep.

By die negejariges het die getal lesers per boek baie gestyg:

TITEL	AANTAL LESERS
„Trompie“-boeke	174
„Saartjie“-boeke	107
„Die ruiter in die nag“	84
„Sarie in speelgoed-land“	81
„Rooi Jan“-boeke	79
„Boertjie word ryk“	77
„Huppel verjaar“	41

Die gewildheid van „Trompie“ het baie toegeneem. Dit beklee weer eens die eerste plek. „Saartjie“ en „Rooi Jan“ is boeke van lae gehalte wat, soos by die agtjarige lesers, ook weer gewilde leesstof is. „Sarie in speelgoed-land“ is swak lektuur, wat die getal swak boeke op vier te staan bring. Die ander drie is bekroonde boeke. Die feit dat vier van die sewe boeke deur volwasse keurders as geskik vir groter kinders beskou word, laat die vraag ontstaan of hulle werklik 'n begrip het van die leesbelangstellings van die kind op hierdie en op ander ouderdomme.

Kinders van tien jaar is gewoonlik vlot lesers. Dit blyk duidelik uit die groot getalle lesers:

TITEL	AANTAL LESERS
„Trompie“-boeke	382
„Saartjie“-boeke	183
„Sarie in speelgoed-land“	153

„Die ruiter in die nag"	134
„Rooi Jan"-boeke	134
„Bennie-Boet"	110
„Hok, otjie, hok"	84

Slegs drie van hierdie boeke, „Die ruiter in die nag", „Bennie-Boet" en „Hok, otjie, hok", is goeie lektuur. Dit beklee die vierde, sesde en sewende plekke in die lys. Die ander vier is swak leesstof. Met die uitsondering van „Sarie in speelgoedland" en „Hok, otjie, hok", is al die ander boeke leesstof vir die jeugdige.

Die gewildste boeke vir die elfjariges is:

TITEL	AANTAL LESERS
„Trompie"-boeke	445
„Saartjie"-boeke	333
„Die ruiter in die nag"	229
„Maasdorp"-boeke	203
„Keurboslaan"-boeke	171
„Sarie in speelgoedland"	151
„Bennie-Boet"	149

Slegs „Die ruiter in die nag" en „Bennie-Boet" is bekroonde boeke. Die ander is swak leesstof met die klem op onrealistiese skoolverhale en sensasionele avontuurverhale. Met die uitsondering van „Sarie in speelgoed-land", is almal jeuglektuur, ook die twee be=

kroonde boeke. As volgens hierdie feit geoordeel moet word, moet die elfjarige kind dus al as 'n jeugdige beskou word.

Die groep jeugdiges wie se leessmaak getoets is, naamlik die twaalf- tot vyftienjariges, se gewildste leesstof is deurgaans jeuglektuur:

TITEL	AANTAL LESERS
„Trompie“-boeke	557
„Saartjie“-boeke	347
„Die ruiter in die nag“	295
„Keurboslaan“-boeke	235
„Maasdorp“-boeke	208
„Fanie se veldskooldae“	172
„Fanie word grootwildjagter“	149

Vier hiervan is leesstof van 'n lae gehalte, naamlik die „Trompie“- „Saartjie“- „Keurboslaan“- en „Maasdorp“-boek. „Die ruiter in die nag“, „Fanie se veldskooldae“ en „Fanie word grootwildjagter“ is bekroonde boeke. Volgens inligting wat bekom is, word hierdie drie boeke dikwels by verskeie hoërskole as voorgeskrewe boeke gelees. Dit kan die rede wees waarom hulle op die gewildheidslys verskyn. Dat skole wél van bekroonde boeke op hierdie wyse gebruik maak, is lofwaardig. Maar dit kan meebring dat die lys van populêrste boeke nie 'n suiwer aanduiding is van die lees-smaak van die jeugdige nie, omdat hulle verplig word om dié boeke te lees.

Die geheelbeeld ten opsigte van al die ouderdomsgroepe met betrekking tot wat gelees word, lyk soos volg.

Daar is 'n bepaalde verhouding tussen boeke van lae en hoë gehalte onder die populêrste leesstof. Die eerste twee groepe, naamlik die ses- tot sewejariges en die agtjariges, lees meer goeie leesstof en minder swakkes. Al die groepe van nege tot vyftien jaar lees weer meer swakkes as goeies. Die belangrikste rede hiervoor kan wees dat die leesstof van die eersgenoemde twee groepe vir hulle in 'n groter mate gekies word deur volwassenes. Die kleiner kind wat pas geleer lees het, betree 'n nuwe en onbekende wêreld. Hy het leiding nodig, omdat daar so 'n groot massa leesstof is. Die meeste volwassenes beseef dit en gee dus leiding. Namate die kind ouer word, meer lees en dus makliker sy eie pad kan vind, word die keuse van sy leesstof in 'n groter mate aan homself oorgelaat. Die gevolg is dat hy self lees wat hy wil, want hy kán nou lees. Daar word nie meer in dieselfde mate aan hom voorgelees nie. As volwassenes die kind of jeugdige toelaat om sonder sy leiding leesstof te kies, hou hy nie daarmee rekening dat alle kinders juis leiding nodig het nie. Op geen ouderdom weet die kind instinktief wat vir hom goed is en wat nie. As die kind nie voorligting kry nie, kan dit gebeur dat hy algaande 'n smaak ontwikkel vir minderwaardige leesstof. 'n Gebrek aan leesleiding kan dus die rede wees waarom boeke van 'n swakker gehalte meer gewild is by die nege- tot vyftienjarige kind. Dit verg immers min inspanning om minderwaardige boeke te lees.

Omdat bekronings gewoonlik gemaak word vir kinders in spesifieke ouderdomsgroepe, is dit ook belangrik om 'n geheelbeeld te kry van die plek wat kleuter-, kinder- en jeugboeke inneem in die leesstof van die verskillende groepe.

Dit kan verwag word dat kleuterboeke, dit wil sê boeke waarin die illustrasies 'n belangrike bestanddeel is, gewild behoort te wees by die ses- tot agtjarige kind. Die gewildheidslyste bevestig hierdie stelling. Dit is ook logies om aan te neem dat boeke vir groter kinders en jeugboeke min bekoring vir hierdie groepe sal inhou, omdat daar 'n kloof is tussen die kleuter en die ander groepe. Uit die lysie van die populêrste boeke blyk dit egter dat daar al sesjariges is wat deur die „Trompie“-boeke geïnteresseer word, terwyl dit dié gewildste boek vir agtjariges is. Ook ander jeugboeke word deur agtjariges gelees of aan hulle voorgelees. Die leesmaak van ouer broers en susters kan hier 'n rol speel, want kleiner kinders word maklik beïnvloed deur ouer kinders.

Die groepe van nege tot elf jaar word gewoonlik as „groter kinders“ bestempel. Hulle is nie meer kleuters nie en ook nog nie jeugdige nie. Vir hulle is daar spesifieke leesstof wat anders is as dié vir kleuters of dié vir jeugdige. Aangesien hierdie groep dus hulle „eie“ leesstof het, kan verwag word dat hulle dit sal lees. Die lysie van die populêrste leesstof toon egter 'n oorweldigende meerderheid jeuglektuur as die gewildste. Die swak jeuglektuur wat so gewild is, lees maklik. Dié boeke verskyn in reekse en daar is ge-

woonlik min verskil tussen boeke in dieselfde reeks wat skryfstyl en tema betref. Die leser wat aan dié boeke verslaaf raak, lees dit gouer en makliker as ander wat elk verskillend is.

Enkele kleuterboeke kom in dié lysie voor. By die opname is dit gestel dat kinders boeke wat hulle gelees het toe hulle jonger was, ook as gelese moes aandui. Die aangeduide kleuterlektuur wys dus nie noodwendig daarop dat kinders van hierdie ouderdomsgroepe nog kleuterlektuur lees nie. Wat wel baie duidelik blyk, is dat hierdie kinders nie graag die leesstof lees wat deur volwassenes as geskik vir hulle beskou word nie. Die C. P. Hoogenhoutmedalje word tans vir leesstof toegeken wat vir hierdie kinders geskik behoort te wees. Geen van dié bekronings het die gewildheidslysie gehaal nie, met die uitsondering van „Huppel verjaar" wat eintlik 'n kleuterboek is en bekroon is toe die C. P. Hoogenhoutmedalje ook aan kleuterlektuur toegeken is. Ook die enkele eervolle vermeldings en gekeurde vertaalde boeke in die lysie is minimaal, veral as in aanmerking geneem word watter groot aantal werke vir dié groep kinders deur die S. A. B. V. uitgesonder is.

Daar is faktore wat veroorsaak dat die groter kind van nege tot elf nie sy eie leesstof nie maar hoofsaaklik jeuglektuur lees. As gevolg van die versnelde lewenstempo is die moderne kind vroeër ryp as die kind van 'n aantal dekades gelede. Die vordering op alle lewens=terreine veroorsaak dat die kind van vandag baie gouer met baie meer dinge kennis maak. Die twintigste eeu word ook die eeu van

die kind genoem. Hy ontvang baie meer aandag as vroeër. Hy word daardeur ryp gedruk, sodat hy gouer ontwikkel. Dit is dus logies om te verwag dat hy in feitlik alle opsigte beter ontwikkel en verder gevorderd sal wees as die kind van 'n halfeeue gelede. Daarom sal sy leessmaak ook verander. Waar hy vroeër op negejarige leeftyd genot geput het uit die kinderlike in sy leesstof, bring sy versnelde ontwikkeling vandag mee dat hy eerder sal belangstel in dié dinge wat normaalweg alleen nog as die belangstellings van die jeug beskou word. Ons bepaling van lektuur vir die kind het nie tred gehou met die vinnige ontwikkeling van die moderne kind nie. Daarom lees die kind nie altyd graag wat ons as volwassenes as geskikte leesstof vir hom beskou nie. As die volwasse keurder „Snoet-Alleen" bekroon, het hy nie daarmee rekening gehou dat die moderne kind nie meer sal belangstel in die vrees van 'n natuurkind dat 'n geliefde dier deur 'n onsimpatieke mens gedood kan word nie. Sulke situasies is in die hedendaagse samelewing gewoonlik nie meer van betekenis nie. As „Vuurskoen en Windsandaal" as 'n puik vertaalde kinderboek aangewys word, het die keurders nie in aanmerking geneem dat daardie verhouding tussen vader en seun vandag meesal nie meer geld nie en dat dit vir die moderne leser vreemd en byna onaanvaarbaar geword het.

Dit is egter nie verkeerd dat sulke boeke deur die keurders uitgesonder word nie. Dit is puik boeke. Maar saam met die bekroning of uitsondering van dié boeke behoort die leser gelei te word om dít wat vir die kind deur sy snelle ontwikkeling en die moderne same-

lewing verlore gegaan het, te herwin. In die hedendaagse lewe waarin soveel gedoen word om die kind te ontwikkel, moet daar ook gepoog word om die kind weer kind te maak. As die kind sy ware kinderlewe ontnem word, bring dit 'n gemis mee waarvoor daar nooit weer in sy latere lewe vergoed kan word nie. Leiding na die regte leesstof kan veel vermag om die kind die genot van kindwees te laat smaak en hom terug te voer na die kinderlewe waaraan hy deel moet hê.

Aangesien die leessmaak van die moderne groter kind vinniger ontwikkel het, kan verwag word dat dit 'n nouer aansluiting moet toon by dié van die jeugdige. Daar kan verwag word dat die ouer kind én die jeugdige jeuglektuur sal lees. Volgens die lysste van die gewildste leesstof, lees die jeugdige van twaalf tot vyftien jaar hoofsaaklik jeuglektuur. As die hedendaagse kind vinniger ontwikkel het as die kind van die verlede, waarom het die jeugdige dan nie ook gouer tot volwassenheid ontwikkel nie? Met ander woorde, waarom lees hy tans nog jeuglektuur, soos uit die ondersoek geblyk het, en nie lektuur wat eintlik vir volwassenes geskik is nie? Die opname is gemaak van jeugdiges tussen twaalf en vyftien jaar. Jeugdiges bô hierdie ouderdom, en sommige selfs jonger, gee wêl dikwels en soms in 'n groot mate voorkeur aan lektuur wat vir volwassenes geskik is. Daarom is die ouderdomsbepierking vir die opname gestel. Die lees van lektuur vir volwassenes is nie hier ter sake nie. Hoewel jeugdiges net soos kinders, en om dieselfde redes, gouer ontwikkel, het dit dus vir die doel van hierdie opname geen invloed gehad op die vasstelling van die leessmaak van jeugdiges nie.

Al die ouderdomsgroepe in aanmerking geneem, word swak leesstof meer dikwels as goeie leesstof gelees. Dieselfde gevolgtrekking word ook in Engeland deur Aidan Chambers gemaak nadat hy 'n opname gemaak het van die leesgewoontes van kinders en jeugdiges. Volgens sy bevinding is die gewildste leesstof „paperbacks, bought, borrowed or loaned and often passed on from Dad, Mum, big sister or brother”¹. In die V. S. A. het H. C. Link en H. A. Hopf² reeds in 1946 'n opname gemaak van die leesgewoontes van kinders en jeugdiges. Hulle bevinding was dat ligte avontuur- en speurverhale die populêrste leesstof is vir laer- en hoërskoolleerlinge.

Met die gevolgtrekkings in gedagte dat groter kinders en jeugdiges 'n groter voorliefde toon vir swak leesstof as vir goeies, en dat hulle ook nie dikwels die boeke lees wat deur volwassenes as geskik vir spesifieke ouderdomsgroepe beskou word nie, moet nou ook 'n beeld gegee word van watter goeie boeke gewild is en watter nie. So 'n beeld kan 'n verklaring gee van die redes waarom sekere goeie boeke gewild is en andere nie.

Van al die bekroonde boeke is die volgende die gewildste:

TITEL	AANTAL LESERS
„Die ruiter in die nag”	777
„Bennie- Boet”	259
„Fanie se veldskooldae”	172
„Fanie word grootwildjagter”	149

1. Chambers. The reluctant reader, p. 23.

2. Link & Hopf. People and books.

Al vier hierdie boeke het een gemeenskaplike kenmerk, naamlik dat hulle avontuurverhale is. Hierdie kenmerk veroorsaak blykbaar dat die boeke gelees word.

Die bekroonde boek wat die minste gelees word, is „Botter-aas” met 41 lesers. Slegs 3 uit die 265 lesers van ses tot sewe jaar ken dié boek, en slegs 7 uit die 381 agtjariges. Dit is 'n prenteboek vir kleuters en behoort dus by lesers van dié ouderdomme gewild te wees. Miskien is die afwesigheid van veel kleur in die illustrasies die rede waarom kleuters dié boek nie lees nie. „Die stadsmusikante”, 'n soortgelyke werk met illustrasies deur dieselfde illustreerder maar meer kleurvol, het 313 lesers en is dus baie meer gewild.

Nog 'n boek wat baie min gelees word, is die jeugwerk „Waterbob=bejaan”, waarin die simboliek 'n diepere betekenis daaraan gee. Blykbaar interesseer dit nie die jeugdige nie.

Van die eervolle vermeldings is die prenteboek „Hok, otjie, hok” die gewildste met 283 lesers. Daarna volg „Die wonderlike motor van Barnabas Bombas” met 185. Albei hierdie boeke het lewendige handeling wat die kind se belangstelling prikkel. In teenstelling hiermee lees kinders „Die orrelspeler” nie graag nie. Dit is 'n droë weergawe van die lewensgeskiedenis van J. S. Bach. Die feite word korrek weergegee, maar sonder gevoel of verbeelding. „Berghoek se kaart” word ook min gelees. Die karakters is leweloos en die sentrale tema is onoortuigend. Slegs 71 kinders het dié

boek gelees.

Die gekeurde vertaalde kinderboeke verteenwoordig die beste uit die kinderlektuur van baie lande. Slegs enkeles hiervan word dikwels gelees. So is daar „Pette te koop“, 'n komiese verhaal wat eenvoudig vertel word met kleurvolle illustrasies. Daar was 300 lesers. Nog 'n populêre vertaalde kinderboek is „Die gelukkige leeu“ waarin spanning voorkom en 'n seuntjie 'n dapper daad verrig. Die lesertal is 230. „Peppie se hoed“ het ook die dapper optrede van 'n seun as sentrale tema en hierdie werk is deur 227 lesers gelees. Dit wil dus voorkom of kinders voorkeur gee aan amusante gebeurtenisse en bewondering het vir die prysenswaardige optrede van die held van die verhaal. Die meeste vertaalde boeke in die lys is egter selde gelees. „Joanjo“ is deur slegs 12 kinders gelees. Dit is 'n prentboek met gekleurde, gestileerde illustrasies. Die ongewone styl van die illustreerder is miskien nie vir kinders aantreklik nie. „Tomten“ is deur slegs 9 kinders gelees. Dit is ryk aan stemming maar arm aan uiterlike handeling. Lewendige handeling is 'n vereiste vir kinderlektuur, en die gebrek hieraan veroorsaak waarskynlik dat dié boek onpopulêr is.

Uit bogenoemde enkele voorbeelde uit die goeie lektuur onder bespreking wil dit dus voorkom asof die gewildheid daarvan hoofsaaklik van die tema en die uitbeelding van die tema afhang. Dit lyk ook asof die volwassene se opvatting van wat die kind behoort te interesseer nie altyd ooreenstem met wat die kind in werklikheid aantreklik

vind nie. Met ander woorde, is die mees opvallende kenmerke van 'n boek as gevolg waarvan dit bekroon is, ook vir die kind treffend? Is bekroonde Afrikaanse kinderboeke ook geskik vir die kind?

Om hierdie moontlikheid te ondersoek, is 'n steekproef gedoen. Enkele van die bekroonde boeke is aan kinders voorgelees. Die reaksie van die kinders is ontleed sodat 'n aanduiding gevind kon word van wat hulle tydens die aanhoor getref het. Die resultate word slegs as 'n aanduiding beskou, nie as 'n bewys nie. Elke goeie kinderboek is 'n individuele kunswerk, en dit beteken nog nie dat, as die kinders ontvanklik is vir die goeie hoedanighede van één boek, dit ook vir alle ander goeie kinderboeke moet geld nie.

Die eerste boek was die wenner van die C. P. Hoogenhoutmedalje, „Snoet-Alleen". Die karaktertekening in hierdie werk is opvallend juis omdat daar so 'n sterk kontras geskep is tussen die broers. Die een is saggeaard en lief om op sy ghitaar te speel; die ander een is ru en ongevoelig. Sy groot begeerte is om die erdvark te skiet, want hy het geen liefde vir diere nie. Die treffende karaktertekening is een van die redes waarom die boek bekroon is. Nog 'n rede is die subtiële aanwending van fantasie. Daar is geen duidelike skeidslyn tussen werklikheid en fantasie nie. As die erdvark in die nag in Toto se kamer verskyn, kan dit werklikheid wees. Maar dit kan ook in Toto se drome wees. Die fyn atmosfeerskildering laat die verhaal verder uitstyg bo die gemiddelde. 'n Besondere stemming word geskep deur die uitbeelding van die vroeë oggendskemering en die nag wanneer alle harde buitelyne vervaag. Die skryfster het 'n sensi=

tiewe aanvoeling vir die taal. Daarvan getuig die subtiële skakeling van diergeluide met woordbetekenis.

Al bogenoemde kenmerke het bygedra tot die besluit om hierdie boek te bekroon.

Die boek is voorgelees aan honderd-en-twee kinders met ouderdomme wat wissel van tien tot twaalf jaar. Na die voorlees aan 'n groepie kinders is hulle versoek om die verhaal neer te skryf. Hulle weergawe is dan later ontleed om vas te stel of enige van die besondere kenmerke hulle beïndruk het. As 'n kind byvoorbeeld melding gemaak het van Toto se vergeefse gehuil, toe Goliat die geweer gaan haal het om Snoet-Alleen te skiet en Goliat hom nie aan die gehuil steur nie, is aangeneem dat die kind Goliat se gevoelloosheid aangevoel het. As 'n kind die geheimsinnigheid van die erdvark se verskyning benadruk het, is dit 'n teken dat hy beseft dat dit net in Toto se drome gebeur. Wend hy 'n poging aan om self 'n beskrywing te gee van die skemering of die mistigheid, dan het hy bewus geword van die stemming wat geskep is. Maak hy melding van die diergeluide wat soos bekende woorde klink, is dit duidelik dat die taalgebruik hom opgeval het.

Dit word baie pertinent gestel dat aan die kinders geen aanduiding gegee is van enige aspek van die verhaal waarop hulle spesifiek moes let nie. Tydens die voorlesing was die kinders nie bewus daarvan dat 'n weergawe van die verhaal van hul verwag word nie. Eers nadat die voorlesing voltooi is, is die opdrag gegee. Hoewel die

voorlesing ook so duidelik moontlik gedoen is, was daar geen beklemtoning van dié dele van die verhaal waaruit die betrokke kenmerke die duidelikste gesprek het nie. Daar was met ander woorde geen beïnvloeding om bepaalde resultate te verkry nie.

Nadat die weergawes van die kinders nagegaan is, was die uitslag soos volg.

Van die honderd-en-twee kinders het drie-en-negentig (91,1%) melding gemaak van karaktertrekke van een of meer van die hooffigure. Die fantasie-element is aangevoel deur nege-en-veertig (48,0%). Slegs negentien van die kinders het die oggendskemering, die mistigheid of die nag geprobeer beskryf. Daar was dus 18,6% wat die atmosfeer aangevoel het. Die skakeling van die diergeluide met woordbetekenisse het slegs ses kinders, dit wil sê, 5,9%, opgeval.

Uit hierdie gegewens kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word.

Die verhaal is 'n uitbeelding van persone met uiteenlopende karakters se optrede en gevoel teenoor 'n dier. Daarom is dit logies om te verwag dat die karakteruitbeelding die mees opvallende kenmerk kan wees. 'n Baie hoë persentasie kinders het die aard van die karakters opgemerk.

Die fantasie-element is so subtiel verweef met die werklikheid in die

verhaal, dat die herkenning daarvan 'n kwessie van aanvoeling is. Daarom is dit verbasend dat ongeveer die helfte van die kinders die fantasie as fantasie herken het.

Ongeveer een vyfde van die kinders was gevoelig vir die atmosfeer. Dit is bevredigend. Baie lesers, veral kinders, heg 'n oordrewe waarde aan handeling en uiterlike gebeurtenisse. Selfs al word in 'n verhaal 'n besondere atmosfeer geskep, sal die meerderheid dit nie aanvoel nie.

Die enigste wat werklik teleurstellend was, is die reaksie van die kinders op die diergeluide. Indien hul die verhaal self kon lees, sou dit ongetwyfeld meer effektief gewees het. In skrif kan „wie-wiet“, die geluid wat die voëltjie maak, makliker geassosieer word met „wie weet“ as wanneer slegs die klank van die woorde gehoor word.

Oor die algemeen geoordeel, was die kenmerke wat die werk verhef tot besonder goeie lektuur vir 'n verrassende persentasie van die kinders opvallend.

Ten einde vas te stel wat die kleiner kind in 'n boek interesseer, is 'n tweede voorbeeld in die steekproef gebruik. „Botter-aas“ is as voorbeeld gekies. Dit is 'n prentboek vir kleuters. In die opname is gevind dat dit nie populêre leesstof is nie. Daar kan nou miskien vasgestel word waarom dit nie so gewild is nie.

Dit is bekroon op grond van Günther Komnick se illustrasies wat van 'n besonder hoë gehalte is. Komnick is 'n meester in vormgewing. Wolf is bonkig. Die duidelike ribbes op sy lyf wys hy is 'n arme sukkelaar. Die geslepe Jakkals is glad en vaartbelyn, wat aandui dat hy nie maklik gekul kan word nie. Die ekonomiese en subjektiewe kleurgebruik is 'n tweede groot kenmerk van die illustrasies. Wolf se uithangende tong skep die indruk dat hy nie kan kers vashou by Jakkals se intelligensie en geslepenheid nie. Teen Wolf se swart lyf is net sy tong opvallend helderrooi.

Vier-en-vyftig kinders van vyf tot sewe jaar het aan die eksperiment deelgeneem. Aan klein groepies kinders is die verhaal voorgelees en die illustrasies getoon. Daarna is aan hulle opgedra om een van die toneeltjies uit die verhaal te teken. Soos in die eerste steekproef, is ook hier geen aanduiding vooraf gegee van waarop in die tekening gelet sal word nie.

Die resultaat was die volgende. Twee-en-dertig kinders (59,3%) het Wolf se bonkigheid en Jakkals se meer vaartbelynde voorkoms in 'n mindere of meerdere mate probeer weergee. Agtien kinders, dit wil sê 33,3%, het Wolf se ribbes aangedui. Sommige het die illustreerder se weergawe daarvan probeer naboots, andere het dit op hul eie wyse weergegee. Wat egter belangrik is, is dat hulle die ribbes raakgesien het. Slegs sewe kinders, 13,0%, het Wolf se tong rooi gekleur, terwyl agt-en-dertig hulle eie kleurkeuse vir die verskillende voorwerpe in die tekeninge gemaak het.

Baie van die kinders was natuurlikerwys swak tekenaars. Daar was gevalle waar nie met sekerheid vasgestel kon word of die twee groot kenmerke van die illustrasies werklik 'n indruk gemaak het nie. Dit is dan buite rekening gelaat.

Wat die kunstenaar in dié werk deur vormgewing tot die leser wou laat deurdring, het dus opgeval. Die kleurgebruik het in 'n mindere mate die beoogde uitwerking gehad. Die aantal kinders wat op een of al twee dié eienskappe van die illustrasies gereageer het, is 'n aanduiding dat die boek 'n groter leserskring kan hê as wat uit die opname van die lesertal geblyk het.

Uit die resultate wat met hierdie twee steekproewe bereik is, kom dit voor of die kind wel ontvanklik kán wees vir daardie aspekte wat die gehalte van 'n boek verhoog. Dit kan dus nie altyd as 'n rede aangevoer word dat die volwasse keurder en die kind as leser nie na dieselfde dinge in 'n kinderboek soek nie. Die kind ervaar en geniet die goeie hoedanighede van 'n boek, maar dan is hy gewoonlik nie bewus daarvan nie. Die kind voel die skoonheid van die boek aan sonder om homself rekenskap te gee van waarom hy dit mooi vind. Die feit dat 'n kinderboek goed is, soos 'n bekroonde boek, kan dus nie die rede wees waarom dit so min gelees word nie. As die kind maar net daarmee in aanraking gebring word, is daar 'n sterk moontlikheid dat hy daarvan sal hou. Maar word die kind in Suid-Afrika in 'n genoegsame mate na die goeie kinderboek gelei? Van wie moet hy leesleiding kry?

Almal wat te doen het met die groei en die ontwikkeling van die kind, moet toesien dat hy tot 'n gebalanseerde volwassene ontwikkel. Ouers, onderwysers en bibliotekaris is hiermee gemoeid. Maar daar is baie middele waardeur die kind gebalanseerd kan ontwikkel, en ouers en onderwysers het met 'n verskeidenheid van dié middele te doen. Die leesaktiwiteite en -smaak van die kind is één van die middele, en slegs 'n deskundige op die gebied van boeke kan deskundige leiding gee. Die bibliotekaris is dus die aangewese persoon. Leesleiding is primêr die taak van die bibliotekaris.

Tydens die ondersoek na die beskikbaarheid van bekroonde kinder- en jeugboeke in biblioteke is opgemerk dat daar baie biblioteke is, groot en klein, waar daar min pogings aangewend word om effektiewe leesleiding te gee. In sommige biblioteke word wel leesleiding gegee sonder dat dit verantwoord is. Leesleiding kan doeltreffend wees slegs as vooraf vasgestel is wat die behoeftes van die leser is. Dit is nie voldoende om te weet wat die ouderdom van die kind is, of wat sy stokperdjies is nie. Kennis van sy huislike agtergrond, sy persoonlikheid en sy leesvermoë is 'n vereiste. Net so belangrik is dit dat 'n bibliotekaris ook sy voorraad moet ken. Hy moet nie net weet of 'n sekere boek, of 'n sekere soort boek, in sy voorraad opgeneem is nie. Hy moet kennis dra van die inhoud van die boek. Dit is wel nie moontlik dat hy al sy boeke ewe goed kan ken nie, maar van die belangrikstes moet hy kennis dra. Hieronder val be-
kroonde boeke.

Ten tye van die ondersoek is dit opgemerk dat daar bibliotekarisse van kinderbiblioteke is wat min weet van bekroonde kinderboeke. Daar was sommiges wat wel bewus was daarvan dat daar sekere toekennings in Suid-Afrika aan kinder- en jeuglektuur gemaak word, maar van die bekroonde boeke kon hulle weinig opnoem. Gedurende samesprekings het dit geblyk dat daar diegene was wat sekere kinderboeke as goeie lektuur beskou het sonder dat hulle van die bekroning daarvan geweet het. Ander het weer laat blyk dat hulle 'n grondiger kennis dra van enkele oorsese as van Suid-Afrikaanse toekennings.

Daar wás bibliotekarisse wat bekwaam, entoesiasties en toegewyd was. Hulle het moeite gedoen om die kind en sy behoeftes te verstaan, hulle het hul voorraad geken en kon onderskei tussen goeie en swak leesstof vir die kind. Daar was ook enkeles wat met die nodige kennis kon praat oor bekroonde lektuur.

Om te toets of die gee van die regte leesleiding enigsins 'n uitwerking het op die lees van goeie en swak boeke, is toe in enkele biblioteke 'n opname gemaak van hoe dikwels dié boeke uitgeleen is. Die veronderstelling is dat goeie boeke meer dikwels uitgeleen word in biblioteke waar doeltreffende leesleiding gegee word as in biblioteke waar swak of geen leiding gebied word nie. Swak lektuur sal weer meer gewild wees in biblioteke waar leesleiding ontbreek as in ander waar daar gepoog word om die regte boeke aan te beveel. Min kinders gee vanself voorkeur aan goeie bo swak leesstof, omdat swak leesstof minder inspanning van die leser verg.

In die tabel wat volg, word die gemiddelde aantal uitlenings in biblioteke waar die kinders na die regte boeke gelei word, in kolom A aangegee, en die waar die leiding gebrekkig of afwesig was, in kolom B. Waar die syfers nie ingevul is nie, was die boeke vir daardie betrokke tydperk nie beskikbaar nie.

TABEL V : AANTAL UITLENINGS PER BOEK

Titels	Jaar	Aantal uitlenings		Jaar	Aantal uitlenings		Jaar	Aantal uitlenings		Jaar	Aantal uitlenings	
		A	B		A	B		A	B		A	B
Lektuur van hoë gehalte:												
„Dakkuiken“	1967	30	11	1968	23	8	1969	24	7			
„Die dolfinseum“	1966	14	4	1967	10	10	1968	11	0	1969	12	6
„Fanie word grootwild= „jagter“	1967	6	6	1968	12	10	1969	18	4			
„Katrientjie van Keer= weder“	1966	14	2	1967	13	3	1968	5	3	1969	10	4
„Die leners“	1966	7	5	1967	6	3	1968	9	4	1969	16	4
„Snoet-Alleen“	1966	21	6	1967	10	4	1968	10	2	1969	6	3
„Die skaapstelers“	1968	71	12	1969	48	5						
Lektuur van lae gehalte:												
„Die hoof van Keurbos= laan“	1966	7	34	1967	6	18	1968	14	19	1969	10	23
„Juffrou Kobie“	1966	13	25	1967	6	18	1968	12	33	1969	4	12
„Tromple die rebel“	1968	12	32	1969	10	28						
„Tromple die rugby = speler“	1967	14	16	1968	21	43	1969	17	27			

Hierdie syfers toon in feitlik alle gevalle 'n groter aantal uitlenings van goeie lektuur in biblioteke waar moeite gedoen word om leesleiding doelgerig te gee. In dié biblioteke waar die kinders geen dergelyke leiding ontvang nie, word swak lektuur meer dikwels uitgeleen.

'n Baie groter aantal boeke as wat in bostaande tabel aangedui is, is vir die opname van die aantal uitlenings gebruik. Omdat sommige op die tydstip van die opname in 'n aantal biblioteke uitgeleen was, kon volledige uitleensyfers van alle boeke nie verkry word nie en is hulle dus nie in hierdie tabel ingesluit nie.

Hoewel die opname net in enkele biblioteke gemaak is en net 'n beperkte aantal boeke in die vergelyking van die uitleenstatistieke gebruik kon word, is die resultaat so sprekend, dat onomwonde gestel kan word dat korrekte leesleiding die leessmaak van kinders ten goede kan beïnvloed. Dit is dus noodsaaklik dat hieraan groter aandag gegee moet word. Kinderbiblioteke in Suid-Afrika is oor die algemeen al in so 'n mate georganiseer, dat dié aspek nie meer soveel tyd in beslag neem as vroeër nie. Dit is nou die tydstip om die klem te lê op diens aan die kind ten opsigte van die verbetering van sy leessmaak. Al is 'n biblioteek ook hoe goed toegerus en word dit ook hoe goed geadministreer, mis dit sy doel grotendeels as dit nie ook toestaan dat die gebruiker dié boeke lees wat vir hom die meeste waarde het nie. Geen kinderbiblioteek bestaan net om lêesstof te verskaf nie, maar wel om veral goële leesstof aan die leser te voorsien en doeltreffende leesleiding te gee. In dié leiding

moet die voorlees van verhale aan veral kleiner kinders nie onderskat word nie. Daar is selfs boeke vir groter kinders wat eintlik eers tot hul reg kom en waarvan kinders hou, as dit aan hul voorgelees word. Deur 'n goeie voorlesing kan die skoonheid van 'n verhaal soms in 'n groter mate tot 'n kind spreek as wanneer hy dit self lees. Hierdie boeke kan vergelyk word met toneelstukke wat werklik eers spreek, as dit opgevoer word. Goeie voorbeelde van dié soort kinderboeke is die werke van Alba Bouwer.

In hierdie verband kan nie net bibliotekarisse, ouers en onderwysers nie, maar ook die radio 'n belangrike bydrae lewer tot die ontwikkeling van die kind se waardering vir die goeie boek.

Daar is ook kinderboeke wat, hoewel die tema vir die kind geskik is, nooit deur die kind waardeer kán word soos 'n volwassene dit kan doen nie. Met sy groter insig in die menslike natuur, kan die volwassene byvoorbeeld 'n groter waardering hê vir die subtile aanduiding van Koeneels se karaktertrekke deur die oë van die ander karakters in „Dirkie van Driekuil" deur Alba Bouwer, as wat die kind daarvoor kan hê. Kinderboeke van hierdie aard is dus beter leesstof vir volwassenes as vir kinders!

Die uiteensetting van die bekroning van kinderboeke in Suid-Afrika is ingelei met die stelling dat bekroning inhou die keuring, beoordeling en uitsondering van die beste en die beloning aan die outeur, illustreerder en uitgewer van sulke lektuur.

In die bepaling van die wese en aard van goeie kinderlektuur is die beskouing gehuldig dat dit kuns moet wees, met ander woorde, goeie kinderlektuur is terselfdertyd ook goeie literatuur. Dit moet ook spesifiek vir die leser daarvan geskik wees en dus binne sy belangstellingsterrein en begripsvermoë val. Die vereistes wat aan kinderliteratuur gestel word, is oorspronklikheid van aanbieding, lewendige karakterisering, goeie verhaalkonstruksie, aanvaarbare fantasie, 'n eenheid van atmosfeer, sinvolle en skone taalgebruik, aanvaarbaarheid van gegewens en 'n beklemtoning van die positiewe terwyl die negatiewe sy van die lewe in die regte lig voorgestel moet word. Die voorkoms van goeie illustrasies wat aan kunsstandaarde voldoen en die fisiese aantreklikheid van die boek is as verdere vereistes gestel.

Aangesien die bekroning van kinderlektuur deur volwassenes behartig word, is ingegaan op die verskil tussen lektuur vir volwassenes en dié vir kinders. In hierdie vergelyking is ook die verskil tussen

die onderskeie redes waarom volwassenes en kinders lees, bespreek.

Nadat bogenoemde aspekte van kinderlektuur uiteengesit is, is oorgegaan tot die bespreking van bekronings. Die nut van bekroningen ten opsigte van die boek as sodanig, vir die keuring van boeke en vir die gee van leesleiding is beklemtoon. Daar kon toe voortgegaan word met 'n waardebepaling van die bekroning van kinderboeke in Suid-Afrika. Onderwerpe soos die norme waaraan kinderboeke getoets word, die samestelling van keurkomitees en hul werkswyse is onder die soeklig geplaas. Om die beeld te voltooi, is voorbeelde van bekroonde werke, eervolle vermeldings en die beste vertaalde werke bespreek volgens gehalte en as verteenwoordigend van sekere soorte kinderlektuur. Met hierdie bespreking is gepoog om 'n duidelike beeld te gee van wat in die Suid-Afrikaanse kinderlektuur bekroon word en hoe dit gedoen word. Om vas te stel of die bekroning van kinderlektuur in Suid-Afrika op die regte basis geskied, is toe 'n oorsig gegee van enkele van die bekendste kinderboek-toekennings in die oorsese Westerse wêreld ten opsigte van dieselfde aspekte. Daarna kon 'n vergelyking getref word tussen Suid-Afrikaanse kinderboektoekennings en dié van oorsee. Die verdienstes en tekortkominge in Suid-Afrika kon aangedui word.

Met die besef dat die bekroning van kinderlektuur in 'n groot mate sy doel sal mis as die lesers daarvan dit nie aanvaar nie, is 'n ondersoek gedoen na die beskikbaarheid van bekroonde werke in biblioteke en die leesgewoontes en -smaak van kinders ten opsigte

van goeie, bekroonde werke en swak lektuur. Laastens is getrag om vas te stel of leesleiding met betrekking tot bekroonde lektuur in 'n voldoende mate gegee word en die rol wat leesleiding kan speel by die aanvaarding van die bekroonde boek.

In die loop van die uiteensetting van al die aspekte hierbo genoem, is tot verskeie gevolgtrekkings gekom, waaronder die volgende die belangrikstes is.

Kinderlektuur kan nie alleen volgens 'n vaste stel vereistes beoordeel word nie. Daar is nog altyd 'n addisionele, moeilik definieerbare kwaliteit wat van goeie lektuur kuns maak. 'n Kunswerk is altyd meer as die somtotaal van die onderdele. Daarom is dit nie gewens dat liggame poog om volledig uitgewerkte norme daar te stel waaraan die werke vir bekroning finaal getoets moet word nie. Daar bestaan dus, myns insiens, nie 'n finale resep wat deurgaans toegepas kan word nie.

Komitees van beoordelaars moet volgens 'n sekere plan saamgestel word, sodat die bekwaamste persone daarop dien en alle betrokke belanghebbende afdelings van so 'n liggaam verteenwoordiging verkry. Aangesien die beoordeling en aanbeveling van werke 'n taak is wat gemotiveerd uitgevoer moet word, behoort die werkswyse so te wees dat alle lede van keurkomitees die geleentheid het om 'n mening te lug wanneer dit noodsaaklik is, maar dat persoonlike voorkeure en afkere geen rol speel by bekronings nie.

Wat bekronings in Suid-Afrika betref, is bevind dat die betrokke kinderboeke verteenwoordigend is van die meeste tipes kinderboeke. Die gehalte daarvan wissel van goed tot swak, maar oorwegend goeie kinderlektuur is bekroon.

Die gekeurde vertaalde werke is meesal van 'n hoë gehalte, en gesien die rol wat dit in Suid-Afrika speel, behoort daar toekennings ingestel te word vir die beste vertaalde kinderboeke.

In Suid-Afrika word te veel klem gelê op die uitskakeling van oorvleuelende toekennings. As gevolg van die belangrikheid van kinderlektuur in die opvoeding van die kind, behoort alle belanghebbende liggame mee te doen aan die bekroning daarvan. Die wenslikheid van staatspryse word beklemtoon.

Bekroonde kinderboeke behoort in alle biblioteke vir kinders teenwoordig te wees. In Suid-Afrika is dit dikwels nie so nie, wat veroorsaak dat die Suid-Afrikaanse kind liewers swak lektuur as goeie lektuur lees.

Wanneer leesleiding gegee word, behoort bekroonde kinderlektuur beklemtoon te word. Suid-Afrikaanse bibliotekarisse vervul in dié opsig nie altyd hul taak nie, want hulle gee te min en ook nie altyd die regte leesleiding nie.

Gloobaal gesien, vloei daar uit die bespreking enkele belangrike sake

voort wat aandag verg.

Die eerste spruit uit die leesgewoontes van kinders en jeugdiges. Dit het opgeval dat jeugboeke ook dikwels deur kinders gelees word wat volgens hulle ouderdom nog nie as jeugdiges beskou kan word nie, naamlik dié van nege tot twaalf jaar. Hierdie kinders mag gewoonlik slegs van kinderbiblioteke of -afdelings gebruik maak. Daar bestaan baie min afdelings of biblioteke uitsluitlik vir jeugdiges. Voorsiening behoort gemaak te word vir biblioteekgeriewe vir kinders, jeugdiges en volwassenes volgens die behoefes van elk van hierdie groepe. Die ouderdom van die jeugdige, sover dit die biblioteekgebruik betref, moet strek van ongeveer nege tot vyftien jaar. Maar omdat daar so 'n groot variasie is in die leesstof waaraan jeugdiges behoefte het, moet dit ook gekeurde leesstof, wat eintlik vir volwassenes geskik is, insluit.

Ten einde beter diens in biblioteke aan kinders en jeugdiges in Suid-Afrika moontlik te maak, is dit nodig dat 'n grondige studie van die leesgewoontes van hierdie lesersgroepe gemaak moet word. Daar is in Suid-Afrika tot dusver nog te min aandag hieraan gegee, met die gevolg dat leesleiding plaaslik nie anders as gebrekkig kan wees nie. Die steekproewe wat met enkele boeke en groepe kinders gedoen is, soos tevore vermeld, het dit duidelik laat blyk dat so 'n ondersoek nie net moontlik is nie maar ook belangrike gegewens kan verskaf waarop die gee van doeltreffende leesleiding gebaseer kan word.

Die tweede saak is die opleiding van kinder- en jeugbibliotekaris. Daar is te min opgeleide bibliotekaris werksaam in kinderbiblioteke in Suid-Afrika. By die opleiding van bibliotekaris vir biblioteekwerk met kinders en jeugdige moet meer klem gelê word op die bestudering van die gebruiker en sy behoeftes. Indien dié beklemtoning geskied, sal die gee van korrekte leesleiding moontlik wees. Dán eers kan die bekroonde boek en die boek van hoë gehalte sy regmatige plek inneem in die lektuur wat die kind lees.

Dit sal nooit moontlik wees om die leessmaak van alle kinders so te rig, dat hulle goeie boeke bo minderwaardige sal verkies nie. Net soos daar volwassenes is wat nooit 'n smaak kan ontwikkel vir goeie musiek, die skone kunste of letterkunde nie, so is daar ook kinders wat nooit voorkeur sal gee aan die goeie boek nie. Maar die verslawing van die kind aan minderwaardige lektuur kan teengewerk word. Elemente soos spanning, 'n vinnige tempo en lewendige handeling wat dié verslaafdheid aanwakker, kom tog ook in goeie kinderlektuur voor, hoewel met beter smaak. Daarom kan die toestand verbeter word, en is dit noodsaaklik dat kinder- en jeugboeke periodiek uitgesonder word vir bekroning. Potensiële lesers moet dan sover moontlik aangemoedig word om dit te lees.

Die bekroonde kinder- en jeugboek is 'n sterk wapen in die hand van alle opvoeders. Ouers, onderwysers en bibliotekaris kan hiermee die kind tot 'n ewewigtige en goed gevormde volwassene laat ontwikkel. Op geestelike gebied is die kind wat bekroonde boeke lees soveel

ryker, en hierdie rykdom gaan vir hom nooit in sy latere lewe as
volwassene verlore nie.

BYLAE A

DIE ONTSTAAN VAN DIE TIENIE HOLLOWAYMEDALJE

Baie volwassenes van vandag wat in die veertigerjare van hierdie eeu kleuters was, onthou nog boekies soos „Haasbekkies en ander versies", „Hasie Kalbassie", „Doempie Domkop" en „Nuwe kleuterversies". In daardie tyd was oorspronklike Afrikaanse kleuterversies skaars. Dié werkies het in 'n besondere behoefte voldoen.

Die skryfster was Tienie Holloway. Op 5 Desember 1888 is Christina Maria Purchase gebore. Sy word later die eggenote van dr. John Edward Holloway. Haar skryfwerk het sy begin deur versies en rympies vir kleuters uit Engels te vertaal. Later verskyn haar eie versies in die „Bylae tot die Volkstem", in Pretoria gepubliseer. Sommige van hierdie versies word saam met ander in boekvorm uitgegee. Haar eerste bundel, „Haasbekkies en ander versies", verskyn in 1938. In 1945 volg „Hasie Kalbassie" met 'n nuwe druk in 1965. „Nuwe kleuterversies" sien die lig in 1947 en „Doempie Domkop" in 1949. „Martha-hulle" verskyn in 1951 en „Nuwe kinderversies" in 1956.

Tienie Holloway was een van die baanbrekers op dié gebied. Dit sê veel vir haar werk dat een van die bundels in 1965, twintig jaar na die eerste druk, herdruk is omdat dit nog as geskik vir die hedendaagse kleuter beskou word.

Na haar dood in 1967 het die gedagte ontstaan om haar naam te laat voortleef deur 'n toekenning vir kleuterlektuur na haar te vernoem. Haar eggenoot het met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns onderhandel. Die ooreenkoms bepaal onder andere die volgende.¹

- „1. Dr. John Edward Holloway skenk aan die Akademiesraad 500 volopbetaalde aandele van die Afrikaanse Handelsbeleggings Bep. 2. Die Akademiesraad onderneem:
 - a) om 'n Tienie Holloway- Trustfonds te stig
 - b) om genoemde aandele, en alle ander bates van welke aard ook wat aan die Trustfonds geskenk word, sowel as die inkomste wat uit die bates van die Trustfonds ontstaan, in die Trustfonds te stort
 - c) om die Trustfonds te beheer ten einde sover doenlik die kapitaalmark daarvan in stand te hou of te verbeter...
 - d) om 'n medalje vir kleuterlektuur daar te stel met die naam 'Tienie Holloway-medalje vir kleuterlektuur'.
3. Die Skenker sal die koste van die stempel van die medalje betaal.
4. Die medalje word van tyd tot tyd na goeddunke deur die Akademiesraad toegeken aan die skrywer of skryfster wat gedurende 'n tydperk, deur die Akademiesraad bepaal, die beste werk van 'n bevredigende gehalte in Afrikaans gelewer het in die genre van

1. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Ooreenkoms in verband met die Tienie Holloway-medalje vir kleuterlektuur.

kleuterlektuur. Met kleuterlektuur word bedoel lektuur vir kinders onder agt jaar, maar die uitdrukking hoef nie op 'n te beperkende wyse toegepas te word nie.

5. Die Akademiesraad kan aan die Letterkundige Kommissie van die Akademie of enige ander komitee van die Akademie opdrag gee om die skrywer of skryfster aan te beveel, maar die finale besluit berus by die Akademiesraad.
6. Die medalje is hoofsaaklik bedoel vir oorspronklike Afrikaanse werk, maar die Skenker beperk nie die vryheid van die Akademie-raad om dit in 'n uitsonderlike geval vir vertaalde werk van hoogstaande gehalte toe te ken nie.
7. Die medalje kan vir kleuterversies, -prosa of -drama toegeken word, maar in geval van twyfel verlang die Skenker dat voorkeur gegee word aan kleuterversies.
8. Die Skenker gee aan die Akademiesraad die reg om 'n reglement en voorwaardes vir toekenning op te stel...
9. Die ontwerp van en bewoording op die medalje is onderhewig aan die goedkeuring van die Skenker en die hoofamptenaar van die Suid-Afrikaanse Akademie.
10. Die inkomste van die Trustfonds is die bedrae wat van tyd tot tyd by wyse van diwidende, rente of wat dies meer sy ontvang word. Dit sluit nie skenkings aan die Trustfonds in nie. Waar dit voorkom moet dit aan die kapitaal toegevoeg word.
11. Uit die inkomste soos hier bepaal word jaarliks tien persent (10%) aan die Akademie betaal as administrasiefond.

12. Die Akademiesraad mag, as die inkomste van die Trustfonds dit moontlik maak, meer as een medalje tegelyk toeken.
13. Die koste van die medalje of medaljes word uit die inkomste van die Trustfonds betaal.
14. Indien na elke afsonderlike toekenning van 'n medalje of medaljes die inkomste 'n oorskot toon, is dit die begeerte van die Skenker dat die Akademiesraad, as hy dit goeddink, ook 'n geldprys aan een of meer van die medaljes toevoeg.
15. As daar na so 'n toekenning 'n oorskot van minstens twee honderd rand (R200) oorbly, bepaal die Skenker dat minstens een honderd rand (R100) by wyse van prysgeld aangewend word. Die Akademie= raad besluit aan welke medalje of medaljes die prysgeld toegevoeg word.
16. Die Skenker stel geen perk op die bedrag van die prysgeld nie, mits die prysgeld alleen uit inkomste betaal word. Die restant, indien enige, van die inkomste na elke toekenning van 'n medalje of medaljes plus prysgeld, word aan die kapitaalsom van die Trustfonds toegevoeg".

Die doel met hierdie toekenning is, soos dit uit die bepalings blyk, om erkenning aan die werk van 'n skrywer te gee op grond van die hoë gehalte daarvan. Daarvoor word 'n medalje toegeken. Verder kan die skrywer ook finansiële bevoordeel word, indien die Akademie besluit om 'n geldprys toe te ken.

By die toekenning word voorkeur gegee aan oorspronklike Afrikaanse kleuterlektuur. Slegs in uitsonderlike gevalle kan vertaalde werke in aanmerking geneem word.

Omdat Tienie Holloway bekendheid verwerf het vir kleuterversies, word voorkeur gegee hieraan b  prosa of drama.

Hoewel 'n ouderdomsbepערking gestel word, word dit nie te streng toegepas nie. Dit laat 'n speling vir die ontwikkeling, begripsvermo  en belangstelling van die kind.

Die toekenning kan vir 'n bepaalde jaar aan meer as een outeur gemaak word, indien die werk van sodanige outeurs van baie ho  gehalte is.

Daar word ook bepaal dat 'n kommissie benoem moet word om aanbevelings te maak,  f die Letterkundige Kommissie kan dit doen. Die besluit berus by die Akademieraad.

Geen norme word gestel waarvolgens 'n werk beoordeel moet word nie, soos dit ook die geval is by die ander toekennings van die Akademie op letterkundige gebied.

Met hierdie reglement is die noodsaaklikste bepalinge daargestel en kan die Tienie Hollowaymedalje toegeken word.

BYLAE B

DIE ONTSTAAN VAN DIE C.P. HOOGENHOUTMEDALJE

Tydens die veertiende jaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging gehou te Potchefstroom in September/Oktober 1959, het die Kaapse Tak die volgende mosie ingedien¹: „„Dat die kongres die aanbevelings van die Sub-komitee van die Tak in verband met Afrikaanse kinderboeke in oorweging neem en na aanleiding daarvan 'n verteenwoordigende Kinderbiblioteekkomitee in die lewe roep om uitvoering aan die voorstelle te gee. ' Die aanbevelings is soos volg.

- (1) Dat, ten einde die produksie van Afrikaanse kinderboeke van 'n hoë gehalte aan te moedig, 'n stel vereistes, toegelig met verskeie voorbeelde, in Suid-Afrikaanse biblioteke gepubliseer word.
- (3) Dat herdrukke van die artikel(s) onder uitgewers versprei word.
- (3a) Dat aanbevelings deur bibliotekarisse en onderwysers aangaande die boeke in ander tale wat geskik is om in Afrikaans vertaal te word na uitgewers ter oorweging gestuur word.
- (b) Dat boeke wat uit druk is, maar herdruk regverdig, onder die aandag van uitgewers gebring word.
- (c) Dat die mees afgeskepte ouderdomsgroep vasgestel en onder die aandag van uitgewers gebring word.

1. S. A. B. V. Veertiende Jaarlikse Konferensie, 1959. Notule van die Agtiende (Veertiende jaarlikse) Konferensie, p. 86-88.

- (4) Dat in Julie van elke jaar die Afrikaanse kinderboeke wat die vorige twaalf maande verskyn het, in oënskou geneem word en dat die tien of twaalf beste boeke, beide oorspronklike werke en vertalings, in volgorde van verdienste gerangskik word deur 'n keurkomitee wat vir dié doel aangestel word. Elke titel sal geannoteer word en aanbevelings moet so bewoord word dat die uitgewers 'n bruikbare getuigskrif sal ontvang.
- (5a) Dat 'n klein geldprys of medalje aangebied word aan die skrywer en/of kunstenaar van die boek bo-aan die lys. Die prys moet 'n treffende naam hê sodat na die boek verwys kan word as die ,x-pryswenner van 1960'.
- (b) Dat persone of liggame genader word vir die beskikbaarstelling van 'n som geld die rente waarop as jaarlikse prys gebruik kan word. Die prys kan dan na die persoon of liggaam vernoem word.
- (6) Dat geen geld aan die uitgewers aangebied word nie, maar dat hulle die eer sal toekom as die uitgewers van die pryswenner en dat die volledige lys in Suid-Afrikaanse biblioteke en soveel tyd=skrifte en nuusblaaië as moontlik gepubliseer word.
- (7) Dat die pryswenner en die ander ,beste boeke van die jaar' elke jaar by die Konferensie aangekondig word en dat, indien moontlik, die toekenning by daardie geleentheid geskied".

Hierdie mosie is voorgedra deur mnr. J. G. Kesting. Die mosie word eenparig aanvaar en verwys na die Raad van die S. A. B. V. met die aanbeveling dat dit terugverwys word na die Kaapse Tak vir verdere aksie.

Die motiewe vir die instelling van 'n toekenning blyk uit die mosie. Die totstandkoming van oorspronklike Afrikaanse kinderboeke van hoë gehalte word aangemoedig. Daar word vir die herdruk van verdienste=like werke beywer, asook vir die beskikbaarstelling van die beste uit die wêreld-kinderlektuur aan die Afrikaanse kind.

Die mosie dui ook aan hoe die toekenning moet geskied. 'n Keurkomitee stel 'n lys van die beste kinderboeke saam in volgorde van verdienste=likheid. Die prys gaan aan die boek bo-aan die lys, maar geen gelde=like vergoeding word die uitgewers gebied nie. Voorsiening word ook vir reklame gemaak.

Volgens hierdie mosie moes daar 'n lys saamgestel word van oorspronklike en vertaalde kinderboeke gesamentlik. Indien 'n vertaalde boek bo-aan die lys staan, moes dit dus die wenner wees. Dat dit nie die bedoeling van die voorstel was nie, word duidelik as mnr. J. G. Kesting tydens 'n vergadering van die Administratiewe Raad van die S. A. B. V. op 30 September 1960 in Bloemfontein aanbeveel:

- „a) That a medal be awarded annually by the South African Library Association to the author and/or illustrator of the best Afrikaans children's book;
- b) That an annotated list of at the most 12 recommended Afrikaans children's books be published annually in 'South African Libraries'.

The best translated works for that particular year to be listed separately".²

Na aanleiding van hierdie aanbevelings van die Kaapse tak besluit die Raad³ „to appoint a sub-committee to make recommendations on the subject of awarding an annual medal to the author and/or illustrator of the best original Afrikaans children's book published during any one year". Die Komitee het uit die volgende persone bestaan.

Mnr. J. G. Kesting (sameroeper)

Mev. B. J. Lyndhurst

Mej. A. Smith

Mnr. C. H. Vermeulen.

Dié Komitee het die reg verkry om 'n paneel van beoordelaars aan te wys.

Die volgende stap wat geneem is, kom voor in die notule van 'n Raadsvergadering op 20 September 1961. In 'n vorderingsverslag van die Komitee lê mnr. Kesting die volgende aanbevelings voor⁴

„a) Dat die norme vir Afrikaanse kinderboeke, soos in die Janua=

2. S. A. L. A. Administrative Council. Minutes of a meeting held in the Clarendon Hall, Bloemfontein City Hall at 9 a. m. on Friday, 30th September, 1960. p. 1.

3. Ibid.

4. S. A. B. V. Administratiewe Raad. Notule van 'n vergadering gehou in die Biblioteek, Rhodes-Universiteit, om 4. 30 nm. op Woensdag, 20 September 1961. p. 1.

rie 1961-uitgawe van S. A. biblioteke gepubliseer is, aanvaar word as grondslag vir die jaarlikse prystoekening aan die skrywer of illustreerder van die beste oorspronklike Afrikaanse kinderboek in 'n onmiddellik-voorafgaande jaar, asook die jaarlikse vermelding van hoogstens 12 titels in elk van twee afsonderlike afdelings, onderskeidelik vir oorspronklike en vertaalde werke. Daar is egter besluit dat ook vrye bewerkings van die tekste van uitheemse kinderboeke, wat as nuwe verhale om die illustrasies heen geskrywe is, in ag geneem moet word by die beoordeling van oorspronklike bydraes. Die teks van die norme sal mettertyd gewysig kan word ten einde hierdie besluit te inkorporeer.

b) Dat die toekening aan die skrywer of illustreerder van die bekroonde oorspronklike werk 'n goue medalje sal wees, mits die opbrengs van die betrokke voorafgaande jaar dit natuurlik regverdig.

c) Dat die bekroonde werk en hoogstens 11 ander meldenswaardige oorspronklike Afrikaanse kinderboeke in volgorde van verdienstelikeid eervolle vermelding sal verkry op 'n lys wat jaarliks deur die Onderkomitee aan die Raad vir goedkeuring voorgelê word.

d) Dat hoogstens 12 vertaalde werke op soortgelyke wyse in 'n afsonderlike lys opgeneem sal word.

e) Dat 'n kenmerkende naam vir die medalje gevind moet word, dat 'n erkende kunstenaar gevra moet word om 'n medalje te ontwerp

(gebaseer op die motief van die naam en funksie van die toekenning), en dat 'n geskikte sake-onderneming genader moet word om die medalje te vervaardig. Na berekening sal die vorm wat benodig word R40 bedra, terwyl individuele medaljes jaarliks teen 'n koste van sowat R5 gegiet en gegraveer kan word. Daar is nog nie besluit wat ter metode die Komitee moet volg om 'n naam en ontwerp vir die medalje te vind nie.

f) Dat 'n drukpersie met behulp waarvan goue seëls, met die ontwerp van die medalje daarop, gemaak word en jaarliks tot die beskikking van die uitgewer van die bekroonde inheemse werkie gestel word, met die oog op vervaardiging van seëls wat hy op eie koste op eksemplare van die betrokke boek sal aanbring. Die vervaardiging van hierdie drukpersie sal sowat R30 bedra. Hierbenewens word daar ook voorgestel dat die uitgewer 'n sertifikaat van die S. A. Biblioteekvereniging moet ontvang. Die vervaardiging van die drukpersie kan eers aangepak word nadat die ontwerp van die voorgestelde medalje voltooi is.

g) Dat die aankondiging van die uitslag jaarliks voor kongresgangers (verkieslik op die eerste dag van die Jaarkongres) gedoen moet word en dat die skrywer/illustreerder en uitgewer van die bekroonde boek uitgenooi word om hul toekennings by hierdie geleentheid persoonlik in ontvangs te neem.

(h) Dat die lysie, waarvan in paragrawe (c) en (d) melding gemaak

word, met bygaande motivering, vroegtydig aan die redakteur van Suid-Afrikaanse Biblioteke vrygestel moet word vir opname in die Oktober-uitgawe van die blad of in die vroegste daaropvolgende nommer".

Met die aanvaarding deur die Raad van hierdie aanbevelings, is die masjinerie vir die toekenning in werking gestel. Finaliteit is bereik ten opsigte van die vereistes waaraan die boeke vir bekroning moet voldoen, die vorm van die toekenning, wie die toekenning mag ontvang, die maksimum oorspronklike en vertaalde werke op die lys, die erkenning aan die betrokke uitgewers, reklame en bekendstelling van die toekennings en die oorhandigingsfunksie. Geen finaliteit is bereik ten opsigte van die naam van die toekenning en die ontwerp van die medalje nie.

Dit is opvallend dat, volgens die aanvaarde aanbevelings, die toekenning gemaak kan word aan òf die skrywer òf die illustreerder, en nie aan die skrywer én illustreerder nie.

Op dieselfde vergadering besluit die Raad om reeds vir 1960 'n toekenning te maak. Dit moet aangekondig word op die laaste dag van die Konferensie, maar die formele oorhandiging moet eers tydens die Konferensie van 1962 gedoen word. Die naam en ontwerp van die toekenning en die medalje word bespreek. Daarna word dit terugverwys na die Komitee vir die toekenning vir verdere aanbevelings.

Die Raad was haastig om die eerste toekenning te maak. Later sou dit blyk 'n wyse besluit te wees, want op die twee daaropvolgende vergaderings, naamlik op 20 Junie en 17 September 1962, word vermeld dat 'n verdrag ingeteken is as gevolg van mnr. Kesting se vertrek oorsee. Mnr. C. H. Vermeulen word as saamroeper aangewys.

Mnr. J. J. G. Burger van die Kaapse Onderwysbiblioteekdiens word op die Komitee benoem in die plek van mnr. Kesting wat bedank het.

'n Verslag van die Komitee word op 'n Raadsvergadering van 8 November 1962 bespreek en die aanbeveling aanvaar dat die naam van die medalje „Die C. P. Hoogenhout-toekenning vir die beste Afrikaanse kinderboek van die jaar” sal wees. Die ontwerp van die medalje word goedgekeur en 'n drukpersie word aangekoop. Daar word verder besluit op 'n toekenning vir 1961 en die reëlings vir die oorhandigingsfunksie word aan die Kaapse Tak van die S. A. B. V. oorgelaat. Tydens 'n ete op 18 Desember 1962 in Kaapstad is die eerste twee toekennings aan die wenner oorhandig.

Die lede van die Komitee insake die toekenning bly dieselfde tot 1965. Na mnr. Burger se bedanking in dieselfde jaar word mej. L. Pienaar in sy plek benoem.

Op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee van die Raad gehou op 28 Januarie 1968 in Potchefstroom, word 'n versoek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns om verteenwoordiging op die Komitee vir die toekenning, oorweeg. Die doel van die verteen-

woordiging is om oorfleueling tussen die C. P. Hoogenhout-toekenning en die Scheepersprys van die Akademie uit te skakel. Die Uitvoerende Komitee beveel verteenwoordiging aan, en op 7 Maart word prof. F. V. Lategan as verteenwoordiger van die Akademie benoem.

Op 'n Raadsvergadering van 21 September 1968 in Johannesburg word besluit om die aantal lede van die Komitee insake die Afrikaanse Kinderboek, soos dit nou bekend staan, aansienlik uit te brei. Die volgende persone word vir 'n onbepaalde tyd benoem of herbenoem: Mej. Rhoda Barry, mnr. F. du Plessis, mev. J. P. Hill, mnr. J. G. Kesting, mnr. C. A. Lohann, mev. B. J. Lyndhurst, mej. L. Pienaar, mev. J. C. van Rooy, mnr. C. H. Vermeulen (sameroeper), plus 'n verteenwoordiger van die Akademie.

Hieruit blyk dat die Komiteelede van tyd tot tyd herbenoem en dat nuwe lede benoem kan word. Die grootte van die Komitee kan ook wissel. Dit kan dus aanvaar word dat ook ander aspekte van die toekenning, soos die norme waaraan boeke vir bekroning moet voldoen, die werksprosedure, ensovoorts, volgens Raadsbesluit gewysig kan word om die toekenning so doeltreffend moontlik te hou.

BYLAE C

DIE ONTSTAAN VAN DIE SCHEEPERSPRYS

Die Scheepersprys word toegeken deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Dit bestaan sedert 1955. Dit is moontlik gemaak deur 'n groot skenking van mnr. Fred L. Scheepers aan die Akademie, sodat jaarliks uit die rente 'n prys van £50 (R100) gebruik kan word om 'n jeugboek te bekroon.

Frederick Lucas Scheepers is in die distrik Alexandria, Oos-Kaap, gebore. Sy vader was 'n volstruisboer, later beesboer. Reeds as seun het hy belangstelling getoon in vertellings, naamlik van die heldedade van die grensboere en Voortrekkers, soos deur sy oupa vertel. Dit het seker in geen geringe mate bygedra tot sy liefde vir verhale, en veral vir verhale met 'n Suid-Afrikaanse agtergrond nie.

As klein seuntjie het hy gesien hoe sy vader op 5 April 1896 naby die Boesmansriviermond die reddingstoue van die gestrande Noorse skip, die Volo, gaan haal het, sodat al twaalf die matrose gered kon word. Later sou hy 'n soortgelyke heldedaad verrig deur 'n drenkeling uit die see te red.

As skoolier moes Fred Scheepers Engels praat, en doen hy dit nie, moes hy een- of tweehonderd reëls uitskryf: „I must not talk Dutch". Later moes hy 'n „Dutch-donkey"-kartonnetjie as straf om die nek

dra. Ewe goedgelowig het hy algaande begin dink dat dit gepas was om in openbare plekke slegs Engels te praat. Maar die heldhaftigheid en onverskrokkenheid van die Boeremagte tydens die Anglo-Boere-oorlog het by hom 'n gevoel van nasietrots en ook taaltrots laat ontwikkel, 'n trots wat later aanleiding sou gee tot die totstandkoming van die Scheepersprys.

Sy opleiding kry hy aan die ou Normaalkollege, Kaapstad, te Franschhoek, Wellington en Grahamstad, en later ook aan die T. U. K. en P. U. K. Sy eerste pos as onderwyser is te Sterkstroom, in die Kaap-provinsie, en daarna te Ventersdorp, Transvaal. In 1917 word hy hoof van 'n groot plaasskool, naamlik dié te Elandskuil. Hier doen hy aansoek by die destydse Direkteur van Onderwys, J. E. Adamson (later Sir John Adamson), om Afrikaans as voertaal te laat gebruik vir die st. 6-eksamen wat toegang tot die hoërskool verleen. Dit word aanvanklik geweier, maar as toestemming uiteindelik verleen word, is dit die eerste skool in die land wat Afrikaans as voertaal gebruik.

As sekretaris van die V. V. O. O. Z. A. , later die T. O. , se plaaslike tak te Ventersdorp, het hy in 1916 voorgestel dat Afrikaans die voertaal van die Vereniging sal wees. Hierdie voorstel word toe deur die hoofbestuur aangeneem.

In 1922 het hy aansoek gedoen om die M. A. -eksamen deur medium van Afrikaans af te lê aan die Universiteit van Suid-Afrika. Ook hier=

die versoek word toegestaan.

Die grootste deel van sy onderwysloopbaan, naamlik 30 jaar, bring hy deur as onderwyser aan die Hoër Gimnasium, Potchefstroom. Hy word ook buite die skoolmure 'n bekende persoon, want jare lank is hy ook voorsitter van die plaaslike Kunsvereniging, van die Wes-Transvaalse Hoërskole-atletiekbond, van die Wes-Transvaalse Atletiek- en Fietsrybond, lid van die Stadsraad en later burgemeester van Potchefstroom.

Sy liefde en eerbied vir sy moedertaal het hom die versoek aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns laat rig om 'n prys vir jeugboeke in te stel. Tydens die halfeeufees van die Akademie in 1959 het mnr. Scheepers gemotiveer waarom hy hierdie versoek gerig het. „Ons het gevoel ons wil 'n letterkundeprys skenk - uit louter dankbaarheid vir wat daar vandag vir ons mense te lees is. In ons jong jare was dit anders! En ons het gevoel ons wil dit graag aan die skeppers van meer bepaald jeuglektuur gee, want dit is net as ons kinders met hul eie goeie Afrikaanse boeke grootge- word het dat hul geen smaak vir ander minderwaardige goed aan- kweek nie".¹

Die Akademie het hierdie versoek gunstig oorweeg, seker nie net om-

1. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
Nuusbrief 1959, p. 7.

dat dit bevorderlik sou wees vir die Afrikaanse jeuglektuur nie, maar ook omdat die versoek gekom het van 'n taalvegter en taalhandhawer soos Fred Scheepers.

Na die instelling van die Scheepersprys kon Fred Scheepers nog vir 'n dekade die genot smaak van te sien hoe sy wens jaarliks vervul word. Op 4 Februarie 1967 is hy oorlede.

Die Akademie het die volgende bepalings neergelê vir die toekenning van die Scheepersprys.

1. Die prys staan bekend as die Scheepersprys vir jeuglektuur.
2. Die prys bestaan uit 'n bedrag van ⁺ £50, jaarliks beskikbaar gestel en geadministreer deur die Akademie.
3. 'n Akademiëkomitee, benoem deur die Akademiëraad, beveel die skrywer of skryfster aan wat die beste jeuglektuur, geskik vir jongmense tussen twaalf en agtien jaar, lewer. Die aanbeveling moet die vorm van 'n gemotiveerde verslag aanneem.
4. Hierdie werk moet van 'n goeie letterkundige en/of opvoedkundige gehalte getuig en die boek moet staan in die teken van egte Afrikanerkeraktereienskappe en nasietrots, hoewel dit nie 'n bindende vereiste is nie.
5. Indien in 'n besondere jaar daar geen boek verskyn wat die genoemde vereistes van genoemde komitee bevredig nie, word geen prys toegeken nie en die rente word gevolglik by die kapitaal gevoeg.
6. Ingeval die werk van twee of meer skrywers of skryfsters, of van

skrywer en skryfster, van gelyke waarde bevind mag word, sal die rente of dividende onder sulke gelykwaardige skrywers eweredig verdeel word.

7. Dieselfde skrywer of skryfster mag die prys meer as een keer ontvang mits sy/haar werk dit regverdig.
8. Vir 1956, 1957, 1958, 1959 en 1960 word daar vir elke jaar afsonderlik, een boek of skrywer aangewys deur die Akademiekomitee, gekies uit die Afrikaanse letterkunde vanaf die tydperk van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging († 1900). Daarna word net die oes van elke kalenderjaar in aanmerking geneem en kom slegs een werk in aanmerking.
9. Alle finale besluite in verband met bekroning berus by die Raad en die Raad behou die reg om die prosedure van toekenning te verander soos dit hom wenslik lyk.

Uit hierdie bepalings blyk dat die Akademie 'n komitee moes benoem met die uitsluitlike opdrag om aanbevelings te maak vir die toekenning van dié prys. Tot 1968 het so 'n komitee gefunksioneer. Die samestelling en werkswyse van die komitee is nie bekendgemaak nie. Na 1968 is die aanbevelings gedoen deur die Letterkundige Kommissie, waarvan die lede die volgende is:

Prof. A. P. Grové (voorsitter)

Prof. T. T. Cloete

Prof. W. E. G. Louw

Prof. P. D. van der Walt

Prof. C. A. van Rooy

Prof. F. V. Lategan

Dr. Elize Botha

Dr. P. G. du Plessis

Afgesien van enkele bepalings ten opsigte van die jeugboeke wat in aanmerking kan kom vir bekroning, is geen norme met betrekking tot die gehalte daarvan neergelê nie.

Met al die voorbereidende stappe geneem, kon die prys vir die eerste keer in 1956 toegeken word.

BYLAE D

GEANNOTEEERDE LYS VAN BOEKE BEKROON MET DIE
C.P. HOOGENHOUTMEDALJE, EERVOLLE VERMELDINGS EN VERTAALDE
WERKE, 1960 – 1968

Die doel met dié annotasies is om die werke te tipeer en om aan
te toon hoedanig die gehalte is.

Die rangskikking van eervolle vermeldings is in volgorde van ver=
dienste, volgens die mening van die S. A. B. V.

Die rangskikking van vertaalde werke is alfabeties volgens outeurs.

Verklaring:

*** = uitstekend

** = goed

* = gemiddeld

- = swak

BEKROON

*

Kühne, W. O. Huppel verjaar.
Prentjies van Dorothy Hill
Kühne. Kaapstad, Tafelberg,
1960. 32 p. (Huppelboekie,
no. 6)

Die verhaal van 'n verjaardagsparty en
Korrieman wat 'n storie vertel, vol ver-
beelding, klink en ritme. 'n Fantasia-
verhaal in ritmiese, klinkryke taal,
geskik vir kinders. Die gebruik van
betekenislose woorde terwyl van klink
en ritme word oordryf. Die illustrasies
is sonder verbeelding en dra nie by tot
die atmosfeer van die verhaal nie.

EERVOL VERMELD

Kühne, W. O. Huppel by die
water. Prentjies van Dorothy
Hill Kühne. Kaapstad, Tafel-
berg, 1960. 31 p. (Huppelboe-
kie, no. 5)

Die doen en late van Huppel en sy vriende
de in die veld tussenoor die kiewe.
'n Fantasiestoriesverhaal wat minder geslaagd
is. Die ritme en rym is dikwels baie
geforceerd. Swak illustrasies met geen
atmosfeer nie.

VERTAALDE WERKE

**

Reidel, Marlene. Kasper se
wêreldreis; versies deur
W. E. G. en Rosa Louw na 'n
verhaal van Marlene Reidel.
Kaapstad, Tafelberg, 1960.
35 p.
Toekenning: Der deutsche
Jugendbuchpreis, 1956.

Kasper onderneem bo-op die maan 'n reis
na verskillende lande. 'n Kleurryke
prentboek met illustrasies wat bekoor

deur eenvoud en sterk vorm en lyn.
Die vertaling spreek direk tot die
leer deur die eenvoud en helder-
heid daarvan.

1961

BEKROON

Bouwer, Alba. Katrientjie
van Keerweder. [Illustrasies
deur Katrine Harries] 3de dr.
Kaapstad, Tafelberg, 1964.
107 p.

Katrientjie is 'n plaasdogtertjie wat
op 'n dorp woon. Die oupe-horlosie
en haar ouma vertel aan haar dinge
uit die verlede. 'n Puik weergawe
van die gedagterold en gevoels-
lewe van die kind. Goede karakter-
tekening. Die fyn postekeninge is
stemmingvol. Die fantasie kan
nie maklik van die werklikheid ge-
siet word nie. Die drukwerk is
leurig en die bandwerk sterk.

EERVOL VERMELD

~

De Klerk, Hélène P. In 'n ou
Kaapse tuin; 'n toneelstuk in
een bedryf vir klein en groter
kinders, gemiddelde tydsduur
50 minute. Kaapstad, Tafel-
berg, s. 1. 45 p.

Ayesha, 'n slavinnetjie, droom en vind
'n nuwe Noma waar sy gelukkig kan
wees. 'n Lang teks met dialoog wat
nie by die kind pas nie. Baie woorde
en beelde is duidelik dié van 'n vol-
wasse mens. Die druk is te klein op
papier van 'n swak kwaliteit.

VERTAALDE WERKE

**

Blum, Lise-Marie. Die mal-
lemeule. [Vertaal deur San-
tie Grosskopf] Kaapstad, Ta-

felberg, 1961. 109 p.
Oorspronklike titel: Das ge= heimnisvolle Karusell.

Hoewel die diere op die mallemeule nie lewendig is nie, het hulle tog ook gevoelens en benodig hulle liefde en goeie versorging. 'n Verhaal waarin liefde vir diere beklemtoon word. 'n Stemmingsvolle verhaal, goed vertaal. Geskik vir kleuters en groter kinders. Die fisiese versorging van die boek laat veel te wense oor.

De Jong, M. Tien Pao en sy sesig vaders. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1961. 136 p.

Oorspronklike titel: The house of sixty fathers. Wenner van die Hans Christiaan Andersenprys, 1962. Wenner van die Newbery= medalje, 1954.

Die tema is 'n sounjies se wedervaringe en ontberings tydens die oorlog. Lewendige karakteruitbeelding en die pe mensekheid is kenmerke van hierdie verhaal. Die illustrasies is uitdrukkingsvol. Die atmosfeer van die Ooste herleef ook weer in die poëtiese vertaling. Vir groter kinders. Die drukwerk is goed, maar die papier is van 'n swak gehalte.

**

Denneborg, H. M. Die eseltjie Grisella. [Vertaal deur Santie Grosskopf] Kaapstad, Tafelberg, 1961. 131 p. (Klein Kadet, no. 10)
Oorspronklike titel: Das Eselchen Grisella.

Tien, 'n weeskind, moet van sy eseltjie afstand doen ter wille van die grillo van 'n rykmanse dogtertjie. Die waarde van vriendskap en vriendelikeid word beklemtoon. Vreelikeheid en

lewensabhyheid vorm die toon van die werk. 'n Besonder vloeiende vertaling. Geskik vir die groter kind. Die fisiese versorging is nie op peil nie. Swak papier en 'n te klein formaat doen afbreuk aan 'n andersins ver= dienstelike boek.

*

Denneborg, H. M. Jan en die wildeperd. [Vertaal deur Santie Grosskopf] Kaapstad, Tafelberg, 1961. 134 p. (Klein Kadet, no. 6)
Oorspronklike titel: Jan und das Wildpferd. Toekenning: Der deutsche Jugendbuchpreis, 1958.

Jan se liefde vir diere vind weerklank by Nata, die voorman. Liefde vir diere bepaal die handeling in die verhaal. Sterk karaktertekening. Goeie leesstof vir groter kinders. In die vertaling gaan die atmosfeer van die oorspronklike verhaal soms verlore.

**

Gebhardt, Hertha von. Die dogtertjie van ðrens [Vertaal deur Alba Bouwer] Kaapstad, Tafelberg, 1961. 157 p. (Kadet, no. 2)
Oorspronklike titel: Das Mädchen von irgendwoher.

Magdalena is 'n eensame, verstote kind, en die kinders van die omgewing verstaan haar nie. Sy bly vir hulle 'n vreemde totdat haar vader haar kom haal. 'n Verhaal vir groter kinders. 'n Besondere weergawe van die innerlike van die kind. Die illustrasies is klein, onopvallend en dra nie by tot die nuans van die boek nie. Die vertaling bereedig nie altyd nie. Soms is die woordgebruik en woordorde onnatuurlik en stokkerig.

Krasilovsky, Phyllis. Die koei wat in die water geval het. Illustrasies deur Peter Spier. Kaapstad, H. A. U. M., s. 1. [33] p. Oorspronklike titel: The cow who fell in the canal.

Hendrika, die koei, val in die kanaal en dryf op 'n voerbak na die stad waar sy alles self sien waarvan sy tot dusver nog net gehoor het. 'n Prentboek met swak illustrasies. Die dubbelblad-illustrasies skep geen stemming nie. Die kleure is banaal en daar is te veel detail wat die eenheid in elke illustrasie verbreek. Die plasing van die teks en die illustrasies bied geen afwisseling nie.

Kullman, H. Die geheime reis. [Vertaal deur Willem en Vaj Gravett] Kaapstad, Tafelberg, 1961. 159 p. (Klein Kadet, no. 1) Oorspronklike titel: Hem=lig resa. Toekenning: Nils Holgers=sonprys, 1953.

'n Seun dros en beland in 'n agterbuurt waar gevegte tussen kinders, nomaat-kominge en lewensgevaar daaglik voorkom. Die uiterlike spanning word gebalanseer deur emosies wat verstaanbaar is. 'n Sin vir waardes word by die leser gekweek. Boeiende gebeurtenisse maak die verhaal interessant, veral vir groter seuns wat van avontuur hou.

*

Mitgutsch, Ali. Peppie se hoed. Uit die Duits vertaal deur Alba Bouwer. Kaapstad, Tafelberg, s. 1. [25] p.

Peppie pas varke op in die veld, en die wind waai 'n groot strooihoed na hom toe waarmee hi later 'n skaars voël

vang. Hy verkoop die voël aan 'n geleerde man en word ryk. Kleurryke illustrasies vir die kleuter, wat deur middel van 'n weergawe van die tropiese plantegroei en boustyl 'n suiker beeld van Latyn-Amerika gee. Die band is van glasakarton en nie duursaam nie.

*

Prokofief, S. Pieter en die Wolf. Uit die Duits vertaal deur Alba Bouwer; prente deur Frans Haacken. Kaapstad, Tafelberg, s. 1. [30] p.

'n Prentboek gebaseer op die bekende musiketuk van Prokofief. Die swart agtergrond van die illustrasies wat in fyn wit lyne uitgevoer is, is treffend. Groom, roof, geel en blou word gebruik. Die teks en illustrasies korreleer goed. Die fisiese versorging van die boek is puik. Uiterlik is dit feitlik perfek, maar dit raak nie die gevoel van die leser nie.

*

Ungerer, T. Die drie rowers. [Vertaal deur P. J. Cillie] Kaapstad, Tafelberg, 1961. [36] p.

Drie rowers rig 'n weeshuis op en wys daardeur dat hulle nie net algeleemene is nie. Dis tema is egter nie ten volle benut nie. 'n Prentboek met groot, eenvoudige illustrasies wat tref deur sterk vorm en ryk kleure. Die groot druk pas perfek hierby aan. Dit is puik vertaal.

*

Unnerstad, Edith. Somer by Ouma. [Vertaal deur Willem en Vaj Gravett] Kaapstad, Tafelberg, 1961. 158 p. (Klein Kadet, no. 4) Oorspronklike titel: Far=morsresan. Toekenning: Nils Holgers=sonprys, 1957.

Die seun, Pelle Goran, beleef baie avonture op sy oma se plaas waar hy gaan bly, solank sy moeder in die hospitaal is. Dit is 'n goeie weergawe van 'n Sweedse plaaslewe. Die karakters is lewendig geteken en die dialoog oorspronklik. 'n Gebrek is die afwesigheid van illustrasies vir die leser van ongeveer agt tot negen jaar.

**

Zimnik, R. en Axmann, Hanne. Die uiltjie in die standbeeld. Uit die Duits vertaal deur Frans en Ia van Zyl. Kaapstad, Tafelberg, 1961. [31] p.
Oorspronklike titel: Die Geschichte vom Käuzchen.

'n Naguiltjie wen die vertroue van mense, nadat hy hulle lewens gered het. Die illustrasies spreek deur sterk vlakke en ryk kleure en is stemmingsvol. Die fassiese versorging is besonder goed. Die taal is nie altyd beeldend genoeg nie. Goeie leesstof vir kinders van sewe tot agt jaar.

1962

GEEN BEKRONING NIE.

EERVOL VERMELD

*

Kühne, W. O. Die wonderlike motor van Barnabas Bombas. Tekeninge deur Dorothy Hill-Kühne. Kaapstad, Tafelberg, 1962. [30] p.

Die lewe van 'n gesin van Waenhuiskrans en hul vakansiereis word beskryf. Fantasie speel 'n groot rol. Dit is ongelukkig nie altyd oortuigend nie. Die toon van die verhaal is vrolik, selfs wanneer teëspoed ondervind word. Die karakters is leweloos. Die illustrasies is stiellose prentjies, en as prentboek slang dit nie.

*

Badenhorst, C. S. Berghoek se kaart. Geïllustreer deur Hans Smuts. Pretoria, Van Schaik, 1962. 116 p.

'n Vermiste kaart kan Berghoek as volparadys red indien dit betyds gevind word. Die kontraste tussen diereiters en gevreesde mense word beklemtoon. Die karakters is leweloos, sonder gevoel of emosie. Die verhaal slaag nie, omdat die dringende noodsaaklikheid om die plaas te red, nooit tot die leser van tien tot twaalf jaar deurdring nie.

VERTAALDE WERKE

Denneborg, H. M. Tina se swart kat. [Vertaal deur Leo van der Westhuysen; tekeninge deur Horst Lemke.] Kaapstad, Tafelberg, 1962. 139 p. (Klein Kadet, no. 15)
Oorspronklike titel: Kater Kasper.

Die goeie en swak karaktertrekke van die mens kom te voorskyn in sy omringing met die dier. 'n Verhaal vol opwindende spanning. Uiters geëkig vir kinders van agt tot tien jaar. Die illustrasies is klein en onbeduidend.

Fatio, Louise. Die gelukkige leeu. Illustrasies deur Roger Duvoisin; uit Amerikaans vertaal deur Dirk la Cock. Kaapstad, Tafelberg, 1962. [32] p.
Oorspronklike titel: The happy lion.
Toekenning: Der deutsche Jugendbuchpreis, 1956.

As die dieretuin-leeu uit sy bok om snap, is al die mense bevrees, net Franse nie. Oordeelkundige kleure.

bruik en eenvoud maak van die ekspressiewe illustrasies 'n groot sukses. 'n Goed vertaalde kluusterboek. Swak bindwerk.

Grimm, J. & Grimm, W.
Die wolf en die sewe bokkies.
[Vertaal deur] P. J. Cillie
[met illustrasies deur]
Felix Hoffmann. Kaapstad,
H. A. U. M., 1962. [30] p.

In hierdie sprokie is die wolf te slim vir die bokkies. Hulle bly alleen tuis en die wolf vang hulle. By haar terugkeer, sorg die moeder-bok gou dat alles weer regkom. Die klurryke, smeevolle illustrasies pas volmaak by die sprokie vir kleuters. Die persoonlikasie van die diere word soms te ver gedryf.

*

Grimm, J. & Grimm, W.
Sprokies deel 1-3. Vertaal
deur Helene de Villiers;
illustrasies deur Jo van Kam=
pen. Kaapstad, Human & Rous=
seau, 1962.

Dit is kompakte vertellings met die klem op die kontras tussen goed en sleg, mooi en lelik, sonder tussenakkerings. Die taal is eenvoudig en tog vol ritme en poësie. Die vertaling uit Duits is owerkopt en getrou. 'n Te groot aantal sprokies per band en swak illustrasies benadeel hierdie uitgawe as leesstof vir kinders en kleuters.

o
Holmberg, A. Die speurder.
[Vertaal deur Willem en
Vaj Gravett; illustrasies deur
Sven Hemmel] Kaapstad, Tafelberg, 1962. 140 p. (Klein
Kadet, no. 13)
Oorspronklike titel: Ture Sven=
ten - privatdetektiv.

n Amusante verhaal vir seuns van agt tot

tiem oor 'n speurder wat alles verhoor doen. Dit is vol spanning en intrige, maar op 'n ligterste toon. Die karikatuuragtige illustrasies pas goed hierby. As vertaling het die oorspronklike atmosfeer behoorlik gebly.

Janica Angélique. Illustrasies deur Roger Duvoisin
[vertaal] deur P. J. Cillie.
Kaapstad, Tafelberg, s. j.
[32] p.
Oorspronklike titel:
Angélique.

'n Trousteleum leer deur ondervinding om haarself te laat geld. Smeevolle persoonlikasie van die diere en die oordeelkundige gebruik van detail in die illustrasies maak hierdie werk treffend vir die kleuter.

*

Lavolle, L. N. Nuno die visserseun. Vertaal deur
A. P. Brink [illustrasies
deur Willem Jordaan]
Kaapstad, H. A. U. M., s. j.
104 p.
Oorspronklike titel: Nuno,
de Nazaré.
Toekennings: Prix Enfance
du Monde, 1959.

'n Stemmingverhaal waarin die verloop van 'n sonne- en maan- siklus die sentrale tema vorm. Die see word in verskillende stemminge geskilder. Sensitiewe karakterontplooiing en gevoelvolle taalgebruik. Die illustrasies deur 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar vorm nie 'n eenheid met die verhaal nie en gee ook nie die atmosfeer weer nie. Growwe, geleëde papier. Geskik vir kinders blywende.

Lybeck, S. Die dapper rol=
vark. [Vertaal deur
Piet Muller] Kaapstad,
Tafelberg, 1962. 112 p.
(Klein Kadet, no. 18)
Oorspronklike titel: Latte
Igel und der Wasserstein.
Toekenning: Der deutsche
Jugendbuchpreis, 1959.

Rollie die rolvark ervaar baie avon-
ture op soek na die wonderlike wa-
terdip. Spanning en 'n vinnige tempo
maak hierdie verhaal boeiend vir die
ouer kind. Die sensasionale gebeur-
tenisse en te veel detail doen afbreuk
aan die verhaal. Die illustrasies is
niksaggeend.

*
Preussler, O. Die heksie
en die kraai. [Vertaal deur
Piet Muller] Kaapstad, Ta-
felberg, 1962. 107 p.
(Klein Kadet, no. 16)
Oorspronklike titel:
Die kleine Hexe.

Haar goeie dade maak van Heksie 'n
alegrie heks en sy word deur die ander
hekses verag. 'n Geslaagde fantasie
verhaal vir kinders van ses tot agt
waarin elke handeling gemotiveerd
is. Kostelike tekeninge. Vloeiend
vertaal. Foutloos en onduidelike
drukwerk kom hier en daar voor.

Zimnik, R. Die beer en die
mense. [Vertaal deur
Anna C. Human] Kaapstad,
Human & Rousseau, 1962.
64 p.
Oorspronklike titel: Der Bär
und die Leute.

Die vriendskap tussen mens en dier en
die gevolglike verwydering tussen die
tier en die ander diere van die veld is
die sentrale tema van die verhaal, wat

geënk is vir ouer kinders. Emosies
word treffend uitgebeeld. Die taalge-
bruik is skilderend. Die illustrasies
is dinamies en lewendig versorg. Die
vertaling behou die oorspronklike at-
mosfeer.

1963

BEKROON

Du Plessis, F. Rympie=
boek vir kinders. Kleur=
tekeninge deur Katrine
Harries. Kaapstad, Tafel-
berg, 1963 [28] p.

Hierdie rympies is vinnige indrukke,
kombiërdings beelde wat die kleuter se
verbeelding stimuleer. 'n Sprankelende
taalgebruik en verrassende woord-
keuse laat die rympies lew. Die di-
namiese, knap illustrasies pas vol
maak by die atmosfeer. Elke bladsy
is perfek ontwerp.

EERVOL VERMELD

**
Jordaan, Toekie, Adriana,
Pietjie en die wit donkie.
[Illustrasies deur Wil-
lem Jordaan] Kaapstad,
John Malherbe, 1963.
[25] p.

'n Reeksbeskrywing in die kleinste waarin
die twee kinders veilig tuiskom met
behulp van die wit donkie. Die il-
lustrasies is sterk uitgevoer en die
detail is beperk tot die noodsaaklike.
Die tekenwerk is puik, maar die il-
lustrasies is te skaal om die ge-
moed te raak. Die verhaal is te klein
om die kleuter te boel.

**
Bouwer, Alba. Stories van
Bergplaas. [Illustrasies

deur Katrine Harries] Kaapstad, Tafelberg, 1963. 184 p.

'n Verbeeldingsryke weergawe van die lewe op die plaas, waarin die verhouding tussen mens en groot rol speel. Die karakters lewe en pas in die plaasmilieu. Die skryfstyl kan meer deur die volwassenes as deur die kind gewaardeer word. Daar is min illustrasies en dit is onopvallend. Vir die kind bo negen jaar is dit egter nie 'n groot teleurstelling nie.

VERTAALDE WERKE

*
Andersen, H. C. Sprokies deel 1 en 2. Vertaal deur Marié Opperman; illustrasies deur Vilhelm Pedersen en Lorenz Fröhlich. Kaapstad, Human & Rousseau, 1963.

'n baie bekende en minder bekende sprokie word ingesluit. Die vertaling lees vlot. Die sprokies verloor trekkrag omdat die boekkele te omvattend is vir die kleuter. As kultuurbesit is dit pulk.

Chönz, S. Florina en die streepvoëltyl. Illustrasies deur Alois Carigiet; vertaal deur Deon Kesting. Kaapstad, Balkema, 1963. [26] p. Oorspronklike titel: Florina und das Wildvögelchen.

Florina se liefde vir die voëltyl dryf haar om hom te gaan soek. Die stemmingsvolle illustrasies in kleur vertel die verhaal. Uitstekende tekenwerk. As vertaling is dit nie geslaagd nie, omdat sinlose rymery en die gebruik van Germanismes die leesgereg van die verhaal aflei.

Fatio, Louise. Kapokkie. Illustrasies deur Roger Duvoisin [Vertaal deur

Jan Schoeman] Kaapstad, H. A. U. M., 32 p. Oorspronklike titel: Red bantam.

Die haantjie bewys sy waarde op die werf deur 'n heldedood en word die leier. Lewendige karaktertekening en oordeelkundige toevoeging van menslike eienskappe tot die diere. Pulk leesstof vir groter kinders. Die illustrasies is vol beweging en die enkele kleure is ryk en versadig.

*
Golden, Grace. Sewe poppe vir Wanda. [Vertaal deur Konstant Mostert; illustrasies deur David Stone] Kaapstad, John Malherbe, 1963. 93 p. Oorspronklike titel: Seven dancing dolls.

'n Ongewone tema. Chopin, die komponis, besoek 'n koninklike gesin en neem per abuis een van die prinsesse se poppe. Die verhaal is nie boeiend nie, en die karakters is leweloos. Die teke, illustrasies en fisiese versorging styg nooit uit bo die gemiddelde nie. Leesstof vir dogters van agt tot negen jaar.

*
Grimm, J. & Grimm, W. Sprokies deel 4. Vertaal deur Helene de Villiers; illustrasies deur Jo van Kampen. Kaapstad, Human & Rousseau, 1963.

Nie al die sprokies in hierdie bundel is geskikte leesstof vir kleuters nie. 'n Te groot aantal sprokies is in die versameling opgeneem. Die illustrasies is onopvallend en niksaagend.

La Fontaine, J. de Die leeu en die rot. Illustrasies deur Brian Wildsmith [vertaal deur W. Grütter] Kaapstad, O. U. P., 1963. [30] p.

'n Leeu spaar 'n rot se lewe, en die rot help later weer om die leeu uit 'n net te bevry. Elke helderkeurige, groot illustrasie vorm met die ander 'n hegte eenheid deur die gebruik van swart as agtergrond. Die teks is eenvoudig en treffend. 'n Pragtige samenvatting van die bekende fabel vir kleuters en kinders.

*

Lagerlöf, Selma. Die wonderbaarlike reis van Nils Holgersson. Foto's [deur] Hans Malmberg [vertaal deur W. O. Kühne] Kaapstad, S. A. Boekesentrum, 1963. [92] p.

Nils onderneem 'n reis saam met die gans en word genees van al sy stoutigheid, wreedheid teenoor diere en selfsug. Oortuigende agtergrondskildering. Die illustrasies bestaan uit kleurfoto's wat nie dieselfde trekke het as die werk van 'n illustreerder-kunstenaar nie. Dit is koud en onpersoonlik. Die vertaling lees vlot. Geskik vir groter kinders.

ter kinders.

Leaf, M. Die storie van Ferdinand. Tekeninge deur Robert Lawson [vertaal deur Konstant Mostert] Kaapstad, John Malherbe, 1967. [66] p.

'n Sagmoedige bul word gekies om in die arena te veg, thans trou aan 'n natuur. 'n In tieme vertelling wat die kind van ses tot agt boei. Personalisasie van diere kom voor sonder dat hulle eie identiteit verloor gaan.

Die plasing en spasieëring van teks en illustrasie is treffend.

Norton, Mary. Die leiers. [Vertaal deur J. P. Smuts en Ria van Rensburg] Kaapstad, John Malherbe, 1963. 140 p.
Oorspronklike titel: The rowers.
Toekening: Carnegie-medalje, 1952.

Die klein menasse woon onder 'n heide se vloer en moet gedurig waak teen ontdekking deur die mense. Die vriendskap tussen Riekie, die leier-dogtertjie, en die mense se soek na 'n heide redding. Fantastiese-werklikheid van die hoogste gehalte vir die kind van agt tot nege. 'n Skewig-geboude verhaal met 'n boeiende tema. 'n Vloeiende vertaling.

*

Schaefer, J. Ou Ramon. [Vertaal deur Hennie Aucamp; illustrasies deur Günther Rindfleisch] Kaapstad, John Malherbe, 1963. 86 p.
Oorspronklike titel: Old Ramon.

'n Buitengewone verhaal van 'n seun in die leerskool van die veld, geskik vir seuns van nege tot tien jaar. Die idilliese toon en rustige vertelling beïndruk. Die tempo van die verhaal is eger te lagsaam. Die vertaling beklemtoon die atmosfeer van die oorspronklike. Die papier en omslag is nie van die vereiste gehalte nie.

Slobodkina, E. Pette te koop; die storie van 'n smous, 'n klompie ape en hulle apestreke. Vertaal deur Konstant Mosert. Kaapstad, John Malherbe, s.1 [41] p. Oorspronklike titel: Caps for sale.

Die petjie-smous se petjie raak weg en na verskeie pogings slaag hy daarin om dit terug te kry. 'n Pragmaatiese boek met siellose, verbeeldinglose illustrasies met min dekoratiewe waarde en swak teksteagiek. Die drukletter pas nie by die illustrasies nie.

Zinnik, R. Die trotse skimmel; 'n prentverhaal. Uit Duits vertaal deur Anna C. Human. Kaapstad, Human & Rousseau, 1963. 41 p.

Skimmel is nie tevrede met sy bestaan as sirkusperd nie en hy droom. Na vele ontberinge keer hy terug. Die intieme toon, subtiel didaktiese strekking, eenheid tussen die teks en die illustrasies en puik tipografiese versorging maak hierdie boek besonder. Die vertaling laat reg geskied aan die oorspronklike. Puik leesstof vir kinders van agt tot twaalf jaar.

1964

BEKROON

Linde, Freda. Snoet-Alleen. Tekeninge deur Peter Clarke. Kaapstad, John Malherbe, 1964. 60 p.

'n Stemmingsverhaal oor 'n familie se

uitlepende reaksies teenoor 'n erfvark. Die atmosfeerskildering, fantasie en uitbeelding van menslike emosies is puik. Die illustrasies is kunstwerke en weerspieël die stemming in die verhaal. Fieses is die boek onverbetertlik. Puik leesstof vir kinders van agt tot twaalf jaar.

EERVOL VERMELD

Linde, Freda. As jy kan fluit op hierdie maat. Tekeninge deur Eleanor Esmonde-White. Kaapstad, John Malherbe, 1964. 43 p.

Negentien gedigtes waarvan die grootste gedeelte nie bevredigend is as gevolg van rymelary, sentimentaliteit en on-oortuigende beskied. Die illustrasies is lewige kunstwerke maar nie geskik vir die kind nie. Daar is geen afwisseling in die plaas van die teks en illustrasies nie.

VERTAALDE WERKE

Baumann, H. Tina en Nina. Prente deur Wanda Zacharias [vertaal deur P. J. Cillie]. Kaapstad, Tafelberg, 1964. 34 p. Oorspronklike titel: Tina und Nina.

Vir Tina is haar pop Nina 'n lewendige mens. Herhaling en die skakeling van dinge wat bymekaar hoort, maak hierdie prenteboek uiters geskik vir kinders. Realistiese tekeninge wat duideliker kan verken. Huisies, plantkleure en fyn tekenwerk. Tegnies goed versorg.

De Jong, M. Wielle Wimpie
Wim. [Vertaal deur
Leo van der Westhuijzen]
Kaapstad, John Malherbe,
1964. 181 p.
Oorspronklike titel: The
singing hill.
Wenner van die Hans Chris=
tian Andersenprys, 1962.
Wenner van die Newbery=
medalje, 1954.

Wim deel nie in al die gebiede van sy
ouer broer en suster nie en maak
maats met sy vader. Sy liefde vir 'n
perd laat hom bemoede oomblikke
deurmaak. 'n Gestrone weergawe van
die gedagtegang van 'n kind. Die ge=
voelens van die karakters word
uitbeeld. Die vertaling ges aan die
werk 'n eg-Afrikaanse kleur. Die
besondere illustrasies het 'n ou-w=
reidse atmosfeer. Geskik vir groter
kinders.

**

Du Plessis, F. Die eenbeen=
kraanvoël. Illustrasies deur
Józef Wilkón. Kaapstad, Hu=
man & Rousseau, [1964]
[25] p.

'n Vrolike, ligte verhaal waarin die ka=
rakers op intellektuele gebied kragt
meest. Die illustrasies in hierdie prom=
teboek toon 'n frisse benadering tot
kleurgebruik. Besonder dekoratief.
Fyn humor, opvallende ritme en rit=
me-wisseling is kenmerkend van die
tekst. As vertaling is dit puik. Die
voorkoms in dié van 'n kinderboek.
Die verhaal is egter vir kinders bo
agt jaar geskik.

Grimm, J. & Grimm, W.
Sprokies deel 5 en 6. Ver=
taal deur Helene de Villiers;
illustrasies deur Jo van Kam=
pen. Kaapstad, Human & Rous=
seau, 1964.

seau, 1964.

Hierdie boekdeel bevat 'n aantal be=
kende sprokies en 'n groter aantal
minder bekende. Die sprokies kom
nie tot hulle reg nie as gevolg van
die omvang van elke boekdeel. Nie
altyd geskik vir kinders en kinders
ouder twaalf jaar nie.

Guillot, R. Grisjka en sy
beer. [Vertaal deur Jan Jor=
daan; illustrasies deur
Joan Kiddell-Monroe] Kaap=
stad, H. A. U. M., 1964.
135 p.
Oorspronklike titel: Grisjka
et son ours.
Wenner van die Hans Chris=
tian Andersenprys, 1964.
Toekennings: Prix Enfance
du Monde, 1958.

'n Seuntjie se beskermende gevoel
teenoor sy beer laat hom sy siele lewe
in gevaar stel. Wedersydse vertroue
en liefde tussen mens en dier vorm
die sentrale gedagte. 'n Treffende
uitbeelding van die lewe en lewens
houding van 'n nomadiese stam, ge=
skik vir groter kinders. Die Afri=
kaanse vertaling is vlot en behou die
atmosfeer van die vreemde. Die spa=
sifering van die drukwerk is swak en
die papier van 'n lae gehalte.

Mackay, Margaret. Die dolfin=
seun; 'n verhaal van Hawaii.
Illustrasies deur Peggy Fort=
num [vertaal deur Anna C.
Human] Kaapstad, Human &
Rousseau, 1964. 63 p.
Oorspronklike titel: Dolphin
boy.

'n Hawaïese seun se liefde vir die na=
tuur en vir diere bereik 'n hoogtepunt
in sy liefde vir 'n dolfin. Die dolfin

oorw in sy vrees vir mense. Die skryfster laat hier en mens leef en gee 'n kyk in hulle diepste emosies. Die smaakvolle illustrasies gee die wonderagtigheid van die Hawaiiëse landskap subtiel weer. 'n Vertaling wat vlot lees en met meeslewing gadoen is. Geskik vir groter kinders.

**

Norton, Mary. Die leners in die veld. [Uit die Engels vertaal deur C. H. Winckler] Kaapstad, John Malherbe, 1964. 187 p.
Oorspronklike titel: The borrowers afield.

Die wedervaringe van die geeste van miniatuurmensies na hulle vlug uit die mense se hute, word so realisties en lewensgetrou vertel, dat hierdie fantasieverhaal soos die werklikheid klink. Puik karaktertekening en spannende gebeurtenisse. Geskik vir lesers van agt tot tien jaar. Die afwesigheid van illustrasies is 'n gebrek.

Seredy, Kate. Filomientjie. [Vertaal deur Jan Schoeman] Kaapstad, H. A. U. M., s.j. 94 p.
Oorspronklike titel: Philomena.

Die veristenheid en weerbaarheid van 'n kind blyk uit haar soektog na haar tante, haar enigste familielid. Lewendige karakterisering en 'n diep-menslike verhaal boei die dogter van agt tot twaalf jaar. Fyn afgewerkte sketse en smaakvolle tipografiese versiering laat die boek nog verder bo die gemiddelde uitstyg.

**

Swift, J. Gulliver se reis. [Vertaal deur Santie Grosskopf] illustrasies deur Hans Baltzer. Kaapstad, H. A. U. M., 1964. 176 p.

'n Boeiende verhaal wat alledaagse gebeure in 'n nuwe lig stel. Fyn spot met instellings en gebruike in ons beskawing. 'n Nuttige relaas van gebeurtenisse, nie oorspronklik vir die kind bedoel nie. Die illustrasies toon vitaliteit en die vertaling lees maklik. Die teks en illustrasies korreleer soms. Geskik vir kinders van ses tot agt jaar omdat die fantasie in hulle smaak val.

**

Wölfel, Ursula. Vuurskoem en Windsandaal. [Uit die Duits vertaal deur Santie Grosskopf; tekeninge deur Heiner Rothfuchs] Kaapstad, Tafelberg, 1964. 80 p.
Oorspronklike titel: Feuerschu und Windan=dale.
Toekenning: Der deutsche Jugendbuchpreis, 1962.

Tim en sy vader onderneem 'n staptoer, en hy leer om tevrede te wees met omstandighede wat hy nie kan verhelp nie. 'n Mooi vader-son verhouding word treffend uitgebeeld. Goets leesstof vir seuns van agt tot tien jaar. Die illustrasies suggereer en prikkel die verbeelding. Fiets is die boek puik versorg.

1965

GEEN BEKRONING NIE

EERVOL VERMELD

**

Linde, Freda. Dakkuiken. Tekeninge deur Günther Kornick. Kaapstad, John Malherbe, 1965. 61 p.

Hanste versorg die klein kraneduffie

en moet hem later sy vryheid gee. 'n Sagte verhaal-konstruksie. Die lewe van 'n kind, met sy begeertes, vrae en verdriet word met insig uitgebeeld. Die sobere eenvoud en ekonomiese kleurgebruik maak van die illustrasies klein kunstwerke. Gebruik is die tekens van 'n grootmans-houding by die skryfster, en die teks wat soms moeilik leesbaar is, omdat dit in enkele gevalle oor die illustrasies gedruk is. Leesstof vir die kind van agt tot negen jaar.

Komnick, G. Die aksap=stellers. Kaapstad, Tafelberg, 1965. [32] p.

Wolfrat vraat hem knappehede om een van haar se skape en hem nie weer deur die gat in die kraamuur kom nie. Die gebruik van kleur in die prentboek suggereer elke keer se persoonlikheid. Die illustrasies is effens karikatuuragtig wat verdere klem op die persoonlikheid laat val. Die teks laat veel aan die verbeelding oor soos dit in 'n sprokie hoort.

VERTAALDE WERKE

**

Alfrey, Katherine. Die derde eiland. Uit die Duits vertaal deur Monica Möller. Kaapstad, Tafelberg, 1965. 127 p.

Oorspronklike titel: Delphinen Sommer.
Toekennings: Der deutsche Jugendbuchpreis, 1964.

Op 'n geheimsteunige eiland maak 'n oomsame, verrate dogter kennis met figure uit die mitologie. Die fantasiewereldheid is vir die groter kind aanvaarbaar, omdat die skryfster met oortuiging en insigtheid skryf. Die vertaling laat hierdie kenmerke be-

houe bly. Die fisiese versorging van die boek is nie na wense nie. Die gebrek aan illustrasies is 'n groot tekortkoming.

**

Baumann, H. Die beer en sy broers. Tekeninge deur Ulrik Schramm [uit die Duits vertaal deur Leo van der Westhuijzen] Kaapstad, Tafelberg, 1965. 47 p.
Oorspronklike titel: Der Bär und seine Brüder.

'n Beer wat tussen mense gewoon het, kom nie weer deur wilde berge as een van hulle aanvaar word nie. Die eenzaamheid van die verlatelinge vorm die sentrale tema. In sobere taal en met min woorde ontplooi die verhaal vir kinders van agt tot tien jaar. Eenvoudige illustrasies wat deur bonkige vorms beïndruk. Hui horrelaar nie altyd met die teks nie.

Brink, Carol R. Rabbe=doe; 'n verhaal uit die Amerikaanse baanbrekers=lewe. [Vertaal deur Marié Heese] Kaapstad, Tafelberg, 1965. 228 p.
Oorspronklike titel: Caddie Woodlawn.
Toekennings: Newbery=medalje, 1936.

'n Geesverhaal uit die pionieredee in Amerika, met byna te veel feite en gebeurtenisse om as goedkeure leesstof vir kinders onder twaalf jaar te dien. Spanning, avontuur, alledaagse gebeure, vrolikheid en transe wissel mekaar af in hierdie lewendige verhaal. Die vertaling is nie altyd suiwer Afrikaans nie.

**

Carroll, L. Alice se avonture in Wonderland. Afrikaanse vertaling deur André P. Brink; met al twee-en-veertig die oorspronklike tekeninge van John Tenniel. Kaapstad, Human & Rousseau, 1965. 128 p.
Oorspronklike titel: Alice in Wonderland.

'n Fantastiese verhaal met zoveel gebeurtenisse dat die kind gekondisioneer word om die fantasie as werklikheid en die oommoontlike as moontlik te aanvaar. In spitsvondige taal word daar gespot met die mens en sy beskawing. Die vertaler het 'n verbasende taalbeheer en -aanvoeling.

De Jong, M. Sadrag. [Vertaal deur D. L. du Toit] Kaapstad, John Malherbe, 1965. 131 p.
Oorspronklike titel: Shadrach.
Wenner van die Hans Christian Andersenprys, 1962.
Wenner van die Newbery-medalje, 1954.

Dawie se verlange na 'n troesteldier word bevredig as hy 'n swart konynjie kry. Hy het probleme met die versorging van die diertjie, en uiteindelik vind hy uit wat die fout is. 'n Besondere uitbeelding van die kind se emosies en godsgewereid wat aansluiting sal vind by die jong leestjies van agt tot tien jaar. Die klein illustrasies is ware kunswerkies.

Elkin, B. Ses dwase broers. In Afrikaans oorsvertel deur Elizabeth van der Merwe; illustrasies

van Katherine Evans. Pretoria, Van Schaik, 1965. [32] p.
Oorspronklike titel: Six foolish fishermen.

As die dwase broers sit en visvang, dink hulle een van hulle het weggeraak. 'n Klein seuntjie wys hulle daarop dat niemand weg is nie, in die oorverrekenende teks is daar geen sprake van karakteruitbeelding of atmosfeer nie. Die illustrasies is lawelose, helderkeurige prentjies. Die teks en illustrasies is te los gegroep om 'n eenheid te vorm. 'n Swak prentebok.

Goethe, J. W. von. Die leerlingtowaenaar. Vertel deur Alba Bouwer na die klassieke verhaal; met tekeninge deur Katrine Harries. Kaapstad, Tafelberg, 1965. [27] p.
Oorspronklike titel: Der Zauberlehrling.

As 'n onbevoegde persoon moeilike taak aanpak, loop dit gewoonlik skeef en kom hy later tot die besef van sy eie onvermoë om situasies te hanteer. 'n Prentebok met dinamiese, ekspressiewe illustrasies in monotoon. Dit „vertel“ die verhaal veel meer as wat die teks dit doen. Fisies is die boek owerbeterlik.

Sanchez-Silva, J. M. Die seun en die walvis. Illustrasies deur Margery Gill; uit die Spaans vertaal deur Sanne Grobler. Kaapstad, John Malherbe, 1965. 114 p.
Oorspronklike titel: Adios Josefina.
Wenner van die Hans Christian Andersenprys, 1968.

Santiago verbeel hom hy besit 'n walvis. In die verbeeldingswêreld van die seun is fantasie en werklikheid één. 'n Tref-fende uitbeelding van die emosionele le-we van 'n opgroeiende seun. 'n Fantasie-verhaal vir groter kinders. 'n Puik ver-taling met die oorspronklike illustrasies van hoë gehalte.

**

Schumann, Wille. e. a. Die groot fabelboek. Met talle tekeninge deur Janusz Gra-bianaki, versorg en uit die oorspronklike bronne oor-vertel. . . Kaapstad, Human & Rousseau, 1965. 240 p.

Honderd fabels van verskeie lande is hier saamgevoeg en vorm 'n geskikte keur vir die kind. Die teks is kort en kragtig. Die illustrasies is swierige kleurtekeninge wat die indruk van baie detail skep, al word dit nie werklik gegee nie. Besonder dekoratief. Sommige tekeninge is 'n bietjie sentimenteel.

Voegeli, M. Die wonderbaar-lyke lamp. Uit Duits vertaal deur H. D. Büttner [Illustra-sies deur Felix Hoffmann] Kaapstad, Human & Rousseau, 1965. 127 p. Oorspronklike titel: Die wun-derbare Lampe.

Met karakters en gebeurtenisse uit die „Arabian nights“ slaag die skrywer daarin om die atmosfeer en glorie van die Ooste te laat leef. Levensdigte handelinge, geheimnisvolle gebeure, lewensgetroue ka-rakters, akte en spanning maak hierdie verhaal geskikte leesstof vir kinders van tien tot twaalf jaar. Die illustrasies stem heelde atmosfeer en die teks.

**

Wilder, Laura I. Boerseun. [Uit die Amerikaans vertaal

deur Santie Grosskopf] Kaapstad, Tafelberg, 1965. 214 p.

Oorspronklike titel: Farmer boy.

Almanco se kinderdae op 'n plaas in Amerika, waar hy 'n deel van 'n heg-te gesin vorm. Die seun is in die hoofrol, maar eintlik is dit 'n vertel-ing oor die vroeë geskiedenis van die blankes in Amerika. Dit is meer geskik vir kinders bo twaalf jaar.

**

Wilder, Laura I. Die huis in die groot bos. Uit die Amerikaans ver-taal deur Santie Gross-kopf; tekeninge deur Garth Williams. Kaap-stad, Tafelberg, 1965. 144 p. Oorspronklike titel: Little house in the big woods.

Die skryfster se kinderjare vorm die tema van die verhaal wat ასportel n die pionierstydperk van die blanke Ame-rikaners. Egtheid, eenvoud en saadinsheid is opvallende kenmerke van die vertelling wat ook in die Afrikaanse vertaling behoue gebly het. Die illus-trasies gee baie inligting; dit is egter nie kunswerke nie omdat te veel klem op detail val. Veral geskik vir kinders ouer as twaalf.

1966

BEKROON

Komnick, G. Botter-aas. [Teks deur Freda Linde] Kaapstad, John Malherbe, 1966. 36 p.

Met gestaalde botter aan hulle ster-
te vang Wolf en Jakkals via. Wolf
kom die siegte daarvan af. 'n Pren-
teboek met subjektiewe kleurgebruik.
Die droë kwas-tegniek, sterk vorm
en dinamiek maak die illustrasies
tegs besonder. Die teks is rymsvorm
in 'n oorspronklike sianing van die
sprokie.

FERVOI. VERBELD

**

Bouwer, Alba. Dirkie van
Drieluik. Tekeninge deur
Katrine Harries. Kaapstad,
Tafelberg, 1966. 37 p.

Die krygende akkerboom in die middel
van die dam word 'n simbool van die ver-
ganklikheid van die lewe, waarmee Dir-
kie kennis maak. 'n Intieme kykie in die
gevoels- en ervaringslewe van 'n kind op
die plaas. Die uitmuntende tekening van
verreke van die karakters maak die ver-
haal og so waar. Goede leesstof vir kin-
ders van agt tot tien jaar. 'n Goemaat
kiankaboetsende woorde laat die effek
daarvan verlore gaan. Die illustrasies,
wat lewe en beweging, is ware kunstwer-
ke. Tegniek in die boek swak versorg.

Harries, Katrine. Noko,
Orie, hoki; ou Afrikaanse
oivverhaal. [Kaap-
stad:] Human & Rousseau,
1966. 32 p.

Illustrasie van 'n besonder boel kome-
dante, vol beweging en dramatiese aksie
en met komiese karakteristieke van
veral die vante, maak hierdie prente-
boek gebaseer op die bekende sprokie
niet en boeiend. Die teks en kartonband
is nie van dieselfde boel gehalte nie.

Du Plessis, L. D. Hasie
by die dam; ou Afrikaanse

sprokie. Illustrasies
deur Karin Strömås.
Kaapstad, Human &
Rousseau, 1966. [32] p.

Hasie is te lui om te help dam bou, en
as hy later van die water steel, word
hy uiteindelik deur Hasie gevang.
'n Prentboek met goeie, groot il-
lustrasies waarvan die kleiner bol.
Kavoud, spanning en aanlikheid
is kenmerke van die teks. Besonder
sorg is gegae aan die drukwerk, pe-
siergehalte en algemene versorging.
Die harde kartonband is nie sterk
nie.

Heese, Hester. Aljander,
aljander so deur die bos.
Kaapstad, Tafelberg, 1966.
47 p.

Leen ge vrees vir Doorn Houtkapper neem
in intasiteit toe en vorm die tema van
die verhaal. Die skryfster se siening
en styl is nie gealiek vir die kind nie.
Ook die tema is onvassende. Die drukwerk
is te klein.

Heese, Hester. Loekie,
die rondpoptjie. Teko-
nings deur Ellalou Ritter.
Kaapstad, Tafelberg, 1966.
48 p.

Die bruinsamitje se liefde vir die eek-
horinkies laat hom amper in die moer-
likheid beland, maar hy slaag daarin om
hulle te red. Geskryf in die taal van die
volwassene. Opeitlike moeskrivery,
met onduidelike, onseie en gevoelloos
beelde. Nie geskik vir kinders nie. Die
illustrasies is geslaagd en die drukwerk
goed.

VERTAALDE WERKE

**

Adamson, G. Ou man in die boom. [Vertaal] deur Berta Smit. Kaapstad, Tafelberg, 1966. [44] p.
Oorspronklike titel: Old man up a tree.

'n Ou man klim in 'n boom, en 'n aantal mense wonder wat hy daar maak. Hulle verbeeldingsvlugte kom hulle duur te staan. 'n Verhaal wat sistematies opgebou is en gekenmerk word deur treffende karaktertekening. 'n Boeiende verhaal vir kleuters. Die illustrasies is gekunswerke nie, maar die karakters word duidelik weerspieël.

**

Ambrus, V. Die drie arm kleremakers. [Vertaal deur] Leo van der Westhuijzen. Kaapstad, Oxford University press, 1966. 24 p.
Toekenning: Kate Greenawaymedalje, 1965.

'n Prentboek in ligte luum met lagwekkende situasies. Die kleremakers is nie net arm nie, hulle is ook dom-aantant en hulle word gestraf, as hulle nie vir die ete in die restaurant kan betaal nie. Die illustrasies bevat min detail maar is ryk aan kleur en vorm. Dit gee duidelike karakterisering en is vol isse.

*

Andersen, H. C. Sprokies deel 3. Onverkort en getrou uit die oorspronklike Deens vertaal deur Marié Opperman; met die oorspronklike illustrasies van Vilhelm Pedersen en Lorenz Fröhlich. Kaapstad, Human & Rousseau, 1966. 223 p.

'n Boekdeel met kultuur-historiese waarde, maar as kinderboek minder geslaagd as ge-

volg van 'n te groot aantal sprokies in een bundel. Sommige van die sprokies is beslis nie geskik vir kinders nie, en die illustrasies is klein en nie voldoende om die stigawe aantreklik te maak nie.

*

Brink, A. P. Die mooiste verhale uit die Arabiese Nagte. Tekeninge deur Janusz Grabianski. Kaapstad, Human & Rousseau, 1966. 319 p.
Oorspronklike titel: Märchen aus tausend und einer Nacht.

Die bekende verhale oorsvertal in Afrikaans sonder om die mistieke, die kleurvolle en avontuurlike van die oorspronklike verlore te laat gaan. Brink het 'n besondere taakbeheer en aanvoeling vir die sprokie. Stemmingvolle illustrasies waarin die kleurgebruik trêf, drom om die swier van die Ooste daar te stel. Meer geskik vir kinders bo twaalf.

De Jong, M. Die hennetjie en die groot swart hond. [Vertaal deur Ria du Toit] Kaapstad, John Malherbe, 1966. 149 p.
Oorspronklike titel: Along came a dog.
Wenner van die Hans Christian Andersenprys, 1962.
Wenner van die Newbery-medalje, 1954.

Die basiese liefde vir die hennetjie en die hond se liefde vir die hennetjie vir oorsaak dat die rondspeelende 'n tuiste vind. 'n Treffende verhaal waarin liefde en lojaliteit 'n groot rol speel. Inseerlike gevoelens is kortugend uitgebeeld. Aksie, spanning, 'n besonderse

klimate en 'n bevredigende ont-
pog maak hierdie verhaal wat in ge-
voelige taal geskryf is, 'n treffer
vir kinders van negte tot twaalf jaar.

Gág, Wanda. Miljoene kat-
te. [Vertaal deur Len Stry-
dom] Kaapstad, Human &
Rousseau, 1966. [48] p.
Oorspronklike titel: Millions
of cats.

Die rustige lewe van twee oumense word
verander deur die kom van die baie kat-
te, maar die probleem word opgelos.
'n Prunteeboek met min teks waarin alegs
die eenmalige gesk word sonder dat dit
skematies word. Die swart-wit illustra-
sies is eenvoudige tekeninge, klein en
behoorlik en suggereer baie om die ver-
beelding te prikkel. 'n Tydlose kinderboek.

*

Guillot, R. Die blou dag.
Vertaal deur Ria van Rens-
burg [Illustrasies deur
Margery Gill.] Kaapstad,
H. A. U. M., 1966. 31 p.
Wenner van die Hans Chris-
tian Andersenprys, 1964.

As die blou dag aanbreek, mag elke pop 'n
wens wens wat bewaarheid word. 'n Fan-
tasieverhaal wat oortuig. Mis, die hoof-
karakter, is met gevoel geteken. Die
klimate word egter feitlik 'n anklimate.
Die illustrasies is tegnies goed afgewerk.
Dit is egter sonder atmosfeer, kleurloos
en oninteressant. As vertaling is dit
aankundig swak versorg. Vir kinders van
ses tot agt jaar.

**

La Fontaine, J. de. Die
ryk man en die skoenmaker,
'n fabel. - Afrikaanse teks
[deur] Leo van der West-
huijzen; prente deur
Brian Wildsmith. Kaapstad,

Oxford University press, 1966.
[32] p.

'n Arm skoenmaker is vollik en onbe-
kommerd. Sy ryk buurman is nors en
onvriendelik. Sidelike rykdom verander
die arm skoenmaker ook, en gou raak
hy van die geld ontlaas. Dit is beter om
arm en onbekommerd te wees. Die il-
lustrasies vertel die verhaal en laat die
karakters lewe. Dit verhoog die spanning
en dramatiese aksie. Besondere aan-
dagsel word deur die kunstenaar aan
die dag geel. Kleurvolle leesstof vir
kinders van ses tot agt jaar.

**

La Fontaine, J. de. Haas
en Skilpad, 'n fabel. Afri-
kaanse teks [deur] Leo van
der Westhuijzen; prente
deur Brian Wildsmith.
Kaapstad, Oxford Univer-
sity press, 1966. 32 p.

Die wedren tussen die twee diere word
hier op 'n swaar, interessante, kleur-
volle wyse en met smaak vir kleuters
aangebied. Die besondere kleureg, sk-
in en die dekoratiewe aard van die il-
lustrasies is treffend. Die frasee ver-
sorging van die boek is puik.

**

Kalnay, Francis. Die ryk-
ste seun in die wêreld. [Uit
die Amerikaans vertaal deur
Marié Heese] Kaapstad, T.
felberg, 1966. 87 p.
Oorspronklike titel: The
richest boy in the world.

'n Kosskool-verhaal waarin die lê stren-
lewe en die seuns se gevoelens ne reek
sle daarop uitgebeeld word. Mensle met
teemoorgestelde karaktertrekke word
meesterlik geteken. Die gebeurtenisse
word in beeldende taal weergegee. Die
vertaling is puik. Goete leesstof vir
seuns van negte tot twaalf jaar.

*
 Will & Nicolas. Optelgoed
 is hougoed. [Vertaal deur
 L. Rousseau] Kaapstad,
 Human & Rousseau (1966)
 32 p.
 Oorspronklike titel: Finders
 keepers.
 Toekenning: Caldecottmedal-
 je, 1962.

Kol en Kwispel, twee honds, bakket oor
 'n boom en amper gaan 'n derde daarmee
 heen. 'n Prentboek met illustrasies in
 goud, rooi en swart. Die illustreerder
 teen soms 'n gebrek aan vaarsigheid,
 en die illustrasies is (soms) verbeelding-
 loos. Die teks is kort, en die boek is
 geskik vir kleuters.

**
 Zacharias, T. & Zacharias,
 Wanda. En waar is die groen
 papegaai? 'n prentboek.
 [Vertaal deur Berta Smit]
 Kaapstad, Tafelberg, 1966.
 [20] p.

'n Prentboek sonder 'n verhaal waarin
 die kind geleer word om opmerkzaam te
 wees. Klein word geïll op klein besonder-
 hede en op kleurwaarneming. Kennis van
 die belangstelling van die kleuter word
 gesienbaar in die kort, saaklike teks en
 in die kleurvolle, realistiese illustra-
 sies met baie detail.

1967

BEKROON

 Konnick, G. Die stadsmusi-
 kante. [Teks deur] Freda
 Linde. [Kaapstad] John
 Malherbe [1967] [37] p.

* Vier afgelope en nuttelose diere vind na
 veel avontuur 'n veilige verblyfplek. In
 die prente word elke diertjie as 'n individu-

le karakter geteken. Effektiewe kleur-
 gebruik en gebalanseerde komposisie
 maak die illustrasies in dié prentboek
 van 'n hoë gehalte. Die teks is sprak-
 keland en vol twinkelas.

EERVOL VERMELD

*
 Linde, Freda. Ken jy die Kle-
 rangbos. Tekeninge deur
 Peter Clarke. Kaapstad,
 John Malherbe, 1967.
 [78] p.

Swiers, die eenzame rietman, maak
 kennis met ander volke in haar soektoeg
 na 'n maat om die eenzaamheid te ver-
 dryf. Elke volk is 'n lewende karakter.
 Die geheimagtigheid van die bos skep
 'n besonderse atmosfeer. Te veel romen-
 like etensklippe word aan die volke toe-
 gedig. Die skryfster beweeg nie altyd
 op die vlak van die kind nie.

 Opperman, D. J. Kinderkeur
 uit A. G. Visser. Illustrasies
 deur Katrine Harries. Pre-
 toria, Van Schaik, 1967.
 [96] p.

Die meeste van die twee-en-veertig
 gedigte is geskik vir kinders. Humor,
 spanning, drama en aksie kom in die
 gedigte voor. Die swart-wit pentek-
 ninge is klein kunswerke. Elk hier-
 van beklemtoon die atmosfeer in die
 gedig waartyt dit hoort. Keurige druk-
 werk op papier van hoë gehalte. 'n
 Voortreflike keur uit die werk van 'n
 geleefde digter.

 Rousseau, L. Die diere-ABC.
 Tekeninge deur Willem Jor-
 daan. Kaapstad, Human &
 Rousseau, 1967. [31] p.

Vermaklike, amusante rymreë wat

taalkundig knap uitvoer is by die letters van die alfabet. Die illustrasies is tegnies goed afgewerk en van 'n verskeidenheid tegnieke en media is gebruik gemaak. Die fisiese versorging van die boek is onverbeterlik. Geëtik vir kleuters.

VERTAALDE WERKE

Balet, J. Joanjo; 'n Portu-gese verhaal. [Uit die Duits vertaal en verwerk deur Lydia Pienaar] Kaapstad, H. A. U. M. [1967] 31 p. Oorspronklike titel: Joanjo.

Die seuntjie se verlange om weg te kom van die saai visserslewe verander in 'n begeerte om daar te bly, na 'n droom waarin hy voorspoed en teëspoed smaak. Die onbekende word in hierdie verhaal aan die bekende gekoppel en daar is 'n natuurlike oorgang van werklikheid na droom. Die reks en kleurvolle illustrasies is korrek, netjies en presies, sonder te veel emosie of gevoel. Goëe kleuterlektuur.

Brink, A. P. Die mooiste verhale uit die Arabiese Nagte. Tekeninge deur Janusz Grabianski. Kaapstad, Human & Rousseau, 1966. 319 p. Oorspronklike titel: Märchen aus tausend und einer Nacht.

o Hierdruk van die 1966-uitgawe wat in die lys van die beste vertaalde kinderboeke vir daardie jaar ingesluit is. Dit noort dus nie in die lys van 1967 nie.

Grimm, J. & Grimm, W. Die mooiste sprokies van Grimm. [Vertaal deur Helene de Villiers; met talle

illustrasies deur Janusz Grabianski] Kaapstad, Human & Rousseau, 1967. 348 p.

Bestig sprokies is byeengebring en vertaal deur Helene de Villiers. Dit is 'n keur uit haar vertaalwerk vir die ses boekdele sprokies wat van 1962 tot 1964 in die lys van die beste vertaalde kinderboeke opgeneem is. Kleurryke, diamantse illustrasies deur J. Grabianski laat elke sprokie tot sy reg kom ten spyte van die groot aantal in die enkele boekdeel. Geëtik vir die kleuter.

Grobelaar, P. W. Die vermaaklike lewe van Tyl Ulispiel. Met 43 tekeninge deur Wilhelm M. Busch [Kaapstad] Human & Rousseau, 1967. 231 p.

Sewe en vyftig episode dien om die leser te oortuig dat Ulispiel net daar is om die lewe vir ander mense te versuur. Ruwe, onverlypde volksverhale waarin oneerlikheid, leuens, bedrog, onmenslikheid en ander ondeugde se vermaak voorgrond stel word. Beslis nie leersstof vir kinders nie.

Lewis, C. S. Die leeu, die heks en die hangkas; 'n storie vir kinders. In Afrikaans vertaal deur Helene de Villiers; met tekeninge deur Pauline Baynes [Kaapstad] Human & Rousseau, 1967. 127 p. Oorspronklike titel: The lion, the witch and the wardrobe.

'n Avontuur- en fantasieverhaal waarin die goëe en die slegte in die land Narnia teen mekaar te staan kom. Begeerlike gebeurtenisse word in besonderhede weergegee en is te oorweldigend vir die kind onder twaalf jaar.

**

Lofing, H. Dokter Dolittle en sy diere; die verhaal van sy vreemde huislike lewe en verbasende avonture in die buiteland. Vertaal deur Pieter W. Grobbelaar; tekeninge deur die skrywer. Kaapstad, Human & Rousseau [1967] 111 p.
Oorspronklike titel: The story of Doctor Dolittle.
Toekennings: Newbery-medalje, 1923.

Die eensaamheid dieredokter beleef talloos avonture, waarvan dié in Donker Afrika die merkwaardigste is. 'n Boeiende verhaal waarin fantasie 'n belangrike rol speel. Uitmuntende karaktertekening en fyn spot. Te veel besonderhede, sodat die verhaal nie 'n baie hanteerbare vorm nie. Die drukwerk maak die bladsye effens oerweldigend. Geëkig vir kinders van agt tot tien jaar.

*

Palmer, Mary B. Die lepelboom. [Vertaal deur Petra en Wilhelm Grütter; tekeninge deur Carlota Dodge] Kaapstad, John Malherbe, 1967. 90 p.
Oorspronklike titel: The teaspoon tree.

Die dogtertjie Andulasta gaan op reis om die lepelboom te probeer vind en ontmoet so verskeie mense en diere uit die antieke en oertyd. Treffende karaktertekening en 'n vloeiende skryfstyl plaas hierdie boek by die gemiddelde. Lomp, amateuragtige illustrasies en papier van lae gehalte doen afbreuk aan 'n andersins goeie boek vir agt tot tienjarige.

**

Platti, C. Uitsig na die Westhuys. Vertaal deur Leo van der Westhuysen. Kaapstad, H. A. U. M., 1967. [31] p.
Oorspronklike titel: Eulenglück.

Die uitsig na die Westhuys is vir die ander plaasdiere onverstanebaar. 'n Prentboek waarin die teks ryk is aan klank en ritme. Die besonder geïllustreerde getuig van fyn kleurtoelating en verskepte vormgewing. 'n Gevolg van die vertaling.

Ruskin, J. Die Koning van die Goue Rivier; of, die swart broers. [Afrikaanse vertaling deur Len Strydom] met tekeninge deur Charles Stewart. Kaapstad, Human & Rousseau [1967] 62 p.
Oorspronklike titel: The King of the Golden River.

Daar was drie broers, twee was alog en een was goed. Vir sy goeie dede word die een beloon en vir hulle siegt dede word die ander twee gestraf. 'n Fantastiese met die atmosfeer van 'n tradisionele verhaal en 'n didaktiese strekking, geskik vir kinders van ses tot agt jaar. Die vertaling laat reg gekied aan die oorspronklike atmosfeer.

*

Rydberg, V. Tomten. Met tekeninge deur Harald Wiberg. Afrikaanse beryming deur Leon Rousseau [Kaapstad] Human & Rousseau, 1967. [29] p.
Oorspronklike titel: Tomten.

Die dwerg Tomten dwaal saggies op die plaaswerf en in die plaashuis rond. Hy self word nooit ower nie, en hy sien die een geslag na die ander kom en gaan. Die teks in dié prentboek is ryk aan stemming, die taal eenvoudig en die illustrasies weerspieël die besondere atmosfeer. Daar is egter geen verhaal nie en min kinders sal die boek kan waardeer.

Sendak, M. Wildekansland.
Vertaal deur Leo van der
Westhuijzen. Kaapstad,
H. A. U. M., 1967. [40] p.
Oorspronklike titel: Where the
wild things are.
Wenner van die Hans Chris-
tian Andersenprys, 1970.
Toekenning: Caldecottme-
dalje, 1964.

'n Prentboek, enig in sy soort, wat die
seuntjie Max se ontmoeting met die wil-
dekanisse volgens die stening van die kind
utbeeld. Kleur-illustrasies wat die kleu-
ter behoor, met baie detail en met smaak
uitgevoer, vul die teks volmaak aan. Die
vertaling laat nie altyd reg geskied aan
die oorspronklike teks nie.

**

Wilder, Laura I. Die huis
langs die Pruimrivier [Ver-
taal deur Santie Grosskopf;
tekeninge deur Garth Wil-
liams] Kaapstad, Tafelberg,
1967, 192 p.
Oorspronklike titel: On the
banks of the Plum River.

Leëte se lewe as kind in die natuur. 'n Be-
sondere weergawe van 'n hegte gesinslewe.
Die vertelling is saaklik en eenvoudig. En
tog is daar genoeg besonderhede vir die le-
wer van neg tot twaalf jaar. Die illustra-
sies is tegnies goed, maar andersins nie
in die gemiddelde nie.

1968

BEKROON

Grobbelaar, P. W. Die
mooiste Afrikaanse spro-
kie. Met talle tekeninge
deur Katrine Harries.
Kaapstad, Human & Rous-
seau, 1968. 216 p.

Vier en vyftig sprokies word in 'n onder-
houdende, leesbare en vindingryke skryf-
styl weergegee. Die illustrasies is veel
meer as net 'n herhaling van die feite in
die teks, veral wat die uitbeelding van
karakter betref. 'n Boek met besondere
kultuur-historiese waarde, maar ook
geskik vir kleuters en groter kinders
veral as gevolg van die fisiese ver-
sorging van die versameling.

EERVOL VERMELD

*

Oxtoby, C. Die orrelepe-
ler; die verhaal van die
onsterflike J. S. Bach.
[Geïllustreer deur
R. Luthardt] Kaapstad,
Tafelberg, 1968. 71 p.

Die lewensverhaal van 'n groot komponis.
Slegs saaklike feite word meegedeel.
Bach se emosies en sy gevoelens word
nooit weergegee nie en van sy kunste-
naarskap word min gesê. 'n Droë re-
laas sonder lewe. Slegs kinders wat
musiek bestudeer sal dit end-ult wil
lees.

Van Zyl, K. Die voëls
kies 'n koning, ou Afri-
kaanse sprokie. Met il-
lustrasies deur Eleanor
Femonde-White. Kaap-
stad, Human & Rousseau,
1968. [31] p.

Die bekende sprokie waarin Tinkinkie
se intelligensie hom help om al die an-
der en sterker voëls te oortref. In
sensitiewe taal en met meer besonder-
hede as wat 'n tipiese sprokie bevat,
ontplooit die goed gekonstrueerde ver-
haal illustrasies in banale kleure,
sonder verbeelding uitgevoer, doen
afbreuk aan die prentboek vir kleu-
ters.

Andersen, H. C. Sprokies
deel 4-7. Vertaal deur
Marié Opperman; illustra-
sies deur Vilhelm Pedersen
en Lorenz Fröhlich. Kaap-
stad, Human & Rousseau,
1968.

Oorspronklike titel: Eventyr
og Histories.

'n Groter aantal minder-bekende spro-
kies is hierin opgeneem. Baie hiervan
is nie geskik vir kinders onder twaalf
jaar nie. Goed vertaal. Elke boekdeel
is te omvattend en die illustrasies is
te yl versprei.

Brown, Marcia. Dick Whitting-
ton en sy kat. [Vertaal deur
Ia van Zyl] Kaapstad, Human &
Rousseau, 1968. [32] p.
Oorspronklike titel: Dick Whitting-
ton and his cat.

Dick se drome word bewaarheid, en deur
pure geluk bereik hy sy idees. Baie
word aan die verbeelding oorgelaat,
danksy die kort teks. Geskryf in die
taal van die kind en volgens sy ste-
ning, en met geslaagde houtzand,
is dit 'n puik boek vir kinders van agt
tot tien jaar.

Cunningham, Julia. Bontjie.
Vertaal deur Freda Linde;
tekeninge deur Evaline Ness
[Kaapstad] John Malherbe,
1968. 63 p.
Oorspronklike titel: Macaroon.

Die wasbeerjies bring die goeie in 'n stout
kind na vore. Die kind se vrees en vreug-
te, verlangens en begeertes blyk duidelik
af die tekening van Erika. 'n Verhaal wat
die leser van nege tot elf jaar boei en sodo-
wel opmerk. Daar is 'n besondere eenheid

tussen die teks en die puik illustrasies.

*

Ets, Marie H. Net ekke. [Ver-
taal deur Leo van der West-
huijzen] Kaapstad, H. A. U. M.
[1968] [28] p.
Oorspronklike titel: Just me.

'n Beantje boots diere na en in sy ver-
beelding is hy telkens 'n dier. Op elke
dubbelblad is daar twee illustrasies wat
feitelik identies is. Die eenvoudige vorm
van die illustrasies en die herhaling
van die onderwerpe is onbevredigend.
'n Prentboek sonder kleur.

Grimm, J. & Grimm, W.
Die sewe kraaie. Geïl-
lustreer deur Felix Hoff-
mann [vertaal deur Ria
van Rensburg] Kaapstad,
H. A. U. M. [1968] [32] p.
Oorspronklike titel: Die
sieben Raben.

Die sprokie verkry 'n nuwe lewe en 'n
nuwe betekenis as gevolg van die on-
oortreflike illustrasies wat die gees
van die sprokie weerakt. Die ver-
taling lees vlot. 'n Puik prentboek
vir kleuters.

Grimm, J. & Grimm, W.
Doringrosie. Geïllustreer
deur Felix Hoffman [ver-
taal deur Ria van Rensburg]
Kaapstad, H. A. U. M. [1968]
[30] p.

Die bekende sprokie is deur Felix Hoff-
mann in prentboek-vorm verwerk. Die
illustrasies is tegnies perfek uitgevoer.
Dit sluit ten nouste aan by die teks wat
inhoud en atmosfeer betref. Kleur en
lyn lei die oog na die belangrike in die
illustrasies. Flanes is die boek onder
beterlik. 'n Vloeiende vertaling.

Grimm, J. & Grimm, W.
Rapsonie. Geïllustreer deur
Felix Hoffmann [vertaal deur
Ria van Rensburg] Kaapstad,
H. A. U. M. [1968] [38] p.

'n Hierdie bekende sprokie is daar uit-
geras: goeie mense en slegte mense.
Daar is spanning en aksie en fantasie.
Die unieke kleur-illustrasies deur
Felix Hoffmann beklemtoon hierdie
atmosfeer. 'n Pragtige prentboek.

Keeping, C. Charlie, Char-
lotte en die goudgeel kanarie.
Vertaal deur Freda Linde.
Kaapstad, H. A. U. M. 1968.
[32] p.
Oorspronklike titel: Charley,
Charlotte and the golden canary.
Toekenning: Kate Greenaway-me-
daille, 1967.

Die sentrale tema is die kameradskap
tussen die twee stadskinders en hulle
gewone menslike liefde vir die natuur. As
gevolg van min uterlike handeling val
die kind op die lewenswonder van die twee
hooffigure. Pukk illustrasies in gloeiende
kleur maak hierdie prentboek geskik
vir kinders en kinders van ses tot agt
jaar.

Ness, Evaline. Piet, Bog
en Bernardus. Geïllustreer
deur Evaline Ness [vertaal
deur Leon Rousseau] Kaap-
stad, Human & Rousseau,
1968 [39] p.
Oorspronklike titel: Sam,
Bangs and Moonshine.
Toekenning: Caldecott-me-
daille, 1967.

Die verbeeldingsvryheid van 'n stout dog-
ter stel haar vriendjie en haar kat se
lewens 'n gevaar. Sy maak van haar

kwasi om lewens te verstaan, ontlaas.
Die wêreld van die kind word in die
teks en die illustrasies lewend voor-
gestel. 'n Boeiende verhaal met il-
lustrasies wat met groot vaardigheid
en goeie smaak uitgevoer is. 'n
Skitterende boek vir kinders van agt
tot tien jaar.

Serraillier, L. Die botsen=
de rotse; die verhaal van
Jason. Vertaal deur André
P. Brink; illustrasies deur
William Stobbs. Kaapstad,
H. A. U. M., 1968. 102 p.
Oorspronklike titel: The
clashing rocks.

Die verhaal uit die Griekse mitologie
gee 'n beeld van 'n held boeskoning wat
verby is, 'n uitbeelding van 'n lewens-
met sy die lewenswonder, van die in-
tussen verhouding tussen die mens en sy
gode. 'n Mens seft en gegewe maak
die boek ongeklik vir kinders onder
twaalf jaar.

**

Upton, Marion. Die be-
koorlike Dingemans. [Ver-
taal deur Ria du Toit; ge-
ïllustreer deur Louis Slobod-
kin] Kaapstad, John Malher-
be, 1968. 123 p.
Oorspronklike titel: The
beautiful Culpeppers.

Die avontuurlike lewe van papierpoppe.
Die verhaal word vertel met kennis en
begrip van die kind en sy wêreld. Een-
voudige illustrasies wat by die tema van
die verhaal pas, maar nie altyd met die
plasing van die teks en die teks self
korreleer nie. Geskik vir dogters van
agt tot tien jaar.

Yates, Elizabeth. Caro-
lina en die Rooihuidpop.
[Vertaal deur Santie
Grosskopf; Illustrasies
deur Nora S. Unwin]
Kaapstad, H. A. U. M.,
1968. 101 p.

'n Pioniersverhaal uit die Ameri-
kanse geskiedenis, soos verbeeld
deur die lewe van 'n gesin. Opoffe-
ring om lewensbehoud vorm die
sentrale tema van die verhaal. 'n
Skaklike, realistiese beskrywing en
illustrasies word verbeelding maak
die boek minder boeiend. Leesstof
vir kinders van agt tot tien jaar.

TABEL I : GEANNOTEEERDE LYS GETABULEER VOLGENS GEHALTE

Verklaring: *** = uitstekend; ** = goed; * = gemiddeld; - = swak

Jaar	Bekroonde werke	Eervolle vermeldings					Vertaalde werke				
		***	**	*	-	Totaal	***	**	*	-	Totaal
1950	Gemiddeld				1	1	1				1
1961	Uitstekend				1	1	2	4	5	1	12
1962	Geen bekroning			2		2	6		3	1	10
1963	Uitstekend		2			2	5		5	2	12
1964	Uitstekend				1	1	5	4		1	10
1965	Geen bekroning	1	1			2	4	6		2	12
1966	Uitstekend	2	1		2	5	2	6	4		12
1967	Uitstekend	2		1		3	3	4	2	2	11
1968	Uitstekend			1	1	2	7	1	2	2	12
Totaal	7 (⁵ uitstekend 1 gemiddeld)	5	4	4	6	19	35	25	21	11	92

Wat die bekroonde werke betref, is die gehalte besonder hoog. Slegs die toekenning van 1960 is nie geregverdig nie. Dit is die eerste toekenning.

Van die negentien eervolle vermeldings is slegs vyf van uitstekende gehalte. Dit is 26,3%. Vier is van goeie gehalte (21,1%) en vier is gemiddelde kinderboeke (21,1%). Ses is swak kinderlektuur (31,6%). Die veronderstelling is dat werke wat nie heeltemal goed genoeg is vir bekroning nie, eervol vermeld word. Maar dan moet die gehalte nog besonder hoog wees. 'n Groot persentasie van die eervolle vermeldings is nie geskik daarvoor nie.

'n Totaal van twee-en-negentig vertaalde kinderboeke is in die keurlyste opgeneem. Daarvan is vyf-en-dertig uitstekend, vyf-en-twintig is goed, een-en-twintig gemiddeld en elf swak. Dit is 38,0%, 27,2%, 22,8% en 12,0% respektiewelik. Dit is bevredigend, veral as in gedagte gehou word dat die bepaling van die gehalte gedoen is met inagneming van die ouderdomsbepaling van sewe tot twaalf jaar. Verskeie van die 12,0% swak boeke word slegs as swak keuses gereken vir dié ouderdomsgroep, terwyl die boeke as sodanig nie van 'n swak gehalte is nie.

BYLAE E

GEANNOTEEDE LYS VAN WENNERS VAN DIE SCHEEPERSPRYS

1956

Schoeman, P. J. Drie jong jagters; 3de dr. Kaapstad, Nasionale pers, 1938. 238 p.

Schoeman, P. J. Fanie se veldskooldae; 4de dr. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1951. 271 p.

Schoeman, P. J. „Uitspring, kerele!"; 4de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1956. 159 p.

Avontuurlike natuur- en dierverhale waarin die skrywer toon dat hy 'n kenner en liefhebber van die natuur en sy woners is. Die wilde dier in sy natuurlike milieu word lewendig uitgebeeld. Die skrywer filosofeer oor die mens en die lewe, ten koste van die voortgang van die verhale. Ten spyte hiervan is dit goeie leesstof vir die jeug, met voldoende spanning en handeling.

1957

Mikro. Boerseun; 4de dr. Bloemfontein, Nasionale pers, 1948. 235 p.

Mikro. Die jongste ruiter. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. 136 p.

Mikro. Die Kleingeldkommando. Pretoria, Van Schaik, 1956. 124 p.

Mikro. Kaptein Gereke; 2de dr. Bloemfontein, Nasionale pers, 1938. 207 p.

Mikro. Lente; 2de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, s.j. 123 p.

Mikro. Die ruiter in die nag; 5de dr. Bloemfontein, Nasionale pers, 1941. 190 p.

Spanningsverhale met lewendige handeling waaruit die skrywer se nasionalistiese en liefde vir volk en vaderland spreek. Die oorlog bied geleentheid vir waagsugtigheid en onverwagte kromheid. Die beide is af uitgelei vir die ryand. Toeval en geluk speel saam met dapperheid 'n groot rol in die sukses van die Boereveld. Ligte leesstof van 'n goeie gehalte.

1958

De Klerk, W. A. Agtien man en 'n meisiekind; 5de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1962. 168 p.

De Klerk, W. A. Die gësel van Namaland; 7de dr. Johannesburg, A. P. B., 1965. 188 p.

De Klerk, W. A. Die Skarlaken eskader; 3de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1961. 136 p.

De Klerk, W. A. Die Vallei van die Rooi Gode; 2de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1950. 163 p.

De Klerk, W. A. Poens;
die penkopjare; 4de dr.
Johannesburg, A. P. B.,
s. l. 211 p.

De Klerk, W. A. Wille=
mien se ligte dae.
Johannesburg, A. P. B.,
1958. 284 p.

Die onseur is 'n onderhoudende ver=
teller in sy avontuur- en spannings=
verhale, in sy verhale oor die jeug
en in die verhale oor die pionierge=
skiedenis van die Afrikaner. Hy het
die natuur hartstogtelik lief. Die
innerlike van die karakters word uit=
gebeeld deur tekkende dialoog. Deur
die regte atmosfeer te skep, laat hy
die leser meeleef. Boeiende lees=
stof vir die jeug.

1959

Bouwer, Alba. Stories
van Rivierplaas. Kaap=
stad, Nasionale boek=
handel, 1955. 110 p.

Die verhaal van 'n plaasdogter se dag=
likse lewe saam met haar gesin, maats
en die nie-blanke bediendes. Die wêreld
van die kind leef uit die steming van Alta,
die hoofkarakter. Haar verbeeldingsvlei=
te bring fyn fantasie met 'n tipiese
hart as kind. 'n Sensitiewe taalgebruik
met die klem op klank en ritme maak
dit 'n werk woordkuns in die ware sin.

1960

Sita. Bennie-Boet,
Pretoria, Voortrek=
kerpers, 1965. 120 p.

Sita. Janette; 'n dog=
ter wat geen dame wou
word nie; 7de dr. Jo=
hannesburg, A. P. B.,
1963. 127 p.

Sita. Uit Juffrou se
dagboek; 3de dr.
Kaapstad, Nasionale
pers, 1938. 196 p.

'n Levenslange, opgewekte verteltrant
sorg dat die verhale vlot lees. Sita
leef saam met haar karakters. Sy
beeld mensverhoudings en die gevoe=
lens van haar karakters uit. Haar
tekening van die plaaslewe uit die
verste in eenvoudige taal is geba=
seer op haar jeugherinnerings. Die
komiese in die lewe van die jong=
mens word herteliek weergegee.
Goete leesstof vir veral jong dogters.

1961

M. E. R. Die twee=
ling trek saam; 2de
dr. Kaapstad, Tafel=
berg, 1961. 114 p.

In onopgemerkte taal ontvou die lewe
van die Voortrekkers. Die avontuur=
like van die trek in die onbekende in,
asook die diepste gevoelens van die
Trekkers spreek in die vorm van 'n
vertelling deur 'n groot woordkunst=
enaar. Sonder sensasie en met diepe
menslewing verhaal sy die gebeure soos
ervaar deur die karakters. Nis opwin=
dend nie, maar pook leesstof vir die
jeuglike wat in die volksverlede be=
langtel.

1962

Du Plessis, I. D. Die
Corcovado; kortver=
hale. Kaapstad, Na=
sionale pers, 1942.
144 p.

Du Plessis, I. D. Die
rugby-kroom; 4de dr.
Kaapstad, Nasionale
boekhandel, 1966.
83 p.

Du Plessis, I. D. Die silwervaring; 'n rugbyverhaal; 7de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1965. 82 p.

Du Plessis, I. D. Die springbok; 9de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1965. 106 p.

Du Plessis, I. D. Die verbode ryk. Kaapstad, Nasionale pers, 1943. 99 p.

Du Plessis, I. D. Goede dood; 3de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1966. 126 p.

Du Plessis, I. D. Le-gendes van alle nasies. Kaapstad, Nasionale pers, 1932. 191 p.

Du Plessis, I. D. Olimpiade. Kaapstad, Nasionale pers, 1938. 168 p.

Du Plessis, I. D. Rugby in Rio. Kaapstad, Nasionale pers, 1941. 126 p.

Du Plessis, I. D. Uit die ander wêreld. Kaapstad, Nasionale pers, 1935. 157 p.

Du Plessis, I. D. Uit die Slamse buurt. Kaapstad, Nasionale pers, 1939. 200 p.

Die sportverhale toon Du Plessis as groot sportliefhebber. Met entoesiasme beskryf hy spannende wedstryde. Hy beklemtoon die plek wat sport in die lewe van die jeug moet inneem en die gesindheid waarmee aan sport deelgeneem moet word. By beskrywings van plekke wat tydens rugby-toere besoek word, is to aardryks-

kundig en onderbreek die voortgang van die verhale. Hy voeg ook felte in verband met rugby en rugbygeskiedenis toe wat losstaan van die verhale. In die sprokies en kortverhale gee hy die diepere gevoelens van die mens weer. Die misterieuse boel die leers. Goete, ligte leesstof vir seuns.

1963

Nortjé, P. H. Die groen ghoem. Kaapstad, Tafelberg, 1960. 130 p.

Nortjé, P. H. Pennie se vuur; 2de dr. Kaapstad, Tafelberg, 1960. 141 p.

Die lewe van 'n afgeleëte gemeenskap op die platteland soos deur die oë van die jeug gesien, word met meelewing en humor uitgebeeld. Die mens is al sy goederteminnings en gewoontes lewe vir die leser. Die liefde vir die volksoes tree sterk op die voorgrond. Spannende episodes kom voor. Die verhale lees vlot. Pulk jeuglektuur.

1964

Joubert, G. J. Oupa Landman se viool; 9de dr. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1960. 216 p.

Nierdie verhaal van 'n boer en die grond is gebou op die Afrikaner se liefde vir sy vaderland. Oupa Landman se nagedagtenis vorm die rig-snoer in Johan se lewe. Johan is boer en kunstenaar, maar die kunste naer slaag nie altyd met die kulture nasie nie. Die verhaal kan dien as inspirasie vir die jong leser. Die gehalte is wêl bo die gemiddelde.

1965

Bouwer, Alba. Katrien=
tjie van Keerweder; 3de
dr. Kaapstad, Tafelberg,
1984. 107 p.

Bouwer, Alba. Stories
van Bergplaas. Kaap=
stad, Tafelberg, 1963.
184 p.

Bouwer, Alba. Stories
van Ruyswyck; 2de dr.
Kaapstad, Nasionale
boekhandel, 1963. 154 p.

Die eerste twee werke is kinderleik-
tuur en nie jeuglektuur nie. Dit ver-
beeld die handelinge en gevoelens
van die kleiner kind. Die derde werk
is 'n koesterverhaal vir die jeug.
Alles se ontwikkeling tot jeugtige in
haar hoërskool-leesplan blyk uit
die uitbeelding van haar diepste ge-
voelens. Met simpatie word die ver-
werde emosies weergegee. Die jong
mensie wat hierdie werk lees, sal
leer om haar eie gevoelens in die
regte lig te sien. Dit is goeie lees-
stof vir die jong leser.

1966

Vermaas, H. J. Die nors
leu. Johannesburg, Dag=
breek-boekhandel, 1961.
118 p.

Vermaas, H. J. Die reus
van Doringberg. Kaap=
stad, Nasionale boekhan=
del, 1966. 175 p.

Vermaas, H. J. Die
swartwitpens. Kaapstad,
Nasionale boekhandel,
1957. 118 p.

Vermaas, H. J. Present.
Kaapstad, Nasionale boek=
handel, 1963. 166 p.

Vermaas, H. J. Sy perd
staan gereed; 3de dr.
Kaapstad, Nasionale
boekhandel, 1961. 137 p.

Vermaas, H. J. Vallei
van die skedels. Kaap=
stad, Nasionale boek=
handel, 1965. 99 p.

Die spannende avontuurverhale word
gekennzeichnet deur verskeie aksie en
boeiende gebeure. Die skrywer is 'n
kenner van die natuur. Diere speel
in sommige van die verhale 'n belang-
rike rol. Die karakters handel as ge-
volg van sekere dryfvere: deurstel-
tingsvermoë, uitdooi-vermoë, lewens-
behoud, liefde. Die aard van die ka-
rakters bepaal hulle handelinge. Meer
as net ontspanningslektuur vir die
jeug.

1967

Schoeman, P. J. Kamp=
vure wat nie uitbrand
nie; 2de dr. Pretoria,
Voortrekpers, 1968.
245 p.

Hierdie werk is 'n uitbeelding van 'n
seem se ontwikkeling as jagter en sy
emosionele ryperwording. Die botsen-
de gevoelens van die jeug word met
tasig en begrip geteken. Die skrywer
se liefde vir die natuur en sy swerf-
lus, soek die roepstem van die onbe-
kende spreek tot die jong leser in
hierdie werk van hoë gehalte.

1968

Louw, Anna M. Die
voortreflike familie
Smit; 'n vertelling.
Kaapstad, Tafelberg,
1962. 214 p.

Hierdie gesinsverhaal bevat min span-

ning en avontuur, en tog boel dit die leser met die uitbeelding van die eghed van 'n hegte gesinslewe. Daar is nie 'n enkele hoofkarakter nie. Van die volwassenes is Oupa, en van die kinders Grietjie die beste geteken. Die skryfster belig verskeie fasette van die karakters en tipoor elkeom deur 'n gepaste spreekwyse. Letterkundig van hoë gehalte.

1969

Venter, B. Waterbobbejaan; 'n legende uit die Bosveld van Marico. Johannesburg, Voortrekkerpers, 1968. 169 p.

Hierdie legende is gewoef om 'n geheim-sinnige figuur. Waterbobbejaan word 'n simbool van die mens se vreugdes en vrese. Daarom is hy vriend en vyand. Die outere uitbeelding van die bo-natuurlike en vreesaanjaende skop 'n indruk van realisme wat die spanning verhoog. 'n Boeiende verhaal met kultuur-historiese waarde. Goete leesstof vir die ouer jeug.

1970

Kielblock, K. Rebel. Kaapstad, Nasionale boekhandel, 1969. 181 p.

Dié avontuurverhaal met 'n historiese agtergrond speel af tydens die Anglo-Boere-oorlog. Geen van die gebeurtenisse het 'n noemenswaardige uitwerking op die verloop van die oorlog nie. Die oorlog dien slegs as geleentheid vir avontuur en om die goete en die slegte in die karakters na vore te bring. Die karakters bly egter min rmonette en die leser leef nooit mee nie. 'n Verdienste van die werk is die herlewing van 'n veelbewoë tydperk uit die vaderlandsgeskiedenis. Dit is 'n ligte ontspanningsverhaal wat nie uitstyg bo die gemiddelde nie.

Die voorafgaande lys dek die Scheepersprystoekennings vir vyftien jaar. In hierdie tydperk het twee skrywers, P. J. Schoeman en Alba Bouwer, die prys twee keer verwerf.

By die jeugdige verskil die leesbelangstellings van seuns en dogters. Ses van die skrywers wat die prys ontvang het, se werke val meer in die smaak van seuns. Hulle is P. J. Schoeman, Mikro, W. A. de Klerk, I. D. du Plessis, Ben Venter en Karl Kielblock. Twee skryf-

sters skryf hoofsaaklik vir dogters, naamlik Sita en Alba Bouwer. Die werke van M. E. R. , P. H. Nortjé, G. J. Joubert, H. J. Vermaas en Anna M. Louw word deur albei geslagte gelees.

Volgens die bepalings van die Akademie moet die Scheepersprys vanaf 1956 tot 1960 toegeken word aan 'n skrywer vir sy bydrae as geheel tot die jeuglektuur van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, dit wil sê vanaf 1900. Vanaf 1961 moet dit toegeken word aan 'n skrywer wat in die voorafgaande jaar 'n bydrae tot die jeuglektuur gemaak het, en net een werk of werke van die voorafgaande jaar word in aanmerking geneem. Dit is nie gedoen nie. In 1962 verwerf I. D. du Plessis die prys vir verskeie werke waarvan die eerstes reeds in die dertigerjare verskyn het. P. H. Nortjé ontvang die toekenning in 1963 vir twee werke, Alba Bouwer in 1965 vir drie werke en H. J. Vermaas vir sy hele bydrae sedert 1952. Blykbaar het die feit dat skrywers dikwels meer as net een verdienstelike werk gelewer het, die Akademie genoodsaak om ook ná 1961 meer as 'n enkele werk van 'n skrywer te bekroon.

Verskeie van die bekroonde werke het kleiner tekortkominge, maar oor die algemeen is dit jeuglektuur van hoë gehalte. Die enigste uitsondering is die toekenning van 1970 aan Karl Kielblock vir sy ligte ontspanningsverhaal „Rebel". Die ander bekroonde werke verdien bekroning. Die Scheepersprys-toekennings het dus in die afgelepe vyftien jaar gesorg vir die uitsondering van die beste van die Afrikaanse jeuglektuur.

BYLAE F

ALFABETIESE LYS VAN BIBLIOTEKE GEBRUIK IN DIE OPNAMES IN AFDELING E

Alberton. Openbare Biblioteek
Aucklandparkse Laerskoolbiblioteek
Bloemfontein. Openbare Biblioteek
Bloemhofse Laerskoolbiblioteek
Bredasdorp. Openbare Biblioteek
Carletonville. Openbare Biblioteek
Carletonvillese Hoërskoolbiblioteek
Cedarville. Openbare Biblioteek
Christiana. Openbare Biblioteek
Christianase Laerskoolbiblioteek
Colignyse Laerskoolbiblioteek
Durban. Juniorbiblioteek
Hoër Volksskoolbiblioteek, Potchefstroom
Jan Kempdorp. Openbare Biblioteek
Jan van Riebeecklaerskoolbiblioteek, Springs
Johannesburg. Openbare Biblioteek
Kaapstadse Stadsbiblioteek
Kocksoordse Laerskoolbiblioteek
Krugersdorp. Openbare Biblioteek
Krugersdorp Town School Library
Lichtenburg. Openbare Biblioteek

Lichtenburgse Laerskoolbiblioteek
Lyttelton. Openbare Biblioteek
Makwassie Laerskoolbiblioteek
Margate. Openbare Biblioteek
Matatiele. Openbare Biblioteek
Menloparkse Hoërskoolbiblioteek
Meyertonse Hoërskoolbiblioteek
Pietersburg. Openbare Biblioteek
Pietersburgse Laerskoolbiblioteek
President Pretorius-laerskoolbiblioteek. Potchefstroom
Presidentskoolbiblioteek. Klerksdorp
Pretoria. Openbare Biblioteek
Primrose. Openbare Biblioteek
Rustenburgse Hoërskoolbiblioteek
Sasolburg. Openbare Biblioteek
Springs. Openbare Biblioteek
Vereeniging. Openbare Biblioteek
Welkom. Openbare Biblioteek
Windhoek. Openbare Biblioteek

BIBLIOGRAFIE

- Anon. Akademiepryse en erepenninge aangekondig. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Nuusbrief, 6(3) : 6-7, 1968.
- American Library Association. News. Chicago, A. L. A., 22 Januarie 1970. 2 p.
- Arbeitskreis für Jugendschrifttum. Zehn Jahre deutscher Jugendbuchpreis 1956 - 1965. München, Arbeitskreis, 1966. 103 p.
- Arbuthnot, May H. Children and books. Chicago, Scott, Foresman, 1957. 684 p.
- Aspirantskrywer. Is vertalings van jeugboeke uit die borse? Die beeld, 3 : 10 kol. 5-6, 25 Aug. 1968.
- Bamberger, R. Übersetzung von Jugendbüchern. Weenen, Österreichischer Buchklub der Jugend, 1963. 81 p.
- Barnes, M. M. Reading interests of Durban children. Suid-Afrikaanse biblioteke, 16(1) : 35-40, 1948.
- Barry, Rhoda. Work with children. Die Kaapse bibliotekaris, 1(2) : 2-6, 1957.
- Behrens, Louise. Vertalings. Die Kaapse bibliotekaris, Sept. 1967, p. 11-2.
- Anon. Bekronings, 1964. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Nuusbrief, 2(3) : 3, 1964.
- Anon. Bekronings, 1965. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Nuusbrief, 3(3) : 1-3, 1965.
- Anon. Bekronings. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Nuusbrief, 4(3) : 13, 1966.

- Anon. Die beste Afrikaanse kinderboeke van 1966 in die ouderdoms= groep 12 jaar en jonger. Suid-Afrikaanse biblioteke, 35(3) : 99-103, Jan. 1968.
- Anon. Boeke-wedstryd triomf vir Nasionale Pers. Die beeld, 3 : 5 kol. 1-3, 25 Aug. 1968.
- Boerlage, Louise M. Jeugboeken lezen en kiezen. Groningen, Wolters, 1964. 108 p.
- Boni, A. Over kinderlectuur. Antwerpen, Vlaamsche boekcentrale, 1942. 40 p.
- Bouwer, Alba. Die waarheid is eenvoudig; aan ons beminde skryfster M. E. R., nou 85, is die Scheepersprys vir Jeuglektuur deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns toegeken. Die huisgenoot, 42(2050) : 7⁺, 30 Jun. 1961.
- Bouwer, Alba. Goeie kinderboeke help nuwe wêreld ontdek. Suid-Afrikaanse uitgewer en boekhandelaar, 14(2) : 3-6, Jun. 1964.
- Bouwer, Alba. Wat jy as kind lees, bepaal jou smaak as grootmens. Suid-Afrikaanse uitgewer en boekhandelaar, 14(1) : 16-9, Maart 1964.
- Anon. C. P. Hoogenhout-toekenning vir 1967. Suid-Afrikaanse biblioteke, 36(2) : 66-70, 1968.
- Cameron, Eleanor. The green and burning tree. Boston, Little, Brown, 1969. 377 p.
- Cameron, Eleanor. Why not for children? The horn book magazine, 42(1) : 21-33, 1966.
- Chambers, A. The reluctant reader. Oxford, Pergamon, 1969. 161 p.
- Anon. Children's books. Die Kaapse bibliotekaris, Sept. 1967, p. 18-9.

Clapp, Jane. International dictionary of literary awards. New York, Scarecrow, 1963. 545 p.

Cloete, T. T. Veroordeling van die literatuur. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 9(3-4) : 224-40, Sept. /Des. 1969.

Coetzee, A. & Hattingh, S. C. Letterkundige begrippe. Pretoria, Van Schaik, 1950. 110 p.

De Jong, M. The cry and the creation. The horn book magazine, 39(2) : 197-206, 1963.

De Villiers, T. Wat kan my kinders lees? Sarie Marais, 12(17) : 58, 1961.

Du Plooy, J. L. Die noodsaaklikheid van 'n veelsydige persoonlikheidsontwikkeling en in watter mate die lees van keurleesstof daartoe kan bydra. Koers, 30(5-6) : 204-12.

Duitsland. Bundesministerium für Familie und Jugend. Erlass... über den 'Deutschen Jugendbuchpreis 1970'. Bad Godesberg, Bundesministerium, 1969. 5 p.

Durham, Mae J. Some thoughts about picture books. The horn book magazine, 39(5) : 476-84, 1963.

Eaton, Anne T. Reading with children, 9th ed. New York, Viking, 1957. 354 p.

Ellis, A. How to find out about children's literature; 2nd ed. Oxford, Pergamon, 1968. 242 p.

Fenwick, Sara I., samest. A critical approach to children's literature. Chicago, University press, 1967. 129 p.

Ferguson, W. A. Die strokiesverhaal. Die Kaapse bibliotekaris, Apr. 1964, p. 10-3.

- Findlay, A. Criteria in children's literature. Suid-Afrikaanse biblioteke, 14(3-4) : 109-11, 1947.
- Fisher, Margery. Intent upon reading; a critical appraisal of modern fiction for children. Leicester, Brockhampton, 1961. 331 p.
- Fitzgerald, E. Selecting books for the teen-ager. Die Kaapse bibliotekaris, Okt. 1966, p. 12-3.
- Gebhard, Annie C. Kinderboeken als vitamines; een ABC over kinderen en lezen; 2de dr. Amsterdam, Ploegsma, 1963. 141 p.
- Hanna, Geneva R. & McAllister, Mariana K. Books, young people, and reading guidance. New York, Harper, 1960. 219 p.
- Anon. Hans Christian Andersen 'Award. Die Kaapse bibliotekaris, Jan. 1965, p. 14-5.
- Anon. Hans Christian Andersen Prizes. Bern, International Board on Books for Young People, 1970. 2 p.
- Harries, Katrine. On book illustration. Die Kaapse bibliotekaris, Mei 1965, p. 5.
- Hazard, P. Books, children & men; 7th ed. Boston, Horn book, 1966. 176 p.
- Hunt, Irene. Excellence in children's literature. School libraries, 17(2) : 17-20, 1968.
- Hürlimann, Bettina. Picture-book world. London, O. U. P., 1968. 216 p.
- International Youth Library. Annual report 1969. München, The Library, 1970. 5 p.
- Internationale Jugendbibliothek. Brief van die Direkteur. München, Jugendbibliothek, 4 Mei 1970. 2 p.

- Ischreyt, H. Welt der Literatur; Einführung in Gesetze und Formen der Dichtung; 3. Auflage. Gütersloh, Bertelsmann, 1962. 398 p.
- Jackson, H. The reading of books. London, Faber & Faber, 1946. 292 p.
- Joubert, Elsa. Wat kan my kind lees? Sarie Marais, 19(25) : 57-8, 1968.
- Kayser, W. Das sprachliche Kunstwerk; eine Einführung in die Literaturwissenschaft; 10. Auflage. Bern, Francke, 1964. 454 p.
- Kenyon, F. G. Books and readers in Ancient Greece and Rome; 2nd ed. Oxford, Clarendon, 1951. 136 p.
- Anon. Kinderbibliotekaresse - het u aanleg? Die Kaapse bibliotekaris, Maart 1966, p. 18.
- Anon. Kinderboek kan ons land groot maak. Suid-Afrikaanse biblioteke, 33(2) : 65-9, Okt. 1965.
- Anon. Kinders en boeke. Die Suid-Afrikaanse panorama, 8(9) : 10-3, Sept. 1963.
- Koos, L. V. The questionnaire in education. New York, Macmillan, 1928. 178 p.
- Komnick, G. Oor die illustreer van kinderboeke deur 'n C. P. Hoo=genhout-pryswenner. Die Kaapse bibliotekaris, Febr. 1968, p. 7-11.
- Kramer, W. Het literaire kunstwerk. Groningen, Wolters, 1932. 123 p.
- Lewis, C. S. On three ways of writing for children. The horn book magazine, 39(5) : 459-69, 1963.
- Library Association. Brief van die Editor of publications. London, The Association, 21 April 1970. 1 p.

- Link, H. C. & Hopf, H. A. People and books; a study of reading and book-buying habits. New York, Book Manufacturers' Institute, 1946. 166 p.
- Anon. Literary and library prizes; 4th ed. New York, Bowker, 1959. 259 p.
- Lizard, Anne. Behind doors with the Newbery-Caldecott committee. Chicago, A. L. A., 1966. 4 p.
- Louw, N. P. van W. Die „mens" agter die boek. [Kaapstad]. Nasionale boekhandel, 1956. 73 p.
- Lyndhurst, B. Book selection in the juvenile department. Die Kaapse bibliotekaris, Sept. 1959, p. 18-22.
- Lyndhurst, B. The importance of picture books. Die Kaapse bibliotekaris, Febr. 1959, p. 9-10.
- Lyndhurst, B. The selection of Afrikaans children's books for libraries. Die Kaapse bibliotekaris, Sept. 1960, p. 18-9.
- Lyndhurst, B. What can we do to become efficient children's librarians? Die Kaapse bibliotekaris, Maart 1966, p. 9.
- Lyndhurst, B. Workshops for children's library work, January/February, 1964. Die Kaapse bibliotekaris, Des. 1963, p. 32-4.
- Morrison, Lillian. The young adult. Die Kaapse bibliotekaris, Okt. 1966, p. 6-7.
- Nederland. Collectieve propaganda van het Nederlandse boek. Re= glement; de kinderboeken van het jaar. Amsterdam, CPNB, 1968. 3 p.
- Anon. Newbery and Caldecott Awards; authorization and terms - 1966. Chicago, A. L. A., 1966. 4 p.

- Olivier, J. S. Die Afrikanerkind en die boek, vyftig jaar gelede. Historia, 3(1) : 57-60, Maart 1958.
- Oostenryk. Bundesministerium für Unterricht. Ausschreibung der "Österreichischer Staatspreise 1969/70 für Kinder- und Jugendliteratur". Weenen, Bundesministerium, 1969. 5 p.
- Oostenryk. Bundesministerium für Unterricht. Brief van die voorsitter van die Jugendschriftenkommission. Weenen, Bundesministerium, 12 Mei 1970. 2 p.
- Anon. Overseas awards and their aims. Die Kaapse bibliotekaris, Aug. 1965, p. 18.
- Pienaar, Lydia. Die Afrikaanse kinderboek. Die Kaapse bibliotekaris, Mei 1959, p. 12-4.
- Pienaar, Lydia. Die kind en sy literatuur; 'n inleidende studie. Kaapstad, H. A. U. M., 1968. 211 p.
- Pienaar, Lydia. Kies boeke vir kleuters met sorg. Die Kaapse bibliotekaris, Apr. 1967, p. 6-8.
- Pienaar, Lydia. Kinderboeke 10-14 jaar. Die Kaapse bibliotekaris, Sept. 1967, p. 20-2.
- Pienaar, Lydia. Kinderboeke van 1965. Die Kaapse bibliotekaris, Mei 1966, p. 13-5.
- Pienaar, Lydia. Kinderboeke van 1967. Die Kaapse bibliotekaris, Maart 1968, p. 11-14.
- Pienaar, Lydia. Kinderboeke van 1967 - vervolg. Die Kaapse bibliotekaris, Apr. 1968, p. 7-10.
- Pienaar, Lydia. Slegs die beste boeke is goed genoeg. Die Kaapse bibliotekaris, Okt. 1967, p. 16-7.

Pienaar, Lydia. Vertaalde kinderboeke - 'n verdringende euwel?
Suid-Afrikaanse biblioteke, 31(4) : 120-3, Apr. 1964.

Anon. Regulations governing the conferring of the International
'Hans- Christian Andersen' Awards for books for children and
youngsters in 1970. Bern, International Board on Books for
Young People, 1969. 4 p.

Reltz, M. Picture books. Die Kaapse bibliotekaris, 1(10) : 3-5, 1958.

Rogers, E. G. Some remarks on children's literature. Ons eie boek,
19(4) : 203-6, 1953.

Rousseau, L. Die moeilike pad na beter kinderboeke. Die beeld,
9 Jun. 1968, p. 11 kol. 1-8.

Roux, A. P. Leesmotiewe by die jong lesertjie. Die Kaapse bibliote-
karis, Jan. 1963, p. 15-8.

Salomons, Annie. Over de wonderlijke kunst van „lezen“. Amster=
dam, Wereldbibliotheek, 1932. 31 p.

Schein, H. On publishing books for children. The horn book magazine,
39(6) : 629-31, 1963.

Schutte, R. Sprokies, deur Hans Christian Andersen, deel 1 :
Duimelise en ander sprokies, vertaal deur Marié Opperman.
Kriterium, 2(1) : 34-5, 1964.

Schweizerischer Bund für Jugendliteratur. Brief van die Sekretaris.
Bern, Der Bund, 9 Junie 1970. 1 p.

Anon. Skenker van die Scheepersprys. Suid-Afrikaanse Akademie vir
Wetenskap en Kuns. Nuusbrief, 5(4) : 7-11, 1967.

South African Library Association. Administrative council. Executive
committee. Minutes of a meeting... held in... Pretoria... on
Saturday, 17th February, 1962. p. 4.

South African Library Association, Administrative council. Executive committee. Minutes of a meeting... held in the S. A. library, Cape Town, on 15th December, 1962. p. 2.

South African Library Association, Administrative council. Minutes of a meeting held in the Clarendon Hall, Bloemfontein... on Friday, 30th September, 1960. p. 5.

South African Library Association. Administrative council. Minutes of a meeting... held in the Library, Rhodes university... on Wednesday, 20th September, 1961. p. 1-2.

South African Library Association. Fourteenth annual conference, 1959. Minutes of the Eighteenth (Fourteenth annual) conference... held in Potchefstroom from 28th September-1st October, 1959. S. A. B. V. nuusbriëf, 11(6) : 86-8, Des. 1959.

Spalding, Elsie L. Books through the child's eyes. Glasgow, Grant, 1960. 89 p.

Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Administratiewe raad. Notule van 'n vergadering... gehou in die Johannesburgse Openbare biblioteek op Saterdag 21 September 1968. p. 2-3.

Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Administratiewe raad. Notule van 'n vergadering... gehou in die Staatsbiblioteek, Pretoria, Donderdag 8 November 1962. p. 2.

Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Administratiewe raad. Notule vir vergadering op Vrydag 23 September 1966 om 2.15 nm. by die Senaatsaal, Potchefstroomse universiteit. p. 34.

Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Administratiewe raad. Uitvoerende komitee. Notule van 'n vergadering... gehou in die... Universiteit van Stellenbosch op Saterdag 19 Januarie 1963. p. 1.

Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Administratiewe raad. Uitvoerende komitee. Notule van 'n vergadering... gehou... te Potchefstroom op Saterdag 28 Januarie 1967. p. 1.

- Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. C. P. Hoogenhout-toekenning 1960-1965. Kaapstad, Stadsbiblioteek, 1967. 41 p.
- Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Norme vir die Afrikaanse kinderboek. Suid-Afrikaanse biblioteke, 28(3) : 91-3, Jan. 1961.
- Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging. Die bes versorgde boeke van 1966/67. Kaapstad, Die Vereniging, s. j. 16 p.
- Sveriges Allmänna Biblioteksforening. Brief van die sekretaris. Lund, Biblioteksforening, 22 April 1970. 1 p.
- Anon. Toekenning van Akademiepryse vir 1963. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Nuusbrief, 1(3) : 1-2, 1963.
- Anon. Toekenning van pryse en erepenninge. Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Nuusbrief, 1(2) : 12-3, 1963.
- Tredoux, Elizabeth. Wat kan ek lees? Sarie Marais, 12(9) : 49-51, 1960.
- Truter, H. J. Prysverhaal lees vlot. Die huisgenoot, 42 (2132) : 63, 1963.
- Tucker, N. Books that frighten. Die Kaapse bibliotekaris, Okt. 1969, p. 10-1.
- Tunis, J. R. What is a juvenile book? The horn book magazine, 44(3) : 307-10, 1968.
- Turner, D. M. Ons kinders word afgeskeep. Die huisgenoot, 37(1579) : 40-2⁺, 1952.
- Turner, D. M. Wat skort aan die kinderboek? Suid-Afrikaanse biblioteke, 20(4) : 137-40, 1953.
- Anon. Typographical exhibition. South African publisher and book-seller, 11(1) : 5, 1961.

- Anon. Uitstalling van beste versorgde boeke. Suid-Afrikaanse uitgewer en boekhandelaar, 11(2) : 8-9, 1961.
- Unnerstad, Edith. Why I write for children. The horn book magazine, 39(1) : 110, 1963.
- Uys, Anna. Afrikaanse kinderboeke - 'n oorsig van die huidige toestand. Ons eie boek, 16(2) : 73-9, 1950.
- Van der Walt, P. D. Wat lees ons? Die taalgenoot, 34(7) : 14, 1965.
- Van der Walt, P. D. Wat lees ons? Die taalgenoot, 35(4) : 5, 1966.
- Van Eysselsteijn, B. e. a. Over het geluk van het lezen. Den Haag, Zuid-Hollandsche uitgevers, 1957. 99 p.
- Van Zyl, P. Die aandeel van die huis in die ontwikkeling van 'n liefde vir die goeie boek. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 4(4) : 412-28.
- Varley, D. H. Book-production for children. Suid-Afrikaanse biblioteke, 8(4) : 173-6, Apr. 1941.
- W. B. , skuiln. Volledige stel sprokies. Die huisgenoot, 42(2127) : 63, 1962.
- Waszink, J. H. e. a. Benaderingen van het literaire werk. Den Haag, Servire, 1961. 136 p.
- Weber, Olga S. Literary and library prizes; 5th ed. New York, Bowker, 1963. 280 p.

BLADWYSER

van die belangrikste

outeurs

titels

onderwerpe

A. I. A. 227-232
 Aanvaarding van bekroonde werke
 deur kinders 251-259
 Aanwesigheid van bekroonde kinder=
 lektuur in biblioteke 259-270
Across five Aprils 33
 Adamson, G. xxxvii
Adriana, Pietie en die wit donkie
 xxvii
Agtien man en 'n meisiekind xlvii
 Albert Schweitzerprys 4
Alice se avonture in Wonderland
 xxxiv
Aljander, aljander so deur die bos
 xxxvi
 Allfrey, Katherine xxxiii
 Ambrus, Victor xxxvii
 American Library Association
 227-232
 Andersen, Hans Christian 208,
 xxviii, xxviii, xlii
 Arbeitskreis für Jugendliteratur
 220-223
As ty kan fluit op hierdie maat xxx
 Atmosfeer 23
 Aucamp, Henne xxix
 Auriadne Award 4
 Avontuurverhale 206-207, 287
 Axmann, Hanne xxv

 Badenhorst, C. S. xxv
 Balet, J. xl
 Baltzer, Hans xxxii
 Baumann, Hans xxx, xxxii
 Baynes, Pauline xl
Beer en die mense xxvii
Beer en sy broers xxxiii
Bekoorlike Dingemans xlv
Bennie-Boet xlviii
 Beoordelaarskomitees 83-90,
 237-241, 242-245
Berghoek se kaart 287, xxv
Blou dag xxxviii
 Blum, Lise-Marie xxii-xxiii
Boerseun xxxv, xlvii
 Bo-natuurlike, verhale gegrond op
 die 168-173
Bontjie xliii
Botsende rotse xlv
Botter-sas 123-128, 287, 292-294,
 xxxv-xxxvi
 Bouwer, Alba 20, 35, 104-112,
 146-147, 187-189, xxii, xxiii,
 xxiv, xxvii-xxviii, xxxiv, xxxvi,
 xlviii, l

Brink, André P. xxvi, xxxiv, xxxvii,
 xl, xlv
 Brink, Carol R. xxxiii
 Brown, Marcia xliii
 Buchwoche, Oostersryk 218
 Busch, Wilhelm M. xl
 Büttner, H. D. xxxv
 Bybel, bekroning in 1-2

C. P. Hoogenhoutmedalje 5, 62, 64-74,
 83-86, 92-97, 122-123, 127, 167-169,
 186, 239-240, 242, 243-244, 245,
 246-247, 256-258, 267, vi-xlv, xxi-dvi
 CPNB 213-216
Caldecottmedalje 4, 228-232, xxxix,
 xlii, xlv
 Cameron, Eleanor 10
 Carigiet, Alois xxviii
 Carnegie medalje 4, 211, 224-227, xxxix
Carolina en die Rooihuidpop xlv
 Carroll, Lewis xxxiv
 Chambellan, René Paul 228
Charlie, Charlotte en die goudgeel
kanarie xlv
 Chicago Children's Reading Round Table
 Award 4
 Chönz, S. 258-259, xxviii
 Cillie, P. J. xxiv, xxvi, xxx
 Clarke, Peter 133, xxx, xxxix
 Collectieve Propaganda van het Neder=
 landse boek 213-216
Corcovado xlviii
 Cunningham, Julia xliii

Dakkuiken xxxii-xxxiii
Dapper rolvark xxvii
 De Jong, Meindert 9, 11, 204, 211,
 xxiii, xxxi, xxxiv, xxxvii
 De Klerk, Hélène Pienaar 196, xxii
 De Klerk, W. A. xlvii-xlviii
 De Villiers, Helene xxvi, xxviii, xxxi,
 xl
 Defoe, Daniel 37
 Denneborg, Heinrich M. 211, xliii, xxv
Derde eiland xxxiii
 Deutscher Jugendbuchpreis 4, 211,
 220-223, xxii, xliii, xxv, xxvii, xxxii,
 xxxiii
Dick Whittington en sy kat xliii
Diere-ABC xxxix
 Dierverhale 151-154, 190-193, 203-206
Dirkie van Driekuul xxxvi
 Dodge, Carola xli
Dogtertjie van êrens xliii

Dokter Dolittle en sy diere xli
Dolfinasem xxxi-xxxii
Donselprys 5
Doringrosie 209-210, xliii
Drie arm kleremakers xxxvii
Drie jong jagers 152-154, xlvii
Drie rowers xxiv
Du Plessis, F. 118-123, xxvii, xxxi
Du Plessis, I.D. xxxvi, xlviii-xlix
Du Toit, D.L. xxxiv
Du Toit, Ria xxxvii, xlv
Duitse kinderboektoekennings 219-223
Duitsland, reklame vir bekronings 254
Duvoisin, Roger xxv, xxvi, xxviii

Eembeekraanvoël xxxd
Eervolle vermeldings 186-197, 221-222, 230-231, 235-236, 267-268, xxi-xli
Elkin, B. xxxiv
En waar is die groen papegaai? xxxix
Engelse kinderboektoekennings 224-227
Eseltjie Grisella xxlii
Edmonde-White, Eleanor 193, 195, xxx, xlii
Ets, Marie Hall xliii
Evans, Katherine xxxiv

Fanie se veldakkoeldae 152-154, xlvii
Fanie word grootwildjagter 152-154 xlvii
Fantasie 18-20
Fatio, Louise xxv, xxviii
Fente in kinderboeke, aanvaarbare 25-26, 66
Filomientjie xxxdi
Fisiese voorkoms 32-33, 69-70, 73, 79-80, 82
Florina en die streepvoël 258-259, xxviii
Follett Award 33
Fortnum, Peggy xxxi-xxxii
Friedrich Gerstäckerprys 4
Frühlich, Lorenz xxviii, xxxvii, xliii

Gág, Wanda xxxviii
Gastaldiprys 5
Gebhardt, Hertha von xxlii
Geheime reis 206-207, xxiv
Gekrenkte trots 183
Gelukkige leeu 288, xxv
Gesel van Namaland xlvii
Gill, Margery xxxiv, xxxviii
Goede dood xlix

Goethe, J.W. von xxxiv
Golden, Grace xxviii
Grabianaki, Janusz xxxv, xxxvii, xl
Grand Prix de la Littérature pour les Jeunes 5
Grand Prix de Littérature Enfantine 5
Gravett, Willem & Gravett, Vaj 206-207, xxiv, xxvi
Grimm, Jacob & Grimm, Wilhelm 206-210, xxvi, xxviii, xxxi, xl, xliii, xlv
Grimmprys 4
Grisjka en sy beer xxxd
Grobbelaar, Pieter W. 165-168, xl, xli, xlii
Grohler, Sammie xxxiv
Groen rhoen 135-142, xlix
Groot-Brittanje. Library Association 224-227
Groot-Brittanje, reklame vir bekro-nings 263
Groot fabelboek xxxv
Grosskopf, Santie xxii, xxlii, xxxii, xxxv, xlii, xlv
Grütter, Petra xli
Grütter, W. xxx, xli
Gulliot, René 212, xxxi, xxxviii
Gulliver se reis xxxii

Haackon, Frans xxiv
Haas en skilpad xxxviii
Hans Christian Andersenmedalje 204, 211-212, 234-236, xxlii, xxxi, xxxv, xxxvii, xxxviii, xlii
Harries, Katrine 30, 31, 35, 107-108, 118-123, 162-168, 188-189, xxii, xxvii, xxviii, xxxv, xxxvi, xxxix, xlii
Hasie by die dam xxxvi
Heese, Hester xxxvi
Heese, Marié xxxdi, xxxviii
Hekste en die kraai xxxvii
Hemmel, Sven xxvi
Hennetjie en die groot swart hond 211, xxxvii
High Pockets 13
Histoires ou Contes du temps passé, avec des moralités 37
Historiese verhale 154-161, 180
Hoffmann, Felix 209-210, xxxvi, xxxv, xliii, xlv
Hok, otjie, hok: 287, xxxvi
Holloway, Tienie 79, i-v
Holmberg, Åke xxxvi

Huis in die groot bos xxxv
Huis langs die Pruitrivier xlii
 Human, Anna C. xxvii, xxx, xxxi-xxxii
 Hunt, Irene 21, 33, 53, 59
Huppel by die water xxii
Huppel verjaar 176-178, xxii
 Hurley, Eileen 80

IBBY 234-236
 Illustrasies 28-32, 68-69, 71-72
In 'n ou Kaapse tuin 196, xcdi
 Internasionale kinderboektoekennings
 234-236
 International Board on Books for
 Young People 234-236

Jan en die wildeperd 211, xxiii
Janette: 'n dogter wat geen dame wou
 word nie 147-150, xlviii
 Janice xxvi
 Jeuglektuur 135-150
Joanjo 298, xl
Jongste ruiter 143-146, xlvii
 Jordaan, Jan xcd
 Jordaan, Toekie xxvii
 Jordaan, Willem xxvi, xxvii, xxxix
 Joubert, Elsa 56
 Joubert, G. J. xlix
 Jugendbuchpreis des schweizerischen
 Lehrer- und Lehrerinnenvereins 4
 Junior Book Award 13

Kalnay, Francis 208, xxxviii
Kampvure wat nie uitbrand nie 152-154,
 1

Kapokkie xxviii
Kaptein Gereke 143-146, xlvii
 Karakterskildering 23-25, 66
Karliën en Kandas 112-118
Kasper se wêreldreis 211, xxii
Kate Greenawaymedalje 4, 226-227,
 xxvii, xlv
Katrentjie van Keerweder 104-112,
 xxii, xlvii, l
 Keeping, Charles xlv
Ken jy die Kierangbos 190-193, xxxix
 Kenmerke van kinderboeke 7-10
 Kesting, Deon xxviii
 Keuring van bekroonde boeke vir op
 name in biblioteke 258-259

Keurkomitees 80, 83-90, 237-241,
 242-245
 Kiddell-Monroe, Joan xxxi
 Kielblock, Karl 180-183, li
 Kinderboekenweek, Nederland 215
 Kinderboekprys in Bantoetale 249
 Kinderboekprys, vorm van 248
Kinderkeur uit A. G. Visser xxxix
Kinders van die Voortrek 155
Kleingeld-kommando xlvii
Koei wat in die water geval het 203,
 xxiv
 Komnick, Günther 123-129, 292-294,
 xxxi-xxxii, xxxv-xxxvi, xxxix
Koning van die Goue Rivier xli
 Krastilovsky, Phyllis 203, xxiv
Die kring van Keerom 178-180
 Kühne, Dorothy Hill 177, xxv
 Kühne, W. O. 176-180, xxii, xxv,
 xxix
 Kullman, Harry 206-207, xxiv
 Kumawerke 7, 73-74, 76

La Cock, Dirk xxv
 La Fontaine, J. de xxix, xxxviii
 Lagerlöf, Selma 232, xxix
 Landsowerhede, belangstelling in kin=
 derlektuur 247-248
 Lavolle, L. N. xxvi
 Lawson, Robert xxix
 Leaf, Munro 203, xxix
Leerlingtewenaar xxxiv
 Leesgewoontes van kinders 304
 Engeland 286
 V. S. A. 286
 Leesleiding 52-60, 270, 281, 294-299,
 304
 Leessmaak, faktore wat dit beïnvloed
 17-18
 Leessmaak van kinders 271-299
 ses- tot sewejariges 275-276
 agtjarige 276-277
 negejarige 277-278
 tienjarige 278-279
 elfjarige 279-280
 twaalf- tot vyftienjarige 280
 Leesstof vir groter kinders 130-134
Leeu, die heks en die hangkas xl
Leeu en die rot xxix
Legendes van alle nasies xlix
 Lemke, Horst xxv
Leners 211, xxix

Leners in die veld xxxii
Lente xlvii
Lepelboom xli
 Lepman, Jella 234
 Lewis, C. S. 10, 11, 35, xl
 Linde, Freda 123-129, 130-134,
 190-193, xxx, xxxdi-xxxiii,
 xxxv-xxxvi, xxxix, xliii, xlv
 Lindgren, Astrid 19
Loekie, die rondloperijtje xxxvi
 Lofting, Hugh xli
 Louw, Anna M. 1-11
 Louw, Rosa xxii
 Louw, W. E. G. xxi
 Luithardt, R. xlii
 Lybeck, S. xxvii

 M. E. R. 112-118, 155-161, xlviii
 Mackay, Margaret xxxi-xxxii
Mallemeule xxi-xxiii
 Malmberg, Hans xxix
Mary Poppins 13
 Melcher, Frederic G. 227-228
 Middelzee, bekroning in 2
 Mikro 143-148, xlvii
Miljoene katte xxxviii
 Mitgutsch, Ali xxiv
 Möller, Monica xxxiii
Mooiste Afrikaanse sprokies
 162-168, xlii
Mooiste sprokies van Grimm xl
Mooiste verhale uit die Arabiese
Nagte xxxvii, xl
 Mostert, Konstant xxviii, xxxix, xxx
Mother Goose 38
 Muller, Piet xxvii

Natuurverhale 151-154, 190-193
 Nederlandse kinderboektoekennings
 213-216
 Ness, Evaline xliii, xlv
Net ekke xliii
 Newberymedalje 4, 227-232,
 xliii, xxxi, xxxiii, xxxiv, xxxvii,
 xli
 Nils Holgerssenmedalje 5, 207,
 211, 232, xxiv
 Nobelprys 4
 Norme waaraan kinderboeke moet
 voldoen 64-82, 241-242
Nors leeu 183, 1

Nortjé, P. H. 135-142, xlix
 Norton, Mary 211, xxxix, xxxii
Nuno die visserseun xxvi

Olimpiade xlix
 Olimpiese Spele, bekroning 2
 Ongeregverdigde toekennings 175-185
 Oorspronklikheid 20-21, 65
 Oostenryk, reklame vir bekronings
 253-254
 Oostenrykse kinderboektoekennings
 216-219
 Opleiding van kinder- en jeugbibliote=
 kariese 305
 Opperman, D. J. xxxix
 Opperman, Marié xxviii, xxxvii, xliii
Optelgoed is hougoed xxxix
Orrelspeler 287, xlii
 Osterreichische Jugendschriftenkommis=
 sion 219
 Österreichischer Staatspreis für
 Jugendliteratur 5, 216-219
 Österreichischer Staatspreis für
 Kinderbücher 216-219
 Österreichischer Staatspreis für
 Kleinkinderbücher 216-219
Ou man in die boom xxxvii
Ou Ramon xxix
 Ou Romeine, bekroning 2
 Ouderdomsgroepe, leesstof vir spesi=
 fieke 10-16, 71, 72
 Ouderdomsgroepe, toekennings vir
 245-247
Oupa Landman se vooel xlix
 Owerbede, belangstelling in kinderlektuur
 247-248
 Oxtoby, Charles xlii

Padda wat dokter toe gegaan het 80
 Palmer, Mary B. xli
 Papas, William 142
 Pedersen, Vilhelm xxviii, xxxvii, xliii
Pennie se vuur 135-142, xlix
Peppie se hoed 288, xxiv
 Percy Fitzpatrickprys 249
 Perrault, Charles 37
 Personifikasie 66
Pette te koop 288, xxx
 Piatti, Celestino 204, xli
 Pienaar, Lydia xl

Piet, Bog en Bernardus xliv
Pieter en die Wolf xxiv
Poens; die penkopjare xlviii
Posittiewe, beklemtoning van
 21-23, 66
Prenteboeke 123-129, 193-196,
 199-203, 209-210
Present 183, 1
Preussler, Otfried xxvii
Prix Enfance du Monde 5, xxvi,
 xxxi
Prix jeunesses 4
Prokofief, S. xxiv
Prijs Jeugdboek van het Jaar
 213-216
Prijs Kinderboek van het Jaar
 213-216

Rabbedoe xxxiii
Rebel 180-183, li
Redes waarom kinders lees
 42-44
Redes waarom volwassenes
 lees 39-42
Reidel, Marlene 211, xxii
Reklame vir bekronings 253-258
 Groot-Brittanje 253
 Oostenryk 253-254
 V. S. A. 254
 Swede 254
 Duitsland 254
 Switserland 255
 Suid-Afrika 255-258
Reus van Doringberg 183, 1
Rindfleisch, Günther xxix
Ritter, Ellalou xxxvi
Robinson Crusoe 37
Rootkappie 38
Rothfuchs, Heiner xxxii
Rousseau, Leon xxxix, xli,
 xliv
Rugby in Rio xlix
Rugby-kroon xlviii
Ruiter in die nag 143-146, xlvii
Ruskin, John xli
Rydberg, Viktor xli
Ryk man en die skoenmaker xxxviii
Rykste seun in die wêreld 208,
 xxxviii
Rympleboek vir kinders 118-123,
 xxvii

S. A. B. V. Kyk Suid-Afrikaanse Biblio-
 teekvereniging
Sadrag 204, xxiv
Sanchez-Silva, José Maria 204-206,
 212, xxxiv
Schaefer, J. xxix
Scheepersprys 5, 61, 74-78, 86-97,
 97-99, 182-183, 240, 256-258, 267,
 xv-xx, xlvii-lit
Schoeman, Jan xxviii, xxxii
Schoeman, P. J. 151-154, xlvii, 1
Schramm, Ulrik xxxiii
Schumann, Wintie xxxv
Sendak, Maurice 199-202, 212, xlii
Seredy, Kate xxxii
Serrallier, L. xlv
Ses dwase broers xxxiv
Seun en die walvis 204-206, xxxiv
Sewe kraaie xliii
Sewe poppe vir Wanda xxxvii
Silwervaring xlix
Sita 147-150, xlviii
Skaapstellers xxxlii
Skarlaken eskader xlvii
Skoolverhale 207-208
Slobodkin, Louis xlv
Slobodkina, E. xxx
Smit, Berta xxxvii, xxxix
Smuts, Hans xxv
Smuts, J. P. xxix
Snoet-Alleen 130-134, 284, 259-292,
 xxx
Somer by Ouma 211, xxiv
Speurder xxvi
Spier, Peter 203, xxiv
Springboek xlix
Sprokies 161-168, 208-210
Sprokies xxviii, xxxi, xxxvii, xliii
Staatspryse 247
Stadsmusikante 128-129, 287, xxxix
Stewart, Charles xli
Stobbs, William xlv
Stone, David xxviii
Storie van Ferdinand 203, xxix
Stories van Bergplaa 110, xxvii-xxviii,
 1
Stories van Rivierplaa 108-110,
 146-147, xlviii
Stories van Ruyswyck 110, 1
Strömsöe, Karin xxxvi
Strydom, Len xxxviii, xli
Suid-Afrika, reklame vir bekronings
 255-258

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap
en Kuns 74-79, 83, 86-87, 97-99,
182-183, 240, 246-247, 256-258, ii-v,
xv-xx

Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging
64-74, 83-86, 92-97, 122-123, 127,
167-168, 186, 239-240, 242, 243-244,
245, 246-247, 256-258, vi-xiv

Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging
79-80, 88-89, 99-101, 187, 240,
256-258

Sveriges Allmänna Biblioteksförening
232

Swak kinderlektuur 268-269

Swak toekennings 175-185

Swartwipens 183, i

Sweedse kinderboektoekennings 232

Swede, reklame vir bekronings 254

Swift, Jonathan xxxi

Switserland, reklame vir bekronings
255

Sy perd staan gereed 183, i

Tasgebruik 26-28, 67-68

Tenniel, John xxxiv

Tien Pao en sy sesig vaders 211-212,
xxiii

Tienie Hollowaymedalje 62, 78-79,
86-87, 97-99, 240, 246-247, i-v

Tina en Nina xxx

Tina se swart kat xxv

Tomten 288, xli

Toneelstukke vir kinders 196

Travers, Pamela 13

Traka, Jiri 212

Trotse skimmel 203-204, xxx

Tunis, John 13

Tweeling trek saam 155-161, xlviii

Uilsgeluk 204, xli

Uiltjie in die standbeeld xxv

Uit die ander wêreld xlix

Uit die Slamse buurt xlix

Uit Juffrou se dagboek 147-150, xlviii

Uitgewerspryse, individuele 89, 101

Uitspring, kerele: 152-154, xlvii

Ungerer, Tomi xxiv

Unnerstad, Edith 9, 211, xxiv

Unwin, Nora S. xlv

Up a road slowly 21

Upton, Marion xlv

V. S. A. kyk Verenigde State van Amerika
Vallei van die Rooi Gode xlvii

Vallei van die skedels 183-184, i

Van der Merwe, Elizabeth xxxiv

Van der Westhuijzen, Leo xxv, xxxi,

xxxiii, xxxvii, xxxviii, xli, xlii, xliii

Van Kampen, Jo xxvi, xxxviii, xxxi

Van Rensburg, Ria xxix, xxxviii,

xliii

Van Zyl, Frans xxv

Van Zyl, Ia xxv, xliii

Van Zyl, Kobus 193-196, xlii

Venter, Ben 168-173, li

Verbode ryk xlix

Vereistes vir kinderlektuur 18-36,
64-82

Verenigde State van Amerika
kinderboektoekennings 227-232
reklame vir bekronings 254

Verhaalkonstruksie 25, 65

Vermaanklike lewe van Tyl Uilspieël
xl

Vermaas, H. J. 183-184, i

Verskille tussen kinders en volwas=
senes 45-46

Verskille tussen lektuur vir kinders
en vir volwasenes 46-49

Vertaalde kinderboeke 62, 70-72,
198-212, 216, 249-250, 268, 288,
xxx-xlvi

Voegeli, M. xxxv

Voëls kies 'n koning 193-196, xlii

Voortreflike familie Smit i-ii

Vorms van toekenning 248

Vuurskoen en Windsandaal 285, xxxi

Waterbobbelaar 168-173, 287, li

Werkswyse van beoordeelaarskomitees
91-102

Where the wild things are 199-202

Wiberg, Harald xli

Wielie Wimpe Wim xxxi

Wildekanisland 199-202, xlii

Wilder, Laura Ingalls xxxv, xlii

Wildsmith, Brian xxix, xxxviii

Wilks, Józef xxxi

Will & Nicolas xxxix

Willemien se ligte dae xlviii

Williams, Garth xxxv, xlii

Winckler, C. H. xxxi

Wolf en die sewe bokkies xxvi

Wölfel, Ursula xxxii

Wonderbaarlike reis van Nils
Holgersson 232-233, xxix
Wonderbare lamp xxxv
Wonderlike motor van Barnabas
Bombas 287, xxv

Yates, Elizabeth xlv
Yaterklip 183

Zacharias, T. xxxix
Zacharias, Wanda xxx, xxxix
Zimnik, Reiner 203-204, xxv,
xxvli, xxx